


.b137 844 7X

**DIE NOODSAAKLIKHEID VAN KERKLIKE BELYDENISSKRIFTE**

Deur



**GERHARDUS CORNELIUS HORAK**

Voorgelê luidens die vereistes vir die graad

**DOCTOR PHILOSOPHIAE**

In die

**DEPARTEMENT DOGMATOLOGIE**

Aan die

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT.**

**PROMOTOR: Prof. S.A. STRAUSS.**

**MEI 1999**

University Free State



34300000175863

Universiteit Vrystaat

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

## VOORWOORD

Graag wil ek my dank en waardering teenoor Prof. S. A. Strauss, my promotor, te boek stel wat op 'n inspirerende wyse my begelei het om my studieveld af te baken en te ontgin. Sonder sy aanmoediging en ondersteuning sou ek hierdie projek nie kon voltooi het nie.

Ek is baie dank verskuldig aan my vrou Jean en ons kinders Etienne en Melissa vir die opofferings wat hulle dikwels moes maak ten einde my instaat te kon stel om tyd aan die navorsing te kon bestee.

'n Opregte woord van dank aan Dr. A. H. Verster onder wie se leiding ek my pastorale bediening begin het en wat my voortdurend aangemoedig het om verdere studies te doen.

Bo alles wil ek erkenning gee aan my hemelse Vader vir krag, wysheid en insig wat Hy aan my geskenk het om hierdie studie te kon voltooi.

**“ Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid” (Rom 11:36).**

# **DIE NOODSAAKLIKHEID VAN KERKLIKE BELYDENISSKRIFTE**

deur

**GERHARDUS CORNELIUS HORAK**

**PROMOTOR:** Prof. S. A. Strauss  
**DEPARTEMENT:** Dogmatologie  
**GRAAD:** Doctor Philosophiae

## **OPSOMMING**

Die sentrale vraagstelling in hierdie studie wentel rondom die noodsaaklikheid van kerklike belydenisskrifte in die lig van die hedendaagse tydsgees met spesifieke verwysing na postmodernisme. Terwyl die Reformatoriese oortuiging as vertrekpunt sal dien, vra dit verder dat die kerk weer na die behoefte en relevansie van belydenisskrifte sal kyk veral in die lig van die feit dat daar vandag 'n merkbare afname van erkenning asook die funksionering daarvan in die kerklike lewe bestaan. Die vraag wat ontstaan, veral as daar gekyk word na die historiese konteks van die tyd waarin die belydenisskrifte ontstaan het, is of hulle nog bindend vir latere tye kan wees.

Die PROLEGOMENA bied 'n inleidende verantwoording van die verskillende verwantskappe wat belydenisskrifte binne die teologie en kerklike lewe het asook 'n verklaring van terminologieë soos onder andere bely, belydenisskrif en geloof.

DEEL 1 bied dogmahistoriese aanduidings aan rondom die vroeëre Kerk, die Reformasie en eie tyd om die historiese ontwikkeling na te gaan en om dan daaruit sekere afleidings en gevolgtrekkings te maak ten einde die noodsaaklikheid van belydenisskrifte te bepaal. Daar word in besonder gekyk na die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die formulering

van belydenisskrifte in die verlede en of daardie behoeftes nog vandag bestaan. Daar is nie soseer op die die belydenisskrifte wat vir hierdie doel gebruik is, besluit in terme van hulle belangrikheid nie maar eerder omdat dit verteenwoordigend van die breë spektrum van die kerkgeskiedenis is.

DEEL 2 is eksegeties van aard en ondersoek 'n verteenwoordigende seleksie van onderskeidelik Ou- en Nuwe- Testamentiese tekste ten einde te bepaal of die bestaan van belydenisskrifte wel Bybels gefundeer kan word. Indien wel, sal dit as 'n sterk argument kan dien ten gunste van die aanvanklike hipotese dat belydenisskrifte in en vir die Kerk noodsaaklik is. Uit die navorsing word die slotsom gemaak dat belydenisse 'n integrale deel in beide Ou- en Nuwe Testament uitmaak.

DEEL 3 handel oorsigtelik oor die hedendaagse tydsges met spesifieke verwysing na postmodernisme waar onder andere sekularisme, metafore, ekumenisme en globalisme onder die loep geneem word. Die rede vir hierdie navorsing is juis te wyte aan die historiese aard van belydenisskrifte om te bepaal of die Kerk sy boodskap nog op 'n duidelike verstaanbare en relevante wyse verkondig aan die mens wat met bepaalde kulturele, politieke en maatskaplike probleme worstel, wat nie in vroeëre eras bestaan en aangeraak kon word nie.

DEEL 4 bevat die slotsom wat uit die navorsing bereik is, naamlik dat belydenisskrifte soos in die geskiedenis en des te meer in ons dag nie net 'n bestaansreg het nie, maar onontbeerlik en dringend noodsaaklik is. Vanweë die feite wat die historiese navorsing op gelewer het, word dit opnuut beklemtoon dat belydenisskrifte nie verabsoluteer mag word nie maar juis in die lig van die voortdurende veranderinge in die samelewing vir voortdurende verstellings en aanpassings oop moet wees.

**Key terms:**

Creeds; Confessions; Democracy; Ecumenism; Faith; Globalization; Metaphors; Pentecostalism; Post-Modernism; Secularization.

# **THE NECESSITY OF ECCLIASTICAL ARTICLES OF FAITH**

By

**GERHARDUS CORNELIUS HORAK**

**PROMOTOR:** Prof. S.A Strauss  
**DEPARTMENT:** Dogmatics  
**DEGREE:** Doctor Philosophiae

## **RÉSUMÉ**

The central issue in this study is the question of the necessity of ecclesiastical articles of faith in the light of modern circumstances, with particular reference to Post - modernism. While the point of departure of this thesis is based upon Reformation convictions, the premiss is also postulated that the need exists for the Church to reconsider the need and relevance of articles of faith in the light of the contemporary tendency towards a receding recognition of the validity of articles of faith, which have evolved in an earlier historical time-frame, are binding for later believers.

In the PROLEGOMENA an introductory analysis is attempted of the various theological and socio-eccliaetical functions of articles of faith as well as terminology such as "faith," "confession of faith", and "articles of faith."

SECTION 1 considers dogma - historical indications within the early Church, during the Reformation and in modern times from which deductions can be made by which the necessity of articles of faith can be determined. The specific circumstances within which articles of faith evolved are considered and it is considered whether such circumstances have continued to exist into present times. Particular examples of articles of faith are chosen for consideration, not because of the theological or other importance of such articles, but because the chosen articles of faith are representative of a broad spectrum of Church history.

SECTION 2 attempts an exegetical evaluation of a Biblical foundation for the necessity of articles of faith in Old and New Testament texts. A conclusion that there is a Biblical foundation for articles of faith would be a strong confirmation of the hypothesis of this thesis that articles of faith were supposed as an integral part of Church practise in both the Old Testament and the New Testament.

SECTION 3 considers the general credal tendencies of modern times, and analyses specifically such phenomena as secularisation, metaphor, ecumenism, and globalization. The historical approach of this thesis is aimed at evaluating the degree of relevancy and clarity of the message of the Church for modern man who is today faced with cultural, political and other societal problems which did not exist in earlier times.

SECTION 4 consists of the formulation of the conclusion based upon this research, namely that articles of faith, today as in the past, have an indispensable function. It is also concluded that articles of faith should not be stagnantly absolutised, but should rather be continuously and dynamically formulated within a socio – historical time – frame, without, however, destroying the original credal core.

**Key terms:**

Creeds; Confessions; Democracy; Ecumenism; Faith; Globalization; Metaphors; Pentecostalism; Post-Modernism; Secularization.

## INHOUDSOPGAWE

|                                                |   |    |
|------------------------------------------------|---|----|
| <b>1. PROLEGOMENA</b>                          | - | 1  |
| 1. 1 Inleiding                                 | - | 1  |
| 1. 2 Navorsingsprobleem                        | - | 2  |
| 1. 3 Motivering                                | - | 3  |
| 1. 4 Metodologie                               | - | 3  |
| 1. 5 Doelwitte                                 | - | 3  |
| 1. 6 Belydenisskrif / Dogma                    | - | 4  |
| 1. 7 Belydenisskrif / Lidmaatskap              | - | 6  |
| 1. 8 Belydenisskrif / Relevansie               | - | 6  |
| 1. 9 Belydenisskrif / Taal                     | - | 9  |
| 1. 10 Belydenisskrif / Tydsgees                | - | 11 |
| 1. 11 Belydenisskrif / Kerkorde                | - | 12 |
| 1. 12 Belydenisskrif / Gesag                   | - | 12 |
| 1. 13 Belydenisskrif / Ekumenisme / Globalisme | - | 13 |
| <b>2. TERMINOLOGIE</b>                         | - | 15 |
| 2.1 Die Begrip Bely / Belydenisskrif           | - | 15 |
| 2.2 Geloof en Belydenis                        | - | 16 |
| 2.3 Belydenisskrifte                           | - | 18 |

### DEEL EEN DOGMAHISTORIESE AANDUIDINGS A. DIE VROEËRE KERK

|                       |   |    |
|-----------------------|---|----|
| <b>1. DIE DIDACHÉ</b> | - | 20 |
| 1.1 Historiese Oorsig | - | 20 |

|     |                                         |   |    |
|-----|-----------------------------------------|---|----|
| 1.2 | Datum van Ontstaan                      | - | 20 |
| 1.3 | Die Samestelling van die Didaché        | - | 22 |
| 1.4 | Opsomming                               | - | 23 |
| 2.  | <b>DIE BELYDENIS VAN NICEA 325</b>      | - | 24 |
| 2.1 | Historiese oorsig                       | - | 24 |
| 2.2 | Opsomming                               | - | 26 |
| 3.  | <b>ATHANASIUS 440 - 500</b>             | - | 28 |
| 3.1 | Historiese Oorsig                       | - | 28 |
| 3.2 | Die Inhoud van die Belydenis            | - | 29 |
| 3.3 | Die Samestelling van die Belydenis      | - | 30 |
| 3.4 | Opsomming                               | - | 31 |
| 4.  | <b>DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS</b> | - | 32 |
| 4.1 | Historiese Oorsig                       | - | 32 |
| 4.2 | Die Inhoud van die Belydenis            | - | 32 |
| 4.3 | Die Samastelling van die Belydenis      | - | 33 |
| 4.4 | Opsomming                               | - | 34 |

**DEEL EEN (VERVOLG)**  
**DOGMAHISTORIESE AANDUIDINGS**  
**B. RONDOM DIE REFORMASIE**

|     |                                              |   |    |
|-----|----------------------------------------------|---|----|
| 1.  | <b>DIE ANABAPTISTE 1523</b>                  | - | 35 |
| 1.1 | Inleiding                                    | - | 35 |
| 2.  | <b>DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS 1561</b> | - | 37 |
| 2.1 | Historiese Oorsig                            | - | 37 |

|           |                                            |   |    |
|-----------|--------------------------------------------|---|----|
| 2.2       | Inhoud van die Belydenis                   | - | 39 |
| 2.3       | Slotsom                                    | - | 39 |
| <b>3.</b> | <b>DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS 1563</b>    | - | 43 |
| 3.1       | Historiese Oorsig                          | - | 43 |
| 3.2       | Die Samestelling van die Dokument          | - | 44 |
| 3.3       | Slotsom                                    | - | 45 |
| <b>4.</b> | <b>DIE DORDTSE LEERREËLS 1618</b>          | - | 46 |
| 4.1       | Historiese Oorsig                          | - | 46 |
| 4.2       | Die Samestelling van die Dordtse Leerreëls | - | 47 |
| 4.3       | Slotsom                                    | - | 48 |
| <b>5.</b> | <b>DIE WESTMINSTER BELYDENISSKRIF 1647</b> | - | 49 |
| 5.1       | Historiese Oorsig                          | - | 49 |
| 5.2       | Die Ontstaansgeskiedenis                   | - | 49 |
| 5.2.1     | Polities                                   | - | 49 |
| 5.2.2     | Kultureel                                  | - | 51 |
| 5.2.3     | Die Teologiese Konteks                     | - | 52 |
| 5.3       | Slotsom                                    | - | 53 |
| <b>6.</b> | <b>METODISME 1729</b>                      | - | 54 |
| 6.1       | Historiese Oorsig                          | - | 54 |
| 6.2       | Die Samestelling van die Dokument          | - | 55 |
| 6.3       | Opsomming                                  | - | 56 |

**DEEL EEN (VERVOLG)**  
**DOGMAHISTORIESE AANDUIDINGS**  
**C. EIE TYD**

|           |                                                                                                    |   |    |
|-----------|----------------------------------------------------------------------------------------------------|---|----|
| <b>1.</b> | <b>PENTEKOSTALISME</b>                                                                             | - | 58 |
| 1.1       | Inleidende Opmerking                                                                               | - | 59 |
| 1.2       | Oorsigtelike Beskouing van Pentekostalisme                                                         | - | 59 |
| 1.3       | Gevolgtrekking                                                                                     | - | 64 |
| 1.4       | Pentekostalisme en Belydenisskrifte                                                                | - | 66 |
| 1.5       | Oorsigtelike Weergawe van die Konstitusionele Ontwikkeling binne die Volle Evangelie Kerk (V.E.K.) | - | 72 |
| 1.6       | Opsomming                                                                                          | - | 75 |
| <b>2.</b> | <b>BARMEN 1934</b>                                                                                 | - | 77 |
| 2.1       | Historiese Oorsig                                                                                  | - | 77 |
| 2.2       | Die Samestelling van die Dokument                                                                  | - | 78 |
| 2.3       | Slotsom                                                                                            | - | 80 |
| <b>3.</b> | <b>BELHARBELYDENIS 1986</b>                                                                        | - | 80 |
| 3.1       | Historiese Oorsig                                                                                  | - | 80 |
| 3.2       | Die Samestelling van die Belydenis                                                                 | - | 82 |
| 3.3       | Slotsom                                                                                            | - | 83 |
| 3.4       | Raakpunte tussen Belhar en Barmen                                                                  | - | 88 |
| <b>4.</b> | <b>DIE KAIROS – DOKUMENT 1985</b>                                                                  | - | 89 |
| 4.1       | Historiese Oorsig                                                                                  | - | 89 |
| 4.2       | Die Samestelling van die Dokument                                                                  | - | 90 |
| 4.3       | Slotsom                                                                                            | - | 93 |

|           |                                                                   |   |     |
|-----------|-------------------------------------------------------------------|---|-----|
| <b>5.</b> | <b>KERK EN SAMELEWING 1986</b>                                    | - | 94  |
| 5.1       | Historiese Oorsig                                                 | - | 94  |
| 5.2       | Die Samestelling van die Dokument                                 | - | 94  |
| 5. 3.     | Slotsom                                                           | - | 95  |
| <b>6.</b> | <b>EVANGELICAL WITNESS IN SOUTH AFRICA 1986</b>                   | - | 96  |
| 6.1       | Historiese Oorsig                                                 | - | 96  |
| 6.2       | Die Samestelling van die Dokument                                 | - | 97  |
| <b>7.</b> | <b>GELOOF EN PROTES 1987</b>                                      | - | 102 |
| 7.1       | Historiese Oorsig                                                 | - | 102 |
| 7.2       | Slotsom                                                           | - | 103 |
| 8.        | Voorlopige Gevolgtrekkings vanuit die Dogmahistoriese Aanduidings | - | 105 |

**DEEL TWEE**  
**FUNDERING VAN BELYDENISSKRIFTE IN**  
**DIE WOORD**

|           |                                                      |   |     |
|-----------|------------------------------------------------------|---|-----|
| <b>1.</b> | <b>INLEIDING</b>                                     | - | 112 |
| <b>2.</b> | <b>BELYDENISSE IN DIE OU TESTAMENT</b>               | - | 113 |
| 2.1       | Historiese Belydenisse                               | - | 113 |
| 2.2       | Verklarende Bevestigings                             | - | 114 |
| 2.3       | Skuldbelydenis en Lofprysing                         | - | 115 |
| <b>3.</b> | <b>BELYDENISSE IN DIE NUWE TESTAMENT</b>             | - | 117 |
| 3.1       | Christologiese Belydenisse                           | - | 118 |
| 3.2       | Die Oordrag van Gesaghebbende Leringe / Gesonde Leer | - | 120 |
| 3.3       | Oorleweringe                                         | - | 120 |
| 3.4       | Aflê van Belydenis                                   | - | 121 |

|           |                                         |   |     |
|-----------|-----------------------------------------|---|-----|
| 3.5       | Toevertrou                              | - | 121 |
| 3.6       | Gesonde leer                            | - | 122 |
| 3.7       | Belydenis van Geloof                    | - | 123 |
| 3.8       | Die Belydenis van Hoop                  | - | 124 |
| 3.9       | Die Oorgelewerde Geloof                 | - | 124 |
| 3.10      | Die Woord van die lewe                  | - | 124 |
| 3.11      | Die Evangelie as Belydenis              | - | 125 |
| 3.12      | Die Eenheid van Belydenisse             | - | 125 |
| 3.13      | Volledige Belydenisse                   | - | 126 |
| 3.13.1    | Jesus as die Seun van God               | - | 126 |
| 3.13.2    | Die Godheid van Jesus                   | - | 126 |
| 3.13.3    | Jesus die Christus                      | - | 127 |
| 3.13.4    | Belydenis van Jesus as Heer             | - | 128 |
| 3.13.5    | Liturgiek / (Dooop)                     | - | 130 |
| 3.13.6    | Die Laaste en Groot Opdrag              | - | 132 |
| 3.13.7    | Liturgiek (Ordering)                    | - | 134 |
| 3.13.8    | Oordrag van Gesaghebbende Leerstellinge | - | 135 |
| <b>4.</b> | <b>OPSOMMING</b>                        | - | 136 |

**DEEL DRIE**  
**BELYDENISSKRIFTE IN DIE HEDENDAAGSE TYDSGEES**  
**VAN POSTMODERNISME**

|           |                                  |   |     |
|-----------|----------------------------------|---|-----|
| <b>1.</b> | <b>INLEIDING</b>                 | - | 141 |
| <b>2.</b> | <b>DIE BEGRIP POSTMODERNISME</b> | - | 142 |
| 2. 1.     | Sekularisme                      | - | 144 |
| 2. 2.     | Postmoderne Teologie             | - | 147 |

|       |                                     |   |     |
|-------|-------------------------------------|---|-----|
| 2. 3  | Samevatting                         | - | 155 |
| 3.    | <b>METAFORE</b>                     | - | 157 |
| 3. 1  | Opsomming                           | - | 163 |
| 4.    | <b>POSTMODERNISME EN DEMOKRASIE</b> | - | 165 |
| 5.    | <b>EKUMENISME</b>                   | - | 168 |
| 5. 1  | Inleiding                           | - | 168 |
| 5. .2 | Historiese Oorsig                   | - | 169 |
| 5. .3 | Ekumenisme en Belydenisskrifte      | - | 170 |
| 5. .4 | Slotsom                             | - | 176 |
| 6.    | <b>GLOBALISME</b>                   | - | 177 |

## DEEL VIER GEVOLGTREKKING

|     |                                               |   |     |
|-----|-----------------------------------------------|---|-----|
| 1.  | <b>INLEIDING</b>                              | - | 183 |
| 2.  | <b>DIE VROEËRE KERK</b>                       | - | 184 |
| 2.1 | Die Didachè                                   | - | 184 |
| 2.2 | Die Belydenisskrif van Nicea                  | - | 184 |
| 2.3 | Athanasius                                    | - | 185 |
| 2.4 | Die Apostoliese Geloofsbelydenis              | - | 185 |
| 3.  | <b>BELYDENISSKRIFTE RONDOM DIE REFORMASIE</b> | - | 186 |
| 3.1 | Die Anabaptiste                               | - | 186 |
| 3.2 | Die Nederlandse Geloofsbelydenis              | - | 186 |
| 3.3 | Die Heidelbergse Kategismus                   | - | 187 |

|     |                                                 |   |     |
|-----|-------------------------------------------------|---|-----|
| 3.4 | Die Dordtse Leerreëls                           | - | 187 |
| 3.5 | Die Belydenis van Westminster                   | - | 187 |
| 4.  | <b>EIETYDSE BELYDENISSKRIFTE</b>                | - | 188 |
| 4.1 | Barmen                                          | - | 188 |
| 4.2 | Die Belydenis van Belhar                        | - | 188 |
| 4.3 | Die Kairos – Dokument                           | - | 188 |
| 4.4 | Kerk en Samelewing                              | - | 189 |
| 4.5 | <i>Evangelical Witness</i>                      | - | 189 |
| 4.6 | Geloof en Protes                                | - | 189 |
| 5.  | <b>BYBELSE FUNDERING VIR BELYDENISSKRIFTE</b>   | - | 190 |
| 5.1 | Die Funksies van Belydenisskrifte               | - | 190 |
| 5.2 | Besware teen Belydenisskrifte                   | - | 192 |
| 6.  | <b>SAMEVATTING</b>                              | - | 194 |
| 6.1 | Die Gereformeerde Belydenis                     | - | 194 |
| 7.  | <b>PENTEKOSTALISME</b>                          | - | 197 |
| 8.  | <b>POSTMODERNISME / EKUMENISME / GLOBALISME</b> | - | 199 |
|     | <b>OPSOMMING</b>                                |   |     |
|     | <b>LITERATUURLYS</b>                            | - | 211 |

## PROLEGOMENA.

### 1. 1 Inleiding

Die aanname waaruit hierdie navorsing gedoen word is dat belydenisskrifte noodsaaklik is. Hierdie hipotese berus op die feit dat die kerk in sy wese 'n belydende gemeenskap is (Jonker 1994:3) en dat belydenisse en belydenisskrifte van die vroegste tye van die kerk se bestaan aanwesig was en steeds is. Die vraag is of die tradisionele belydenisskrifte van kerke nie as vanselfsprekend beskou moet word nie, veral omdat dit die uitdrukking van die geloof op 'n geformuleerde wyse bevat en daardeur verklaar wat as die waarheid van God se Woord verstaan word (Heyns 1974:200)?

Met die eerste oogopslag skyn navorsing op hierdie gebied oorbodig te wees aangesien die Christelike kerk sedert die vroegste tye 'n *belydende kerk* is waar die belangrike artikels van die kerk se geloof in belydenisskrifte geformuleer is en die goedkeuring van godsdienstige gesag geniet het.

Dat die jarelange bestaan en teenwoordigheid van belydenisskrifte as 'n sterk argument voorgehou kan word om die noodsaaklikheid daarvan te bewys, kan nie misken word nie. Ook kan dit nie as vanselfsprekend aangeneem word nie dat vanweë die jarelange bestaan van belydenisskrifte, dit as 'n onweerlegbare bewys aangevoer kan word dat dit wel tans nog 'n bestaansreg het. Dit sal ook 'n simplistiese benadering wees om te aanvaar dat die die jarelange bestaan en toepassing van belydenisskrifte geen weerstand ondervind het nie. Praamsma (1979: 11) se stelling vat die saak redelik goed saam wanneer hy die volgende sê:

“Een oude kwes­tie werd in onze da­gen op­nieuw ak­tu­eel. Dat is die van de be­te­ke­nis van de be­lij­de­nis, haar waar­de, haar ge­zag. De­ze kwes­tie is niet nie­uw, spe­ciaal on­ze va­de­ren in de 17de en 19de ee­uw heb­ben er mee te ma­ken ge­had.”

## 1. 2 Die Navorsingsprobleem

Die navorsingsprobleem is op die waarneming gerig dat desnieteenstaande die sterk Reformatoriese oortuiging dat belydenisskrifte noodsaaklik is, daar ‘n afname aan die erkenning en funksionering daarvan in die kerklike lewe bestaan – somtyds selfs ‘n weerstand. Die bipolêre spanning tussen diegene wat die noodsaaklikheid van belydenisskrifte onderskryf en dié wat daarteen gekant is, bestaan vandag nog steeds in die kerk soos wat dit nog altyd in die geskiedenis bestaan het. Hierdie spanning kan in ‘n mate toegeskryf word aan die eie aard van ‘n belydenisskrif, naamlik dat dit ‘n menslike poging is om in ‘n bepaalde situasie die kerk behulpsaam te wees om sy boodskap en getuienis so getrou en verstaanbaar as moontlik na te sê en te verkondig.

‘n Verdere funksie wat belydenisskrifte vervul is om as toeligting aangewend te word ten einde ‘n duideliker en meer verstaanbare weergawe van die Skrifte te gee. Teenkante word juis om hierdie rede ervaar van diegene wat nie voorstanders van belydenisskrifte is nie. Diesulkes is van mening dat aangesien die Reformasie sterk op die beginsel van *sola scriptura* gestaan het, die indruk geskep word met die aanvaarding van belydenisskrifte dat die Skrif op sigself nie genoegsaam is nie. Gevolglik word die gesag en waardigheid van die Skrif geweld aangedoen. Die eensydige verstaan en beklemtoning van dié beginsel kan maklik tot gevolg hê dat daar in *biblisisme*<sup>1</sup> verval word.

---

<sup>1</sup> Wanneer ons van die geloofwaardigheid van belydenisskrifte praat of selfs oor die gesag van die Bybel, kom ons onvermydelik te staan voor die probleem van “fundamentalisme” wat onder andere die pretensie het van onaantasbare sekerheid waar Skrifbeskouing geformuleer word. Hierdie benadering lei tot naïewe biblisisme wanneer daar, ter wille van Skrifbewys, probleemloos en konteksloos teruggeval word op geïsoleerde Bybeltekste.

### **1. 3 Motivering**

Een van die vrae wat al hoe meer gevra word is of die Kerk nog 'n toekoms het terwyl die afsluiting van die twintigste eeu nader kom. Die toenemende gees van sekularisasie, die groeiende klem op die individu se belange bo die van die groep en ook die kritiese houding teenoor gesag en gesagsinstansies, beklemtoon die nooddruf vir so 'n navorsing. Agter die vraag na relevansie en kontekstualiteit lê die vraag of die teoloog nog daarin slaag om op geloofwaardige en verstaanbare wyse oor God te praat. Die hedendaagse lewe waar God, die Bybel, Christelike godsdiens en die Kerk al hoe meer onder die spervuur geplaas word en verdag gemaak word, noodsaak dat daar duidelik uitgespel sal word wat en waarom die Kerk glo wat hy glo.

### **1. 4 Metodologie**

Wat die metode van ondersoek betref is daar hoofsaaklik literatuurstudie gedoen. Die aanbevelings wat hieruit voortgespruit het is dat belydenisskrifte noodsaaklik vir die Kerk is en dat dit sal lei tot die behoud en vervulling van die Kerk se roeping te midde van die gees van sekularisasie in ons dag. Dit word aan die hand gedoen dat die implimentering van die aanbevelings haalbaar is en met die hedendaagse ontwikkeling tred hou (hipotese). As teoretiese benadering wat die projek onderlê, dien die Reformatoriese oortuiging as vertrekpunt met inagneming van 'n Pentekostalistiese benadering.

### **1. 5 Doelwitte**

Dit is noodsaaklik om die teologiese posisie van die Kerk en die gelowige te heroorweeg in die lig van die eise van die dag. Hierdie ondersoek kan aanbevelings voortbring wat praktiese waarde kan hê vir die interpretasie en formulering van die teologie om so 'n bydrae te lewer tot die opheffing van die samelewing waarin die Kerk hom bevind. Hierdie aanbevelings kan vir beide die kerk as denominasie asook internasionaal waarde en betekenis hê. Die doelwit verder is dat hierdie navorsing sal meehelp om die kerk in Suid-Afrikaanse konteks in lyn met die internasionale ontwikkeling van die teologie te bring en terselfdertyd ook rigtinggewend sal wees vir lande wat met soortgelyke vraagstukke worstel. Vanweë die toenemende polarisaie tussen kerke, teoloë en selfs

predikers binne dieselfde kerkverband wat 'n groot bedreiging vir kerkeenheid is, word beoog dat hierdie navorsing 'n bydrae sal maak tot 'n stabilisering van die situasie deurdat belydenisskrifte 'n grondslag kan lê om 'n algemene (katolieke) belydenis daar te stel wat 'n groter mate van ekumenisiteit tot gevolg sal hê. Dit sal 'n groot bydrae lewer om die kerk se getuie na buite meer kredietwaardig te maak.

Dit is die navorsing se doel om die spesifieke saak van belydenisskrifte aan te spreek deur ook te toon hoedat dit in 'n noue verwantskap met ander areas staan soos hieronder aangedui sal word.

### **1. 6 Belydenisskrif/Dogma**

Die bron waaruit die kerk sy boodskap verkry is die Heilige Skrif, wat ook die enigste norm is waaraan die dogmatiek voortdurend die suiwerheid van die boodskap moet meet en bepaal. Hierdie bron verander nooit, en moet as grondslag gebruik word vir die uitvoering van die Bybelse opdrag om te stry vir die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges en om hulle lewe te bou op die allerheiligste geloof (Judas :3, :20 ). (Hier het ons reeds byvoorbeeld 'n argument ter verdediging vir die bestaan en behoefte aan 'n dogma of belydenisskrif, naamlik om 'n didaktiese funksie te vervul ).

Hierdie feit word veral deur die opkoms van die historiese denke as 'n sterk argument voorgehou dat dogmas verstaan moet word binne die konteks van die tyd waarin hulle ontstaan het. Vanweë die feit dat hierdie denke tot die relativering van 'n dogma binne 'n bepaalde milieu lei wat uniek en onherhaalbaar is, kan dit nie bindend vir latere tye wees nie. Sulke dogmas is kontingent (toevallig). Die konsekwensies van so 'n redenasie kan nie anders nie as om die bestaan en/of die noodsaaklikheid van belydenisskrifte af te wys.

Alhoewel die begrippe dogma en belydenisskrif afwisselend gebruik word, moet die wesenlike verskille nooit vergeet word nie. Dogma verwys na die feit dat 'n kerklike leerstuk as so vas en seker beskou word dat daar geen verdere vrae daaroor geduld word

nie. Belydenisskrifte dui op die siening van 'n groep of kerk, en is breed geformuleerde beginselsuitsprake oor 'n reeks sake wat die geloof raak. Binne sodanige belydenisgrense bestaan daar weer verskillende aksentverskuiwings en verskillende sieninge oor daardie sake wat bely word. Hierdie groepe mense stem saam oor beginsels omdat hulle glo dat die beginsels in ooreenstemming met die Skrif is.

Belydenisse handel oor die dinge wat sentraal tot die geloof beskou word (Barclay 1969 :17). Dit beteken dat ons binne die grense van ons belydenisse oor die Skrif verskil van opinie oor die presiese betekenis van daardie belydenisse moet toelaat, dat ons nie enige teorie oor byvoorbeeld Skrifgesag of inspirasie of onfeilbaarheid mag kanoniseer tot die enigste geldige dogma oor die saak nie. In die lig hiervan moet die kerk sy boodskap so interpreteer dat dit die nuwe vraagstukke van die dag op 'n duidelike en daadwerklike wyse onder die loop sal neem. Hier moet dit onomwonde gestel word dat dit nie daarop dui dat die kerk se boodskap van tyd tot tyd sal verander nie

Die feit dat die dogma of belydenisskrif as norm dien, moet nie verstaan word in die lig dat dit die taak van 'n belydenisskrif is om aan die kerk 'n boodskap te gee om te verkondig nie. Die dogma of belydenisskrif het slegs die doel om die kerk te help om sy verantwoordelikheid na te kom, naamlik om te verseker dat die boodskap suiwer verkondig word. Die belydenisskrif voorsien dus riglyne vir die "wat" van die prediking, wat om 'n polemiese funksie gaan.

Belydenisskrifte is prinsipiële hersienbaar, toetsbaar en beredeneerbaar (Augustijn 1969:67). Trouens, kerklike belydenisse moet juis, omdat dit voorlopig is, voortdurend ondersoek en getoets word (Deist1986:7). Hierin verskil 'n belydenis van 'n dogma in soverre dit die gedagte van belydenis as beginsel aangaan, dit daarop dui dat die konkrete uitwerk van die belydenis in leerstukke, nie deel van die belydenis is nie. Indien ons dogma – status aan ons belydenis gee, sal ons iemand wat nie ons siening deel nie daarvan verdink of aankla dat hy selfs 'n ketter is. Dogmatiese uitsprake bring om begryplike redes grense na vore en grense bring skeiding. Afgrensing is egter

noodsaaklik by die aantoon van dwaling anders lei dit weer tot die sogenaamde “alle paaie lei na Rome” - sindroom.

### **1. 7 Belydenisskrif / Lidmaatskap**

Indien ‘n kerk sy lidmate teen dwaling wil beskerm, dan is daar geen ander keuse nie as om sy lering (*didachê*) duidelik aan sy lidmate te leer, want onthou - elke ketter het sy letter. Die belydenis wat ‘n kerk handhaaf kan ook aanvaar word as die vereistes vir lidmaatskap. Die reëls maak die beginsels prominent wat as identifikasie vir die kerk dien (Macpherson 1882:1). Die kerk kan homself op geen ander manier verduidelik as om dit in die taal van die kerk, naamlik deur die dogmatologiese te doen nie. Hiermee word nie bedoel dat die kerk dogmatiek praat nie, maar dat sy uitsprake dogmaties verantwoord en gefundeerd moet wees. Die rede vir die besinning is vanweë die feit dat die kerk tog iewers in die geskiedenis bestaan en voortdurend met nuwe situasies en vrae gekonfronteer word wat in vorige tye nie so aktueel is soos nou nie.

### **1. 8 Belydenisskrif/Relevansie**

Die vraag na die relevansie van belydenisskrifte in ons dag is nie ‘n vraag wat net tot die huidige eeu behoort nie, maar is ‘n vraag wat voortdurend reg deur die bestaan van die kerk gevra is, omdat die kerk homself in elke eeu in ‘n nuwe lewens- en wêreldbeskouing bevind.

Uit die historiese oorsig sal dit duidelik word dat belydenisskrifte geformuleer in en behorend tot ‘n bepaalde era is omdat hulle uit bepaalde situasies ontspring het. ‘n Voorlopige of hipotetiese stelling kan hier gemaak word dat ‘n historiese oorsig sal toon dat die meeste belydenisskrifte onder andere geformuleer is met ‘n polemiese en reaksionêre karakter ten einde die waarheid te verdedig en suiwer te hou in die lig van sekere bestaande ketterye van die dag. Die logiese vrae wat hieruit na vore kom is of bydraende redes wat aanleiding gegee het tot die beslag van belydenisskrifte in die verlede, vandag nog bestaan? Verder, gegewe die feit dat die kerk in die geskiedenis bestaan en telkens met nuwe vraagstukke gekonfronteer word wat in die vorige tye nie

aktueel was nie, negeer dit die noodsaaklikheid van belydenisskrifte of bevestig dit die behoefte dat die kerk standpunt sal inneem en uitspraak sal gee deur middel van belydenisskrifte?

In die lig van 'n voorlopigheidstelling, naamlik dat die meeste belydenisskrifte se oorsprong reaksionêr van aard is, is die vraag verder of daar 'n behoefte vir nuwe belydenisskrifte is deurdat die bestaandes uitgedien is. Die huidige klimaat is gans anders as in die verlede, en die nuwe vraagstukke moet aandag geniet. Daar skyn op hierdie punt 'n klemverskuiwing plaas te vind vanaf die noodsaaklikheid van belydenisskrifte na die relevansie van belydenisskrifte. Uit 'n historiese oorsig sal dit blyk dat die grootste bedreiging vir die verkondiging van die suiwere boodskap juis dikwels van binne die kerklike kringe gekom het en dat ketterye gewoonlik hul ontstaan hier gehad het. As bewys hiervan kan die God-is-dood-teologie aangehaal word waarvolgens vooraanstaande teoloë in die lig van van sekularisasie en tegnologie verklaar dat vanweë die mens se prestasies, God sy funksie verloor het en dus uit die mens se ervaringsveld verdwyn het.

Hierdie ketterye noodsaak dat die kerk weer daarteen standpunt sal moet inneem deur klinkklaar te sê wie die God is waaroor dit in die Bybel gaan. Hierdie tendens is nie net te bespeur in die geskiedenis van die kerk nie, maar dit was reeds teenwoordig in die dae van Jesus en Paulus se bedieninge. Die antwoord op hierdie vrae sal noodwendig die antwoord voorsien op die vraag of belydenisskrifte as sodanig noodsaaklik of uitgedien is vir die tyd waarin ons lewe. Hierdie vrae het tot gevolg dat dié navorsing in drie duidelike afdelings uiteenval, naamlik dat 'n historiese oorsig gegee word van bestaande en bekende belydenisskrifte, 'n fundering van belydenisskrifte in die Woord en 'n ontleding wat gemaak word van die bestaande behoeftes, veral in die lig van die heersende postmodernistiese denke en tendense van ons dag.

Die dogmahistoriese ondersoek sal hierdie nooddruf ook duidelik aantoon omdat die kulturele, politieke en maatskaplike werklikheid van vandag asook die ideologiese en

religieuse gevare nie deur die kerk in die vroeëre eras aangeraak kon word nie. Dit verklaar waarom daar talle nuwe belydenisse sedert die Tweede Wêreldoorlog na vore getree het. Daarom is die vraag of ons begrip en verkondiging van die Christelike boodskap onveranderd kan bly in 'n veranderende land (die "Nuwe Suid - Afrika"), in 'n veranderende wêreld ("Nuwe Wêreldorde"), in 'n veranderende godsdienstige denkklimaat (die "New Age"- beweging /sekularisasie) en met 'n veranderende siening van die tyd-ruimtelike werklikheid (die "nuwe wetenskaplike/filosofiese benadering"). Hierdie vraag voorsien die terreine waarop navorsing gerig kan word, ten einde die noodsaaklikheid en/of relevansie van belydenisskrifte in ons dag te bepaal.

Die historiese oorsig sal toon dat belydenisskrifte 'n noodsaaklike rol in die verlede vervul het. Wat egter van belang is is dat die basiese behoefte aan en funksies van belydenisskrifte per se in die verlede nog steeds vandag bestaan. Die hipotetiese stelling wat hier gemaak kan word is dat daar 'n klemverskuiwing is van die vraag na die noodsaaklikheid van belydenisskrifte na die relevansie daarvan.

Ten einde hierdie hipotese as 'n feit te kan konstateer, moet daar na die huidige era, bekend as die postmodernistiese era, gekyk word. Die rede hiervoor is toe te skryf aan die feit dat die bestaande belydenisskrifte hoofsaaklik tot die pre-moderne en moderne era behoort. In die lig hiervan dwing die vrae sigself na vore, naamlik waar staan die kerk en is dit die kerk se verantwoordelikheid om te midde van die voorafgemelde nuwe en veranderde omstandighede opnuut oor die geloof te besin?

Agter die vraag na relevansie en kontekstualiteit lê die dieperliggende vraag of die teoloog en die teologie daarin slaag om nog op 'n geloofwaardige wyse oor God te praat? Hierdie vrae bevestig nie alleen die behoefte aan en geldigheid van so 'n navorsingsprojek nie, maar dwing die kerk om op 'n geloofwaardige wyse teoretiese (en kritiese) verantwoording oor die Christelike geloof te doen (vgl. 1 Pet. 3:15).

In hierdie opsig word verwys na wat John Wright (1991:652) sê:

“It belongs to the task of theology to mediate the faith to our contemporary culture, imbued as it is with scientific modes of thought. “The good news of pure salvation through Jesus Christ must be shown somehow to make sense to the world in which it is proclaimed. There is no question of doing away with the folly of the cross or reducing the mystery of God’s unfathomable power and love to some easily understood slogan. But the Gospel should not appear as basically absurd and in contradiction to all that we otherwise know and appreciate.”

### **1. 9 Belydenisskrif/Taal**

Gepaardgaande met hierdie kwessie oor die belydenisskrifte ontstaan ook die vraag oor ons teologiese taal wat tog ’n neerslag is van ons bewuste denke vanuit die geloof. Van Huyssteen (1987:107) maak ’n stelling wat die kerk se indringende aandag vereis wanneer hy sê dat die teoloog nie sonder meer kan aanneem dat hy weet waarvan hy praat wanneer hy woorde gebruik soos God, Bybel, belydenis en openbaring nie. Sy gronde vir hierdie stelling lê daarin dat hy daarop wys dat nie net teologiese denkmodelle nie, maar ook elke teologiese begrip, al kom dit tot ons via Skrif en belydenis, deur reekse tradisies en histories bepaalde veronderstellings gevorm word.

McFague (1975:3) voel so sterk hieroor dat sy sê: “I would suggest that we live most of the time and in most ways by outmoded, anachronistic names. We are not naming ourselves, one another, and our earth in ways commensurate with our own times but are using names from a bygone time. However helpful and healing these names may have been once upon a time, they are hurtful now.”

Hans Küng (1988: 14 ), die bekende teoloog, wys daarop dat die kerk deur die eeue die Christelike boodskap nuut verstaan en relevant gemaak het in veranderende omstandighede. Hy identifiseer sewe belangrike “paradigmas” wat verskillende periodes van die Christelike teologiese geskiedenis gevorm en gekenmerk het

Die sewe paradigmas lui as volg:

1. die vroeë Christendom se apokaliptiese paradigma
2. die Hellenistiese paradigma van die patristiese periode
3. die middeleeuse Rooms - Katolieke paradigma
4. die Reformatoriese Protestantse paradigma
5. die moderne *Aufklärung* paradigma
6. die ontwikkelende postmoderne en ekumeniese paradigma
7. die Pentekostalistiese en charismatiese paradigma.

Küng skryf verder in sy boek *Theology for the third millenium*:

"After the paradigm changes of the reformation in the sixteenth century and of modernity in the seventeenth and eighteenth century, we experience as I believe, at the end of the twentieth century, a new paradigm change to a 'new age' that we tentatively call 'post-modern'. (Hier is 'n voorlopige aanduiding watter tydvak met die begrip post - modernisme bedoel word.)

Op die buiteblad van dieselfde boek sê Küng dat:

"...the church can choose one of two ways. Either it can participate in a Counter-Enlightenment, retreating into dogma and bureaucracy, or it can witness in a way that is both intellectually satisfying and spiritually consoling".

Die vraag is of die geskiedenis van die dogmaskrywing vir ons enige antwoorde hierop gee? Dit sal dus nodig wees om die vroegste ontwikkeling van die skrywe van leerstellige stukke na te speur en dan sistematies die geskiedenis daarvan onder die loep te neem en ook te kyk na die Bybelse fundering as primêre vertrekpunt vir die skryf van 'n leerstellige dokument. Hierdie stelling gee op sy beurt aanleiding tot 'n verdere uitbreiding van die vraag, naamlik hoe relevant die bestaande belydenisskrifte met hulle historiese momente, te wete tyd, kultuur en taal nog is in die hedendaagse klimaat met al sy veranderinge op soveel terreine. Anders gestel, is godsdiens nog relevant vir mense

met 'n moderne ervaringsveld en help dit mense om insig in die werklikheid te verkry? Verder, kan dit so deur middel van taal-formules en teorieë verantwoord word dat dit vir die hedendaagse mens sin maak? Die feit dat mense die Bybel verskillend interpreteer is omdat mense nie altyd dieselfde bedoel met wat hulle "waarheid" noem nie. Daarom moet die relevansie van belydenisskrifte vandag ook bepaal word vanuit die gesigspunt van wat die "werklikheid" is, 'n saak waarmee die wetenskap ook worstel om 'n antwoord voor te vind.

'n Verdere vraag wat ontstaan is: Wat van diegene wat 'n klemverskil of 'n ander interpretasie mag hê as wat die belydenisskrifte voorstaan? Sal dit nie juis beteken dat instelle daarvan dat belydenisskrifte saambindend moet wees en 'n eenheid moet bewerkstellig, dit verdeling in die hand sal werk? Sal die daarstelling van belydenisskrifte nie skeuring in die kerk veroorsaak deur juis die verskille te beklemtoon, 'n soort van eksklusiwiteit meebring wat andersdenkendes sal uitsluit en 'n juk op mense sal plaas wat hul Christelike vryheid sal aantast nie? Oppervlakkig beskou, kan hierdie stelling as 'n geldige beswaar teen die noodsaaklikheid van belydenisskrifte geopper word.

In bepaalde kringe, wat meer piëtisties gesind is, kan belydenisskrifte gesien word asof dit die vryheid van die Heilige Gees aan bande kan lê, wat beteken dat daar ook geen ruimte vir inspiratio (inspirasie) en/of revelatio (openbaring) gelaat word nie. Dit dui daarop dat die insig wat ons van die Skrifte het, eenmalig gegee is deur 'n openbaring wat finaal deur die belydenisskrifte *weer-gesê* word. Dit beteken verder dat daar nie nuwe insig deur die inspirasie van die Heilige Gees verkry kan word nie wat op 'n positivistiese gedagte dui.

### **1. 10 Belydenisskrif /Tydsgees**

In die lig van die ontwikkelinge op die wetenskap-filosofiese gebied, wat ook bekend staan as die postmodernisme, word die bestaansreg van belydenisskrifte al hoe meer bevraagteken. Die opkoms van die kritiese realisme, waar die aanvaarde gedagte van

positivisme wat vanuit bepaalde gegewes werk en van die deduktiewe metode gebruik maak, afgewys word, bemoeilik verder die regverdiging vir die bestaansreg van belydenisskrifte. In hierdie geval kom Barth onder die spervuur met sy openbaringsgedagte, wat in 'n sekere sin as 'n model verabsoluteer is.

Die vraag is of daar bloot 'n outoritêre en dogmatiese karakter aangeneem word? Kan die meeste Protestantse teologieë nie van 'n "retreat to commitment" (Bartley 1964:129), 'n laaste irrasionele verbintenis wat op 'n subjektiewe geloofskeuse berus, beskuldig word nie? (Hierdie saak sal volledig as 'n besprekingspunt aandag geniet.) Genoeg om net hier te verwys na die hedendaagse tendens wat baie sterk neig na die gedagte van relativisme wat in 'n bepaalde sin nie versoenbaar met neergelegde of geformuleerde geloofsbelydenisse is nie.

### 1. 11 Belydenisskrif/Kerkorde

Gepaardgaande met belydenis en dogma wat identiteit aan 'n kerk verleen, kom die saak van kerkorde ook in fokus. Die kerk verantwoord hom in sy orde op 'n kontemporêre wyse oor wie hy is en wat hy wil wees. Coertzen (1991:142) wys daarop dat die belydenis die kerkorde voorafgaan en dat die kerkorde op die belydenis, as gesistematiseerde samevatting van die Woord, gebou is. Daarom is die kerkordelike bestaan van enige selfstandige kerk noodwendig gebaseer op die dogmatologiese arbeidsaamheid van die kerk. Sonder die dogmatiese kan daar dus ook geen *kerkordelikheid* wees nie, en dit is tog ondenkbaar. Tereg merk Keet (1963:98) op dat dat om tug te kan uitoefen, moet daar 'n belydenis wees. Elke kerk wat aan homself 'n naam gegee het is om dieselfde rede eiesoortig, anders waarom nog 'n kerk gestig? Daardie eiesoortigheid vra dus vir 'n verduideliking. Geordende besinning en noukeurige nadenke en verantwoording oor die orde *vir* en *in* die kerk is 'n taak wat ook met erns onderneem moet word, nie net ter wille van die vrae wat aan die orde as sodanig verbonde is nie, maar ook ter wille van die bestaan van die kerk in verantwoordelikheid en vrymoedigheid teenoor die wêreld en voor die aangesig van die Here soos die voorbeeld wat Hy aan ons gestel het.

### **1. 12 Belydenisskrif/Gesag**

In die lig daarvan dat belydenisskrifte mensewerk is en bly, is die vraag hoe afdwingbaar dit is en of dit oor enige mate van gesag beskik? Staan dit op gelyke voet met die gesag van die Bybel? Indien wel, maak dit dan nie van belydenisskrifte 'n afgod nie? Die antwoord op die vraag sny weer direk aan by die saak van kerklike tug en dissipline. Indien belydenisskrifte enersyds nie oor enige gesag beskik nie, kan dit nie afdwingbaar wees nie, wat die waarde daarvan bloot minimaliseer tot 'n kerklike inligtingstuk waarvan die lidmate na willekeur kennis kan neem of kan ignoreer (Gaum 1981:13).

Andersyds kan daar weer soveel gesag aan belydenisskrifte toegesê word dat dit tot 'n wet verhef word met die gevolg dat geen navorsing daaroor of ondersoek daarna gedoen of geduld word nie, of dat dit aan geen kriteria vir toetsing onderwerp kan word nie. Vanweë die feit dat belydenisskrifte geen teenspraak duld nie, beteken dit dat 'n geloofsgemeenskap teen wil en dank die tradisie sal moet aanvaar. So 'n benadering bring ons onvermydelik voor die probleem van fundamentalisme te staan wat dui op die onaantasbaarheid van geformuleerde Skrifbeskouinge.

Die probleem ontstaan egter wanneer belydenisse in spanning met Bybelinterpretasies en teologiese refleksies gesien word. 'n Gesonde spanning kan gehandhaaf word indien dit die interpreterende, reflektiewe, kreatiewe en die polemiese funksie van die teologie, waar belydenis sy funksie om die leer suiwer te hou, verrig (Vos 1995: 62).

### **1. 13 Belydenisskrif/Ekumenisme/Globalisme**

Die twintigste eeu staan by uitstek bekend as die ekumeniese eeu in die kerkgeskiedenis waarin die verskillende kerke van mekaar bewus geword het en pogings aanwend om nader na mekaar te beweeg. Die vraag is of dit nie juis die verskillende belydenisse met hul polemiese karakter is wat die grense trek en afskeiding tussen die onderskeie denominasies en godsdienstige groepe veroorsaak nie? In die lig van globalisme wat al die godsdienste van die wêreld as onderdele van die groot geheel beskou, is dit ondenkbaar dat belydenisskrifte enige bestaansreg kan hê. Een van die grootste

“struikelblokke” in die bereiking van ‘n “globalistiese eenheid” is juis die eksklusiwiteitsverklaringe van die Christelike godsdiens.

Die enigste antwoord is dat die Christelike godsdiens ‘n kompromie moet aangaan deur die eksklusiwiteitsverklaringe uit hul belydenisskrifte te verwyder. So ‘n handeling kan as niks anders nie as die blatante verloëning van Christus beskou word.. Hierdeur sal die Christelike godsdiens/kerk sy identiteit verloor. Dit bevestig dat belydenisskrifte nie net ‘n luuksheid is waaroor die kerk beskik nie, maar ‘n absolute noodsaaklikheid is om die kettery van ‘n “globalistiese teologie” aan die kaak te stel.

Laastens sal dit interessant wees om die soeklig op die Pentekostalistiese (die tradisionele Pinkstergroepe) en die sogenaamde Neo-Pentekostalistiese kerke (die Charismatiese bewegings) te laat val. Die rede hiervoor is dat hierdie bewegings juis fenomenale groei toon danksy die groot mate van betrokkenheid van die lidmate en die praktiese uitlewing van hulle geloof, terwyl Charismatiese bewegings oor geen of weinig belydenisskrifte beskik. Vanuit ‘n ander hoek beskou, kan daar gevra word of laasgenoemde bewegings nie juis vanweë hulle groei en *mondigwording* ‘n toenemende behoefte sal ontwikkel om hulle geloof deur middel van belydenisskrifte te formuleer nie.

Die oogmerk van die prolegomena is om te toon hoe aktueel, dringend en noodsaaklik die onderwerp van belydenisskrifte tans is. Polman (s.a.:3) maak in sy terreinverkenning ‘n inleidende opmerking wat nie net die kompleksiteit en die nooddruf van navorsing oor die bestaansreg van belydenisskrifte uitstippel nie, maar ook spesifieke aspekte uitlig wat omstrede is en navorsing noop:

“Over plaats en functie, noodzaak en nut, omvang en gezag werd en wordt nog steeds in Christus’ kerk heftig gediscussieerd en dit helaas zonder beslissend resultaat. Telkens opnieuw herleeft het debat, bepaalde gezichtspunten worden met gloed en elan verdedigd, dezelfde phalanx van argumenten bewust of onbewust in het veld gebracht, maar het laatste woord wordt niet gesproken.

Wie de vraag stelt, wat eigenlijk een belijdenisschrift is en welke waarde daaraan moet worden toegekend, ontvang geen eenstemmig antwoord. Bij het raadplegen van de stroom van literatuur uit verleden en heden worden zoo onderscheiden antwoorden gegeven, dat het bekende gezegde "Zoveel hoofden, zoveel zinnen" ook hier van toepassing schijnt."

Alvorens 'n oorsigtelike verkenning van die vraag na die *noodsaaklikheid* van belydenisskrifte gedoen word, is dit belangrik om 'n paar vooraf opmerkings te maak, wat sal help om eerstens die begrip belydenisskrifte beter te presiseer en te definieer. Die rede hiervoor is omdat daar uiteenlopende sieninge bestaan omtrent die wese en waarde van belydenisskrifte.

## 2. Terminologie

### 2. 1 Die Begrip *Bely/Belydenisskrif*

Voordat daar oor die aard en funksie van belydenisskrifte besin word, moet daar noodwendig eers na die betekenis van die woord *belydenis* gekyk word en daarna na die betekenis van die begrip *belydenisskrif* soos dit figureer in die funksies wat dit in die geskiedenis van die kerk vervul het.

Kittel (1967:199) wys daarop dat wanneer die etimologie van die woord *bely* (*homologeïn*) onder die loep geneem word, die ontdekking gemaak word dat dit nie aanvanklik 'n godsdienstige konnotasie gehad het nie. In die sekulêre Grieks het dit eerder 'n sterk juridiese ondertoon gehad wat gedui het op die gedagte om iets te onderwerp; 'n ooreenstemming oor 'n verklaring te verkry of om 'n aanklag te erken; om 'n erkenning van skuld te doen. Hierdie *saamstem* dui nie net op 'n teoretiese ooreenstemming nie, maar op 'n totale *verbintenis* tot 'n saak of waarheid, letterlik om dieselfde te sê.

Heyns (1988:16) sê dat hierdie *waarheid* nie net beskou moet word in die lig van 'n historiese waarheid wat op 'n koue kliniese wyse bely word nie.

In die verband waarin die Bybel die begrip *bely* gebruik, is dit 'n uitvloeisel van geloof wat uit die hart kom (Rom.10:10). Die Bybelse *bely* spreek die mens in sy wese aan; dit spreek naamlik tot sy intellek, waarneming en wil. Ware belydenis beteken dus die integrering van beide teorie en praxis (Jak. 2:26). 'n Belydenis is dus nie 'n statiese saak waar bloot bepaalde verklarings gemaak word nie, maar 'n dinamiese saak waar die belyer en selfs diegene teenoor wie bely word, tot nadenke gestem en tot handeling gedwing word.

In hierdie verband maak Schulze (1991:1) die opmerking dat *om iets te sê* nie beteken om iets onnadenkend of sonder opregte bedoeling te sê nie, maar om iets openlik, eerlik en opreg uit te spreek en daarmee iets te erken. Die Latynse woord *confiteor* waarvan *belydenis* afgelei word, dui spesifiek op die belydenis of erkenning van 'n sonde of 'n fout wat begaan is voor 'n persoon wat dit aanhoor (Elaide, 1987:1).

Volgens Kittel (1967:199) is dit eers in die Ou – Testamentiese, Oosterse en Hellenisties-gnostiese liturgiek dat die begrip *bely* 'n Bybelse konnotasie gekry het. Hier gaan dit veral om 'n tweeledige saak, naamlik die erkenning van menslike skuld asook die aanbidding tot God. Hierdie tendens kan ook in die Septuaginta en in die na-Bybelse Judaïsme waargeneem word. In sy religieuse gebruik, het *bely* dus 'n dubbele karakter, te wete belydenis van sonde en belydenis van geloof (Douglas 1974:247; Deist 1984:33).

Samevattend kan gesê word dat 'n belydenis op die inhoud van sekere waarhede dui wat 'n geloofsoortuiging is en waarteenoor 'n verbintenis aangegaan word en wat uitdrukking vind deur 'n verbale herhaling of *weersê* daarvan. 'n Geloofsbelydenis of belydenisskrif beskik gewoonlik oor 'n kollektiewe karakter aangesien dit op die konsensus berus wat daar by 'n groep bestaan rakende 'n bepaalde waarheid wat gemeenskaplik geglo en bely word.

## 2. 2 Geloof en Belydenis

In die lig van die omskrywing van die woord *belydenis*, is dit duidelik dat geloof 'n integrale deel daarvan uitmaak - veral met verwysing na geloof in Jesus Christus as Heer,. Hierdie feit word so treffend deur Petrus se belydenis gestaaf toe hy op Jesus se vraag, "Wie sê jy, is Ek" antwoord, "U is die Christus, die Seun van die lewende God." (Matt. 16:16) Jesus se reaksie daarop reflekteer die grondslag van die waarde van ware belydenis, naamlik dat dit die fondament is waarop die Christelike kerk gebou word. Hier word die ekklesiastiese en die Christologiese in 'n noue verband met mekaar gebring.

Laasgenoemde stelling sê dat Christus die inhoud van die geloof is en dat dit geloof *in Hom* eerder as *aan Hom* is. Hierdie *glo* beteken meer as net glo dat daar 'n God is, maar om op Hom te vertrou, jou lewe aan Hom oor te gee, om in afhanklikheid van Hom te leef, om God te gehoorsaam en om in 'n persoonlike vertrouensverhouding tot hom te staan. Omdat geloof in 'n belangrike en integrale verhouding tot bely en belydenisskrifte staan, sal dit later meer breedvoerig aandag geniet.

Op hierdie stadium is dit egter nodig om 'n paar inleidende opmerkings oor geloof te maak wat belangrik is in die verstaan van belydenisskrifte. Geloof en belydenis is twee begrippe wat nie los van mekaar funksioneer nie. Volgens Nuwe-Testamentiese gebruik kom dit voor asof daar 'n bepaalde logiese en chronologiese orde is waarvolgens die twee begrippe gebruik word, naamlik eers geloof en dan bely (Rom.10:10). Hierdie orde word onderskryf deur die feit dat daar tradisioneel onderskei word tussen twee kante van geloof, te wete die inhoud-kant (genoem die *fides quae*) en die daad-kant (*fides qua*). Die twee begrippe *geloof* en *bely* moet nie van mekaar geskei word nie maar eerder as die twee kante van dieselfde muntstuk beskou word (Wuest 1975:178).

Die daad-kant dui op die belydenis, die "*weersê*" van dit wat die persoon glo (inhoud), wat God reeds in sy Woord gesê het. Dit wil voorkom asof daar veral in die Westerse kerke die tendens is dat mense geloof begin reduceer tot bloot 'n kognitiewe verstaan-aksie, terwyl die emotiewe en konatiewe momente (die gevoel en wil) tot sake van 'n

sekondêre orde gemaak is (Burger 1991:37). Die visie waaruit die Christelike geloofsgemeenskap leef, omvat egter in sy wese al drie die funksies van die menslike bestaan - verstand, wil en emosie (Burger 1991:37).

Hierdie redusering van geloof tot 'n bloot kognitiewe saak kan ook die oorsaak wees waarom daar weerstand teen belydenisskrifte opgebou kan word. Die argument kan geopper word, en tereg ook, dat 'n persoon geloofsbelydenis kan doen sonder dat dit werklik die vrug van ware geloof is. In hierdie opsig sal belydenisskrifte teenproduktief wees vir die aanvanklike bedoeling, naamlik om die leer en die kerk suiwer te hou, deurdat die lidmate niks meer as nominale Christene sal wees nie, wat weer op sy beurt die wese en karakter van die kerk raak.

### 2. 3 Belydenisskrifte

In die lig van die verstaan van die begrippe bely en geloof, kan daar nou gepoog word om 'n algemene omskrywing van die saamgestelde begrip *geloofsbelydenis* of *belydenisskrif* te formuleer. Die eerste opmerking wat hier gemaak kan word is dat 'n belydenisskrif dui op die neerslag van 'n verbale geloofsoortuiging in 'n geskrewe dokumentêre vorm. In die konnotasie waarin dit in hierdie navorsing gebruik word, dui dit op die sistematiese verklaring van godsdienstige geloof en die formele uitdrukking van die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Judas 3). In die geskiedenis van die kerk vind ons verskillende motiewe wat gelei het tot die reflektoring van die geloof. Dit het geskied in die vorm van bepaalde belydenisskrifte (Berkhof 1979:27).

'n Geloofsbelydenis is dus 'n amptelike verklaring van geloof, gewoonlik kort en bondig, wat deur die kerk gesanksioneer is (Chambers of Encyclopedia 1950:216). Hastings (1974:831) stel dit dat 'n geloofsbelydenis mondelings of skriftelik aan 'n paar persone, gemeente of aan die wêreld gerig kan word

Volgens Hawkins (1966:345) se verklaring van die begrip belydenisskrif is in 'n sekere sin 'n samevatting van die voorafgaande gedagtes dat dit 'n beknopte, formele en

gesaghebbende verklaring van belangrike aspekte van die Christelike leerstelling is. Dit sê vir ons dat 'n belydenisskrif nie die ganse openbaringsinhoud van die evangelie omvat nie, maar die klem op bepaalde aspekte laat val.

Heyns (1974:200) beskou 'n belydenisskrif as die uitdrukking van die kerk se geloof waarin die waarheid van God se Woord erken en bely - *repetitio Sacrae Scriptura* – word. Hierin word 'n belangrike feit vervat, naamlik dat 'n belydenisskrif geensins iets anders wil en moet sê of vervang wat die Bybel sê nie. Die gesag van 'n belydenisskrif is dus afgeleide gesag deurdat dit 'n betroubare weergawe moet wees, 'n herhaling of weersê van wat die Bybel sê. Hierdie *weersê* is nie net 'n woordelikse weergawe van die Bybel nie, maar 'n weergawe van Bybelse waarhede in 'n moderne idioom wat help om dit beter te

verstaan. Toon (1979: 78) wys egter daarop dat belydenisse nie net Bybelse waarhede in moderne taal weergee nie, maar dat dit ook leerstellige formulering is van hoe hierdie waarhede verstaan word.

**DEEL EEN**  
**DOGMAHISTORIESE AANDUIDINGS**  
**A. DIE VROEËRE KERK**

Die doel van hierdie studie is eerstens om die historiese ontwikkeling van belydenisskrifte na te gaan en om dan daaruit sekere afleidings en gevolgtrekkings te maak ten einde die noodsaaklikheid van belydenisskrifte te bepaal. Verder sal daar na die bestaande belydenisskrifte gekyk word in die lig van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die formulering daarvan en die funksie wat belydenisskrifte moes verrig. Hieruit kan dan bepaal word of daardie behoeftes vandag nog bestaan en gevolglik die bestaan van die spesifieke belydenisskrifte noodsaak en of daar enige parallele met die teenwoordige tyd getrek kan word. Die bedoeling is dus nie om 'n omvattende studie te doen nie. Daar word slegs kursories na enkele belydenisskrifte gekyk om feite te bekom ter staving van die noodsaaklikheid van belydenisskrifte en die implikasies daarvan vir die kerk vandag.

**1. DIE DIDACHÉ 70 N.C.**

**1.1 Historiese Oorsig**

Die *Didaché*, of soos soms ook daarna verwys word as “Die Onderwysing van die Apostels” of “Die Onderwysing van die Apostels of die Twee Weë” word beskou as een van die belangrikste patristiese fondse en word aanvaar as die vroegste dokument na die kanonieke geskrifte in die Christelike kerk. Die titel “Die Onderwysing van die Twaalf Apostels” was waarskynlik aan die buitekant van die oorspronklike manuskrip aangebring (Lightfoot :1926: ).

## 1. 2 Datum van Ontstaan

Sover dit die ontstaan van die *Didaché* aangaan, skyn daar redelik onsekerheid te wees. Verskeie teorieë oor die bepaling van die datering van die dokument word aangebied. Sommiges sien in die hoofstukke oor die doop 'n ontwikkeling wat die datering van die *Didaché* veel vroeër plaas as dié wat oor die erediens en ampte handel. Bewerings wissel van dat dit 'n dokument kon wees van 'n eie kerk wat in 'n afgeleë plek buite die groot beweging van die Christendom in sy eie bepaalde tyd bestaan het, (waarskynlik in Sirië) tot dat dit 'n oudheidkundige rekonstruksie van die kerk was wat 'n beeld van 'n Nuwe Testamentiese kerk gee.

Ander het dit eenvoudig as 'n vervalsing afgemaak terwyl sommige sektes gepoog het om hulle bepaalde leerstellings daardeur te bewys. Dit het tot gevolg gehad dat talle publikasies met uiteenlopende menings die lig gesien het. Vergelyk Bigg (1889:74). Die ontstaansdatum word soms so vroeg as 70 n.C aangedui en daar is selfs die gedagte dat Johannes, die Evangelieskrywer, daarmee bekend moes gewees het. Volgens Grosheide was die kerkvaders bewus van die bestaan van die *Didaché* en wat volgens Volkes (1925:590) eers in 1883 deur Bryennios in 'n Jerusalem - klooster in Konstantinopel teruggevind is.

Ten einde te bepaal wat die doel van die geskrif is, staan die datering noodwendig sentraal (Pretorius 1980:7). Vokes (1955:12-16) ondersoek die hoofstukke wat oor die apokalips, ampte en die profete handel met die doel om 'n historiese plasing binne die dogmageskiedenis te vind. Dit bring hom tot die gevolgtrekking dat die *Didaché* alleen pas in die konteks van die vroeë Montanistiese beweging (Ibid., 3).

Vanweë die verwysing na die kerkregering en ampte, word daar weer geredeneer dat dit 'n aanduiding is dat die *Didaché* saamgestel moes gewees het as gevolg van bepaalde behoeftes wat in die vroegste gemeentes ontstaan het met die verdwyning van die

apostelamp wat deur biskoppe en diakens oorgeneem is. Waarskynlik is die biskoppe uit die ouderlinge verkies en het 'n monargale episkopaat hieruit ontwikkel.

Volgens Harnack vind ons vir die oorgangstadium 'n duidelike bewys in die *Didachè*. Voor 1883 toe die eerste Griekse teks verskyn het, was dit die oortuiging dat die verwysings “Onderwysings van die Apostels” betrekking gehad het op die sogenaamde “Apostoliese Kerkorde”. 'n Ander gedagte was dat daar 'n bron moes gewees het wat etiese voorskrifte voorgehou het en wat aanleiding gegee het tot die vermelding van die twee weë, te wete “'n goeie en 'n slegte weg” (Ibid., 3).

Ek is die mening toegedaan dat die genoemde standpunte nie noodwendig teenoor mekaar gestel of gesien moet word nie, maar dat dit eerder op verskillende invalshoeke dui waaruit die *Didaché* beskou word. Anders as in die geval van ander belydenisskrifte wat 'n polemiese ontstaansgeskiedenis het weens 'n bedreiging van een of ander geloofswaarheid skyn dit nie die geval met die *Didaché* te wees nie. Die *Didaché* voorsien basiese riglyne wat later vir die kerk as 'n maatstaf kon dien ten einde te bepaal of sekere geloofswaarhede of kerkordes bedreig word.

Die samestelling van die *Didaché* skep die indruk asof dit oor 'n tydperk opgestel is na gelang die vroeëre kerk ontwikkel het. Die eerste gedeelte raak hoofsaaklik die identiteit van die kerk waarna die liturgiek en die kerkorde aan die orde kom.

### **1. 3 Die Samestelling van die Didaché**

Die *Didaché* bestaan uit sestien hoofstukke wat in drie dele verdeel kan word. Die eerste vyf hoofstukke is 'n uiteensetting van die Twee Weë, naamlik die weg van die lewe en die weg van die dood. Daarna volg 'n oorgangshoofstuk wat handel oor die eet van afgodsoffers en die juk van die Here.

Die *tweede* deel dek die eerste tien hoofstukke. (Hoofstuk 7 handel oor die doop, hoofstuk 8 oor vas en die Onse Vader). Die *derde* deel gaan oor kerklike administrasie en eindig met die oproep om waaksaam te wees.

Hoofstuk 11 handel oor apostels en profete, hoofstuk 12 oor rondreisende Christene en hoofstuk 13 oor leraars en die "eerste opbrengs van die oes". Hoofstuk 14 gaan oor die Sondag en die voorbereidings daarvoor terwyl hoofstuk 15 die verkiesing van die opsieners en diakens behandel en hoofstuk 16 met die apokalips afsluit, met spesifieke verwysing na die antichris en die wederkoms. Die *Didaché* is basies gerig op die onderrig in die Christelike geloof aan hulle wat lede van die gemeente is. Nie net dui die selfstandige naamwoord *didaché* op die feit van onderrig nie, maar ook op die inhoud wat onderrig word. Volgens Neufeld (1963:24) is daar 'n noue verband tussen *didaché* en belydenis.

#### 1. 4 Opsomming

Anders as in die geval van die meeste belydenisskrifte wat oor 'n polemiese karakter beskik ten einde een of ander kettery of valse leer wat die suiwerheid van die kerk bedreig het af te weer poog die *Didaché* bloot om die lewe en denke van die Nuwe Testament te bestendig, wat die grootste waarde van dié dokument is.

Die *Didaché* vervul 'n didaktiese funksie wat betref die kerkregering en - administrasie en handel nie soseer oor die opvoeding van die gelowiges as individue nie. Die blote bestaan van so 'n dokument bevestig dat die kerk sedert die vroegste tye behoefte aan riglyne gehad het wat in ooreenstemming met die Bybel geformuleer is om die kerk as organisasie te orden.

Rossouw (1985:41) wys in 'n vergelykende studie tussen die ouere en jongere belydenisskrifte dat die waarhede soos onder andere kerkregering minder beklemtoon word terwyl die roeping van die kerk ter wille van sosiale geregtigheid en bevryding van alles wat verdruk en onderdruk, veel meer in die middelpunt staan. Die feit dat die

*Didachè* nie aan al die vereistes van 'n belydenisskrif voldoen nie, maak dit nie minder belangrik vir hierdie studie nie. Die *Didachè* kan beskou word as die kiem vir latere belydenisskrifte wat die feit bevestig dat daar sedert die vroegste tye 'n behoefte was aan noodsaaklike riglyne vir die ordening van die kerk.

## 2. DIE BELYDENIS VAN NICEA 325

### 2. 1 Historiese Oorsig

Die Belydenisskrif van Nicea beslaan twee vorme, te wete eerstens die oorspronklike geskrif wat tydens die ekumeniese vergadering in Nicea in die jaar 325 n.C. geformuleer is. Hier het dit hoofsaaklik gegaan oor die Arius - geskil waarvoor 318 biskoppe, afkomstig van die Ooste, vergader het om dit te besleg. Die geskrif sluit af met die woorde "en in die Heilige Gees " asook "anathemas " wat teen die Ariane uitgespreek word.

Die tweede uitgawe (381 n.C.) wat bekend staan as die Niceens-Konstantinopolitaanse Geloofsbelydenisskrif, sluit al die klousules na die "Heilige Gees" in met die weglating van die "anathemas". Die woord *filioque* ( en vanuit die Seun ) is bygevoeg omdat die Westerse Kerk bely het dat die Heilige Gees van die Vader en die Seun uitgaan (die prosesie). Hierteenoor staan die Oosterse leer dat die Heilige Gees net van die Vader uitgaan.

Die Westerse of Latynse vorm verskil van die Griekse vorm met die woord *filioque* wat die oorsaak was van 'n skeuring in die Christendom in die jaar 1054. Die Griekse Kerk, wat die leer van Monargianisme voorgestaan het, waarvolgens die Vader as die enigste bron van die Godheid gesien word, verleen voorkeur aan die leer van die enkele prosesie, naamlik dat die Heilige Gees net van die Vader gaan. Die Latynse Kerk

daarteenoor is voorstanders van die gelykwaardigheid van die Seun aan die Vader en het dit in die *processio* - gedagte in die belydenis geïnkorporeer sonder om met die Ooste te konsulteer. Die eerste duidelike spoor van die siening oor die *filioque* in die Belydenisskrif van Nicea het geblyk tydens die Raad van Toledo se sitting in Spanje in 589 wat ten doel gehad het om die Ortodoksie oor die Arianisme te laat triomfeer.

Die Belydenis van Nicea word beskou as die voorloper van alle sinodale credo's. Dié Belydenis is die eerste formulering wat deur 'n ekumeniese sinode gepubliseer is en gevolglik die eerste belydenisskrif wat universele gesag in 'n wettige sin kon toe-eien (Kelly 1972:210). Nadat Arius in 313 vanaf Antiochië na Alexandra verhuis het, begin hy as Presbiter-ouderling sy opvattinge bekend te maak in die vorm van 'n geloofsbelydenis in die jaar 330, waarin onder meer die volgende gesê is:

“Ons bely een God wat alleen onverwek (Engels: unbegotten) is, alleen ewig, alleen sonder begin, alleen waar, alleen onsterflik, alleen wys, alleen goed, alleen Here, alleen die regter van almal.”

Arius se primêre motief was om die transendensie van God te beklemtoon en te beskerm (Schulze 1978:49).

Hierdie radikale benadering wat Arius ten opsigte van die leer aangaande die transendensie gehandhaaf het, het ingrypende konsekwensies in die verstaan en formulering van sy Christologiese oortuigings gehad. Dit was juis Arius se Christologiese beskouing wat vir hom die grimmigheid van die dag op die hals gehaal het. Arius, as 'n navolger van Origenes, het die Alexandrynse beskouing aangehang dat Christus 'n geskape wese is. Hy was dus soos ander wesens geskape en deel nie in die wese van God nie en is gevolglik ook nie ewig soos God nie. Christus was vir Arius slegs God in 'n bepaalde sin, maar op 'n laer vlak (dynamistiese monargianisme) wat dui op die feit dat Christus later op grond van sy gehoorsaamheid (subordinasie) deur God aangeneem is (adopsianisme). In die lig van laasgenoemde stelling was Christus dus nie ten volle God of ten volle mens nie, maar 'n *tertium quid* wat tussen die twee is.

Hierdie beskouing van Arius was direk teenstrydig met die siening wat biskop Alexander gehuldig het, naamlik dat die Seun ewig is, gelykwaardig in wese met die Vader en geheel en al nie 'n geskape wese nie. So het Arius in botsing met biskop Alexander gekom wat uitgeloop op die Sinode van Alexandrië in die jaar 321 waartydens Arius veroordeel en afgesit is. Hierdie dispuut tussen Arius en Alexander het die eenheid van die Kerk bedreig wat op politieke en regeringsvlak 'n groot nadeel vir Konstantyn kon wees.

Die Christenkeiser Konstantyn probeer die onrus wat Arius se leerstellinge in die kerk veroorsaak het te beëindig deur 'n konsilie in Nicea saam te roep. Vanweë Konstantyn se posisie, naamlik die heerser van die hele ryk, kon hy die biskoppe maklik tot die vergadering oproep wat dit die eerste algemene vergadering van die kerk in Nicea gemaak het.

Die Ooste het die grootste verteenwoordiging gehad, naamlik bykans 300 biskoppe, terwyl die Weste slegs deur 6 biskoppe verteenwoordig was. Nadat Arius elke teksgedeelte ten gunste van sy standpunt uitgelê het, het die sinode besluit om 'n geloofsbelydenis saam te stel. Die doopbelydenis uit die provinsie Sirië het as model gedien vir die formulering van die belydenis van Nicea om die dwaalleer van Arius te bestry. By die sinode van Konstantinopel 381 is die belydenis verder verfyn waarna dit bekend gestaan het as die Belydenis van Nicea of Die Niceens - Konstantinopolitaanse Geloofsbelydenis wat die produk van beide konsilies was ( Ferguson 1990:243 ).

## **2. 2 Opsomming**

Die samestelling van die vergadering in Nicea het 'n groot invloed gehad op die uiteindelijke slotsom waartoe die vergadering gekom het. Die feit dat die verteenwoordiging oorwegend biskoppe van die Ooste was, was alreeds 'n aanduiding van die rigting wat die debat sou volg, naamlik dat enige siening bloot op grond van die meerderheid van stemme bekragtig kan word. Die nadeel van hierdie situasie is dat dit

nie die geleentheid gebied het om op 'n geordende teologiese wyse die geskil te besleg nie, maar dat 'n siening op mense afgedwing is sonder dat dit 'n werklike oortuiging was. Die uitiende van die saak is dat soos in die geval van die geskil in Nicea mense, alhoewel hulle nie met die siening van Arius saamgestem het nie, ook nie tevrede was met die besluit wat by Nicea geneem is nie.

Die toetswoord *homoousion* is in die Belydenisskrif van Nicea ingevoeg om die feit van die Seun se eenheid met die wese van die Vader te onderskryf en so die Ariaanse formule te weerspreek wat praat van “'n tyd toe die Seun nie was nie”. Hierdie toetswoord het ook 'n filosofiese gebruik in die tweede eeu gehad en is in 'n stadium deur 'n sinode in Antiogië verwerp ( Walker1952:116 ).

Die aard van die woordkeuse kan verstaan word teen die agtergrond waarteen en rede waarom dit gemaak is. Konstantyn, wat op hierdie tydstip keiser was, het 'n groot invloed op die vergadering gehad. Nie net het hy die samestelling van die vergadering bepaal nie, maar sy grootste oorweging met die vergadering was politieke van aard. Vir hom was dit van kardinale belang om die geskil in die kerklike kringe op te los ten einde vrede en eenheid op staatkundige gebied te behou. Dit moes gedoen word met die daargestelling van 'n formule waarteen geen opposisie bestaan in die Westelike deel van sy ryk nie en die ondersteuning van 'n gedeelte van die Ooste sal geniet. Andersom sou dit beteken dat Konstantyn slegs 'n gedeelte van die Ooste se ondersteuning sou geniet terwyl die grootste gedeelte van die Weste hom sou teenstaan.

Walker (1952:117) sê tereg dat Konstantyn nie die volle implikasies van die betekenis van die dispuut verstaan het nie. Alhoewel die belydenisskrif aanvaar is en die twee biskoppe wat dit nie wou onderteken nie verban is, was die geskil nog lank nie besleg nie. Die stryd het in die daaropvolgende halwe eeu nog steeds voortgewoed.

Dit wil ook voorkom of die vergadering redelik bevooroordeel was aangesien Arius se belydenis reeds vroeg in die verloop van die vergadering verwerp is sonder 'n

deurdringende teologiese bespreking. Die meeste het die siening van Origenes aangehang en die meerderheid van die teenwoordige biskoppe word beskryf as persone wat nie teoloë van formaat was nie. Verder was Konstantyn een van die mees prominente figure in die vergadering, maar nog nie gedoop nie en gevolglik nog nie 'n lidmaat van die kerk nie.

Eusebius van Cesarea het 'n belydenis van sy eie kerk aangebied wat gedateer het uit 'n tyd voordat hierdie kontroversie bestaan het. Dit dui daarop dat die Belydenis in 'n bepaalde sin nie relevant vir die behoefte van die dag was nie, maar aanvaar is deur bloot 'n paar wysigings aan te bring. Die debat het in die latere jare uitgekring om die besprekings rondom die Heilige Gees se verhouding tot die Godheid in te sluit.

Met die lange kontroversie in oënskou kan spyt uitgespreek word dat daar nie 'n minder kontroversiële woord gebruik is nie en dat die keiserlike inmenging so 'n groot rol gespeel het in die besprekings en besluitneming. Tydens die stryd het 'n "keiserlike kerk" tot stand gekom en 'n beleid van keiserlike inmenging het in die proses ontwikkel. Die vraag is of daar nie spore van totalitarisme gevind kan word nie waar die kerk en staat so vermeng geraak het dat die kerk in die proses sy identiteit verloor het en bloot dienskneg van die staat en politiek geword het.

In soverre dit die vraag na die noodsaaklikheid van belydenisskrifte raak, lewer die Belydenis van Nicea 'n groot bydrae tot die formulering van een van die kernwaarhede van die Christelike geloof wat tot vandag toe bely word, naamlik die Godheid van Christus. Die hart van die Christelike Kerk lê in die belydenis wie Christus is. Enige kerk of teologie kan getoets word in die lig van Christus se vraag "Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is?" (Matt 16: 13). Die Belydenisskrif van Nicea verklaar dat Christus nie net die Seun van God is nie, maar wel God is. Verder is die godheid van Christus onlosmaaklik bepalend vir en gekoppel aan die leer van die triniteit. In die vervulling van 'n polemiese funksie, kan met reg gesê word dat die Belydenis van Nicea bygedra het om 'n Christologie, triniteitsleer en selfs in 'n mindere mate 'n

pneumatologie vir die kerk te formuleer. Hierdie Belydenisskrif het vanweë sy ekumeniese karakter universeel bygedra tot die eenheid van die Christelike Kerk.

### 3. ATHANASIUS 440-500

#### 3. 1 Historiese Oorsig

Die Belydenis van Athanasius staan ook bekend as Quicumque Vult na aanleiding van die inleidingswoorde daarvan. Athanasius was 'n biskop van Alexandrië en 'n dinamiese leier van die Egiptiese Christenskap in die vierde eeu (Ferguson 1990:243).

Die oorsprong en outeurskap van die Belydenisskrif is in onduidelikheid gehul. Sedert die negende eeu was die Belydenisskrif aan Athanasius toegedig, wat beskou is as een van die hoofverdedigers van die leer van die Godheid van Jesus en die triniteitsleer. Sedert die sewentiende eeu was die outeurskap deur geleerdes uit die Katolieke soos Camerarius, sowel as uit Protestante kringe verwerp op grond van bepaalde redes (Schaff 1983:35).

Athanasius was 'n Griekssprekende kerkvader wat in die jaar 373 oorlede is, agt jaar voordat die Sinode van Konstantinopel plaasgevind het. Die saak wat bevraagteken word is dat die besprekings rakende die *filioque* wat primêr in die Belydenisskrif onder die loep kom, die eerste keer vermeld word tydens 'n sinode in 447 in Toledo, 'n honderd jaar na Athanasius se dood. Bepaalde sinsnedes wat eie is aan Augustinus se skryfstyl, veral met verwysing na die Drie - eenheid van die Godheid, dui daarop dat hy bekend moes gewees het met die Belydenisskrif. Die kwessie omtrent die twee nature van Christus was eers 'n brandpunt gedurende die vyfde eeu waaroor 'n beslissing tydens die Sinode van Chalcedon in 451 gegee is. Dit maak die feit dat Athanasius die outeur was nog meer onwaarskynlik.

Volgens Schulze (1991:26) word daar algemeen aanvaar dat die Belydenis van Athanasius sy bestaan gehad het in ongeveer die jaar 430-500. Die outeurskap word aan monnike in Suid-Frankryk toegedig.

### **3. 2 Die Inhoud van die Belydenis**

Wat betref die inhoud van die belydenis, word die klem hoofsaaklik op twee aspekte geplaas, te wete die Drie-eenheid van God en die twee nature van Christus. Athanasius het 'n groot bydrae gemaak rakende die Godheid van Jesus en dit het ook meegewerk tot die besluit wat tydens Nicea 325 in hierdie verband geneem is. 'n Kwart eeu later is die saak omtrent die Heilige Gees (*filioque*) weer opgehaal deur persone wat die uitspraak van Nicea rakende die Seun aanvaar het, maar nogtans die siening van Arius aangaande die Gees aangehang het. Hierdie persone was ook bekend met die benaming Pneumatomachi, wat letterlik vyande van die Gees beteken. Hulle is by geleentheid ook Macedoniërs genoem, afgelei van Macedoniërs van Konstantyn, wat 'n groot voorstander van die kettery was (Gaybba 1987: 52).

Die Belydenis van Athanasius wat in die Westerse kerk ontstaan het, word naas die Apostolicum (wat die grootste deel van die inhoud van die Belydenis van Nicea beslaan en afkomstig daarvan is) en die Niceanum, amptelik as die derde ekumeniese geloofsbelydenis erken. (Hierdie ekumenisiteit word primêr tot die Westerse Kerk bepaal).

### **3. 3 Die Samestelling van die Belydenis**

Die struktuur van die Belydenis van Athanasius vertoon as volg:

Artikels 1-2: 'n Inleiding oor die saligwording;

Artikels 3-28: Die Drie-eenheid.

Artikels 29-41: Die twee nature van Christus en sy werk van versoening;

Artikel 42: 'n Herhaling van dit wat ter aanvang gesê is dat hierdie die katolieke geloof is en elkeen wat dit nie duidelik vashou nie, die saligheid nie sal beërf nie.

Die belydenis is belangrik en kenmerkend vanweë sy presiese formulering.

Die Belydenisskrif van Athanasius bestaan hoofsaaklik uit twee dele. Die eerste gedeelte beskryf die ortodokse leer van die Drie-eenheid. In hierdie opsig is dit 'n meer volledige uitbreiding as die weergawes van beide die Belydenisskrif van Nicea en die Apostoliese Belydenis wat nie die leer van die Drie-eenheid regstreeks vermeld nie, bloot onregstreeks deur te verwys na die Godheid van die Seun en die Heilige Gees. Die tweede gedeelte gaan meer spesifiek oor die persoon van Christus soos uitgeklaar is tydens die vergaderings van Efese 431 en Chalcedon 451. In hierdie opsig is dit 'n byvoeging tot die verklaringe van die Apostoliese en Niceense Belydenisskrifte.

### **3. 4 Opsomming**

Die Belydenis van Athanasius, in teenstelling met die rustige toon van die Apostoliese Belydenis, begin en eindig met die verklaring dat diegene wat die Katolieke geloof in die Drie-eenheid verwerp, vir ewig verlore sal wees. Die bedoeling is nie soseer dat 'n persoon verlore gaan omdat hy die belydenis nie aanvaar nie, maar omdat daar geen heil is buite die raamwerk van die Vader, Seun en Heilige Gees nie.

Die Belydenisskrif van Athanasius beskik oor die karakter om eenheid te bewerk. Nie net omlin dit die leer van die kerk nie, maar trek dit duidelik die grense tussen die ware kerk en dwaalleringe. In hierdie opsig beskik die Belydenis enersyds oor 'n polemiese karakter alhoewel dit andersyds tog die funksie vervul om eenheid tussen die verskillende konfessies te bewerkstellig. Alhoewel die Belydenisskrif van Athanasius oorwegend 'n triniteitskarakter het, is dit opmerklik dat die klem primêr op die Godheid van Christus geplaas word. Omdat die belydenis beskou kan word as 'n verdere uitbreiding van die standpunte wat deur die Apostoliese en Niceense belydenisskrifte gehuldig word, beskik dit in hierdie opsig oor 'n ekumeniese karakter.

Die Belydenis van Athanasius het 'n groot rol in die vestiging van die leer van die Christologie en die triniteit gespeel. Nie net kan dit as 'n verdere uitbreiding van die leer van Nicea en die Apostoliese belydenisskrifte gesien word nie, maar dit het ook 'n eenheid tussen hierdie belydenisskrifte bewerkstellig. Dit bevestig weer eens die feit dat 'n belydenisskrif nooit ewig geldend kan wees nie, maar deurgaans oop moet wees vir uitbreiding en wysigings. Die redes wat aangevoer word waarom Athanasius noodsaaklik was, kan as gronde aangevoer word dat belydenisskrifte nog steeds noodsaaklik vir die kerk is omdat dit die grens tussen die valse en die ware kerk trek (polemies), asook om 'n eenheid te bewerkstellig (ekumeniese karakter).

#### **4. DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS (SYMBOLUM APOSTOLICUM)**

##### **4. 1 Historiese Oorsig**

Die Apostoliese Geloofsbelydenis was reeds in sy grondvorm, die Symbolum Romanum, teen ongeveer 150 in Rome bekend wat ook later as basis uitgebou is in die latere Nicaenum 325 en Athanasium van die vyfde eeu (Jonker 1994:4). Die benaming, Apostoliese Geloofsbelydenis, is misleidend omdat dit die indruk skep dat dit deur die apostels geformuleer is. Hierdie persepsie is aangevuur deur die legende wat in 404 deur Rufinus van Aquileia in 'n dokument versprei is dat die apostels op die dag van Pinkster in Jerusalem, voordat hul uitmekaar gegaan het, dit saamgestel het ten einde te verseker dat hulle dieselfde boodskap verkondig.

Hierdie legende was tot die middel van die sewentiende eeu veral onder Katolieke en Protestantse gelowiges in omloop. In die samestelling, aldus die legende, het elke apostel 'n artikel as bydrae geskryf, wat die teenwoordigheid van die Twaalf Artikels in die Apostoliese Geloofsbelydenis verklaar. (Schaff 1983:22).

#### **4. 2 Die inhoud van die Belydenis**

Ten einde die bedoeling van die inhoud van die Apostoliese Geloofsbelydenis te verstaan, moet dit teen die agtergrond van die Griekse denkwêreld beskou word. Die gedagte wat hier sterk gefigureer het is dié van dualisme tussen stof en gees, tussen die tydelike en die ewige. Die slotsom van die siening is dat die Grieke die gedagte verwerp het dat God wat Gees is, die stoflike, liggaamlike gedaante van 'n mens kan aanneem. Hierdie gnostiese siening het gevolglik die vleeswording van Jesus asook sy menslike natuur ontken.

Marcion het in die jaar 150 'n boekelys van die Bybel saamgestel waarin hy die hele Ou Testament en sekere dele van die Nuwe Testament weggelaat het, die dele waar die skepping verhaal word asook waar verwys word na God as vader van die Here Jesus Christus. Die skepper van die wêreld was 'n laer God (demiurg). Die Nuwe Testament gaan oor die openbaring van 'n hoër en geestelike God wat 'n nuwe godsdiens is. Dit verklaar die feit dat die Twaalf Artikels in die eerste artikel 'n latere uitbreiding het, naamlik "Skepper van hemel en aarde."

Die tweede artikel het in die tweede helfte van die tweede eeu ook geweldige uitbreidings beleef ten einde die gnostiese opvatting van Christus wat die gnostieke gehandhaaf het te bestry. Volgens dié siening het Christus nie werklik mens geword nie, maar het Hy in wese net 'n skynliggaam gehad wat noodwendig beteken dat Jesus se lyde ook net 'n skynlyde was (docetisme). Die byvoeging in hierdie artikel is "Wat gebore is van die Heilige Gees en die maagd Maria, wat gekruisig is onder Pontius Pilatus en begrawe is." In die derde artikel is 'n invoeging in 357 gemaak: "wat neergedaal het na die hel" (Schulze 1991: 12).

#### **4. 3 Die Samestelling van die Belydenis**

Die Apostoliese Belydenis bestaan uit twaalf artikels wat as volg saamgestel is:

Artikel 1: Geloof in die almagtige God word bely;

Artikels 2-6 rakende Christus;

Artikel 8: Die Heilige Gees;

Artikel 9: Die algemene Christelike Kerk;

Artikel 10: Die gemeenskap van die heiliges;

Artikel 11: Die vergewing van sondes;

Artikel 12: Die opstanding.

#### **4. 4 Opsomming**

Die Apostoliese Geloofsbelydenis staan bekend as die belydenis van belydenisse. Dit beeld al die fundamentele artikels van die Christelike geloof uit met 'n sterk trinitariese aanslag en met 'n oorwegende Christosentriese aksent. Luther se waardering vir hierdie belydenis kan gemerk word in sy stelling dat die Christelike waarheid nie in 'n korter of duideliker wyse gestel kan word as wat dit in die Apostoliese Belydenis gestel word nie (Schulze 1991:4).

Die Belydenis word beskou as een van die vroegste pogings om die leringe van die Skrif te sistematiseer. Schulze merk op dat die Belydenis oor 'n pragtige simmetriese struktuur beskik met 'n driedeling waar elke reël oor 'n Persoon van die Drie-eenheid gaan wat elk weer in drie onderdele verdeel is (Ibid:10). Die oorsprong van die belydenis het geleidelik gegroei uit die belydenis van Petrus (Matteus 16:16) en die doopsformulier wat veral 'n trinitariese aanslag het. Dit kan nie teruggewerk word na 'n individu as outeur nie, maar is kerklik geïnspireer as die produk van die Westerse Katolieke Kerk. Die belydenis dui op die mens se reaksie op God se openbaring. Die funksie van die belydenis skyn aanvanklik didakties van aard te wees, maar het later 'n duidelike polemiese funksie aangeneem wat ook die substansie van Christenskap in die vorm van geloof is.

**DEEL EEN**  
**DOGMAHISTORIESE AANDUIDINGS**  
**B. RONDOM DIE REFORMASIE**

## **1. DIE ANABAPTISTE 1523**

### **1. 1 Inleiding**

Hierdie groep Hervormers was alom bekend as die radikales of die linkse vleuel van die Reformasie omdat hulle teleurgesteld was met die hervorming van Luther, Zwingli en die gevestigde Protestantse kerke. Hulle was hoofsaaklik gekant teen 'n kerk wat aan die staat verbind was en het ook die kinderdoop verwerp. Die linkses het uit vier groepe bestaan, naamlik die Anabaptiste, anti-Trinitariërs, die Geestelikes en die rewolusionêre profete (Leith 1973:281).

Die Anabaptiste het groot erns met moraliteit gemaak, aangedring op die verhewe rol wat die Skrifte ingeneem het en dat die staat en kerk geskei moet word. Hulle het aan 'n kerk van "gelowiges" geglo wat streng kerklike dissipline moet handhaaf. Die mees Bybelse Anabaptiste het in Switserland gefloreer en het veral in Zürich in die tyd van Zwingli onder die leierskap van Conrad Grebel en Felix Manz ontwikkel (Douglas 1974:38).

Die Anabaptiste word verteenwoordig deur die Schleithem - versameling van belydenisse en die Geloofsbelydenis van Dordrecht. Hierdie samestelling van belydenisse het in die vergadering van die Switserse Broeders op 24 Februarie 1527 ontstaan. Die outeur Michael Sattler het vir sy oortuiging gedurende Mei 1527 gesterf. Die belydenis is nie 'n omvattende verklaring van die Christelike geloof nie, maar beklemtoon die geloof in praktyk wat die Anabaptiste van die Protestante wat oorheersend in Zürich en Genève geword het, onderskei.

Die sewe mees kenmerkende artikels van die leer van die Anabaptiste het gegaan oor:

### **1. Die Doop**

Die doop is slegs bedien aan diegene wat berou het en hulle bekeer, 'n veranderde lewe leef, waarlik glo dat hulle sonde deur Christus weggeneem is en begeer om met Hom begrawe te word sodat hulle saam met Hom opgewek kan word. Die suigelingsdoop wat as die hoogste en belangrikste gruwel van die pous beskou word, word verwerp.

### **2. Dissipline**

Persone wat fouteer moet twee maal in die geheim vermaan word, drie maal in die openbaar volgens Christus se voorskrif in Matteus 18. Wanneer hierdie proses deurloop is moet die verharde persoon uit die kerk verban word. Hierdie optrede moet voor die Nagmaal geskied sodat daar een brood geëet kan word, een denke en een liefde kan wees.

### **3. Nagmaal**

Slegs die persone wat vooraf verenig is deur die doop mag deelneem aan die Nagmaal. 'n Persoon kan nie terselfdertyd 'n deelnemer van die tafel van die Here en die duiwel wees nie.

### **4. Afsondering**

Daar moet afsondering van die bose en goddeloosheid wees, dan sal Hy onse God wees.

### **5. Bedienaars in die kerk**

Hulle moet goeie getuienis van persone buite die kerk hê. As dissiplinering nodig is, moet dit slegs op grond van twee of drie getuies geskied.

### **6. Die Swaard**

Sagmoedigheid word voorgestaan. 'n Christen mag selfs nie as magistraat optree nie.

### **7. Aflê van 'n eed**

Die Woord verbied dit. Die Belydenis van die Anabaptiste het hulle duidelik onderskei en afgegrens van die Rooms-Katolieke geloof (ook later van die Gereformeerde geloof). Die Belydenis is sterk op die christelike praktyk gerig eerder as wat dit 'n omvattende verklaring van geloof is. Die feit dat die Anabaptiste bereid

was om te sterf vir hulle geloof en dat selfs die marteling en vervolging deur die Protestante hulle nie kon stuit nie, spreek nie net van die absolute oortuiging wat by hulle aanwesig was nie, maar ook dat hulle hul geloof “prakties” tot die dood uitgeleef het. Hieruit kan afgelei word dat belydenisskrifte noodsaaklik is ten einde ‘n groep se identiteit te verklaar. Die leer van die Anabaptiste is die belangrikste probleem wat tot die ontstaan van die Nederlandse Geloofsbelydenis aanleiding gegee het.

Die geloofsbelydenis van die Anabaptiste toon ‘n gebrek aan ‘n ekumeniese karakter. Die vraag wat in die lig hiervan ontstaan is of daar aanvaar moet word dat ekumenisme slegs tussen groepe met dieselfde teologiese oortuiging haalbaar is en dat die gemene deler nie die geloof in Christus Jesus is nie? Hierdie word ‘n baie aktuele vraag veral met die oog op die hedendaagse soeke na en sprake van ekumenisiteit. Indien die antwoord ja sou wees, impliseer dit dat die Baptiste - familie asook die Pentekostaliste en Charismatiese bewegings nie deel van ‘n ekumeniese beweging kan wees nie. Die vraag ontstaan in die lig van die standpunt wat die Gereformeerdes teenoor die Anabaptiste gehuldig het en veral die raakpunte wat tussen die vroeëre Anabaptiste en die latere Pentekostaliste en Charismate bestaan.

## **2. DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS 1561**

### **2. 1 Historiese Oorsig**

Die Nederlandse geloofsbelydenis (NGB) saam met die Heidelbergse Kategismus en die Leerreëls van Dordt staan bekend as die drie Formuliere van Eenheid. Die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica) is die oudste van die drie belydenisse. Soos in die geval van ander belydenisskrifte het die NGB ook ‘n eie ontstaansgeskiedenis gehad, veral in die tyd toe die Hervorming sterk veld gewen het (Heyns 1988:38). Die belydenis het oorspronklik in Frans in die suidelike- Nederland verskyn. Met die verloop van tyd is dit onder die hervormingsgesindes van Doornik versprei. As gevolg van die toenemende

spanning en teestand, het die behoefte al hoe groter geword om verantwoording van die geloof te doen (Bakhuizen Van Den Brink 1976:1).

Die heersende klimaat in hierdie tyd is gekenmerk deur die vervolging deur die Rooms-Katolieke Kerk en die bedrywighede van die Wederdopers of Anabaptiste. Die opsteller van hierdie belydenis (NGB), Guy (Guido) de Brès het hom ten doel gestel om die owerheid en die Rooms-Katolieke Kerk kennis te laat neem van die anti-revolusionêre karakter van die Calvinistiese beweging en dat hulle, die Protestante, nie op dieselfde vlak as die Wederdopers beweeg nie (Bosman 1987:3).

Aangesien die Spaanse owerheid voortdurend die evangeliesgesinde gelowiges met die Wederdopers vereenselwig het en laasgenoemde as oproermakers beskou is, was dit een van die hoofdoelwitte van die NGB om die onderskeid tussen hulle en die Wederdopers uit te wys. Dit verklaar die feit waarom die NGB so 'n sterk polemiese karakter en standpunt in veral artikel 36 inneem, naamlik: "Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur." Die woord "verfoei"skep die indruk van 'n soort "*anathema*" wat in sekere belydenisse voorkom. Die eerste uitgawe van die NGB verskyn in 1561 in Frans as *Confession de Foy*. Die vroegste Nederlandse vertaling van die NGB is in 1562 gedoen. Die outentieke teks van die NGB is ten tye van die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619) vasgelê (Ibid; 6).

Schulze (1990:34) wys daarop dat die model wat Guido de Brès by die opstel van die Nederlandse Geloofsbelydenis gevolg het, was die *Confessio Gallicana* wat in 1559 deur die Gereformeerde Kerke in Frankryk as belydenis aangeneem is. Hierdie belydenis was in 'n groot mate deur Calvyn self bewerk. Die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Galliese Konfessie kom in baie opsigte ooreen. Die NGB staan ook bekend as die Belgiese Konfessie en die ander een as die Galliese Konfessie. Die inhoud en die volgorde van die materiaal van die twee konfessies toon ook groot ooreenkomste. Een van die uitstaande verskille is dat die Galliese Konfessie niks oor die Wederdopers sê nie terwyl die NGB

homself sterk teen hulle uitspreek (vgl. Art. 34). De Brès se poging om vrede tussen Rooms-Katoliek en Protestant te bewerkstellig slaag nie en hy sterf as martelaar op 31 Mei 1567 aan die galg (Bakhuizen Van den Brink 1976:3).

In 1571 het die eerste sinode van Nederlandse Kerke in Emden besluit om die Belydenis te onderteken om voortaan die eendrag van leer in die Nederlandse Kerke te bewys (Ibid., 20).

## **2. 2. Die Inhoud van die Belydenis**

Die NGB is in 1562 in Nederlands vertaal. (Ibid., 21). Die NGB bevat 'n sistematiese samevatting van die Christelike leer. Samevattend bied die drie formuliere 'n uiteensetting van die bekende vyf alleen-uitsprake van die Reformasie: aan God alleen die eer; die genade alleen; Christus alleen; die geloof alleen; die Skrif alleen (Van Wyk 1997:2).

Die Samestelling van die Nederlandse Geloofsbelydenis beslaan 37 artikels wat as volg saamgevat kan word:

Artikel 1-11: God en die middele waardeur Hy geken word;

Artikel 12-15: Skepping, voorsienigheid, sondeval, erfsonde;

Artikel 16-17: Verkiesing, Verlosser;

Artikel 18-21: Jesus Christus;

Artikel 22-26: Heilsweldade;

Artikel 27-35: Kerk en sakramente;

Artikel 36-37: Owerheid en laaste oordeel.

## **2. 3. Slotsom**

Die NGB het die opvallende kenmerk dat dit nie net na bepaalde Skrifgedeeltes verwys nie, maar dat daar ook 'n bepaalde interpretasie van die Skrif plaasvind. Die Skrifgebruik in die NGB kom dus neer op hoe die Skrif deur die opsteller verstaan is (Bakhuizen Van Den Brink 1976:53). Die vraag wat na aanleiding van bogenoemde stelling gevra kan word is of die NGB wat meer as 'n belydenis is nie ook oor dogma-status beskik nie? In die lig van die ontstaansgeskiedenis van die NGB wat hoofsaaklik toe te skryf is aan die

vervolging deur die Rooms-Katolieke Kerk en die afwysing van die leer van die Anabaptiste, ontstaan die vraag of dit nie in 'n mate die kriteria vir belydenisskrifte, naamlik Katolisiteit, ekumenisiteit en universaliteit bevraagteken nie? Wat hiermee bedoel word is of die gebeure wat binne die tydshorison van baie jare gelede geval het nog met gesag kan funksioneer in 'n heelwat later tyd en konteks as waarin dit ontstaan het?

Dit wil verder voorkom of artikel 7 deur die teenstanders van belydenisskrifte aangewend kan word ten gunste van hulle argumente dat menslike geskrifte onbetroubaar is en dat belydenisskrifte die Skrif daardeur as onvoldoende kan voorstel. In hierdie geval word verwys na die aanhaling uit Psalm 62 vers 10 wat die onbetroubaarheid van menslike geskrifte aantoon. In die konteks van hierdie aanhaling is daar geen verwysing na menslike geskrifte nie en dit skyn asof hier 'n veralgemening van die mens se leuenagtigheid is. Die vraag is hoe die NGB as 'n menslike geskrif hierdie kritiek kan ontwyk? (Ibid.,57). Die skrywer se beskeie oortuiging is dat wanneer daar 'n implisiete Skrifverwysing is, dit met die nodige verduideliking gepaard sal gaan

Dit dien gemeld te word dat daar tydens die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Pretoria (Sondag 11 tot Saterdag 17 Oktober 1998) 'n opdrag aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (AKLAS 2.1 p. 60) gegee is om ondersoek te doen na die wyse waarop belydenisskrifte as historiese dokumente gelees behoort te word. Onder die probleemstelling was daar melding gemaak van Paulus as die outeur van die Brief aan die Hebreërs in die NGB, Artikel 4, wat aanleiding gegee het tot dié besluit. Verdere voorbeelde van soortgelyke probleme is in artikel 17 waar die moederbelofte (Gen 3:15) direk met die geboorte van Christus verbind word; die Christologiese uitleg van Jesaja 53 in die NGB, artikel 21; en die Messiaanse verstaan van Psalm 2 (HK, vraag 20 en 31) en Psalm 45 (HK, vraag 31). Daar is ook gevalle waar Bybeltekste buite verband aangehaal word soos in 1 Korintiërs 2:9.

Die NGB het deur die jare met groot vrug en welslae daarin geslaag om die gereformeerde identiteit van die Gereformeerde kerkgemeenskappe te verkondig en te bewaak. Die vraag wat egter nou op die tafel is, is of hierdie belydenisskrif en ook vele ander nog dieselfde betekenis en waarde vir die kerk van vandag inhou? Hierdie proefskrif sluit aan by Bosman (1987:25) se stelling dat duidelikheid verkry moet word of geloofsdokumente van die verlede die status van 'n dogma, 'n belydenisskrif of slegs 'n oriëntasiepunt van mense se gemeenskaplike geloof is, meer om die lyf het as wat dit op die oppervlakte vertoon.

Hieruit word daar in hierdie studie die afleiding gemaak dat sekere dokumente wat aanvanklik as belydenisskrifte gedien het, in die lig van die ontwikkeling en veranderde situasies mettertyd meer die status van 'n oriëntasiedokument geniet. Andersom skyn dieselfde gesê te kan word van aanvanklike oriëntasiedokumente en dogmas. Daar kan selfs die moontlikheid bestaan dat sulke dokumente wat op 'n gegewe oomblik rigting in 'n spesifieke saak moes gee, so in onbruik en irrelevant kan raak, dat dit eenvoudig mettertyd van die kerklike toneel sal verdwyn.

Volgens die skrywer van hierdie proefskrif bevestig hierdie opmerkings die voorstanders van belydenisskrifte se siening aangaande die betekenis, karakter, plek, gesag en funksies waaroor belydenisskrifte beskik. Dit op sigself kan gebruik word om sekere besware teen belydenisskrifte per se te weerlê. In hierdie opsig is die stellings van die volgende skrywers van groot en insiggewende waarde:

- “Hoe meer die kerk oortuig is van sy eie belydenis, hoe groter sal sy vrymoedigheid wees om sy belydenis aan die kritiese toetsing deur die teologie te onderwerp.” Verder: “....belydenisskrifte mag daarom nooit 'n selfstandige betekenis kry en aan die kontrole deur die Heilige Skrif onttrek word nie” (Jonker & Heyns 1974:204, 213).
- “Daar bestaan nie so iets dat die begrip “belydenisgesag” 'n verwysing het na 'n tydlose, objektiewe, onhistoriese of altyd geldige waarheid nie. Belydenisskrifte moet ... hermeneuties vir ons tyd geïnterpreteer word, en het daarom geestelike

gesag omdat dit heenwys na die Bybel self, en beslis geen letterlike, onreformatoriese, konfessionalistiese gesag nie” (Van Huyssteen 1983:7).

- “Dit is prinsipieel moontlik dat die (protestantse) kerk ook in die toekoms, in gegewe situasies, nuwe belydenisse kan formuleer... (As) tye sodanig is dat die geloof weer op 'n akute wyse bedreig word, dan kan die kerk geroep word om opnuut teen die gevare en dwalinge in die geloof te bely en te formuleer (Schulze 1987:18-19).
- Engelbrecht skryf in “Die Hervormer” dat “...indien dit na wetenskaplik-verantwoorde Skrifstudie blyk daar sekere aksente anders gelê moet word en sekere dinge anders gesê moet word, dan sal ons kerk die taak van 'n nuwe belydenis in verantwoordelikheid aan die Skrif moet aanpak, sonder om die historiese erfgoed sonder meer te verwaarloos of af te skryf” (1981:16).

Hierdeur word dit onomstootlik gestel dat 'n belydenisskrif nie verabsoluteer en so gekonkretiseer kan word dat dit bo wysigings, uitbreidings of selfs vervanging staan nie. Al sou die persone wat ten gunste van belydenisskrifte is dit nie in soveel woorde gesê het nie, word dit baie sterk deur hierdie stellings geïmpliseer. Dit sê ook verder dat belydenisskrifte nooit gelykwaardig met die gesag van die Skrif gestel kan word nie. In die lig van die rol wat die NGB in die geskiedenis gespeel het, bied dit waardevolle feite om die noodsaaklikheid van belydenisskrifte te kan staaf. Die NGB het nie net didaktiese, kategetiese en polemiese funksies vervul nie, maar het ook getoon dat die kerk as gevolg van sy belydenis, 'n belydende kerk te wees, omstandighede rondom die kerk beïnvloed en verander kan word.

In hierdie geval word veral verwys na die invloed van die NGB gedurende die tyd van die Reformasie. Om te verseker dat belydenisskrifte noodsaaklik en relevant sal bly, word die korrekte verstaan van die aard en funksies van belydenisskrifte vereis asook van die verhouding wat dit met die gesag van die Skrif het. Vanweë die veranderlikes in die ontstaansituasie wat aanleiding gegee het tot die totstandkoming van 'n belydenisskrif, asook die menslike elemente in die interpretasie en formulering daarvan, beskik

belydenisskrifte nie oor 'n absolute, konkrete en geslote karakter nie. Indien dit die geval was, kan belydenisskrifte nie anders nie as om in onbruik te raak.

Laastens moet daar nooit vergeet word dat belydenisskrifte nooit 'n doel op sigself is nie, maar 'n middel tot 'n doel, naamlik om 'n rigtingwyser na die Bybel te wees wat van Christus Jesus as enigste Verlosser en Heer getuig (Joh 5:39).

### **3. HEIDELBERGSE KATEGISMUS 1563**

#### **3. 1 Historiese Oorsig**

Na die reformasie het daar 'n onderlinge stryd ontstaan oor die opvattinge van Zwingli, Calvin en Luther oor die Nagmaal in die westelike dele van Duitsland. Nadat Frederik III omstreeks 1559 'n keurvors van een van die Duitse state, die Palts, geword het, het hy gevind dat daar baie verwarring op godsdienstige gebied bestaan. Daar was heftige stryd en argumente oor die Nagmaal tussen die teoloë van daardie tyd. Kok (sa:9) som die heersende situasie op deur daarop te wys dat die stryd anti-Rooms, anti-Dopers en anti-Luthers gewees het.

Nadat Frederik verskillende teoloë soos Melancton en Brenz genader het oor hul siening, het hy self 'n intensiewe studie van die Skrif gemaak. In 1560 het hy 'n gesprek laat hou tussen Heidelbergse teoloë en twee Saksiese teoloë wat Lutherane was. Dit was tydens dié geleentheid dat Frederik tot die oortuiging gekom het dat die gereformeerde verstaan van die evangelie die suiwerste was. Die Heidelbergse Kategismus is op 19 Januarie 1563 deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke as 'n leerboek vir die jeug en as 'n belydenisskrif aanvaar (Schulze 1990:40-41).

Die uiteindelijke samestelling van dié Belydenisskrif was die gesamentlike resultaat van die Hoë Raad van Heidelberg, die Teologiese Fakulteit van Heidelberg, die

superintendente, die predikante asook die keurvorstelike hof. Die mees prominente figure was Frederik III, die keurvors, die hoogleraar Ursinus en die predikant Olevianus (Jonker 1994:92).

Daar is veral drie dokumente wat van Ursinus kom wat as voorarbeid vir die daarstelling van die Heidelbergse Kategismus beskou kan word, te wete

- Summa Theologiae;
- Die groot Kategismus van 323 vrae;
- Die klein Kategismus van 108 vrae.

Tot en met die vierde uitgawe wat in November 1563 verskyn het, was daar steeds wysigings aangebring soos onder andere vraag 80 wat oorspronklik ontbreek het en later bygevoeg is. Een van die eienskappe van die oorspronklike betekenis van die Heidelbergse Kategismus is die plek wat dit ingeneem het in die kerkorde van Palts wat in 1563 gepubliseer is. Die dokument is ook oor die hele Europa versprei. In 1574 is dit tydens die Sinode van Dordrecht as 'n kategismus vir kerke en skole in Nederland aangeneem en in 1578 deur die State van Holland bekragtig. Sedert die Nasionale Sinode van Den Haag in 1586, was dit die reël dat die Kategismus by die tweede diens elke Sondag uitgelê moes word. Dit het ook later as 'n ampsondertekening saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis vir predikante gedien.

### **3. 2 Die Samestelling van die Dokument**

Die Heidelbergse Kategismus bestaan uit 52 Sondagindelings met die oog daarop om elke week daaruit te preek. Dit volg die voorbeeld van die Kategismus van Genève net met die verskil dat hierdie kategismus uit 55 indelings bestaan.

Die Kategismus is in drie groot dele verdeel. Die eerste deel gaan oor die ellende van die mens (Sondag 2-4), die tweede oor die verlossing (Sondag 5-31) en die derde deel oor dankbaarheid vir die verlossing (Sondag 32-52). Die hele Kategismus is in vraag twee opgesluit, naamlik hoeveel dinge nodig is om te weet dat jy die troos het om salig te kan lewe en te kan sterwe? Met hierdie vraag word weer teruggewys na vraag een, 'n

eksistensiële vraag, naamlik wat is jou enigste troos in lewe en sterwe? Hierdie vraag se vertrekpunt is 'n heilsvraag wat die evangelie voorop stel in die Kategismus.

Die drie hooftemas is afgelei uit die Romeinebrief wat dit in hierdie spesifieke volgorde behandel:

1. Paulus se groet (1:1-15), die aankondiging van die tema (1:16-17), die goddeloosheid van die mens (1:18-32 en hoofstuk 2) ;
2. Die verlossing in Christus (3: 21-11:36);
3. Die lewe as 'n dankoffer (12:1-2);
4. Die lewe van liefde (12:3-21);
5. Die lewe van gehoorsaamheid (13:8-14);
6. Die lewe van verantwoordelikheid en vryheid (14:1-15:13);

### **3. 3 Slotsom**

Vanuit die ontstaansgeskiedenis is dit duidelik dat die stryd rondom die sakrament van die nagmaal een van die hoofredes was wat aanleiding gegee het tot die formulering van die Heidelbergse Kategismus. Die Kategismus het dus 'n polemiese karakter. Die benaming, Kategismus saam met die historiese feite dui op die verdere funksie van die Kategismus, naamlik 'n didaktiese rol om lidmate te vorm en die jeug te onderrig.

Die Heidelbergse Kategismus het bekendheid verwerf as die mees vertaalde belydenisskrif van alle tye. Naas Duits en Latyn is dit ook in alle Wes - en Oos-Europese tale asook in Grieks en verskillende Asiatiese tale vertaal. Danksy sendingwerk wat deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedoen is, het die belydenisskrif tot diep in die hart van Afrika ingedring. Na die verloop van meer as vier eeue geniet hierdie Kategismus nog steeds baie groot aansien. Hierdie gegewens lig ook die ekumeniese karakter uit wat bygedra het tot die daarstelling van eenheid tussen verskeie kerke en sodoende getrou die katolieke Christelike geloof bely het.

Dit word ook gestel dat die Heidelbergse Kategismus die mees ekumenies - gereformeerde belydenis is (Jonker 1994:105).<sup>2</sup> Vanweë die feit dat hierdie belydenis sy ontstaan in Duitsland gehad het, het dit die gees van Luther geadem. So het die ontdekking van die evangelie diep ingang gevind in die lewens van die Protestante alhier. Wat opvallend is, is die gebruik van die persoonlike aanspreekvorm "jy" wat vanweë die evangelie se betekenis vir die individu, sterk na vore tree. Die karakter van die belydenis is dat alle spesifiek-teologiese kwessies weggelaat is om meer te fokus op die praktyk en geestelike behoeftes van die individu (Engelbrecht 1989:634) en dit 'n eksistensiële karakter gee met soveel beloftes wat nie net wetenswaardig is nie maar tot nut van die gelowige strek (Oorthuys 1948:48).

Die Belydenis het 'n groot bydrae gelewer tot die daarstelling van eenheid tussen die Gereformeerdes en Lutherane. Wat as kritiek geopper word, is die feit dat die Heidelbergse Kategismus nie soos die ander belydenisskrifte die trinitariese onderbou sterk genoeg na vore laat kom nie. In die deel oor sonde en elende word daar na God as Skepper, Wetgewer en regverdige Regter verwys maar nie na Hom as die as Vader nie (Jonker 1994: 99).

#### **4. DORDTSE LEERREëLS 1618**

##### **4. 1 Historiese Oorsig**

Die benaming is afkomstig van die pleknaam waar die sinode byeen geroep is, naamlik in Dordrecht waar Nederlandse afgevaardigdes, Anglikane uit Engeland, Gereformeerdes uit Switserland, Palts, Hessen, Bremen en Emden byeengekom het. Die tydperk van die sestiende eeu is veral gekenmerk deur die strydvraag hoe die mens die heil van God kan verkry. Ten einde die vraag te kan beantwoord, is dit vanselfsprekend dat die klem sal val op die bespreking en uiteensetting van onderwerpe soos die erfsonde, uitverkiesing, die

---

<sup>2</sup> Die rede waarom daar slegs na enkele bronne verwys word is te wyte aan die feit dat hulle nie soseer as die belangrikste beskou word nie, maar basies dieselfde feite weergee as die ander bronne.

soendood van Christus en die volharding van die heiliges. Hierdie worstelvrae is nie net beperk tot die sestiende eeu nie, maar sleep reeds voort sedert die jare 400 toe die stryd tussen Pelagius en Augustinus geheers het.

Die formulering van die Dordtse Leerreëls kan beskou word as 'n soort van afsluiting of gevolgtrekking wat vroeg in die vroeë sewentiende eeu bereik is. Wat egter meegewerk het tot die daadwerklike formulering van die Dordtse Leerreëls was die teenstand wat die Heidelbergse Kategismus nie net in Duitsland nie, maar ook van die kant van die Lutherane gekry het.

Jacobus Arminius wat eers predikant in Amsterdam en later in 1603 hoogleraar in Leiden geword het, was 'n sleutelfiguur in die onrus wat in die kerk geheers het oor aspekte van die Gereformeerde leer. Arminius het die menslike verantwoordelikheid, vryheid en inisiatief so belangrik geag dat hy nie die gedagte kan aanvaar dat genade onweerstaanbaar is nie. Gepaardgaande hiermee was ook die leer van die volharding van die heiliges afgewys met spesifieke verwysing na die feit dat 'n gelowige nie sekerheid van saligheid kan hê nie. As gevolg van die mens se swakheid kan hy/sy weer ophou om op God te kan vertrou en sodoende uit die genade te kan verval (Bangs 1985: 343-349).

Na Arminius se dood in 1609, het Uitenbogaert in 1610 in Gouda 'n geheime vergadering gehou waartydens 'n "Remonstrantie" opgestel is waarin in vyf artikels beswaar aangevoer word teen die Gereformeerde belydenis. Na 'n verdere konferensie in Den Haag waartydens die teenstanders van Arminius 'n "Contra Remonstrantie" aangebied het, het die stryd in die kerk uitgeloop op die sinode in Dordrecht in 1618 (Jonker 1994:125).

#### **4. 2 Die Samestelling van die Dordtse Leerreëls**

In soverre dit om die inhoud van die Dordtse Leerreëls gaan, is dit basies 'n antwoord op die Remonstrante se leer soos wat dit in die vyf artikels vervat word, te wete die verkiesing wat plaasvind op grond van die individu se geloof, dat die prys van die verlossing deur Christus vir alle mense volkome betaal is, dat die effektiewe genade

waardeur iemand tot bekering kom, nie onweerstaanbaar is nie en dat gelowiges deur hul eie afskuwelike dade ten slotte verlore kan gaan.

Hierdie vyf artikels het dan aanleiding gegee tot die formaat van die Dordtse Leerreëls, naamlik die volgende vyf hoofstukke:

Hoofstuk 1: Die Goddelike uitverkiesing en verwerping.

Hoofstuk 2: Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood.

Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind.

Hoofstuk 5: Die volharding van die heiliges.

#### **4. 3 Slotsom**

Die dokument handel oor die eeue - oue probleem van "erastianisme" waarvolgens die kerk deur die staat beheer word (Faber, Meijerink, Trimp en Zomer 1972:19). Die Hollandse kerk het vanweë sy Calvinistiese belydenis geglo dat die kerk onafhanklik van die staat moet wees, alhoewel samewerking gegee moet word. Dit het gelei tot worstelling met 'n antikonfessionele humanisme wat meer Hellenisties as Bybels van aard was. Die gevolg was dat die siening van totale ontaarding verwerp, en die siening van die vrye wil aanvaar is.

Een van die hoofgeskilpunte waaroor die polemieë gegaan het, was die status van die belydenisskrifte. Die Arminiane het enersyds erken dat die kerk 'n belydenis het, maar andersyds hul misnoeë uitgespreek om deur belydenisse ingeperk te wees. Dit was die hoofrede waarom die hersiening van die belydenisskrifte bepleit is. Die stryd het ook gegaan rondom die fundamentele Christelike leerstelling van die uitverkiesing.

Mettertyd het daar 'n "party-gees" ontstaan wat gedreig het om die kerk en die provinsies van die Nederlande weg te skeur in so 'n mate dat die moontlikheid van 'n burgeroorlog groot was in 1617. Dordt het 'n aansienlike bydrae gelewer tot die beskerming van die Augustynse Bybelse leerstelling oor sonde en genade teen die stelling dat die gevalle

mens 'n vrye wil het. Die Dordtse Leerreëls was dus situasioneel waar heersende omstandighede aanleiding gegee het tot die formulering daarvan en het dus 'n polemiese funksie vervul ten einde die bestaande leer van die kerk te verdedig en dit suiwer te hou.

## **5. DIE WESTMINSTER BELYDENISSKRIF 1647**

### **5. 1 Historiese Oorsig**

Leith (1973:17) maak die insiggewende verklaring dat niemand die Westminster Belydenis vandag sal kan saamstel soos dit in 1644-1647 gedoen is nie. Hierdeur word die feit weer eens bevestig dat dit teen 'n bepaalde historiese agtergrond geskryf is soos wat die meeste belydenisse in 'n besondere krisis geformuleer is en wat dus 'n plaaslike kleur gehad het. Die Westminster Belydenis het uit 'n spesifieke historiese agtergrond van die sewentiende eeu gegroei en bevestig sleutel gereformeerde sieninge sonder om daarop in 'n Bybelse konteks uit te brei (Farley 1988:170). Hierdeur word die feit aan die eenkant bevestig dat 'n belydenis nie verabsoluteer of verwerp moet word op grond van 'n historiese prestasie nie, en aan die ander kant dat dit nie van waarde vir die kerk en die teologie van vandag kan wees nie. Om 'n betekenisvolle dokument vir vandag te kan wees, moet daar eerstens na die historiese aard van die Westminster Belydenis gekyk word. Dit is van belang dat daar oorsigtelik na politiese, kulturele en teologiese aspekte gekyk word.

### **5. 2 Die Ontstaansgeskiedenis**

#### **5. 2. 1. Polities**

Die oorsprong van die Westminster Vergadering reik terug na die Puriteinse beweging en die konflik tussen Koning Jakobus 1 en sy seun Karel 1. Toe laasgenoemde die opvolger van sy vader se troon in 1625 was, was die situasie uiters plofbaar. Jakobus 1 het na die Sinode van Dordrecht (1618) sy samewerking met die veroordeling van Arminianisme gegee wat hom 'n meer gunstige verhouding met die Rooms - Katolieke besorg het. Hy het die oortuiging gehuldig dat Skotse Presbiterianisme nie met koninklike gesag versoenbaar is nie. Ten einde 'n eenheid tussen kerk en staat te bewerkstellig, is hy sterk

deur die aartsbiskop van Kantelberg, William Laud, ondersteun, wat afsydig gestaan het teenoor Calvinisme en 'n voorstander van Arminianisme was.

In 1626 stel Karel 1 'n verbod in op enige verdere bespreking van Arminianisme asook strafmaatreels teen predikers wat enige sienswyse verdedig wat nie behoorlik in 'n kerklike formulier uiteengesit is nie. Op aanbeveling van Laud gee die koning sy eerste opdrag aan die vergadering om die nege- en -dertig Anglikaanse artikels te hersien met die doel om enige moontlike Arminiaanse,<sup>3</sup> Pelagiaanse of Roomse interpretasie te verwyder. Die vergadering moes hom beperk tot die letterlike en grammatikale versorging van die konfessie om te voorkom dat daar enige ruimte vir latere of nuwe byvoegings in die geloofsleer gelaat word (Walker 1893:354).

Karl 1 het ook in 1637 die Anglikaanse gebedsboek op die Kerk van Skotland probeer afdwing as deel van sy poging om hulle in ooreenstemming met die Episkopaalse Kerk van Engeland te bring. Die poging om die eenvormige stelsel van die Anglikaanse Kerk in Skotland in te voer, het totaal misluk. Die vergadering was 'n aanstelling van die parlement en nie 'n kerklike sinode nie (Baillie 1841:186). Die doel was om die parlement slegs te adviseer in die sake wat voorgestel is vir oorweging en het geen gesag gehad tot enige besluitneming nie.

Koning Jakobus skyn 'n bittere teleurstelling vir die Engelse Presbiteriaanse Puriteine te wees. Sy despotiese houding kan in sy verklaring gemerk word: "And I will make them conform, or I will harry them out of the land." Uiteindelik is die saak op die spits gedryf toe die Skotse Verbondsleer aanleiding gegee het dat die Noorde van Engeland beset is en Karl 1 geforseer is om die parlement in 1640 byeen te roep, 'n parlement wat 'n oorweldigende Presbiteriaans -Puriteinse meerderheid gehad het. Die parlement het 'n afvaardiging na Edinburgh gestuur om te onderhandel vir Skotse militêre ondersteuning.

---

<sup>3</sup> Arminianisme is afkomstig van Arminius, 'n Nederlandse teoloog wat gepoog het om die uitverkiesingsleer wat deur die gereformeerde ortodoksie aangehang is, te modifiseer. Die Engelse Arminianisme het weer die menslike vryheid beklemtoon.

Die Skotte het die geleentheid aangegryp en aangedring op 'n belofte wat 'n godsdienstige skikking insluit. Op godsdienstige gebied het die ondertekenaars hul verbind om eenheid in godsdiens, geloofsbelydenis, kerkregering en aanbidding volgens die Woord van God te soek, asook die voorbeeld van die beste Gereformeerde Kerke.

### 5. 2. 2 Kultureel

Die Westminster Vergadering het aan die einde van die een eeu (16e) en tydens die begin van 'n ander (17e) bymekaar gekom. Die sewentiende eeu word gekenmerk deur 'n skeiding in die geskiedenis van die Christelike denke en die begin van 'n nuwe moderne era. Baie van die magte wat die moderne wêreld gevorm het, was reeds in 1643 aan die werk.. Alhoewel die Westminster vergadering van Copernicus geweet het, het hulle nog steeds geteologiseer in ooreenstemming met die ou geosentriese wêreld waar teologie in die tydruimtelike bedryf kon word.

Orde was die dominante karaktertrek van die wêreld waarin die Vergadering hom bevind het. "Orde" was die oorheersende kenmerk van die dag, 'n orde wat verseker word deur die skeppende krag en wysheid van God en wat in stand gehou word deur sy alwyse voorsienigheid te midde van die mens se sonde (Lovejoy 1936:214). Dit was in hierdie wêreld waar Aquinas se teologie wat sterk op die rasonele gegrond was, inslag gevind het (Brown 1969:26). Die positivistiese benadering, naamlik dat alles uit bepaalde gegewes werk, was 'n sterk invloed op die teologiese denke van daardie tyd. Daarom is dit nie vreemd dat die leer van die uitverkiesing en predestinasie so sterk gefigureer het nie.

Een van die belangrikste aspekte van die konteks van dié Vergadering was dat die belangstelling van die metafisiese en teologiese verskuif het na eksperiment en waarneming, van die "waarom" na die "wat". Nuwe ontwikkelinge in die wysbegeerte wat 'n invloed op die vorming van die sekulêre samelewing gehad het, was aan die orde van die dag. Bacon het die rol van eksperiment en waarneming beklemtoon terwyl Ramus die bindende rol van gesag bevraagteken het (1561-1626) (Gonzalez 1980:291). Newton is in 1642 gebore en in dieselde jaar het Galileo gesterf. Gedurende die leeftyd van hierdie

twee manne is drie wette van beweging en swaartekrag geformuleer. Die Vergadering kon nie 'n kultuur antisipeer waarin mense die reg sou hê om Christelike voorveronderstellings te bevraagteken, te kritiseer of selfs te verwerp nie.

Die kritieke punt was die wyse waarop die Vergadering die teologie geïsoleer het van die latente aspekte wat die wetenskaplike ontwikkeling ingehou het. In die tweede helfte van die sewentiende eeu het teoloë soos Richard Bentley en wetenskaplikes soos Boyle en Newton probeer om teologie en wetenskap met mekaar te versoen (Dillenberger 1960:104). Die hoofrede waarom die Vergadering aan die gebeure van die dag gekoppel word, is om die klimaat van die dag weer te gee en so die Vergadering se plek in die Christelike denke aan te toon. Verder is dit insiggewend om die bydraes sowel as die swakhede uit te lig.

### **5. 2. 3 Die Teologiese Konteks**

Die Vergadering was in 'n gunstige posisie met meer as 125 jaar se Protestantse teologie tot sy beskikking (Leith 1973:37). Enersyds was daar die vasberadenheid om enige innovasie in die teologie te voorkom en andersyds die bewustheid van die behoefte aan 'n groter reformatie as wat reeds plaasgevind het. Hierdie uitbreiding was eerder gemik op suiwering as op 'n verandering van die geloof van die Reformatie en wat ook die kenmerk van die Vergadering was. Die teologiese kontroversies soos dié oor die soewereiniteit van God en die mens se vrye wil is reeds by die Sinode van Dordt (1619) besleg, waar 'n meer gematigde siening aangeneem is en wat die ondersteuning van die meeste teoloë geniet het. In Engeland het die Puriteine 'n algemene teologiese woordeskat gepopulariseer wat in daardie stadium nie 'n teologiese konsensus geniet het nie (Seaver 1970:189).

Lede van die Vergadering het ook gedebatteer oor die vraag of die versoening bewerk is deur Christus se passiewe gehoorsaamheid aan die kruis wat die mens se skuld vergewe het en of dit ook sy aktiewe gehoorsaamheid ingesluit het wat aan die mens as positiewe geregtigheid toegereken is. Die debat het ook gegaan oor die orde van die dekrete en die

wyse waarop God aan die mens dink wanneer Hy hom verkies tot sy ewige bestemming.<sup>4</sup> Soos reeds gemerk is in die bespreking onder die kulturele konteks, was die hoofgedagte dat God die heelal geskape het en dit in bepaalde meganiese wetmatighede vasgelê het. Hierdie Bybelse verstaan van die werklikheid is ondersteun deur die Augustiniaanse teologie wat die Goddelike inisiatief beklemtoon het. Calvyn het baie van Augustinus se sieninge aangehang (Carruthers 1943:106).

Die empiriese aspek, die feit dat gedagte gekoppel moet word aan konkrete ondervinding het die teologie van die dag en die lede van die Vergadering beïnvloed. Die ontwikkeling van die verbondsteologie van die Puriteine het ook 'n groot invloed op die Vergadering gehad. Die heersende siening van Rooms - Katolisisme het ook die denke van die lede van die Vergadering beïnvloed. Leerlinge van die plaaslike gemeenskap soos dié van die Antinomianisme het nie die aandag van die lede ontduik nie. Hulle was so meegevoer met die gedagte van God se vrye genade dat hulle die leer oor die dissipline en wet verwaarloos het. Die Puriteine het heftig op hierdie siening gereageer en gevolglik baie aandag aan die leer van heiligmaking en goeie werke gegee, wat uiteindelik 'n praktiese karakter aan die Belydenis besorg het. Die leer van die Anabaptiste het die Vergadering se aandag op die kerk en die sakramente gevestig.

### 5. 3 Slotsom

Die waarneming wat gemaak word is dat die lede van die Vergadering in die uitvoering van hulle opdrag die sosiale, kulturele en teologiese konteks van hulle dag of nie raak - gesien het nie, of hul teologie so in isolasie bedryf het dat dit geensins relevant was tot die uitdagings van hulle dag en wêreld nie. Dalk was die parameters waarbinne hulle opdrag gesetel was die oorsaak vir hierdie oorsig gewees. Alles in ag genome wil dit voorkom

---

<sup>4</sup> Die Supralapsariese siening verklaar dat God eers sommige mense tot saligheid verkies het en dat die skepping, die val en die verlossing tot daardie doel gevolg het. Die Infralapsariese siening was dat God aan die mens as 'n geskape en gevalle wese gedink het en toe sommige uit die massa van die verderf verkies het tot die ewige lewe en ten einde die doel te bereik, die verlossing in Christus voorsien het. 'n Derde siening, alhoewel nie amptelik verteenwoordig in die Vergadering nie, was dat God diegene verkies het wat in Christus geglo het vir ewige lewe.

dat die leerstellige dispute wat intern bestaan het, sekondêr beskou kan word in die lig van die eksterne bedreigings en vraagstukke van die dag.

Soos in die geval van Nicea wil dit voorkom dat die doel met die aanvanklike bymekaar roep van die Vergadering grotendeels polities van aard was, naamlik om eenheid in die Ryk te bewerkstellig. Die doel met die daarstelling van 'n goed geformuleerde belydenis skyn bloot te wees om 'n vaste grondslag te voorsien waarvolgens mense gedwing kon word om eenstemmigheid van sienswyse te bereik om sodoende politieke eenheid te verkry. Omdat die omstandighede van die dag nie in ag geneem is nie, het uiteindelik daartoe gelei dat die kerk/teologie se kredietwaardigheid in die proses bevraagteken is en mettertyd nie meer die kragtige instrument in die hand van die politiek was nie of as die sement van die samelewing beskou kon word nie. Die grootste bate van die samestelling van die Westminster Belydenis lê in die voorsiening van 'n goed geformuleerde leer wat 'n kategetiese, didaktiese en polemiese funksie vervul, veral in die lig van die trek van duidelike grense tussen Protestantisme en Rooms-Katolisisme.

## **6. METHODISME 1729**

### **6. 1. Historiese Oorsig**

Die naam "Metodisme" kom van die woord "metode" wat dui op die metode wat gevolg word by die bekering van 'n sondaar. Die prediking van die wet moet die sondaar op sy knieë bring, dan moet hy tot berou opgewek word om uiteindelik in die genade van Christus vertroosting te vind. John Wesley en George Whitefield word as die vaders van die Metodisme beskou. Wesley was Arminiaans en het die uitverkiesing geloën terwyl Whitefield meer Calvinisties van oortuiging was. Met verloop van tyd het die Calvinistiese rigting in die Metodisme gekwyn en het die Arminiaanse siening wat deur Wesley gehandhaaf is, met rasse skrede vooruitgegaan (Du Toit 1963:103).

Metodisme word as die mees suksesvolle van al die jongere afsplinterings van die Reformasie beskou. Dit het in een eeu een van die grootste denominasies in Engeland

geword en die grootste in die VSA met sendingstasies reg oor die wêreld (Schaff 1983:884).

## **6. 2 Die Samestelling van die Dokument**

Die Amerikaanse Metodiste het drie stelle van leerstellings riglyne gehandhaaf:

### **1. Die 25 artikels van Godsdiens**

Hierdie artikels is deur John Wesley saamgestel met behulp van die nege - en - dertig artikels van die Kerk van Engeland vir gebruik deur die Metodiste in Amerika. Hierdie artikels is in 1784 by 'n konferensie in Baltimore aangeneem met die uitsluiting van artikel 23 waarin die V S A as 'n "soewereine en onafhanklike nasie" bely word.

### **2. Die preeknotas van John Wesley oor die Nuwe Testament**

Hierdie notas was as bindend op die Britse Metodiste beskou. Dit het agt - en - vyftig preke beslaan wat die algemene geloof en pligte van die Christen uiteensit. Verder het die notas ook die leerstellinge bevat wat die besonderse belydenis van die Metodisme is (Wesley 1967:1-596).

### **3 Die Boek van Dissipline**

Die boek het verskeie kategismusse bevat wat in 1852 geskryf en in 1868 gepubliseer is. Hierdie publikasies word as sekondêre standaarde vir die Metodiste in die V S A beskou. Die kenmerk van die Metodistiese belydenisse is dat hulle nie logies geformuleer is soos dié van die Lutheraanse en Gereformeerde kerke nie, maar ruimte laat vir verdere teologiese ontwikkeling. John Wesley was 'n voorstander van meer praktiese beginsels as van ortodokse formules. Desnieteenstaande word daar gesê dat die Metodisme 'n groter leerstellings eenheid is as baie denominasies wat belydenisse het (Ibid., 891).

Die Metodisme loën die leer van die uitverkiesing en die verbondsgedagte. Dit gaan hoofsaaklik oor die vrye wil van die individu wat salig kan word wanneer hy wil, wat 'n gebeurtenis is wat plotseling plaasvind. Die klem is sterk op die gevoel wat daartoe kan

lei dat die verstand verwaarloos word. Die feit van die algemene genade van God staan nie baie prominent in die leer van die Metodisme nie. Dit word erken in die redding van siele, maar staan afsydig teenoor die wêreldlike wat somtyds in 'n soort van asketisme resulteer. Metodisme handhaaf ook nie 'n vaste beleid ten opsigte van toelating tot lidmaatskap van die kerk nie, maar die persoon moet slegs 'n begeerte hê om die toekomstige toorn te ontsnap (Du Toit 1963:104).

Vanweë die Arminiaanse siening wat deur die Metodisme gehandhaaf word, is dit vanselfsprekend dat die leer van die volharding van die gelowiges ontken sal word.

### 6. 3 Opsomming

Die belydenisse van die Metodiste se ontstaansgeskiedenis was nie soseer 'n poging om ketterye wat in die kerk ontstaan het, af te wys nie, maar eerder 'n wysiging van die bestaande Anglikaanse belydenis. Van die Anglikaanse kant beskou kan Metodisme in 'n sekere sin as kettery beskou word omdat dit 'n radikale afwyking van die bestaande belydenis is. Die vyf punte waarop Arminianisme van Calvinisme verskil, word baie prominent deur Wesley se geskifte uitgespel.

Wesley se motief met sy oop beskouing van belydenisse was om 'n meer ekumeniese karakter aan die Metodisme te gee. Vandaar die feit dat daar 'n onderskeid tussen die Engelse en Amerikaanse beskouing is. Wat egter van belang is in die oorsigtelike beskouing van die Metodisme in soverre dit die noodsaaklikheid van belydenisse raak, is dat 'n belydenis 'n duidelike afgrensing is van wat 'n bepaalde godsdiensgroep glo. Hierin word weer bevestig dat 'n belydenis nooit oor 'n tydlose of altyd-geldige-waarheidsbetekenis beskik nie. 'n Belydenis moet altyd hermeneuties vir sy tyd geïnterpreteer word.

Of daar saamgestem word met die teologiese siening van die Metodisme se belydenis al dan nie, kan die feit nie misken word nie dat hierdie veranderde siening as 'n geweldige stimulus vir evangelisering gedien het, met die gevolg dat 'n menigte siele na Christus gebring is. Per slot van sake is dit die belangrikste saak waaroor dit in werklikheid gaan.

Hierdie benadering van Wesley onderstreep weer eens die belangrikheid dat 'n belydenis oor beide elemente van *fides quae* en *fides qua* moet beskik en dit ook beklemtoon. Tereg word daar gesê dat die kerk nie net 'n belydeniskerk nie, maar ook 'n belydende kerk moet wees.

Dit is die skrywer se oorwoë mening dat wanneer die klem net op geloofsinhoud geplaas word en wanneer die belydenis van geloof slegs as 'n kerklike vereiste vir lidmaatskap beskou word en dit nie die gevolg van ware geloof in die hart is nie, dit nie anders kan as om in kille formalisme en ortodoksie te verval nie. Dit is hierdie verskynsel wat dikwels deur die teenstanders van belydenisskrifte as 'n sterk argument aangevoer word om die noodsaaklikheid en bestaansreg daarvan te bevraagteken. Die vraag is of dit nie een van die redes is nie waarom die Pinksterkerke, wat uit die Metodisme as moeder gebore is, ook so 'n sterk aksent op evangelisasie plaas en 'n fenomenale groei toon? (Jonker 1986:13).

Die Pinksterkerke op hulle beurt, het weer radikale verskille in hulle siening van die Metodisme. In die bespreking onder die hoof Pentekostalisme sal dit duidelik word dat daar ook bepaalde behoeftes bestaan het wat aanleiding gegee het tot die Pinkster-benadering. Maar selfs in die Pentekostalisme is daar geloofswaarhede wat bepaalde raakpunte met die belydenisse van die Metodiste en Anglikane het.

Die slotsom is dat belydenisskrifte noodsaaklik is, maar aangepas en geïnterpreteer moet word om voorsiening te maak vir die behoeftes wat ontstaan. Hierdie stelling moet geensins as relativisme beskou word nie.

**DEEL EEN**  
**DOGMAHISTORIESE AANDUIDINGS**  
**C. EIE TYD**

## **1 PENTEKOSTALISME**

### **1. 1 Inleidende Opmerking**

Ten einde enige verwarring te voorkom moet daar onderskei word tussen tradisionele Pentekostalisme en die charismatiese bewegings. Burgess en McGee (1989:219-220) se verklaring kan in hierdie opsig behulpzaam wees, naamlik dat: *"The classical Pentecostal Churches, which had their origins in the US at the beginning of this century, have since grown to be the largest family of Pentecostal Christians in the world. Known at first simply as "Pentecostal" churches, they were given the added designation "classical" about 1970 to distinguish them from "Neo-Pentecostals" in the mainline churches and the "charismatic" Pentecostals in the Roman Catholic Church."*

Jacques Theron (1998:191) in sy bespreking van "charismatiese teologie" wys daarop dat Pinkster en Charismatiese teologie dikwels saam gegroepeer word vanweë die sterk historiese skakels tussen die twee strome. Dit verklaar waarom die ontwikkeling van 'n "Charimatiese Teologie" in die vroegste tye ook as "Neo-Pentekostalistiese Teologie" benoem is.

Ten spyte van die navorsing die afgelope jare, is daar nog steeds onduidelikheid aangaande die oorsprong en wese van bogenoemde beweging. Een van die hoofredes hiervoor lê juis daarin dat die Pinksterkerke nie soos die Gereformeerde Kerke oor 'n goed geformuleerde belydenisskrif, soos onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, beskik nie. Pentekostalisme is nie as sodanig konfessioneel nie, alhoewel bepaalde klassieke

Pinksterkerke oor amptelike geloofsbelydenisse beskik. Ander weer het geformuleerde leerstellings maar dit kan nie as 'n uitgebreide belydenis van geloof beskou word nie.

Voortvloeiend uit die onderhandelinge met die voormalige SAUK het die Apostoliese Geloofsending eers in 1956 aandag aan hierdie saak gegee. Hulle het die Nederlandse Geloofsbelydenis wat oorspronklik deur Guido de Bres in 1561 opgestel is, hersien en as hulle amptelike belydenisskrif aanvaar. Die feit dat daar na Pentekostalisme of Pinksterteologie verwys word, is op sigself 'n aanduiding van bepaalde vertrekpunte en konnotasies van sekere teologiese persepsies wat binne Pinksterkringe figureer en funksioneer. In die lig van die gebrek aan 'n geloofsbelydenis soos dié van die Gereformeerde tradisie, sal daar gepoog word om 'n oorsigtelike beskrywing van die Pinksterteologie te gee ten einde ook die kritiek en aanklag van nader te beskou wat van die kant van die *Evangelical Witness* en die *Relevant Pentecostal Witness* gerig word.

## **1. 2 Oorsigtelike Beskouing van Pentekostalisme**

In hierdie bespreking word daar nie gepoog om 'n volledige omskrywing van Pentekostalisme te gee nie. Die fokus is slegs om beter insig oor die Pentekostalisme te verkry ten einde by die hoofsaak van hierdie navorsingsvoorstel aan te sluit, naamlik die noodsaaklikheid van belydenisskrifte. Ter inleiding kan dit gestel word dat die "Pinksterbeweging" die algemene benaming vir die kerke en godsdienstige gesindes is wat hulle ten doel stel om die charismatiese soos wat dit in die Apostoliese tydperk bestaan het, te leer en te beoefen (Möller 1975:2). Dié oorsig sal betrek word om die hipotetiese stelling te staaf dat daar 'n inkongruensie tussen geloofsinhoud en geloofspraktyk bestaan, wat deels toegeskryf kan word aan die gebrek aan 'n goed geformuleerde belydenisskrif.

Dit is van belang om in gedagte te hou dat die Pinksterbeweging nie tot stand gekom het as gevolg van dogmatiese redes soos byvoorbeeld die Hervorming van die sestiende eeu nie. Hierdie beweging het sy ontstaan te danke aan 'n gemeenskaplike ondervinding van individue wêreldwyd, naamlik die vervulling met die Heilige Gees, met die spreek in

vreemde tale as die aanvangsbewys daarvan. Daar het nie ruimte in die bestaande kerke vir hierdie praktyk bestaan nie.

Die geweldige teenstand en vervolging vanaf die kant van die tradisionele kerke het 'n sterk anti-kerk gesindheid in die Pinksterkerke ontlok wat verder 'n negatiewe houding teenoor "*teologie*" teweeg gebring het. Teologie, die historiese kerke en hulle strukture is as sinonieme terme deur die Pinksterkerke beskou (Burger s.a. :2). Alhoewel die Pinksterbeweging van die begin af bepaalde basiese teologiese waarhede aanvaar het, was die ontwikkeling van 'n spesifieke Pinksterteologie 'n lang proses.

Hierdie lang proses word toegeskryf daaraan dat die Pinksterteologie op praktiese ervaring van verskillende Bybelse waarhede berus. Enersyds is die Pinksterteologie nie 'n teoretiese afleiding wat losgesmaak kan word van die praktiese situasie nie. Andersyds moet dit nie net as 'n eksperimentele teologie beskou word nie, want dié teologie beskik oor dogmatiese persepsies wat universeel deur die Pinkstergemeenskap aanvaar word. Die leerstellige aspek was egter nie die oorwegende rede waarom persone lidmate van die Pinksterkerke geword het nie, maar wel die persoonlike ondervinding met die verrese en verheerlikte Christus, bekend as die vervulling met die Heilige Gees.

Dit beteken nie dat Pinksterteoloë van pragmatisme beskuldig kan word nie. Die Skrifte bly vir hulle God se kanonieke openbaring, maar Pinksterteologie beteken nie die teoretisering daarvan nie. Vir die Pinkstermense het die term *openbaring van God* verskeie betekenisse. Daar word aanvaar dat God steeds met sy kinders spreek deur die Skrif, in gebed, deur die gawes van die Heilige Gees asook deur gebeurtenisse wat in hul lewens plaasvind. Terwyl hierdie "openbaringskarakter" in Pinkster behoue moet bly, moet daar voortdurend onthou word dat Christus die fokuspunt en hart van God se openbaring is. Alhoewel God homself deur die Heilige Gees openbaar, is dit die Heilige Gees se primêre bediening om Christus te verheerlik

Daarom gaan dit in die doping met die Heilige Gees om die gelowige in 'n besondere verhouding met die opgestane Christus te bring, wat die Pinksterteologie 'n baie sterk Christologiese karakter en aksent gee. Hierdie aspek raak ook weer die getuienis - karakter van die kerk. Die feit dat die gelowige in 'n ware lewende verhouding met Christus kan staan, beteken dat hy 'n ware getuie kan wees dat Christus leef, sodat mense hul geloof in Hom kan stel en sy teenwoordigheid ervaar met ingrypende veranderings in hul lewens.

Die term *Pinksterteologie* verwys na 'n bepaalde teologiese vertrekpunt of konnotasie waarmee die Pinksterbeweging geassosieer of geïdentifiseer kan word. Die meeste interpretasies, hetsy histories, teologies, sielkundig of sosiologies van aard, plaas die fokus op die mees onderskeidende eienskap, naamlik die tongespraak of "glossolalie." Alhoewel dit 'n belangrike aksent in Pinksterteologie is, is dit ook so dat tongespraak in werklikheid minder algemeen in talle Pinksterkerke voorkom, en maak dit beslis nie die enigste deel van die daaglikse lewens van baie Pentekostaliste uit nie. Barret (1988:124) beweer dat alhoewel tongespraak in die meeste Pinksterdenominasies as belangrik beskou word, slegs 35 persent van die hedendaagse Pentekostaliste dit al ooit beoefen het.

Die feit is egter dat daar talle ooreenstemmings en raakpunte met ander teologiese sieninge is. Ten einde Pinksterteologie beter te presiseer, sal dit meehelp as daar na sekere vertrekpunte gekyk word om sodoende 'n teologiese definisie te kan gee.

Pentekostalisme handhaaf die Vierkantevangeliesiening van Aimee Semple McPherson. Hierdie siening berus op die vier fundamentele leringe, te wete Jesus Christus as Saligmaker, Geneser, Doper met die Heilige Gees en komende Koning, wat die drie hoof - momente van die teologie raak, naamlik soteriologie, pneumatologie en eskatologie. Van die belangrikste kenmerke van Pinksterteologie is die dispensasionalisme, fundamentalisme, vertikalisme en charismata.

Vanuit 'n logiese oogpunt beskou, moet fundamentalisme seker voor dispensasionalisme bespreek word vanweë die invloed wat dit op Pinksterteologie het. Frank Gaebelin skryf in sy voorwoord tot Charles Ryrie (1965) se boek *Dispensasionalism Today*, dat dispensasionalisme nie 'n teologie is nie, maar 'n interpretasiemetode wat meehelp om die progressiewe openbaring in die Bybel beter te begryp. Dit kom daarop neer dat dispensasionalisme 'n hermeneutiese stelsel is waarin sleutelbegrippe figureer soos progressiewe openbaring in terme van verskillende opeenvolgende bedelings; die twee gestaltes van die koninkryk; die onderskeid en skeiding tussen Israel as volk en die kerk as liggaam van Christus en die letterlike interpretasie van die Bybel.

Ons tref dus hier 'n samestelling van begrippe aan wat in hulle samehang 'n eksegetiese raamwerk vorm waarbinne Skrifgedeeltes tot 'n relatiewe sinvolle geheel georden word. Pentekostalisme was nie van meet af dispensasionalisties nie. Die Pinksterbeweging het as 'n herlewing in verskillende wêrelddele ontstaan. Vanweë die uiteenlopende leerstellingsiening van gelowiges wat uit verskillende tradisies tot die Pinkstergeleedere toegevoeg is, het daar nie 'n eenheidsdogma ontstaan nie. Dit is die skrywer se beskeie mening dat bogenoemde uiteenlopende leerstellingsiening ook daartoe gelei het dat daar nie behoorlike Pinksterbelydenisskrifte geformuleer is nie. Dispensasionalisme het die Pinkstergeleedere gepas omdat dit nie 'n uitgewerkte teologiese stelsel was in alle loci van die teologie nie, maar eerder 'n hermeneutiese stelsel wat kon bydra tot beter Skrifverstaan.

Daar is egter gemeenskaplike faktore tussen die Pentekostalisme en Dispensasionalisme. Die eerste ooreenkoms is fundamentalisme wat hoofsaaklik gaan oor die geloof in die onfeilbaarheid van die Skrif (Barr 1981:1). In Pentekostalisme word dit verdedig vanuit die sogenaamde verbale inspirasieleer waarvolgens die Bybelwoorde vertolk word as God se woorde (Gilpen 1976:127-136). Die filosofiese vertrekpunt wat vir die dispensasionalisme geld, naamlik dat "spraak" deur God voorsien is sodat Hy met die mens kan kommunikeer, geld ook vir die Pentekostalisme. Derhalwe word die Bybel letterlik opgeneem (Ryrie 1965:87).

'n Tweede ooreenkoms is dié van vertikalisme wat verband hou met die kerk. Volgens die Vierkantevangeliesiening word Christus as Saligmaker bely en die wyse waarop die Pentekostaliste dit vertolk is in terme van "sielezaligheid" wat toegang tot die hemel verleen.

'n Derde ooreenkoms lê opgesluit in die klem wat beide die skole op eskatologie geplaas het. Die Pentekostaliste het die herlewing vertolk as die eskatologiese uitstorting van die Heilige Gees volgens Joël se profesie. Die dispensasionalisme het ook hierdie eskatologiese stelsel pre-millennialisties gefundeer wat die Pentekostalisme kan akkommodeer. Afgesien van die ooreenkomste is daar verskille wat tot spanning lei soos byvoorbeeld in die pneumatologie. Dispensasionalisme is nie per se charismaties nie. Volgens hulle het die gawes (Charismata) opgehou om te funksioneer nadat die kanon van die Bybel tot stand gekom het.

Möller (1975:74) maak 'n interessante opmerking in hierdie verband: "Die Bybel leer nêrens dat die geestelike gawes slegs deel van die bediening van die apostels en profete uitgemaak het nie. Weliswaar het die apostels kragtige dade verrig wat nooit deur ander herhaal is nie, maar dit neem die feit nie weg dat geestelike gawes op die weg van elke gelowige kan voorkom nie." Vanweë hierdie onaanpasbaarheid skryf Meloon (1971:24) dat dit 'n *contradictio in terminis* is om 'n dispensasionalistiese Pentekostalis te wees en Lederlé (1983:122-123) merk in dieselfde trant op: "The amazing thing, to me as an amillennialist, is that so many charismatics should favour dispensationalism. It is the classic dispensationalists for instance... who are most strongly opposed to both Pentecostal and Charismatic theology. The theory of 'dispensations' usually implies that the charisms became extinct at the end of the apostolic era, when the canon of Scripture was concluded and the apostles had all died"

### 1. 3 Gevolgtrekking

Pentekostalisme het bepaalde sleutelbegrippe net soos ander teologieë. Die Gereformeerde teologie het byvoorbeeld die verbondsteologie, Calvin het 'n begrip soos "predestinasie", Moltmann gebruik die begrip "hoop" terwyl die Pentekostalisme se sleutelbegrip "Pinkster" is. Dit kan die indruk skep dat die ganse boodskap van die Bybel vanuit die begrip Pinkster deurdink word. Die Pinksterondervinding is egter slegs een onderafdeling van die Pinksterteologie, maar omdat die doping in die Heilige Gees met gepaardgaande gawes van die Gees so prominent in Pinkstergeledere figureer, word dit so getipeer. In Christus kom die soteriologiese, pneumatologiese en die eskatologiese momente byeen. Die teenwoordigheid van Christus is nie bloot kognitief nie, maar eksistensieel waar die grens tussen hemel en aarde vervaag. Immanensie verkry 'n betekenis van verinnerliking en transendensie verkry 'n betekenis van die Gees wat ingryp.

Omdat die Gees dus deel van die mens se leëwêreld is, word die tradisionele handhawing van sowel immanensie en transendensie nie in die Pinksterbeëwing gehandhaaf nie. Die gelowige is dus somaties betrokke by sy godsdiens en daar is dus nie sprake van dualisme tussen liggaam en gees nie. Wat van belang is, is dat baie van hierdie ervarings en die verwoording daarvan nie 'n evaluering verheë is nie. Die deelnemer sal ook vrae moet vra soos wat die godsdiens vir hom beteken; beantwoord dit werklik aan die uitsprake wat dit maak; hoe Skriftuurlik is dit; hoe vergelyk dit met ander sienings en hoe pas dit in 'n wetenskap-filosofiese raamwerk in?

Van verdere belang is dat taal en tradisie die Pentekostaliste se religieuse geloofservaring bepaal en vice versa. Wat subjektief ervaar word, word objektief gemaak deur die beoefening van die charismatiese gawes. In die Pentekostalisme beteken dit dat die Vierkantevangelie in ons teologisering verdiskonteer moet word, waar die Christologiese belydenis die model word waarin verwys word na die grond van ons geloofsverbintenisse. Woorde soos saligheid, doping, genesing, ensovoorts, is geloofstaal waarmee onbegrypbaare realiteite tot uitdrukking gebring word.

McFague (1983:14) wys daarop dat geloofstaal 'n metaforiese aard het omdat metafore ons help om die onbekende terme van die bekende te verstaan. Geloofsrealiteite kan nie in letterlike taal beskryf word nie omdat dit onvoldoende is om God daarmee te beskryf. Letterlike taal sou impliseer dat ons direkte toegang tot God het, wat ons nie het nie. Die toegang wat ons tot God het, is via taal, teologiese veronderstellings en hermeneutiese voorveronderstellings.

Die kontemporêre teologie word in 'n toenemende mate bewus daarvan dat metaforiese verwysings 'n hoofrol speel in die proses van verstaan, veral deur die bydraes van invloedryke persone soos Paul Riceour, David Tracy, Sally McFague en Wentzel van Huyssteen. Die Pentekostalisme is nie hiervan vrygestel nie omdat metaforiese verwysings nie opsioneel is nie. Dit is ongetwyfeld diep gesetel in die epistemologiese noodsaaklikheid om die onbekende terme in die lig van die bekende te verstaan. "A metaphor is the way by which we understand as well as enlarge our world and change it...it is the only way we have of dealing with the unfamiliar" (McFague 1983:14).

In die lig van metaforiese verwysing word waarheid nie langer gelykgestel aan realiteit nie, maar word dit eerder 'n tentatiewe verteenwoordiging van werklikheid, nie 'n wyse om realiteit te modelleer nie. In hierdie geval is God as fundamentele waarheid by "benadering" bekend sodat Hy in 'n sekere sin steeds verborge bly. God is beide "soos en nie soos" ons metafore van Hom nie. Geen metafoor kan Hom ten volle voorstel nie.

Met hierdie onweerlegbare feit moet rekenskap gehou word wanneer die noodsaaklikheid van belydenisskrifte of hulle relevantheid aandag geniet in 'n latere bespreking. Pentekostalisme gebruik ook 'n paar karakteristieke metafore wat sonder twyfel 'n bydrae sal lewer tot die beter verstaan van Pentekostalisme. Tipies, as gevolg van hulle oorweging van fundamentalisme, sal Pentekostalisme geneig wees om die metafore te wil verabsoluteer.

Ter illustrering van die metafore wat in Pinksterteologie figureer, kan daar na die volgende verwys word:

- Die Here wil jou seën, Hy wil jou aanraak. (Die Pentekostalistiese leerstelling van God en liturgiek.)
- Jesus Christus is Saligmaker, Geneser, Doper met die Heilige Gees en komende Koning. (Pentekostalistiese Christologie en bediening/liturgiek.)
- Ek is 'n nuwe skepping. (Pentekostalistiese soteriologie en evangelisasie.)
- Die kerk skep 'n hemelse atmosfeer, 'n plek om God te ontmoet. (Pentekostalistiese ekklesiologie.)
- Die Heilige Gees se beweging/Pinkster is 'n ondervinding. (Pentekostalistiese pneumatologie en liturgiek.)
- Die wêreld is nie my tuiste nie. (Pentekostalistiese eskatologie.)
- Doop is 'n begrafnis. (Pentekostalistiese evangelisasie en liturgiek.)
- Christus is die antwoord. (Pentekostalistiese berading.)
- Ek volg Jesus na, die wêreld is boos. (Pentekostalistiese optrede en etiek.)
- Sonder Hom kan ek niks doen nie. (Pentekostalistiese godsdienstigheid.)
- Demone kan weerstaan word deur die bloed van Jesus te pleit. (Uitdrywing van die bose.)

Ten einde 'n Pinkster - belydenisskrif te formuleer, sal dit nodig wees om hierdie metafore en paradigmas krities in 'n teologiese stelsel te integreer wat op 'n betekenisvolle wyse sal bydra tot 'n beter verstaan van "Pinkster", veral in die wêreldbeskouing wat sterk beïnvloed is deur die postmodernisme.

#### **1. 4 Pentekostalisme en Belydenisskrifte**

Dit moet hier genoem te word dat bo en behalwe ander redes soos in die voorafgaande bespreking reeds vermeld is waarom daar 'n gebrek aan goed geformuleerde belydenisskrifte is, daar veral twee faktore was wat 'n groot invloed gehad het. Die meeste van die eertydse predikers, evangeliste en sendelinge was in baie opsigte

ongeletterd en daar was ook nie destyds Bybelskole wat onderrig aan hierdie persone kon bied nie. Hierdie feit, tesaam met die verskeidenheid kerklike tradisies waaruit die onderskeie predikers afkomstig was, verklaar waarom daar nie 'n eenheidsteologie onder die Pinkstergesindes bestaan het nie. Nietemin kan gesê word dat baie van die soteriologiese oortuigings uit die onderskeie tradisies 'n bydrae gelewer het tot die formulering van bepaalde beskouings wat tans as Pinksterteologie bekend staan (Horak 1991:4).

Hieruit is dit duidelik dat die Pentekostalisme oor 'n uitgewerkte dogma beskik en dat, ten spyte van die feit dat daar 'n gebrek aan belydenisskrifte as sodanig waargeneem word die gemiddelde lidmaat of aanhanger van Pentekostalisme in staat is om rekenskap te kan gee van wat en waarom hulle glo wat hulle glo. Dit is ook 'n noemenswaardige feit dat sekere Pinksterkerke soos die Apostoliese Geloofsending van SA en die Volle Evangelie Kerk van God, wat beskou word as die grootste Pinksterkerke hier te lande, al sedert die aanvang van die huidige eeu bestaan. Die siening word deur sommiges gehuldig dat die kerklike ontstaan gedateer moet word rondom 1860 (Du Plessis 1984:12). Die punt wat hier gemaak moet word is dat ten spyte van die afwesigheid van belydenisskrifte per se, die fundamentele waarhede wat as onderskeidende kenmerke van Pentekostalisme beskou kan word, deur die eeu gehandhaaf is en ook dat dié kerke fenomenale groei beleef. Möller (1998:184) wys daarop dat ten spyte van die afwesigheid van belydenisskrifte onder Pinkstergeledere, daar tog 'n voortdurende teologiese reflektoring sedert hul ontstaan plaasgevind het. Dit word gemerk in die feit dat byna elke klassieke Pinksterkerk teologiese opleiding het waarvan sommige selfs by een of ander universiteit in geskakel is.

Oppervlakkig beskou, kan hierdie feite as argumente aangebied word om die noodsaaklikheid van belydenisskrifte af te wys. Die feit dat daar nie belydenisskrifte per se is nie, impliseer geensins dat belydenis as sodanig nie 'n absolute en onontbeerlike rol in Pinksterteologie speel nie. Om hierdie waarheid te illustreer, word die proses van "inlywing" kortliks weergegee wat plaasvind wanneer 'n persoon tot 'n Pinkstergemeente toegelaat word. Die vertrekpunt is die prediking van die Woord wat geloof in harte

opwek (Rom. 10:17) in samewerking met die Heilige Gees wat die toehoorder in die hele waarheid lei en oortuig van sy/haar verlore toestand (Joh. 16:8,13). Die toehoorder word deur die prediker opgeroep om soos Van Ruler (1976:4-5) sê “die heil in eksistensie te laat gaan” deur persoonlik geloof in Christus te bely (Joh. 1:12). Veral hier word die klem sterk geplaas op belydenis soos deur Romeine 10:9-10 uitgestippel word.

Dit word ook as belangrik beskou dat die persoon sigbaar fisies voor die mense uitdrukking van sy geloof sal gee deur te verklaar dat hy/sy hul lewe aan Christus wy (Matt. 10:32-33). Hierna word die heilsweg aan die persoon verduidelik ten einde hom/haar te help om die volle implikasies van sy/haar geloofstap te verstaan en te vestig. Die bediening van die sakrament van die doop dien dan ook ter versterking van die geloof, veral omdat dit gaan om die persoon se openbare belydenis voor God en die gemeente van sy/haar geloof dat die oue mens saam met Christus gesterf en begrawe is en opgewek is om in ‘n nuwe lewe te kan wandel (Rom. 6:4).

Ten tye van die doopplegtigheid ontvang die persoon die geleentheid om sy/haar persoonlike getuienis te gee waarop hy/sy gedoop word met die formulier dat op grond van die persoon se belydenis dat hy/sy Jesus Christus as sy/haar persoonlike Saligmaker aangeneem het, word hy/sy in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop word (Matt. 28:19). Hierdie openbare getuienis/belydenis by wyse van die doop, plaas ‘n groot verantwoordelikheid op die persoon om sy/haar getuienis voortdurend in sy daaglikse lewe uit te leef.

Vanweë die sterk aksent op dissipelskap en evangelisasie in Pinksterteologie, word die persoon nie net aangemoedig om ‘n getuie te wees en die evangelie aan ander uit te dra nie, maar ook om hom/haar te beywer om die doping met die Heilige Gees deelagtig te word wat toerusting vir hierdie taak beteken (Han. 1:8). Hierdie “getuie wees” het ook besonderse verwysing na ‘n heilige leefwyse waardeur die gelowige toon dat om Christus te volg ‘n daaglikse wandel is.

Verder word daar ook opleiding gegee in die vorm van dissipelskapklasse wat primêr gerig is op persoonlike geestelike groei en volwassewording van die gelowige asook hoe om die Evangelie aan ander oor te dra. Die getuienisse word ook soms in die amptelike kerkblaaie opgeneem en bied getroue weergawes van hoe die geloof beleef is. Hierdie dokumente kan met groot vrug aangewend word as 'n aanduiding van wat die inhoud van die Pinkstergeloof is.

Die Pinksterliturgie bied vanweë die mondelingse karakter, 'n geleentheid om almal in die aanbidding te betrek. Die aanbidding gaan gewoonlik gepaard met kollektiewe prysing en lofsang. Die inhoud van die liedere en koorgedeeltes is gewoonlik Skrifberymings waardeur heilswaarhede bely word en wat gepaard gaan met die werking van die gawes van die Heilige Gees. Aangesien die Corpus Christi - model (1Kor.12) voorkeur geniet en nie die tradisionele herder/kudde - model nie, word die lidmate aangemoedig om hulle funksie in die liggaam van Christus te ontdek en te ontwikkel om sodoende funksioneel in die gemeente te wees. Die sorg - of selgroepe bied 'n uitstekende geleentheid vir die lidmate om hulle bediening te kan beoefen en te ontwikkel en sodoende die liggaam van Christus op te bou (Efes. 4:12-13).

Die sakrament van die Nagmaal vervul ook 'n belangrike rol ten opsigte van belydenis. Deur daaraan deel te neem bely die persoon in die teenwoordigheid van die gemeenskap van die heiliges sy/haar solidariteit met die liggaam van Christus deur van sy liggaam te eet en van sy bloed te drink (1Kor. 10:16).

Die eskatologiese verwagting van Jesus se wederkoms word nie net beskou as die kulminasiepunt van die heilsplan nie, maar dien ook as die insentief om die groot opdrag met dringendheid en erns uit te voer en om met heiligmaking in afwagting daarvan te leef. Hierdie waarheid word nie net deur middel van prediking en lering voorgehou nie, maar word ook bely deur die inhoud van die liedere.

Opsommenderwys kan dit gesê word dat belydenis nie net 'n sleutelwoord in Pinksterteologie is nie, maar wel 'n sleutelrol in die liturgie en daaglikse uitlewing van die godsdiens vervul. Dit sal dus meer korrek wees om te sê dat alhoewel Pentekostalisme nie oor goed uitgewerkte belydenisskrifte beskik nie, hulle wel oor mondelinge belydenisse beskik.

Dit is insiggewend om op Ong (1967:131-132) se stellings rondom mondelinge belydenisse te let. Hy wys op die verskil tussen woordgesentreerde kulture en skrifgesentreerde kulture. Volgens hom verskil die vormende invloed van die gesproke woord van dié van die geskrewe woord omdat klank meer getrou aan die eksistensiële realiteit van die menslike bestaan is:

All sensation takes place in time, but sound has a special relationship to time unlike other fields that register in human sensation. Sound only exists when it is going out of existence. It is not simply perishable but essentially evanescent, and is sensed as evanescent.

Hollenweger (1986:6) meen dat een van die eienskappe van Pentekostalisme juis die oraliteit van die liturgie is wat meebring dat alles "in diens van die Here" so ver moontlik vir almal toeganklik is. De Kock (1990:138) se kommentaar hierop is dat Hollenweger hierdeur aandui dat die bydrae van Pentekostalisme in sy praxis eerder as in sy teorie te vinde is en nie 'n teologie is wat deur wetenskaplikes uitgedink word nie. Cheryl Johns (1987:103) se verwysing na Pinksterhermeneutiek, wat sy "as experimental, praxis orientated" en 'n Pinksterteologie wat sy as "oral-narrative" beskryf, ondersteun die gedagte. De Kock verduidelik haar stelling deur te sê dat sy hierdeur sê dat die gesproke woord bo die geskrewe woord in Pinksterteologie verkies word (1990:139). Hollenweger som die gedagte so op:

For them the medium of communication is, just as in biblical times, not the definition but the description, not the statement but the story, not the doctrine but the testimony,

not the book but the parables, not the systematic theology  
but the song, not the articulation of concepts but the  
celebration of banquets (1986:10).

Oppervlakkig beskou, kan die indruk verkeerdelik geskep word dat die noodsaaklikheid van belydenisskrifte hierdeur afgemaak word. Om die saak in die regte perspektief te plaas, moet daarop gewys word dat die verwysing na die "mondelinge karakter" van Pinksterteologie in samehang met belydenisskrifte gesien moet word. Die belydenisskrifte voorsien die verwysingsraamwerk van wat gepredik en geleer word ten einde geloof by die toehoorder op te wek.

Die verwagting is dat die toehoorder nie slaafs die inhoud van 'n belydenisskrif sal leer en weergee nie, maar eerder dat die belydenis 'n uitdrukking en vergestaltung van reeds bestaande geloof is en tot gevolg sal hê dat die belydenis 'n belewenis sal word. In hierdie opsig maak Cox (1965:324) die stelling dat godsdiens in die toekoms nie met formele teologie sal begin nie, maar dat dit wel op ervaring, getuienis en belydenis sal volg.

Die vraag is of belydenisskrifte op sigself noodsaaklik vir die Pentekostalisme van vandag is? Vanweë die gevaar om te veralgemeen het die skrywer besluit om die aandag te fokus op een van die groter Pinksterkerke, naamlik die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike-Afrika (V.E.K), wat as teikengroep sal dien. Die rede hiervoor is die skrywer se verbintenis met hierdie beweging van oor die vyftig jaar asook die feit dat hy vir meer as dertig jaar in die bediening van hierdie kerk staan in welke tyd hy vir etlike jare in uitvoerende ampte gedien het soos onder andere tweede ondermoderator.

'n Verdere rede is dat een van die akademici en leraars van die kerk, W.J. de Kock, sy doktorsale proefskrif (1990) gedoen het oor die konstitusionele veranderings in die V.E.K. aan die hand van die narratiewe praktiese model van Fowler. Hierdie navorsing word gedoen vanuit die aanname dat die V.E.K. in 'n identiteitskrisis verkeer en dat daar

gepoog word om dit die hoof te bied deur bloot strukturele veranderings aan te bring. Strukturele veranderings wat nie in samehang met geloofsinhoudelike veranderings geskied nie, sal nie daarin slaag om die inkongruensie tussen geloofsinhoud en geloofspraktyk op te hef nie.

Daar kan tereg gesê word dat die Pinksterkerke die afgelope jare 'n paradigma-verskuiwing ondergaan het van net 'n vertikale benadering na ook 'n horisontale benadering. In hierdie opsig word daar ook verwys na die sosio-politieke veranderings wat in Suid-Afrika beleef word waardeur die kerk genoodsaak was om sy bedieningsgerigtheid te hersien en te verbreed.

#### **1. 5 Oorsigtelike Weergawe van die Konstitusionele Ontwikkeling Binne die V.E.K.**

Die Volle Evangelie Kerk van God se ontstaansgeskiedenis in Suid – Afrika toon heelwat raakpunte met die ontstaan van die Pentekostalisme in Amerika. Net soos wat die mense in Amerika ten tye van die vroeë herlewings 'n sosiale laagwatermerk beleef het en die Pinksterboodskap groot inslag gevind het, so was dit die geval na die Anglo-Boereoorlog (Du Plessis 1985:6). Mettertyd het die behoefte ontstaan dat die kerk se gedrag en werksaamhede beter georden moes word by wyse van 'n grondwet.

Daar was 'n meningsverskil oor die aanvaarbaarheid van so 'n dokument weens die vrees dat dit die leiding van die Heilige Gees in die kerkaktiwiteite en die gesag van Christus sou skaad (Ibid; 78). In die latere jare word die V.E.K. al hoe meer geïnstitusioneeliseer wat opmerklik is in die naamsverandering van die "Pentecostal Mission" na die "Full Gospel Church." Die werksaamhede van die blankes en swartes is ook langsamerhand geskei en die kerk is uiteindelik in vier groepe verdeel. Kerkeenheid het toenemend op die agendas verskyn. Daadwerklike pogings is aangewend om eenheid te bevorder deur hulp te verleen vir evangelisasieveldtogte en om die opvoedkundige program op te gradeer.

In 1980 het die Badenhorst - verslag verwys na die vier afsonderlike gemeenskappe wat in die toemalige konstitusionele bestel bestaan het, en dat daar geen Skriftuurlike gronde gevind kan word om dit te regverdig nie (Federal Spiritual Presbytery Notule 29 Januarie 1982). Volgens 'n verslag van die Komitee vir Konstitusionele Ontwikkeling word 'n aanbeveling gemaak hoe om die bestaande geestelike eenheid in die praktyk in te bring (Ibid; 22 Junie 1982). In hierdie verslag word die spanningsfaktor tussen geloofsinhoud en geloofspraktyk weer bevestig. Daar word weer na 'n nuwe model gesoek om aan al die aspirasies van die verskillende gemeenskappe te voldoen. Die tragedie is dat ten spyte van herhaaldelike pogings, daar nie konsensus bereik kon word nie. Die gevolg was dat die Aksie Komitee van die destydse Kleurling Afdeling die volgende verklaring uitgereik het:

The Church is not able to speak out against injustices since these flow from a policy similar to its own; the church is not able to work for a more acceptable dispensation since its own constitution mirrors the status quo; the church cannot work for reconciliation since its bona fides and the integrity of its membership are questioned. In short the area of growth is severely stunted, and the voice of the church is muted when it should be raised (Aksie Komitee notule 21 November 1985).

Hierdie verklaring stem baie ooreen met die aanklag wat die *Pentecostal Witness* gemaak het. Die meeste modelle wat aangebied is, was nie vir alle partye aanvaarbaar nie aangesien dit rondgespring het tussen 'n gesentraliseerde kerkregering waarvolgens die magte algemeen beperk was, en 'n gedesentraliseerde kerkregering waarvolgens die gemeentes outonoom was. Verder het nie een model oor 'n teologiese grondslag beskik nie met die gevolg dat die kerk homself in 'n identiteitskrisis bevind het.

Nadat die kerk vir vier jaar in twee afsonderlike Assosiasies gewerk het, te wete die Irene Assosiasie wat hoofsaaklik blank was en die Verenigde Assosiasie wat hoofsaaklik uit die ander drie groepe bestaan het, is daar gepoog om die kerk te verenig. Die grondslag vir hierdie vereniging was die twintig beginsels wat primêr op die strukturele en

administratiewe gerig was. Weer eens was daar nie gewerk vanuit 'n bepaalde kerkmodel nie en het 'n teologiese grondslag geensins gefigureer nie.

Die Verenigde Assosiasie was nie te vinde om die twintig beginsels te aanvaar nie en dit het tot finale kerkskeuring gelei tydens die Algemene Raadsvergaderings wat gedurende 1995 gehou was. Na twee jaar het die Verenigde Assosiasie toenadering gesoek en dit het uiteindelik gelei tot die vereniging van die kerk in Oktober 1997. Dit was opvallend dat die Moderator 'n persverklaring onder die opskrif "Emosie Loop Hoog Toe V.E.K. Verenig" uitgereik het waarin hy gesê het dat die kerk nou "struktureel" verenig is (Beeld 10 Oktober 1997).

Die argument ter verklaring van hierdie stelling kan wees dat die kerk wel "geestelik" een is. Enersyds is dit waar, maar andersyds wil dit voorkom of die volle implikasies van hierdie "een-wees" nie ten volle besef is nie. Soos reeds vermeld was die vertrekpunt van die onderhandelinge oor eenwording nie gebaseer op 'n uitgewerkte ekklesiologiese model waaroor al die betrokke partye konsensus bereik het nie. In die onderskeie debatte kon dit telkens gemerk word dat die bril waardeur die ekklesiologie bekyk is, een van politieke en persoonlike interpretasie was.

Die besef is sterk op die voorgrond geplaas dat ten einde die kerk te help om die vereniging 'n praktiese werklikheid te maak, hernude klem op evangelisasie en die opvoedingsprogram geplaas moet word, sterk op die voorgrond geplaas. In opdrag van die kerk word pastoor Horak versoek om 'n dokument saam te stel waarin aanbevelings gemaak moet word oor 'n rewolusionêre opvoedkundige program. In samewerking met doktor W.J. de Kock word 'n dokument voorgelê met 'n sterk invalshoek op die integrering van die teorie en die praxis.

Dit is die oorwoë mening en oortuiging van beide opstellers van die dokument dat die huidige opvoedkundige bestel in die V.E.K. al jarelank uitgedien is. Hierdie oortuiging berus op die herhaaldelike opdragte van die Uitvoerende Raad van die Kerk om navorsing

en ondersoek te doen na die swak prestasies van die Kollege. Die Kollege, vanweë die aard van die opleiding en die feit dat die meeste dosente geen of weinig pastorale ondervinding het, is nie in staat om die kerk te begelei in die daarstelling van 'n teologies - gefundeerde kerkmodel nie.

'n Verdere probleem is die heersende kerkstruktuur wat tot gevolg het dat die meeste rade uit dieselfde persone bestaan wat die finale besluite moet neem. In die meeste gevalle is die raadslede nie aangestel vanweë hulle akademiese agtergrond of kundigheid nie, maar bloot ampshalwe en te wete van populariteit. Hierdie dokument is dus afgewys as te radikaal voordat dit nog aangebied is.

## **1. 6 Opsomming**

Die hele verloop van die geskiedenis het telkemale getoon dat die kerk se fragmentasie en identiteitskrisis te wyte is aan 'n gebrek aan 'n goed gefundeerde dogma en belydenisskrifte. Die feit dat daar soveel keer verklarings uitgereik moes word oor wat die kerk se standpunt ten opsigte van verskillende rassegroepe is en wat die liggaam van Christus werklik is, en verklarings uitgereik is wat nie 'n gesonde teologiese onderbou het nie, dui daarop dat die kerk die gevaar loop om te kwyne.

Hierdie feit word gestaaf deur die statistiek van die karige groei wat die kerk die afgelope aantal jare getoon het weens die gebrek aan 'n aggressiewe evangelisasie - program. Nie net is dit te wyte aan 'n gebrek aan 'n evangelisasievisioen nie, maar ook aan gebrekkige fondse vanweë die feit dat die grootste deel van die kerk se inkomste aan administrasie bestee word.

Die drie dringendste behoeftes wat aandag moet geniet is dat die kerk sal besin oor sy Christologiese, ekklesiologiese en pneumatologiese karakter. Dit is die skrywer se eerlike oortuiging dat die verstaan van die ekklesiologie bepaal word deur die verstaan van die Christologie. Per slot van sake is die kerk die liggaam van Christus.

So is die pneumatologie weer onontbeerlik in die vergestaltung van die kerk in die wêreld. Die feit dat die V.E.K. dink dat kerkeenheid bereik is omdat konsensus op strukturele gebied bereik is en eenwordingsvieringe plaasgevind het, kan as niks meer as 'n illusie beskou word nie. Enersyds is dit so dat die eenwording nie bloot deur 'n besluit van 'n raad kan geskied nie, maar wel deur 'n lang proses van uit- en infasering van kerkmodelle en 'n verandering van dispoisies in die denke van die kerk as 'n geheel. Andersyds moet die stellings nie as onvriendelik beskou word nie, want dit kan 'n aanduiding wees dat die kerk besig is om mondig te word, en dat die kerk homself in terme van Fowler se geloofsontwikkelingsteorie in 'n fase van imperialisering bevind (De Kock 1990 :224).

Een van die drie probleemgebiede wat De Kock identifiseer is dat die kerk as 'n "vergestaltung" van die liggaam van Christus 'n hiërargiese realiteit weerspeël wat 'n teologiese, ideologiese en metodologiese verskuiwing in die kerk meegebring het en wat direk aanleiding gegee het tot die inkongruensie tussen geloofsinhoud en geloofservaring (Ibid; 225).

Laasgenoemde stelling vind aansluiting by die skrywer se aanbeveling dat die kerk weer oor sy basiese teologiese vertrekpunt moet besin, naamlik die Vierkantevangelie en in die lig daarvan gesoek sal word na 'n nuwe hermeneutiese model en nuwe metafore om die kerk uit die *cul de sac* te lei. Die skrywer is oortuig dat die oorsaak wat in die historiese oorsig van die ontstaan en formulering van belydenisskrifte na vore gekom het, ook hier van toepassing is.

Tydens die onlangse fenomeen van die "Toronto Blessing," het die behoefte aan 'n eenheidsteologie en 'n goed uitgewerkte belydenisskrif duidelik na vore gekom. Hierdie verskynsel het groot skeuring, onmin en aftakeling veral in die pinkstergeleedere gebring. Wat opvallend was, is die bipolêre spanning waarin die Pinkstergeleedere geplaas is. Hierdie spanning was tussen twee onversoembare pole, naamlik diegene wat gesê het dat dit 'n goddelike ingrype is en diegene wat dit as uit die bose afgemaak het. Dit is opmerklik om die Bybelse fundering vir die onderskeie benaderings te beskou. Die groep

wat dit verwerp het, het dit juis gedoen op grond van hermeneutiese modelle en interpretasies, terwyl diè wat ten gunste daarvan was, dit merendeels pragmaties en biblisisties beoordeel het. Dit is die skrywer se beskeie oortuiging dat hierdie verdeeldheid en Babelse verwarring voorkom kon word indien daar 'n gemeenskaplike vertrekpunt, soos onder andere belydenisskrifte, was.

## **2. BARMEN 1934**

### **2. 1 Historiese Oorsig**

Barmen word as 'n verrassende verklaring en belydenis beskou. Nie soseer oor die inhoud daarvan nie, maar omdat dat daar vir byna twee en 'n halwe eeu geen nuwe belydenis ontstaan het nie. Aanleidend tot die ontstaan van die verklaring was die politieke situasie in Duitsland wat sedert 1933 sterk op die voorgrond getree het. Die nasionaal-sosialistiese staat se beleid was om die kerk by sy program te betrek, wat deur baie lidmate, predikante en selfs teoloë aanvaar is.

Een van die sterk bewegings was die "Deutsche" Christengroep wat op 'n aggressiewe wyse probeer het om die leiding in die kerk oor te neem. Die beweging het aanvanklik ongesteurd hulle propaganda gemaak weens die feit dat die amptelike kerkleiding so gekompromitteer was dat 'n verset teen die politieke ideologie nie kon geskied het nie (Veen 1991: 346).

In 1933 kom 'n teenbeweging op die been, naamlik die Jungreformatoriese Bewegung wat onder Martin Niemöller vorm aangeneem en dwarsdeur die land aanhang geniet het. Belydende gemeentes vergader oral wat aanleiding gee tot die Vrye Gereformeerde Sinode wat in Januarie 1933 in Barmen vergader, gevolg deur die Vrye Evangeliese Sinode (Lutherane) van Rynland en die Wesfaalse Belydenissinode in Februarie 1934 wat uiteindelik gelei het tot die Bekenende Kirche, wat verantwoordelik was vir die

verklaring van Barmen in 1934 (Burgsmuller 1983:9). Die Barmen Verklaring het in 'n sekere sin eenheid bewerkstellig, veral tussen die Gereformeerdes en Lutherane.

## 2. 2 Die Samestelling van die Dokument

Die Verklaring bevat ses artikels wat elke keer met een of twee Skriftekste begin, 'n belydenisuitspraak maak en dan met 'n verwerping van 'n bepaalde dwaalleer afsluit. Nadat die aanspraak op die ongekwalfiseerde gehoorsaamheid van die gelowiges aan die openbaring van Christus betuig is, word die broederskap van die gemeente bely, wat enige oorheersing van een oor 'n ander geheel en al afwys. Die feit dat die kerk die staat as ordening van God erken, word vervolgens verklaar asook dat dit die kerk se roeping is om die boodskap van die vrye genade van God aan die volk te verkondig.

Kenmerkend van die Verklaring is dat daar nie direkte verwysings na die heersende politieke situasie of die ideologie van die Nazi's en hulle anti - Semitiese vervolging en diskriminasie is nie. Die hoofsaak het gegaan oor Christus se heerskappy op al die terreine van die gelowige se lewe. Die invloed van die Verklaring van Barmen met sy ideologies - kritiese karakter het veral na die ineenstorting van die Derde Ryk sy werklike invloed laat geld deurdat dit die selfstandigheid van die kerk teenoor die staat duidelik afgegrens het vanweë sy gerigtheid op die Woord van God. Barmen het ook as inspirasie gedien vir die totstandkoming van talle nuwe belydenisdokumente (Jonker 1994:161).

'n Voorlopige opmerking is dat die Belydenis van Belhar wat in 1982 aanvaar is, dieselfde formuleringsmetodiek skyn te volg as dié in die Barmen Verklaring. Baie is gesê oor die ooreenkomste tussen die huidige Suid-Afrikaanse situasie en dié van die kerk in Duitsland. Beide is basies op dieselfde kettery gebou, naamlik die voortdurende soeke na 'n Herrenvolk en die diskriminasie teen die laer klasse. Tog het die teologie van apartheid en die "staatsteologie" teen 'n verskillende agtergrond ontwikkel as die van die kerk in Duitsland. Uit die dokument, *Ras, Volk en Nasie* kom dit duidelik navore dat die teologie van apartheid as onderbou 'n natuurlike teologie gehad het waarin die volk as 'n orde van die skepping en 'n bron van openbaring buite Christus beskou is.

Die Barmen Verklaring bestaan uit *ses artikels*. In die eerste artikel word Jesus Christus bely as die enigste Woord van God wat ons moet gehoorsaam in lewe en in dood. Dit verwerp enige gedagte wat 'n ander mag of gesag buiten dié van Christus erken as valse lering. Die Verklaring kan verstaan word in die lig van dit wat in Duitsland gebeur het toe sekere Christene gepoog het om die Nasionale Sosialistiese rewolusie op die kerk af te dwing as 'n bindende bron van openbaring. Eberhard Bethge (1975:2) sien die apolitiese karakter van Barmen as een van sy grootste tekortkominge.

*Artikel twee* bevat die sterkste politieke relevansie van al die artikels. Dit beklemtoon God se versekering vir die vergifnis van alle sonde asook sy aanspraak op ons hele lewe. Cochrane (1962:287) wys daarop dat hierdie artikel dit duidelik stel dat selfs politiek nie uitgesluit is van die heerskappy van Christus nie. Dit dui dus daarop dat die dualisme van die twee koninkryke, naamlik die tydelike en die geestelike verwerp word, wat regstreekse kritiek op die leer van die Lutherane is. As God 'n algehele aanspraak op ons lewens het, kan die kerk nie sy verantwoordelikheid ontduik deur hom uit te laat oor die optrede van die staat nie.

Die kerk se taak is altyd om die ontroues tot bekering te roep met direkte verwysing na die Heerskappy van Christus. Selfs as die kerk hom in 'n totalitêre situasie bevind, is dit nie sy taak om teen die staat of 'n bepaalde leier te bely nie, maar bloot die Heerskappy van Christus.

In *artikel drie* word die kerk bely as 'n gemeente van broers en susters deur wie Christus as Heer optree en aan wie hulle alleen gehoorsaam is. Dit verwerp die gedagte dat die kerk sy leerstellings mag verander deur 'n ideologie of politieke oortuigings aan te hang.

In *artikel vier* word die instelling van ampte behandel wat nie gebaseer is op 'n oorheersing van die een deur die ander nie, maar dat die ampsdraers as 'n geheel die gemeente moet bedien.

*Artikel vyf* handel oor die verhouding tussen kerk en staat. Die staat word gesien as 'n instelling van God met die doel om vrede en orde te handhaaf, sonder om 'n totalitêre mag te word wat die plek van die kerk inneem.

*Artikel ses* bevestig die kerk se missie om die Evangelie aan al die nasies te verkondig, wat veral hier verwys na die Joodse volk. Barmen kan dus beskou word as 'n Christologiese belydenis wat die heerskappy van Christus beklemtoon.

## **2. 3 Slotsom**

Die Barmen verklaring het soos ander verklarings en belydenisskrifte sy ontstaan te danke aan bepaalde behoeftes van die tyd. Die ideologiese verwarring waardeur die politieke situasie in Duitsland op hierdie tydstip gekenmerk is, het die kerk genoodsaak om 'n duidelike woord te spreek om te voorkom dat die kerk nie polities by die nasionaal-sosialistiese staat ingeskakel word nie. In hierdie opsig het die verklaring van Barmen 'n polemiese funksie vervul. Alhoewel Barmen as 'n belydenisdokument binne die gereformeerde invloedsfeer beskou kan word, het dit tog daarin geslaag om die Gereformeerdes en die Lutherane te verenig (Rohls 1987:351-358). Barmen se waarde lê ook daarin dat dit tot inspirasie vir die totstandkoming van talle nuwe belydenisdokumente gedien het.

## **3. BELHARBELYDENIS 1986**

### **3. 1 Historiese Oorsig**

Die Belharbelydenis kan beskou word as die sameloop en eindresultaat van teologiese druk wat veral van buite op die NG Kerk (NGK) toegepas is. Sedert die laat sewentiger - jare is meer as een maal 'n status confessionis teen apartheid verklaar. Die Lutheraanse Wêreld Federasie was een van die eerste hoofstroomkerke wat so 'n verklaring gemaak het.

Wat betref die uiteindelijke formulering van die Belydenis van Belhar, was daar ook 'n hele aanloop wat deur teologiese druk selfs binne die familie van gereformeerde kerke veroorsaak is. Die groot druk het veral gekom toe die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke tydens 'n vergadering in Ottawa die NG Kerk se standpunt oor apartheid as kettery bestempel het. Hierdie optrede in Ottawa was die begin van 'n teologiese konfrontasie tussen die NG Kerk en die kerke wat deur hul sendingaksie tot stand gekom het. Dit skyn 'n vreemde verskynsel te wees dat die kerk wat instrumenteel was in die vestiging van die sendingkerke, en dit dikwels voorgehou het as 'n seën op hul sendingbeleid, nou veroordeel word as die skepper van 'n onderdrukkende politieke apartheid wat as onbybels verklaar word.

Ottawa was in 'n sekere sin onvermydelik aangesien daar reeds lankal verzet onder die lede van die swart bevolkingsgroepe teen die apartheidstelsel aan die opbou was. In die laat sestigter en vroeë sewentigerjare het veral die swart NG Kerke hul stem laat hoor en is later gevolg deur die Indiër - lidmate van die Reformed Church in Africa, wat gelei het tot die totstandkoming van die Broederkring, wat as 'n ekumeniese liggaam beskou kan word. Hierdie Broederkring se doelwitte is onder meer die eenwording van die NG Kerke.

In Augustus 1982 het die Wêreldbond vir Gereformeerde Kerke (WBGK) by Ottawa in Kanada besluit om om 'n staat van belydenis af te kondig oor die situasie in ons land (Danzfuss 1998:16). Hierdie optrede kan gesien word as die voorloper van die *status confessionis* wat op 22 September 1982, tydens 'n NG Sendingkerksinode in Kaapstad, in 'n konsepvorm aangekondig is en in 1986 as 'n belydenisskrif van die kerk aanvaar is. Hierdie besluit het gevolg op die afkondiging van 'n *status confessionis*<sup>5</sup> rondom die

---

<sup>5</sup> 'n Status confessionis is volgens Jonker (1983:167) ontleen aan die gesprek rondom Barmen. Dit dui op "which means that we regard this an issue on which it is not possible to differ without seriously jeopardizing the integrity of our common confession as Reformed Churches" (Cloete/Smit 1984:13). Dit is 'n gelaaide saak wat op 'n netelige en ernstige toestand dui. Die term self is nie 'n tegniese term wat 'n vaste gedefinieerde inhoud het nie. Hierdie term skyn verklaar te word in die konteks van die bepaalde situasie of geskiedenis waarin dit gebruik word. 'n Status confessionis kan dus verstaan word as 'n situasie wat ontstaan wanneer 'n groep Christene of kerke oordeel dat 'n oomblik van waarheid aangebreek het waarin hulle moet erken dat hul belydenis aangaande die Evangelie op die spel is, en dat hul nie langer hul verantwoordelikheid kan ontduik deur nie daarteenoor op te

verwerping van die morele en teologiese regverdiging van apartheid. Na die Algemene Sinode (van die NG Kerk) se sitting, het die sake soos vervat in die Belydenis van Belhar ook as besprekingspunte op die agendas van die onderskeie streeksinodes verskyn. Verdere besluite wat hier geneem is was dat die Algemene Sinode verklaar het dat alleenlik geloof in Christus Jesus as die enigste kwalifikasie vir lidmaatskap in die NG Kerk gestel word, met die gevolg dat die siening van aparte ontwikkeling afgewys word. Dit sou noodwendig ook die Wet op Gemengde Huwelike en Artikel 16 van die Ontugwet raak. Dit is onomwonde gestel dat die wetgewing onbybels is. Alles inaggenome het dit daarop neergekom dat enige vorm van rassisme nie net afgewys is nie, maar ook as sonde bestempel is.

Kentering het al hoe verder uitgekring en daar het in April 1982 'n Ope Brief binne en buite Suid-Afrika verskyn wat onderteken is deur 123 persone wat teologiese opleiding deur die NG Kerk ontvang het en as predikante gelegitimeer is en van wie 'n baie groot getal juis ondervinding in die NG Susterskerke gehad het. Hulle het gepleit dat die kerk se standpunte en posisie ten opsigte van die eenheid van die kerk, die versoening tussen mense en die misstande in die samelewing as gevolg van apartheid, grondig en dringend heroorweeg moes word (Johan Botha en Piet Naude 1998:32).

### **3. 2 Die Samestelling van die Belydenis**

Die Sinode van die NG Sendingkerk (NGSK) het homself in 1982 met die uitspraak van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke vereenselwig en tot die gevolgtrekking gekom om 'n belydenis te formuleer wat uit vyf artikels bestaan en primêr oor die kerk handel.

---

tree of te handel nie. Hierdie gedagte stem redelik ooreen met dit wat Thomas Kuhn huldig aangaande 'n paradigmaverskuiwing (scientific revolution) waarvolgens 'n groep konsensus bereik het oor 'n bepaalde waarheid, dat vanweë anomalieë, 'n waarheid wat aanvaar was, nie langer relevant is nie.

- Die *tweede artikel* dui op die sigbaarmaking van die eenheid van die kerk as gemeenskap van die heiliges wat saamgestel is uit die ganse mensdom waar die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk ware geloof in Jesus Christus is.
- Aangesien die kerk enersyds 'n versoenende gemeenskap is, maak dit die kerk ongeloofwaardig deurdat dit andersyds gedwonge skeiding van mense op grond van die evangelie wil verdedig. In artikel drie word dit pertinent gestel dat so 'n optrede as dwaalleer en ideologie verwerp moet word.
- In *artikel 4* word bely dat God op 'n besondere manier die God van die noodlydendes, armes en verontregtes is. Dit is die kerk se verantwoordelikheid om Christus hierin te volg en die saak van die verontregtes op te neem. Enige leer wat nie bereid is om so 'n ideologie vanuit die evangelie te weerstaan nie, moet as 'n dwaalleer verwerp word.
- In *artikel 5* word aansluiting gevind by die gedeelte van artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat verklaar dat die kerk geroep is om Christus gehoorsaam te wees selfs as al sou die owerhede en die verordeninge gekant wees daarteen en selfs sou dit straf en lyding tot gevolg hê.

### 3. 3 Slotsom

Die Belydenis van Belhar is seker een van die mees omstrede belydenisse/dokumente waaroor polemieë in die NG Kerk gevoer is. Die twispunt is dat die NGSK die NGK van kettery aankla weens die handhawing van die apartheidsbeleid. Met die uitroeping van '*status confessionis*', word verklaar dat die NGSK die NGK van dwaling aankla. Hierdeur word die NGK deur die NGSK direk verantwoordelik gehou vir die apartheidsteologie. Dit word gestaaf deur die feit dat Cloete/Smit (1984:42) sê dat die staat in 'n bepaalde sin nooit kan ketter nie. Die vraag is of die kettery verwys na 'n afwyking van bestaande belydenisskrifte of na 'n bepaalde artikel wat teenstrydig is met Bybelse waarhede? Indien laasgenoemde die geval is, is die vraag of dit werklik die formulering van 'n nuwe belydenis regverdig en of daar nie net 'n meer duidelike uitspraak en omskrywing gemaak

kan word nie van 'die artikel wat relevant is is tot die krisis. In die geval van eersgenoemde is dit eerder 'n saak vir kerklike skuldbelydenis, tug en dissipline. In hierdie opsig vra Strauss (s.a.4) of so 'n skuldbelydenis sonder meer met 'n geloofsbelydenis vereenselwig kan word?

Dit is belangrik om te bepaal of die toepassing van die apartheidsteologie direk verband hou met die gees en die interpretasie van 'n bepaalde belydenisskrif wat op sy beurt weer 'n bepaalde teologiese en hermeneutiese model sal impliseer. Indien dit in hierdie geval bevind word dat die belydenisskrif korrek geformuleer is, maar dat dit verkeerd vertolk is, ontstaan die vraag of die Belydenis van Belhar nie net as 'n uitgebreide belydenis van die bestaandes beskou kan word nie? Lê die probleem nie miskien daarin dat daar nie 'n duidelike onderskeid tussen belydenisskrif en dogma gehandhaaf word nie? Is dit nie dalk die rede agter die besluit van die Algemene Sinode van die NG Kerk 1982 om aan 'n eietydse kortbegrip te begin werk nie?

Mabaso (1997:61) wys op die twee redes waarom die NG Kerk nie die Belydenis van Belhar wil aanvaar nie: eerstens omdat dit in 'n politieke klimaat ontstaan het en tweedens 'n element van bevrydingsteologie bevat. Prof. P.C. Potgieter, nuut verkose moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk het bevestig dat een van die grootste redes waarom die Belhar Belydenis teengestaan word die aanklag van kettery is wat baie seer veroorsaak het.<sup>6</sup> Die indringende vraag is in watter mate die NG Kerk, en in watter mate die staat vir hierdie politieke situasie aanspreeklik is? Het die staat 'n politieke ideologie gehandhaaf op grond van die kerk se interpretasie en leiding wat hy aan die staat gegee het? Word die gedagte van 'n apartheidsteologie deur die bestaande belydenisskrifte geïmpliseer?

Alhoewel die woord apartheid nêrens in die Belharbelydenis verskyn nie, is dit die hoofsaak waaroor dit gaan, naamlik rasse - ongelykheid, diskriminasie, onderdrukking en

---

Hierdie stelling is deur prof. P. Potgieter in 'n onderhoud met Freek Robinson tydens die nuusbuletin van Maandag 12 Oktober 1998 gemaak na aanleiding van die vraag waarom die Belharbelydenis nie aanvaar word nie.

armoede in Suid - Afrika (Mabaso 1996:28). Juis hierdie eensydige karakter van die Belydenis van Belhar skep 'n sterk argument waarom dit nie erkenning as 'n volwaardige belydenisskrif kan geniet nie. Die NGSK se standpunt is dat die vraagstuk omtrent apartheid nie net 'n meningsverskil is nie, maar so ingrypend is dat die verskillende beskouings daaromtrent die integriteit van die algemene belydenisse van die Gereformeerde kerke kan ondermyn (Jonker 1994:267). Die NGK se sterk meningsverskil kan bespeur word in die gerugte wat die rondte doen van 'n dreigende skeuring indien die Belydenis van Belhar as 'n erkende belydenisskrif naas die bestaande belydenisskrifte aanvaar word. Tog vind heelwat van die hoofkenmerke van die Belydenis van Belhar aansluiting by die tradisioneel Gereformeerde styl en is daar talle woorde, frases en uitdrukkings wat met dié van die Heidelbergse Kategismus geïdentifiseer kan word. Selfs tydens die Sinode van 1990 is daar besluit dat die Belydenis van Belhar nie in stryd met die Drie Formuliere van Eenheid is nie (Strauss, 1984:1).

Aan die anderkant kan die sterk gevoel ten gunste van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar gemerk word in dr P. Fourie, voormalige redakteur van Die Ligdraer, se stelling dat "vir die twee kerke om te verenig, die NG Kerk-mense egter tog nie van VGK-gelowiges moet verwag om van hierdie sleutelbelydenis van ons geloof afstand te doen nie." (1998:5). Die rede vir dr. Fourie se standpunt is dat wat in die Belhar Belydenis vervat word die spontane antwoord van gelowiges in die destydse NG Sendingkerk was op die verdraaiing van die evangelie in daardie stadium van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die krag van die Belydenis van Belhar, volgens Cloete & Smit (1984:11), lê daarin dat dit op 'n konkrete oomblik in die hede gerig is.

Dit is juis op hierdie punt waar die geldigheid van die Belydenis van Belhar bevraagteken word. Dat die situasie van die oomblik 'n belangrike rol speel by die opstel van 'n belydenisskrif is gewis waar. Maar 'n belydenisskrif wat oor 'n karakter van katolesiteit en ekumenisiteit beskik, kan nie tyd - of plekgebonde wees nie, want 'n Bybelse verantwoorde belydenis moet vir alle tye en omstandighede geld. Strauss (s.a 1) merk in hierdie opsig op dat die Belhar Belydenis so deur 'n politieke en sosiale situasie van 'n

spesifieke tyd en plek oorheers word dat dit na verloop van enkele jare nie meer aktueel sal wees nie. Vorster (1998:480) wys daarop dat alhoewel die Belhar dokument wyd bespreek is en op wye vlak binne gereformeerde ekumeniese tradisie goedkeuring en instemming ontvang het, is dit net die Gereformeerde Ekumeniese Raad wat oorweeg het om die dokument as konfessie by sy konstitusie in te sluit. Die voorstel dat die belydenis wel bygevoeg word het egter nie geslaag nie, omdat dit nie die vereiste tweederde-meerderheid kon ontvang nie. Die belangrike leemtes in die Belharbelydenis kon uitgeskakel gewees het as daar in ekumeniese kringe saam besin is oor die noodsaaklikheid van die dokument as 'n konfessie en oor die inhoud van die dokument.

Die hele dispuut rondom die Belydenis van Belhar wil by geleentheid die gedagte laat ontstaan of daar verskuilde agendas betrokke is. Gaan die hoofsaak werklik om die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as 'n erkende belydenis al dan nie? Die woorde van 'n belydenis kan tog immers nie 'n saak besleg nie. Daarom moet daar gevra word na die motiewe agter 'n belydenis, die verbande waarin dit gebruik word asook wat die bedoeling daarmee is. Danzfuss (1998:69) merk in hierdie verband op dat elkeen wat 'n eerlike en betroubare evaluering van die Belydenis van Belhar wil doen, eers deeglik kennis sal moet neem van die wyer sowel as die nouer historiese konteks waarin die belydenis ontstaan het.

Dit is egter nie die doel van hierdie navorsing om te besin oor die motiewe wat agter die aanvaarding en/of verwerping van die Belydenis van Belhar lê nie, maar om dit eerder te toets aan die hand van bepaalde kriteria ten einde te bepaal of dit as 'n vierde belydenisskrif erken en aanvaar kan word.

Verder, indien die Belydenis van Belhar as 'n belydenisskrif aanvaar word, hoe sal dit die geldigheid en voortbestaan van die bestaande belydenisse raak? Die Belhar Dokument is deurspek met aanhalings en teksverse uit die Bybel. Die vraag is egter of dit op gesonde eksegetiese berus, of is dit bloot 'n saak van fundamentalisme en biblisme? (Botha 1998:31). Danzfuss (1998:70) maak 'n sterk verklaring in hierdie opsig deur te sê dat

Belhar se Skrifhantering uiters bedenklik is. As voorbeeld vir sy siening verwys hy na gedeeltes soos Lukas 16:19-31; 2 Korintiërs 5:17-21 en Efesiërs 2:11-22.

Die slotsom wat hy bereik is dat Belhar nie as 'n beleidsdokument van 'n gereformeerde kerk aanvaar kan word nie vanweë die feit dat dit met 'n totaal ander teologie werk as die gereformeerde teologie. Volgens hom is: "Belhar ongereformeerd, ongebalanseerd en dus ontrou aan die gebalanseerde boodskap en getuienis van die Bybel" (Ibid., 74). Hier kan gemeld word dat die induktiewe metode van interpretasie hoofsaaklik in die formulering van Belhar gebruik word waar daar van die konteks (situasie) na die teks (Bybel) gewerk word.

Aansluitend hierby is die feit dat die elemente van bevrydingsteologie sterk figureer en 'n swaar neiging na die moderne teologie toon. Hier word veral verwys na die oorheersende horisontale karakter wat op die sosio-politiese gerig is. Dat die Evangelie oor 'n horisontale dimensie beskik, word nie betwyfel nie, maar dan moet dit die gevolg van vertikalisme wees. Dit is hier volgens die skrywer se beskeie mening dat die moderne en die Gereformeerde teologie onversoenbaar is. Die verstaan van die soteriologie word onder andere beïnvloed deur die verstaan van die hamartiologie (sondeleer). In die bevrydingsteologie het sonde en bevryding 'n politieke en nie 'n geestelike konnotasie nie soos dit in die Gereformeerde teologie die geval is. Dit moet noodwendig uitkring na die Christologie en die ekklesiologie waar dit Christus se rol as versoener en bevryder raak. Dit is hier waar daar 'n bepaalde orde moet wees, naamlik dat versoening alleen moontlik is wanneer die mens in 'n verhouding tot God deur Christus staan (eers die vertikale dan horisontale).

Die betekenis wat die Belydenis van Belhar vir dié studie het, is dat dit 'n praktiese voorbeeld voorsien van hoe daar te werk gegaan word om die belydenisstatus van 'n dokument te bepaal. Verder, dat dit nie 'n saak is wat op willekeur berus nie, maar dat die bepaalde kriteria ook onontbeerlik vir die uitvoer van die polemiese funksie is.

Kennis moet egter geneem word dat alhoewel belydenisskrifte enersyds ten doel het om eenheid te bewerkstellig, dit andersyds ook tot kerkskeuring kan lei. Verder is dit van die uiterste belang dat te midde van 'n sterk standpunt wat geneem moet word in die handhawing van belydenisskrifte, dit, indien moontlik, gedoen moet word met die gesindheid dat alles in die stryd gewerp moet word om enige bedreiging vir kerkeenheid te vermy. Indien dit uiteindelik tot onvermydelike skeuring lei, moet daar met sekerheid gesê kan word dat alle pogings aangewend is om skeuring te vermy en dat alle hulpbronne in die proses uitgeput is.

Ongeag die feit dat die Belydenis van Belhar nie in die NG Kerk oor belydenisstatus beskik nie, moet dit nie geïgnoreer of ligtelik opgeneem word nie. Dit het 'n groot rol in die geskiedenis van die kerke gespeel om hervorming teweeg te bring en ook die kerke uitgedaag tot hernieuende introspeksie en selfevaluasie. Die noodsaaklikheid van belydenisskrifte is weer eens op die voorgrond geplaas en die vertroue bestaan dat die grondwerk gedoen is om opnuut die Christelike geloof vir die veranderde omstandighede in Suid-Afrika uit te spreek en te bely.

### **3. 4 Raakpunte tussen Belhar en Barmen**

Net soos Barmen begin Belhar met die belydenis van God, maar beklemtoon veral die drie-enige God in die eerste paragraaf.

In die tweede paragraaf is die Belydenis van Belhar meer kontekstueel as dié van Barmen deurdat dit met die heersende teologiese vraagstukke in die Nederduitse Gereformeerde familie werk, naamlik die eenheid van die kerk. Om geloof in een universele kerk te plaas as die gemeenskap van die heiliges, impliseer dat daar geen politieke struktuur in die kerk kan bestaan nie. Weens ideologieë het hierdie Bybelse waarheid so verswak dat dit nodig is vir die kerk om dit weer uitdruklik te stel dat die kerk uit al die kinders van God bestaan, ongeag ras, taal of kultuur.

In die derde paragraaf word die eenheid van die kerk beskou vanuit die hoek van 'n versoenende gemeenskap. Die boodskap van die kerk word direk in fokus gebring in 'n land wat bely om Christelik te wees terwyl skeiding en diskriminasie op rassegrondslag toegepas word. Die kerk vra nie om 'n Christelike staat nie, maar bely teen 'n ideologie wat aanspraak maak op Christelikheid.

Paragraaf vier verklaar duidelik dat toegepaste skeiding 'n sonde is en dat enige lering wat poog om dit deur middel van die Woord te regverdig en te wettig, 'n valse lering is. In hierdie paragraaf word God bely as 'n regverdige God wat begeer om regverdigheid en vrede te bring, veral op 'n besondere wyse onder die verdruktes, armes en verontregtigtes. Hierdie artikel is een van die groot twispunte in die aanvaarding van die belydenis van Belhar assulks en ook as 'n belydenisdokument. Artikel 4 se formulering is vanuit Skriftuurlike oogpunt hoogs problematies en tas die Godsleer van die gereformeerde konfessies in sy wese aan. Dit bring die saak van kerkeenheid in die gedrang (Vorster 1998:482). De Gruchy (1984:65) wys daarop dat alhoewel Barmen waarskynlik die inspirasie agter soortgelyke pogings soos Belhar is, wat 'n produk van die onderdrukte self is, maak Barmen geen vermelding van die Jode nie. In hierdie opsig kan Belhar as 'n teregwyding dien vir Barmen se swye oor die Jode.

#### **4. DIE KAIROS-DOKUMENT 1985**

##### **4. 1 Historiese Oorsig**

In die tweede hersiene uitgawe van die Kairos-dokument (1986), 'n jaar na die eerste uitgawe, word daarin vermeld dat die dokument meer beprekings en debatvoering uitgelok het as enige ander teologiese dokument ooit in Suid-Afrika. Hierdie reaksie kan gedeeltelik toegeskryf word aan die aktualiteit van die dokument. Volgens Van Rensburg berus dit dalk op die feit dat die teologie van die revolusie ver en vreemd was en nou deur Kairos baie kontekstueel vir Suid-Afrika gemaak is. Verder is dit ook die eerste keer dat daar op so 'n direkte teologiese wyse gepleit word vir 'n omverwerping van die status quo en die val van die owerheid.

Volgens Green (1986:49) is die dokument nie bedoel as 'n belydenis nie soos die subtitel dit ook aandui "A theological comment on the political crisis in South Africa."

#### **4. 2 Die Samestelling van die Dokument**

Die hersiene uitgawe se teks beslaan een en dertig bladsye teenoor die vyf en twintig bladsye van die vorige uitgawe met byna drie bladsye "Explanatory notes" en drie bladsye "preface." Die enigste hoofstuk van die oorspronklike dokument wat feitlik heeltemal oorgeskryf is, is hoofstuk vier wat handel oor Profetiese Teologie. Die hoofstuk is uitgebrei van sewe na twaalf bladsye.

Profetiese teologie verskil van akademiese teologie in dié opsig dat laasgenoemde meer betrekking het op die sistematiese benadering van Bybelse temas teenoor die profetiese teologie wat daardie gedeeltes belig wat betrekking het op die kritiese situasie waarin die mense hul bevind. In die lig hiervan sal profetiese teologie altyd 'n oproep tot aksie doen, hoop voorhou ten opsigte van veranderinge wat teweeg gebring kan en gaan word en 'n praktiese en pastorale strekking hê.

Die lys van ondertekenaars verskyn nie in die tweede uitgawe soos dit die geval met die eerste uitgawe is nie. Die lys van ondertekenaars wat tot een honderd ses en vyftig gegroei het, is 'n redelike aanduiding van wie verantwoordelik was vir die dokument.

Die slotsom in die laaste paragraaf van die dokument verskaf belangrike inligting met die volgende bewoording: "We, the undersigned, take joint responsibility for what is presented in this document..." (Kairos Document, 1985:25). Die ondertekenaars kom uit verskillende kerke soos die Anglikaanse Kerk, Rooms - Katolieke Kerk, Metodiste Kerk, die NG Kerkfamilie en die Verenigde Kongregasionalistekerk. Die dokument het nie die statuut en gesaghebbendheid van 'n groot teologiese werk van een of ander internasionaalbekende kerklike of ekumeniese vergadering nie en die hoofdoel daarmee

was om “gewone mense” aan die woord te stel. Dit verduidelik waarom die dokument ook as die “peoples’ theology” bekend staan.

Die hoofgedagte skyn te wees dat die hele lewe verpolitiseer moet word en dat die kerk en die teologie sy plek in die konteks van die politiek moet kry en so saamwerk om as instrument te dien tot die bevryding van die mens. Die opvallende waarneming word dan ook gemaak dat die meeste ondertekenaars uit die swart geledere kom wat 'n oproep op die Christene maak om deel te neem aan die “struggle for liberation for a just society”. Hieruit is dit duidelik dat die apartheidsvraagstuk 'n prominente plek in die Kairos-dokument inneem.

Alhoewel die gedagte afgewys kan word met die argument dat dit nie gaan om 'n stryd tussen swart en wit nie, maar eerder om 'n onderdrukte meerderheid en 'n onderdrukkende minderheid, verwys die dokument (Kairos:1) na die skeiding tussen die “Swart Kerk en die Wit Kerk”, rassisme wat veroordeel word (Kairos:3) en dat die apartheidsbewind tekens moet toon van berou en bekering.

Dit alles bring ons by 'n bepaalde vorm van teologisering uit wat bekend staan as die Swart Teologie. Hiervolgens word sterk standpunt ingeneem nie net teen die strukture van apartheid wat as afgodies bestempel word nie, maar ook teen die feit dat daar teologiese regverdiging aangebied word vir die aanvaarding van die status quo. Die gevolgtrekking is dat ook die god wat aangeroep word om die strukture te regverdig afgodies moet wees (Kairos:7,8).

Die statiese Godsbegrip moet vervang word met 'n dinamiese Godsbegrip. In hoofstuk drie word sterk kritiek teen die kerklike teologie uitgespreek, veral teen die Engelstalige kerke omdat hulle ten spyte van hul kritiese houding teen apartheid, nie daadwerklik betrokke is by die bevrydingstryd nie.

Betreffende die Afrikaanssprekende kerke word nie baie gesê nie vanweë die feit dat hulle met die staatsteologie geassosieer word. Dit verklaar ook waarom die titel van die Kairos-dokument die woorde "Challenge to the church" reflekteer. Hierin word 'n oproep tot die kerk gemaak om sosiaal betrokke te raak en daadwerklik standpunt in te neem teen die "staatsteologie" wat as demonies afgemaak word.

Brown (1990:29) toon aan dat die Suid-Afrikaanse apartheidstaat 'n teologie van sy eie het wat as "staatsteologie" bekend staan en wat daarop dui dat teologiese regverdiging vir die status quo met sy rassisme, kapitalisme en totalitarisme gegee word. Dit slaag daarin deur teologiese konsepte en teksverse te misbruik om politieke doelwitte te bereik.

Voorbeelde hiervan is die gebruik van Romeine 13:1-7 om 'n absolute en Goddelike gesag aan die staat te gee. Die tweede wyse is om "wet en orde" te gebruik om mense te beheer deur middel van die staat se beskouing van wat regverdig en onregverdig is. Derdens word die begrip "kommunis" gebruik om almal te brandmerk wat die "staatsteologie" verwerp.

Die uitdaging word nie soseer tot die staat en politieke maghebbers gerig nie omdat hulle die instrument in die hand van die bose geword het, die dienskneg van Satan of die Antichris dat daar geen bekering van hulle kant verwag kan word nie (2.1, 2.2, 2.4, 3.1). Indien die kerk dit nie doen nie, beteken dit dat die kerk dit kondoneer en dat sy identiteit so in gedrang gebring word.

Dit is opvallend dat 'n belydenisskrif dikwels vernoem is na die plek waar die sinode of afvaardiging byeengekom het om dit te formuleer. In die geval van die Kairos - dokument, word die leser onmiddellik gekonfronteer met en bekend gestel aan die benaming Kairos wat die doelwit van die samestellers uitstippel. Die teologiese konnotasie van die begrip kairos dui op die regte tyd - 'n besondere tyd - 'n geleentheid wat 'n reaksie vereis. Volgens Brown dui dit op 'n besondere oomblik waar God sy mense besoek om vir hulle 'n unieke geleentheid te bied vir berou, om hulle te bekeer, te

verander en om tot 'n daadwerklike aksie van optrede oor te gaan. Dit is 'n oomblik van waarheid, krisis en oordeel.”

So word dit vervat in die hoofgedagte van die dokumentinhoud, naamlik dat dit vir baie Christene in Suid-Afrika 'n oomblik van genade en geleentheid is waartydens God 'n uitdaging rig tot daadwerklike optrede. Dit is 'n gevaarlike tyd, want as die geleentheid nie benut word nie sal dit 'n geweldige verlies vir die kerk, al die mense van Suid-Afrika en die Evangelie wees. In dié verband word na Lukas 19:44 verwys waar Jesus oor Jerusalem geweet het omdat hulle nie die geleentheid gemerk het toe God dit vir hulle aangebied het nie.

#### **4. 3 Slotsom**

Die onmiddellike afleiding wat gemaak kan word, is dat die Kairos – dokument soos die meeste belydenisse in 'n bepaalde konteks en situasie geformuleer is. Nie alleen dit nie, maar ook dat daar 'n sin van dringendheid is, sake wat gaan oor lewe en dood word onder die loep geneem. Die Kairos - dokument is 'n Christelike, Bybelse en teologiese kommentaar oor die politieke krisis wat vandag in Suid-Afrika bestaan.

Die dokument is 'n poging deur besorgde Christene in Suid-Afrika om die werklike situasie te reflekteer. Vanweë die dringendheid word daar nie geaarsel nie om baie duidelik die kernsaak waaroor dit gaan uit te spel, naamlik die kwessie van apartheid. Een van die krisisse lê in die feit dat die kerk verdeel is in 'n swart en wit kerk, dikwels in dieselfde denominasie. Die vraag wat homself na vore dwing is of die Christelike geloof enige betekenis of relevansie vir ons dag het? Is die Bybelse boodskap so dubbelsinnig dat beide verdruktes en verdrukke verklaar dat hulle getrou en lojaal teenoor die kerk is, beide neem deel aan die sakramente wat dui op die eenwees met die liggaam van Christus en tog verwyderd en vervreemd tot mekaar staan?

Alhoewel die Kairos-dokument nie 'n belydenisskrif is nie, het dit tog waarde vir die tema van hierdie bespreking, naamlik die noodsaaklikheid van belydenisskrifte. Die Kairos-

dokument kan gesien word as 'n voorloper van 'n belydenisskrif in dié opsig dat dit in 'n bepaalde situasie tot die kerk spreek om sy roeping op 'n meer daadwerklike en praktiese wyse uit te leef. Deur middel van die dokument word daar gewys op die verdeeldheid wat in die kerk bestaan en dat die kerk in eenheid die heersende situasie sal deurgrond. Die dokument daag die kerk uit tot aksie deur daarop te wys dat die oomblik van waarheid aangebreek het dat hy sy "profetiese bediening" sal beoefen. Dit is nie die taak van hierdie navorsing om uitspraak te gee oor die aanvaarbaarheid en teologiese korrektheid van die inhoud nie, maar om te toon dat 'n geloofsdokument 'n magtige wapen kan wees om die kerk te motiveer om nie net 'n belydeniskerk, maar ook 'n belydende kerk te wees. Deur middel van 'n geloofsdokument of belydenisskrif word die kerk opgeroep om seker te maak dat sy boodskap nog relevant is.

## **5. KERK EN SAMELEWING 1986**

### **5. 1 Historiese Oorsig**

Volgens die voorwoord van die "Kerk en Samelewing" wat die Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk die lig laat sien het, is die opmerking van die voorsitter van die kommissie, prof. J. A. Heyns, 'n opsommende weergawe van die inhoud van die dokument. Hy stel dit onder andere dat hierdie geskrif die *neerslag* is van jarelange intensiewe studie, 'n *program* waaraan die kerk hom in sy beskouing op die toekoms wil verbind asook dat dit 'n *getuienis* is van hoe die Gees van God in die formulering werksaam was. Vandaar die opdrag deur die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1982 dat die dokument, *Ras, Volk en Nasie* in die lig van die Skrif hersien moet word.

Hierdeur word daar weer na duidelikheid gesoek oor die eise wat die bediening stel asook wat die wese en die konkrete gestalte van die kerk en sy roeping in hierdie samelewing is.

### **5. 2 Die Samestelling van die Dokument**

Die dokument bestaan hoofsaaklik uit drie hoofstukke met hul onderskeie onderafdelings.

Hoofstuk een gee agtergrond van die sosiologiese, ekonomiese, politieke en godsdienstige beeld van die dag en dui ook die roeping en die familie van die NG Kerk aan.

Hoofstuk twee spreek die Prinsipiële Verantwoording aan wat onder die opskrifte van Inleidende Opmerkings; Die kerk: Sy wese en Roeping en die Kerk en Groepverhoudings behandel word.

Hoofstuk drie handel hoofsaaklik oor die praktyk in soverre dit die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die kerklike situasie in Suid-Afrika en die Ander Lewensverbande raak.

In hierdie dokument word die wese van die kerk beskryf as 'n geloofbelydende en 'n aanbiddingsgemeenskap waar geloof in die Drie - enige God en sy openbaring in die Skrif die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk van Jesus Christus is. Dit dui daarop dat die kerk as een universele volk van God nie eksklusief tot een volk of groep beperk kan word nie en dat niemand op grond van sy herkoms, volksverbondenheid, taal of kultuur uitgesluit mag word nie.

Met hierdie vertrekpunt as siening oor die kerk, wat suiwer op 'n Nuwe - Testamentiese beskouing berus en waar die kerk as God se nuwe skepping voorgehou word, word geen ruimte vir 'n apartheidsteologie gemaak nie.

### **5. 3 Slotsom**

Die dokument (beleidsdokument) Kerk en Samelewing gaan oor die aard van die kerk se betrokkenheid by die gemeenskap en die rol wat die kerk behoort te vervul binne die wyer verband van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die sentrale vraag waaroor hierdie debat gaan, is of die kerk ook as 'n aktiewe agent vir sosiaal – politiek en ekonomiese verandering moet optree (Esterhuyse 1989: 8). Wanneer argumente in hierdie opsig oorweeg en ontleed word, kom dit duidelik na vore dat die probleem ontstaan vanweë die

verskillende maniere waarop eksegesi van die Bybel gedoen word. Gesonde eksegesi kan alleenlik gedoen word as die Skrif, in die soeke na antwoorde, as die vertrekpunt dien en nie die heersende situasie of politieke oortuiging nie. Indien hierdie benadering nie gehandhaaf word nie, en die induktiewe metode om eksegesi te doen gebruik word, sal daar in fundamentalisme en biblisisme verval word. Dit is die skrywer se beskeie mening dat dit die probleem is waarom sekere kerklike groeperinge probleme met die beleidsdokument Kerk en Samelewing ondervind omdat hulle nie daarin kan slaag om die vertikale en horisontale karakter van die Evangelie met mekaar te versoen nie.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis sê 'n mens moet jou van die valse kerk afskei, en volgens gereformeerde belydenis kan 'n mens alleenlik tot die stigting van 'n nuwe kerk oorgaan indien die bestaende kerk 'n valse kerk geword het (Deist 1989:14). Die vraag wat sigself na vore dwing is wat moet ons afleiding wees na aanleiding van die skeuring wat in die NG Kerk-familie vanweë die beleidsverklaring van Kerk en Samelewing plaas gevind het?

## **6. Evangelical Witness in South Africa 1986**

### **6. 1 Historiese Oorsig**

In September 1985 het 'n groep "concerned evangelicals" vergader met die doel om die krisis in Suid-Afrika te bespreek en in hoe 'n mate dit hulle lewens, geloof en in besonder hulle evangeliese missie raak. Weens die noodtoestand wat van Julie 1985 tot Maart 1986 geduur het, was baie volwassenes en kinders in aanhouding wat daartoe gelei het dat die jong mense tot aggressie en oproer oorgegaan het. Dit het die vraag na die rol van die *evangelicals* laat ontstaan. As hulle nalaat om toe te tree tot die gewettigde geweld van die veiligheidsmagte, watter reg het hulle om toe te tree tot die teen-geweld van die jong mense?

Die African National Congress het in 1986 'n beroep op die mense gedoen om oorlog te verklaar teen die veiligheidsmagte van apartheid en om beskerming te verleen aan persone in die townships wat hulleself nie kan verdedig nie en gevolglik gedood word.

Op dieselfde tydstip was die konsep van die Kairos - dokument in omgang wat vanuit 'n ander teologiese perspektief na dieselfde situasie gekyk het. Nadat die Kairos - dokument bepreek is, is gevoel dat die *evangelicals* dit as 'n geleentheid moet gebruik om die krisis wat hulle beleef te probeer ontloot in plaas van om net op die dokument te reageer.

Frustrasie het egter ontstaan weens die gevoel dat die kerke, groepe en organisasies in hierdie kader gefaal het om 'n profetiese stem in die situasie te wees. Insteede daarvan om die gewete van die staat te wees, het hulle eerder die status quo ondersteun. Besprekings het daartoe gelei dat daar opnuut besef is dat die evangeliese teologie beïnvloed is deur die Amerikaanse en Europese sendelinge met politieke en sosiale klassebelange wat soms teenstrydig en selfs vyandig gestaan het teenoor die sosiale en geestelike behoeftes van die mense van ons land. Die oortuiging was dus om krities na die evangeliese teologie te kyk ten einde dit 'n doeltreffende getuigenis in Suid-Afrika te maak.

Hierdie kritiek het oor 'n tydperk van nege maande ontwikkel, vanaf September 1985 tot Junie 1986 deur middel van 'n reeks vergaderings, groepbesprekings en seminare in Soweto wat later uitgebrei het na die Pretoria – Witwatersrand - Vaal – gebied (Loots 1990:132-135).

Die benaming *evangelicals* in hierdie konteks het spesifieke verwysing na die Pinkster en Charismatiese kerke en groeperinge.

## **6. 2 Die Samestelling van die Dokument**

Die dokument beslaan nege hoofstukke wat as volg saamgestel is:

### **Hoofstuk 1. Krisis**

In hierdie hoofstuk word verwys na die feit dat terwyl daar enersyds gepoog word om die Goeie Tyding te verkondig, die evangeliese gemeenskap andersyds nalaat om in te gryp in

die heersende sosio-politieke krisis in die land en selfs die apartheidsbeleid ondersteun wat verantwoordelik is vir die geweld in die land. Die geloofskrisis word dus veroorsaak deur die dilemma om onderdruk en geëksploiteer te word deur persone wat bely dat hulle wedergebore Christene is. Dit is selfs hierdie persone wat ander aanhou en martel in die naam van "wet en orde". Ten einde hierdie optrede te verdedig, word daar na Skrifgedeeltes soos Romeine 13 verwys.

## **Hoofstuk 2. Oorsig van teologiese Probleme in Evangelikalisme**

Een van die bydraende faktore tot die passiewe houding van die evangeliese groepe kan toegeskryf word aan die Griekse filosofiese dualistiese benadering wat 'n duidelike onderskeid maak tussen die geestelike en die stoflike. Volgens hierdie benadering het die evangelie slegs te doen met die geestelike en nie soseer met die sosiale nie. Die swartmense word aangemoedig om hul nie te bekommer oor aardse dinge nie, maar bloot die hemelse dinge terwyl die Christene wat hierdie boodskap verkondig diegene is wat die swartes van hulle land vervreem en hulle eksploiteer ten einde hulleself te verryk en te bevoordeel.

## **Hoofstuk 3. Teologie van die Status Quo**

Die meeste evangeliese groepe handhaaf 'n fundamentalistiese benadering tot Skrifuitleg. Dit verduidelik die apatiese houding teenoor bestaande onderdrukkende stelsels. Weer eens word Romeine 13 aangehaal om aan te dui dat die gesag van die regering nie bevraagteken mag word nie aangesien dit deur God georden is. In die lig hiervan word die stelling gemaak dat die voorwoord in die konstitusie van Suid-Afrika godslasterlik is omdat dit wil voorgee dat die apartheidsregering die sanksie van God wegdra, veral in hulle onderdrukkende optrede.

## **Hoofstuk 4. Evangelikalisme en Strukturele Konformiteit**

Dit is belangrik om daarop te let hoe die samelewing ons denke en selfs ons verstaan van die Skrifte beïnvloed. Die Westerse invloed soos kolonisasie is deur die sendelinge as opvoeding beskou sonder om die euwels daaraan verbonde in ag te neem. So het die

strukture van die kerk ook bygedra tot die wit dominerende in die kerklike opset. Daar word verwys na die “moederkerke en dogterkerke” asook na swart, kleurling en Indiër kerke. Hierdie afgrensing word beïnvloed deur die apartheids - ontwikkeling waaraan die kerk voortdurend konformeer. In die lig hiervan word ‘n oproep gemaak om Paulus se appél in Romeine 12 vers 2 te handhaaf, naamlik om nie gelykvormig aan die wêreld te word nie.

### **Hoofstuk 5. Evangelikalisme en Konserwatisme**

Sekere evangeliese groepe is so behep met die bestryding van Kommunisme dat dit wil voorkom asof hulle enige anti-kommunistiese stelsel sal ondersteun afgesien van hoe boos of korrupt dit mag wees.

### **Hoofstuk 6. Evangelikalisme en Ekumenisme**

Die gedagte van ekumenisme word hier in die Griekse konnotasie gebruik wat verwys na die hele bewoonde aarde. Die gebruik hiervan in kerklike kringe dui op ‘n wêreldwye benadering en toenadering tot mekaar. Die gedagte van ekumenisme word nie in hierdie lig deur die evangeliese groepe beskou nie maar eerder gesien as ‘n gesamentlike poging om die evangelie te verkondig. Dit geniet dus prioriteit bo die belange van sosiale aangeleenthede.

In die lig van hierdie benadering van die evangeliese groepe, het die Wêreldraad van Kerke onttrek. Die vertrekpunt moet wees dat die sondeval die hele skepping geraak het en dat die verlossingswerk van Christus op die probleem in totaliteit gerig is. Die oortuiging is dat die saligheid van die individu die sosiale omstandighede sal beïnvloed.

### **Hoofstuk 7. Evangeliese Groepe en Evangelie**

Onder hierdie hoof kom die evangelikalistiese veldtogte onder die spervuur en word die motiewe van die groepe asook van die evangeliste bevraagteken. Heelwat van hierdie groepe word van materialisme beskuldig en dat hulle prediking daarop gemik is om die

swart mense te oorreed om hulle te onderwerp en tevrede te wees terwyl die wit mense hulle verryk en talle voordele geniet.

Daar word sterk kapse gemaak teen veral die evangeliste van oorsee wat die indruk skep dat hulle deur God geroep is om die evangelie aan swart mense te verkondig. Die beswaar is dat daardeur gesê word dat die wit mense nader aan God is en dat die swart mense die sondaars is. Dit opper onwillekeurig die vraag of God die God van slegs die wit mense is?

Die *Evangelical Witness in South Africa* stel dit onomwonde dat evangelisasie nie losgemaak kan word van sosiale aksie nie en dat die evangeliese groepe opgeroep word om hulle persepsie van die lewe te verbreed. Dit sal daartoe lei dat hulle nie net toeskouers sal wees nie, maar 'n evangelie sal verkondig wat 'n verskil maak en die behoeftes van die mens in totaliteit doeltreffend sal belkemon.

### **Hoofstuk 8. Evangelikalisme en Radikalisme**

Die radikaliteit lê daarin dat die apartheidstelsel as 'n ideologie beskou word en wat gebaseer is op die premis van 'n valse teologie wat 'n dualisme propageer en skeiding tussen die evangelie en die sosiale lewe veroorsaak. Die radikaliteit lê verder daarin dat bekering 'n ingrypende verandering teweeg moet bring wat sonde in al sy vorme sal deurbreek, te wete persoonlik, kollektief en struktureel. Daar moet nie net gepreek word teen die sonde van egbreuk, dronkenskap, haat en diefstal terwyl die sonde van diskriminasie en apartheid oor die hoof gesien word nie.

### **Hoofstuk 9. Verklaring**

Die verklaring wat gemaak word, wat soos 'n belydenis klink, kan as die hart van die dokument beskou word:

"This constitutes a call and commission to a radical ministration. We have not followed this call. We have rather regrettably betrayed the Faith. We have cowardly "sold out" the mission of our Lord, we have sold out our birthright. We have mismanaged

our responsibility. WE MUST REPENT AND MINISTER  
ACCORDING TO OUR CALLING.

'n Oproep word tot al die evangeliese gelowiges gemaak om in groter vrymoedigheid met hulle getuienis van saligheid in hierdie land na vore te kom. Die waarheid wat hulle in die gesig staar is dat indien hulle nalaat om dit nou te doen, hulle geen bestaansreg in die post-bevrydingstydperk sal hê nie tensy hulle die skynheiliges van hierdie wêreld wil navolg.

Die feit dat die *Evangelical Witness* hier te midde van Gereformeerde dokumente behandel word, kan as 'n parentese beskou word. Dit is belangrik om daarop te let dat die klagtes wat teen die Gereformeerdes ingebring word, in 'n mindere of meerdere mate ook teen die Pentekostalistiese en Evangeliese gemeenskappe geopper word. Hoewel die *Evangelical Witness* nie 'n belydenisskrif is nie, maar eerder as 'n getuienisdokument beskou kan word (Jonker 1994:165), raak dit sekere aspekte wat die aandag van genoemde groepe sal moet geniet. Hierdie dokument kan die kerk nie soseer van kettery aankla nie aangesien dit nie na 'n bepaalde artikel van 'n bestaande belydenisskrif kan verwys wat deur die kerk oortree is nie. Die rede hiervoor word reeds in die inleidende paragraaf van die bespreking oor Pentekostalisme genoem, naamlik dat hulle nie soos die Gereformeerdes oor goed geformuleerde belydenisskrifte beskik nie.

Dit is egter belangrik dat die Evangeliese kerke aandag sal gee aan die feit dat die evangelie die totale mens insluit en nie net 'n vertikale nie maar ook 'n horisontale dimensie het sodat hulle daardeur meer betrokke sal raak by sosio-politieke sake.

Die dokument skep die indruk dat die opstellers se appèl meer 'n emosionele aanslag het. Growwe, en in baie opsigte ongegronde stellings word eenvoudig in die lug gestrooi asof dit bewese feite is. Die Evangeliese kerke word aangekla dat hulle 'n boodskap verkondig dat God net die God van die wit mense is. En indien die wit mense dit glo, is dit 'n skreiende weerspreking om die evangelie aan swart mense te verkondig.

Hierdie dokument is 'n praktiese en sprekende voorbeeld ter staving van die stelling dat belydenisskrifte onontbeerlik en noodsaaklik vir die kerk is. Hierdie aantygings kan eenvoudig as ongegrond weerlê word indien daar goed geformuleerde belydenisskrifte was. In die afwesigheid van belydenisskrifte stel 'n kerk hom verder daaraan bloot dat enige valse aanklagte van kettery teen hom ingebring kan word. Enige verweer of verduideliking kan afgemaak word as 'n persoonlike interpretasie wat nie noodwendig die oortuiging van die groep in geheel weerspieël nie.

## **7. GELOOF en PROTES 1987**

### **7. 1 Historiese Oorsig**

Hierdie dokument is die vrug op die arbeid van 'n groep beswaarde lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat op die publikasie van *Kerk en Samelewing* gereageer het. In laasgenoemde dokument word die gedagtegang vervat wat oor die jare heen deur middel van tydskrifte, sinodes, kommissies, ensovoorts die oortuiging laat posvat het dat gedwonge skeiding van volke en afsonderlikheid nie as 'n Bybelse voorskrif regverdig kan word nie.

In die lig hiervan het die dokument, *Kerk en Samelewing* die verhouding tussen kerk en volk as die kernprobleem uitgestip. Die siening van die kerk in hierdie verband word baie duidelik gestel, naamlik dat alhoewel die kerk en volk in 'n noue verband tot mekaar staan, dit nie vereenselwig mag word nie. Hiermee word die profetiese taak van die kerk ten opsigte van die volk nie ontken nie. Die kerk erken die kultuur- en taalverskille waarvoor voorsiening gemaak moet word in die strukturering van die kerk maar met die voorbehoud dat dit nie die eenheid van die kerk sal benadeel nie.

Hierdie dokument bevat 'n protes teen die veranderde standpunte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met betrekking tot die beskouing van apartheid. Die standpunt in

die dokument gaan hoofsaaklik om die eertydse siening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk soos dit in die dokument, *Ras, Volk en Nasie*, uiteengesit word.

Die vertrekpunt van laasgenoemde dokument skyn sterk gerig te wees op die gedagte van die algemene openbaring. Hierdeur word die siening van die beleid van afsonderlikheid sterk onderskryf en gefundeer deur die diversiteit van die skepping sterk voorop te stel. Dit lei tot die slotsom dat die selfhandhawing van aparte volke polities deur die beleid van afsonderlike ontwikkeling en afsonderlike kerke vir verskillende bevolkingsgroepe gehandhaaf moet word.

Dit word baie duidelik gestel dat afsonderlike kerkverbande nie beskou word as in konflik met die bestaanswese van die kerk, soos dit deur die Skrif voorgehou word nie. Hierdie sienswyse word baie sterk deur die beswaarde lidmate gehandhaaf vanweë die oortuiging dat die beskouing in ooreenstemming met die erkende gereformeerde, wetenskaplike hermeneutiese beginsels is.

## **7. 2 Slotsom**

Volgens Jonker (1994:176) verstaan die dokument, *Geloof en Protes*, die wese van die kerk verkeerd deurdat die gedagte van eenheid gereduseer word tot 'n blote geestelike eenheid. Volgens die beswaardes is die beelde oor die eenheid van die kerk nie op die verskillende volkskerke van toepassing nie. Dit is die oortuiging dat God wil hê dat elke volk sy eie kerk sal hê en daarom, beteken afsonderlike volkskerke nie noodwendig die versteuring van die eenheid nie. Die hele benadering kan as 'n geradikaliseerde vorm van die vroeëre apartheidssteologie gesien word.

Hierdie benadering kan nie anders beskou word nie as dat die beswaardes 'n onderskeid tref tussen die "Kerk van Christus" en die volkskerke. Dit is egter moeilik om hierdie siening met die Nuwe - Testamentiese boodskap oor die kerk te versoen waarvolgens die kerk as 'n nuwe skepping beskou word in plaas van 'n historiese werklikheid te werk waar volke en kulture mekaar uitsluit.

'n Belangrike kenmerk is die feit dat die dokument die belydenistaal van die Nederlandse Geloofsbelydenis gebruik, naamlik: "Ons glo.... Ons verwerp". Hieruit kan met redelike sekerheid afgelei word dat die dokument nie net 'n politieke konnotasie vir die beswaardes het nie, maar dat dit ook 'n geloofsaak is. Die voorstanders van die dokument is dus die oortuiging toegedaan dat die siening oor en die stelsel van apartheid deur die Skrif ondersteun word en dus oor Goddelike sanksie beskik. Dit was onvermydelik dat hierdie dokument tot groot verwarring onder lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gelei het weens die spanning tussen die teoloë oor die uiteenlopende interpretasies. Die probleem is vererger omdat dit nie net oor 'n klein aksentverskil gaan nie, maar dat die interpretasie lynreguit in teenstelling met die amptelike verklaring van die NG Kerk staan.

Die dokument, *Geloof en Protes*, kan in 'n bepaalde sin as 'n status confessionis op 'n status confessionis, naamlik die Belhar Dokument, beskou word, maar met die verskil dat eersgenoemde nie 'n protes aanteking is teen die sake wat handel oor die verdrukking van mense nie, maar teen die liberale denke oor sosiaal-etiese sake. In dié opsig het hierdie dokument nie bygedra tot die daarstelling van eenheid nie, maar wel tot 'n skeuring in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, waaruit 'n nuwe groep, naamlik die Afrikaanse Protestantse Kerk tot stand gekom het.

Volgens Jonker is daar 'n klemverskuiwing in die teologiese vertrekpunt van bogenoemde kerke. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk sien nie die opvatting van die algemene openbaring as 'n aanvullende bron van openbaring naas die Skrif nie, terwyl die beswaarde broeders dit as een van hulle hoofgronde aanvoer in hulle verdediging van die apartheidsbeleid.

Verder word die problematiese indruk geskep dat die eenheid van die kerk vir die beswaarde broeders bloot 'n geestelike eenheid is – 'n eenheid wat hom nie op konkrete en praktiese wyse sigbaar maak nie. Hulle kan dus nie teorie en praktyk met mekaar

integreer nie. Dit is interessant dat alhoewel die eerste hoofstuk die opskrif: *Die Kerk*, het, die struktuur van die dokument van so 'n aard is dat die eerste vier paragrawe nie oor die kerk handel nie, maar oor die volk. Paragraaf 5 se vertrekpunt ten einde die kerk te verduidelik, is die volkeverskeidenheid. Die slotsom wat hier bereik word is dat "ons liefde vir die kerk van Christus 'n bedreiging word vir ons volksliefde."

Dit is belangrik om die ou stelling, *Elke ketter het sy letter* weer eens in dié benadering te sien. Nie dat daar gesê word dat die beswaardes kettters is nie, maar dit is 'n toonbeeld van hoe enige saak vanuit die Skrif bewys kan word afhangend van jou hermeneutiese vertrekpunt. Die drie Skrifgedeeltes wat voorheen deur persone gebruik is om 'n apartheidsteologie te fundeer, naamlik Gen. 11, Deut. 32:8 en Hand. 17:26 word bykans nie deur die beswaardes gebruik nie, maar eerder die gedeeltes van 1Kor. 7:17-24; Op. 5:9 en Op. 7:9.

## **8. Voorlopige Gevolgtrekkings uit die Dogmahistoriese Aanduidings**

Wanneer 'n historiese oorsig van belydenisskrifte gedoen word, word 'n groot diversiteit waargeneem ten opsigte van hul oorsprong en doelstellings. Wanneer die term "belydenisskrif" nagevors word, word dit baie gou duidelik dat hierdie begrip sy bestaan te danke het aan 'n lang historiese aanloop.

Belydenisskrifte is die vertoonlokaal waarin 'n kerk sy identiteit uitstal. Vir baie jare het Christene die begrip "belydenisskrif" verstaan as 'n gevestigde formule wat die belangrike artikels van geloof opsom en die goedkeuring van godsdienstige gesag geniet. In die Nuwe - Testament word aangeneem dat die apostels 'n "samevatting van geloof" moes hê wat as norm vir hulle toekomstige prediking gedien het sodat hulle nie verdeeld oor leerstellings sou wees nie.

In die Katolieke kringe word aanvaar dat die *regula fidei* 'n beknopte uiteensetting van Christelike leerstellings is vir gebruik by die kategete. Die eerste kerk was van die begin af 'n belydende kerk. Dit was nodig sodat daar 'n duidelike onderskeid tussen die

kerk en Judaïsme kon wees. Om daarin te kon slaag, moes die eerste kerk 'n *corpus* van waarheid hê waarin die evangelie wat hulle tot hul bestaan geroep hetin vervat was. Hulle het verplig gevoel om hierdie waarhied te verkondig.

Dit is opvallend om waar te neem hoedat die geloof mettertyd besig was om gestalte te verkry in konvensionele opsommings wat uitgekristalliseer het in besonderse situasies in die kerk se lewe. Bepaalde geleenthede het hulleself geleen tot eksposisie of verklaring van Christelike leerstellings. In die geval van die doop moes 'n sekere geloof bely word alvorens toelating tot die kerk verkry kon word. Die polemiese funksie van die kerk, die liturgie met sy gebede en liedere, die reg tot uitdrywing van duiwels asook die formele korrespondensie wat herders baie keer hardop in die gemeentes voorgelees het, het 'n ideale geleentheid geskep om bepaalde sienings te formuleer.

Opsommend kan Jonker se stelling aangebied word, naamlik dat die kerk in sy wese 'n belydende gemeenskap is. Van kardinale belang is dat 'n onderskeid tussen belydenisskrifte en 'n kerk se dogma getref moet word. Volgens die verklarende Woordeboek (Labuschagne-Eksteen 1992:142) dui 'n dogma op 'n vas-omlynde leerstuk waaroor nie meer geredeneer word nie. "Dogma" beteken dus dat 'n kerklike leerstuk as so vas en seker beskou word dat geen verdere vrae oor mag gestel word nie. So 'n benadering bring ons onvermydelik te staan voor die probleem van fundamentalisme<sup>7</sup> wat dui op die onaantasbaarheid van geformuleerde Skrifbeskouing.

Belydenis speel 'n belangrike rol in die Christelike en Joodse teologie, veral met betrekking tot die erkenning en belydenis van sonde teenoor God om vergifnis te verkry. Die behoefte aan belydenis word dikwels in die Bybel vermeld, veral in die oproepe van die profete. In Judaïsme is Yom Kippur 'n dag van vas, belydenis en gebede om vergifnis.

---

<sup>7</sup> Fundamentalisme dui nie net op die wyse waarop die onfeilbaarheid van die Bybel met foutloosheid gelykgestel word nie, of die verset teen enige vorm van kritiese Bybelstudie nie, maar ook op die pretensie van onaantasbare sekerheid waarmee daar 'n Skrifbeskouing geformuleer word.

In die Christelike tradisie het belydenis een van twee vorme aangeneem, te wete die private belydenis van sonde voor 'n priester of die openbare belydenis van 'n individu voor die gemeente. Hierdie praktyk word veral sterk deur die Rooms - Katolieke leer voorgehou op grond van Johannes 20:22-23.

Belydenis word ook onder andere deur die Ortodokse en ander Oosterse Kerke voorgestaan. Die Kerk van Engeland en ander Anglikaanse kerke het die algemene leer van die Rooms - Katolieke onderskryf. Openbare belydenis word ook deur die Lutherane, Pentekostaliste en Fundamentalistiese kerke beoefen.

Belydenis het later ook verwys na gesaghebbende opsommings van die belangrike artikels van geloof van bepaalde kerke of groepe gelowiges. Soos wat die godsdiens ontwikkel het, het leerstellings wat aanvanklik as algemeen aanvaar is, steeds beter interpretasie vereis. Hierdie interpretasies het nie altyd algemene konsensus geniet nie, en is selfs met teenstand begroet. Gedetailleerde belydenisse was nodig om die verskille tussen die uiteenlopende sienings af te grens. In die Christelike Kerk was die Apostoliese Geloofsbelydenis die vroegste teboekstelling van leerstellings. Met die Reformasie het die totstandkoming van verskeie Protestantse Kerke die formulering van nuwe belydenisse genoodsaak. In hierdie opsig kan gesê word dat belydenisskrifte in die sin waarin ons dit ken, 'n tipies Protestantse verskynsel is (Jonker 1994:3).

Die Augsburgse Belydenis is wêreldwyd deur die Lutherane aanvaar. Die Formula Concordiae (1577) wat deur die Lutherane aanvaar is, het al hoe meer erkenning verloor. Die leerstellings van die Church of England word in die Nege en Dertig Artikels opgesom en dié van die Presbiteriane in die Westminster Confession. Die meeste kerke van Europa het die Helvetiese Konfessie van die Switserse hervormer, Heinrich Bullinger, aangehang en die oorgrote meerderheid van Calviniste het die Heidelbergse Kategismus aanvaar.

Die Remonstrante het onder andere daarteenoor beweer dat 'n konfessie in stryd is met die gesag van die Skrif, dat dit 'n binding op die gewete plaas en die voortgang in kennis

belemmer. Die argument gaan verder dat die nadruk op 'n konfessie sal lei tot ortodoksisme, leerheiligheid en 'n dorre verstandsgodsdiens sonder enige warmte.

Een van die grootste bydraende faktore wat gelei het tot die afwyking van en doelbewuste ondermyning van belydenisskrifte skyn die ondertekeningsformulier te wees wat predikante moes onderteken. Hierdie ondertekening het gedien as deel van hulle legitimering en toelating tot die evangeliebediening.

Tussen die Sinode van Dordrecht 1618-19 en die Sinode van 1816 lê die agtiende eeu met sy Rasionalisme wat 'n geweldige invloed op die kerk gehad het, veral in Europa. Met die Sinode van 1816 wat deur Koning Willem I byeengeroep is, is die formulier verslap met die oog daarop om die predikante wat nie met die ondertekening van die vorige weergawe van die formulier saamgestem het nie, weer in die kerk op te neem (Franeker 1946:21; 149). Slegs die ondertekening van die volgende verklaring is vereis:

“De leer, welke overeenkomstig Gods heilige Woord, in de aangenome formulieren van Enigheid der Nederl. Herv. Kerk is vervat ter goedertrou aan te nemen en hartelik te gelooven.”

Met die gedagte van “insover” (quatenus), as dit volgens Koning Willem I se siening met God se Woord ooreenkom, kon iedereen vir homself uitmaak hoeveel van die offisiële leer van die kerk hy nog beskou as in ooreenstemming met die Heilige Skrif te wees. Onnodig om te sê dat hierdie leervryheid baie gou op modernisme uitgeloop het wat die kerk geweldige skade berokken het.

In 1804 is die kerkorde van De Mist aan die Kaap onderteken wat geen noemenswaardige verandering in die ondertekeningsformulier van predikante gebring het nie. In 1837 is daar teruggekeer na die oorspronklike ondertekeningsformulier (Kleynhans 1973: 156-157; 164).

Ten einde die begrip belydenisskrif soos dit in godsdienstige kringe figureer te probeer presiseer, kan die volgende omskrywing gegee word:

“ 'n Belydenisskrif is 'n geskrif waarin 'n kerk of 'n groep van kerke hulle uitspreek wat hulle vir die waarheid hou volgens die Woord van God. Die fundering van belydenisskrifte in die Woord van God dui op sy openbaring aan die mens waarin Hy die mens na sy innerlike op so 'n wyse aanspreek dat hy/sy daarop sinvol kan reageer. Die antwoord op God se Woord moet tot belydenis gemaak word.”

Die krag van 'n belydenis lê daarin dat dit gerig is op 'n konkrete oomblik in die hede. Ten einde dit te kan doen, moet daar eerstens 'n analise van die situasie wees wat 'n bepalende rol in die formulering van 'n belydenis sal speel. Een van die primêre doelstellings van 'n belydenisskrif bly steeds die vervulling van 'n polemiese funksie en dit kan nie geskied alvorens daar nie eers 'n indringende voorafgaande meningswisseling, standpuntinname en teologiese argumentering plaasgevind het nie.

Eers nadat alle moontlikhede beproef is, word daar bepaal dat 'n abnormale situasie ontstaan het wat vereis dat die kerk erns daarmee moet maak. Dit dui ook op die totstandkoming van 'n nuwe belydenis, nie op grond van 'n individuele meningsverskil nie, maar volgens konsensus wat 'n groep gelowiges bereik. In baie gevalle is sodanige oortuigings ook deur die Christelike gemeenskap versprei sonder dat daar noodwendig wetgewing of invoegings in 'n bepaalde belydenis was. Tog is dit as 'n belydenis gebruik deur lidmate wat in die kerk opgeneem of gedoop is.

Later is sommige van hierdie belydenisse van individue en groepe, waar dit aanvaarding en inslag onder groepe gevind het, aangeneem vir liturgiese gebruik. Die onderrig wat bekeerlinge ontvang het voordat hulle gedoop is, skyn ook te wees een van die hoof-oorspronklike bronne van formele belydenisse. Die antwoord wat van 'n belydende

gelowige verwag is, het stadigaan die vorm van 'n groep voorstelle aangeneem, wat beskou is as genoegsame aanduiding van 'n persoon se Christelikheid.

Die Apostoliese Geloofsbelydenis het onder andere sy oorsprong hieraan te danke. Dit het op 'n stadium as 'n wagwoord gedien. Dit is ook van belydenisse verwag om 'n openbare getuienis uit te dra, nie net in die kerk nie, maar ook in die wêreld. Die sielkundige invloed wat 'n openbare belydenis op 'n persoon se karakter gehad het, het nie net stabiliteit in die belyer se lewe gebring nie, maar ook 'n indruk op die wêreld gemaak.

Belydenisskrifte is dikwels bloot gebruik om die waarheid van die ware karakter van die gelowige te bewys. Aangesien hierdie belydenisskrifte outentieke uitdrukkings van bepaalde leerstellings was, het hulle ook gedien om misverstande en wanbegrippe uit die weg te ruim. Daar kan met veiligheid gesê word dat seker die meeste van die belydenisse van die Hervorming oor hierdie apologetiese karakter beskik het. Voorbeelde hiervan is die Lutherane se belydenis aan die keiser in Augsburg in 1530 en Zwingli se belydenis aan Karl V op dieselfde tydstip.

In ander gevalle is belydenisskrifte geformuleer om geskille op te los, om as 'n kompromie tussen sekere vyandige sienings te dien of om die veroordeling van een en die aanname van 'n ander een te bepaal. In hierdie opsig het belydenisskrifte dus gedien om die valse van die ware te onderskei. In dié geval kan veral verwys word na die belydenisskrifte van Nicea, die Dordtse Leerreëls en die *Formula Concordiae*.

In ander gevalle is belydenisskrifte opgestel vir die beoogde samesmelting van of hereniging tussen groepe waar daar verwydering as gevolg van kontroversie bestaan het en daar nie 'n kompromie met bepaalde leerstellinge aangegaan kon word nie. In hierdie geval kan as voorbeeld verwys word na die Westminster Belydenis. Een van die doelwitte wat die belydenis moes dien was dat dit as norm vir regsinnigheid voorgehou is aan kerklede in die algemeen of meer spesifiek as 'n vereiste vir die aanstelling van

ampsdraers. Hierdie geskrifte is ook gebruik by die hou van kerklike verhore en om uiteindelik dissipline toe te pas; selfs om persone uit die kerk te ekskommunikeer.

Laastens kan opgemerk word dat belydenisskrifte op 'n meer aanpasbare as outoritêre wyse geskryf is as eksposisies van bepaalde begrippe in die stelsel van Christelike waarheid.

## DEEL TWEE

### FUNDERING VAN BELYDENISSKRIFTE IN DIE WOORD

#### 1. INLEIDING

Vanuit 'n chronologiese orde beskou, sal dit seker meer gepas wees indien hierdie bespreking van Bybelse begronding die bespreking van die historiese oorsig voorafgaan. Die rede lê daarin dat daar vir langer as die helfte van die kerk se geskiedenis geen twyfel bestaan het nie dat belydenisse, in die Ou en Nuwe Testament aanwesig was, al was dit slegs in "embrionale" vorm. Dit is hierdie feit wat 'n groot bydrae gelewer het tot die daarstelling en uiteindelijke formulering van latere belydenisskrifte.

Die vroeë kerk was sedert sy ontstaan 'n gelowige, belydende kerk. Een van die hoofredes hiervoor is dat die kerk 'n *corpus* van waarheid saamgestel het om 'n duidelike skeidslyn tussen die kerk en Judaïsme te trek. Die kerk het in die Apostoliese tyd belydenisse in 'n breër sin van die woord gehad en daar bestaan genoegsame grond om te toon dat hierdie "belydenisse" later in konvensionele opsommings gegiet is.

Die uiteindelijke uitkristallisering van belydenisskrifte is ook aangewakker deur sekere gebeure in die kerklike lewe wat eksegetiese genoodsaak het. Hierdie belydenisse dui op die sistematiese formulering en uitdrukking in die vorm van 'n verklaring van die godsdienstige geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is. 'n Belydenis is dus 'n opsommende verklaring van wat godsdienstige leiers aangaande 'n Christelike stelsel glo en van oortuig is dat dit 'n getroue weergawe van die bedoeling van die Woord van God is.

In die lig van bogenoemde stellings kan opsommend gesê word dat belydenisskrifte regstreekse en onregstreekse aansluiting by die Bybel vind en gevolglik kan spore van belydenisse in die Ou en Nuwe Testament gevind word. Die oordrag van gesaghebbende leerstellings sal noodwendig ook onder die loep kom.

## **2. BELYDENISSE IN DIE OU TESTAMENT**

Leith (1973:12) wys daarop dat amptelike belydenisse nie as sodanig verskyn het tot en met die derde en vierde eeu nie. Die proses wat uiteindelik op belydenisskrifte uitgeloop het, het egter sy oorsprong in die historiese belydenisse gehad soos byvoorbeeld Deut. 26:5-9 en 6:21-25 en verklarings van bevestiging in Deut. 6:4-5 en 1Kon. 18:39.

Die volgende aanhaling word in die algemeen as voorbeeld gebruik om die aanwesigheid van 'n belydenis in die Ou Testament te staaf:

“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here...”

(Deut. 6:4)

Soortgelyke belydenisse word ook in Ps. 33, 97 en 136 aangetref.

### **2. 1 Historiese Belydenisse**

“Jy moet dan in die teenwoordigheid van die Here jou God sê: My vader was 'n Arameër wat van plek tot plek getrek het. Hy het na Egipte toe gegaan en met min mense daar as vreemdeling gaan woon. Daar het hy 'n groot, sterk en talryke nasie geword. Die Egiptenaars het ons sleg behandel. Hulle het ons verdruk en ons harde werk laat doen. Ons het na die Here die God van ons voorvaders geroep, en Hy het ons gehoor. Hy het ons ellende en ons swaarkry raakgesien en gesien hoe ons verdruk word. Die Here het ons uit Egipte laat wegtrek deur magtige daade, kragtige groot daade wat vrees ingeboesem het, tekens en wonders. Hy het ons in hierdie plek

gebring en hierdie land aan ons gegee, 'n land wat oorloop  
van melk en heuning." (Deut. 26:5-9)

In dié konteks beskou, dui hierdie gedeelte op die liturgiek wat gevolg is tydens die aanbidding gepaardgaande met die aanbieding van die "eerste opbrengs" van die oes. Die doel van hierdie bepaalde liturgiese orde was om die aanbieder te herinner aan die genade van God wat aan die volk betoon is, selfs in die tyd nog voordat die aanbieder gebore was. Die aanbieder het volgens 'n voorgeskrewe vorm soos in vers 5 weergegee word, sekere gebeure uit die geskiedenis bely wat veral die getrouheid van God as die betroubare Voorsiener, magtige Beskermer en beloofde Verlosser aksentueer. Deur hierdie belydenis het die aanbieder homself ook in die openbaar geïdentifiseer en geassosieer met daardie wonderlike gebeure deur die volgende te bely: "...My vader was 'n Arameer..." (V5).

Phillips (1973:174) is die mening toegedaan dat hierdie voordrag wat die aanbieder tydens dié seremonie lewer, nie as 'n formele belydenis van die Israelse geloof beskou kan word nie. Dit gaan hier primêr oor die besit van die landgebied wat God aan hulle gegee het in teenstelling met dié waarin hulle in slawerny verkeer het. Hierdie belydenis is 'n erkenning dat God beide die God van die geskiedenis en die natuur is.

## **2. 2 Verklarende Bevestigings**

"Luister, Israel, die Here is onse God, Hy is die enigste Here.  
Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou  
krag.

"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes  
bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as  
jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.  
Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet  
'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op  
jou stadspoorte." (Deut. 6:4-9)

Hierdie verse het 'n bepaalde plek in Judaïsme ingeneem wat ook bekend staan as die "Shema" (Hebreeus – hoor) wat deel uitmaak van die gebede van die Joodse gelowige. In hierdie belydenis is daar 'n eksklusiwiteitsverklaring waarin die unieke karakter van God uitgedruk word, naamlik dat Hy die enigste Here is (monoteïsme) teenoor die godedom (politeïsme) van die Kanaäniete, sy verbondsliefde teenoor Israel en die beloftes wat Hy aan die vaders gemaak het wat Hy sal vervul ( Von Rad 1966:63).

Hierdie liefde vir God is nie 'n geheime toewyding of 'n private verhouding wat ander nie raak nie, maar bevat 'n element van 'n openbare belydenis waarin persoonlike trou aan God toegesê word (Brown 1993:97):

"Toe die hele volk dit sien, het hulle op hul knieë geval en uitgeroep: "Die Here is God! Die Here is God!" (1Kon. 18:39)

Hier is die verklaring nie net dat "Yahweh" God is nie, maar dat Hy die enigste God is. Gray (1964:358) stel dit weer as: "I, even I, am he, and there is no god beside me." Die gedagte van monoteïsme en die eksklusiwiteit van God figureer baie sterk in hierdie belydenis.

## **2. 3. Skuldbelydenis en Lofprysing**

In die Ou Testament tref ons belydenisse aan veral in die vorm van skuldbelydenis en lofprysing wat hoofsaaklik uit die Ou - Testamentiese kultus - erediens ontwikkel het. In die lofprysing het die gelowige gewoonlik sy dankbaarheid teenoor God verklaar vir sy verlossingsdade teenoor Israel of vir homself. Die selfstandige naamwoord "*toda*" kan verwys na belydenis, danksegging, aanbidding of selfs na 'n groep wat lofliedere sing. Die dankpsalms (bv. Pss. 30, 34 en 116) het veral as "belydenisse" (*todah*) bekend gestaan.

Daar is ook die direkte gebruik van bely in die sin van loof en prys:

"Josua het vir Akan gesê: My seun, gee tog aan die Here die God van Israel die eer wat Hom toekom en doen

belydenis voor Hom. Sê my wat jy gedoen het, moet dit nie vir my wegsteek nie.' (Jos. 7:19)

Met die belydenis van ons sonde antwoord ons op die Woord van God, maar terselfdertyd verantwoord ons onself teenoor daardie Woord. Hierdeur erken ons dat sy Woord waar en reg is (Venter s.a. 5).

“Terwyl hy dan sy twee hande op die kop van die bok lê, moet hy al die oortredinge en opstandigheid, al die sondes van die Israeliete daar bo-oor die bok bely. Sodoende sal hy die sonde op die kop van die bok oordra. Iemand wat beskikbaar is, moet dan die bok die woestyn injaag” (Lev. 16:21).

Hierin kan die goddelike orde waargeneem word, naamlik dat daar eerstens met die sonde gehandel word en daarna volg die aanbidding (Gaebelein 1990:591):

“As u volk Israel deur ‘n vyand verslaan word omdat hulle teen u gesondig het en hulle kom tot inkeer en bely u naam en bid tot u in hierdie huis en smee U, ...”

“Wanneer die hemele toegesluit bly en daar nie reën is nie omdat hulle teen U sondig, en hulle bid na hierdie plek toe en bely u Naam terwyl hulle hulle van hulle sonde bekeer en vra dat u hulle gebed sal verhoor, ....” (1Kon. 8:33 en 35)

Hierdie nederlaag is deur sonde veroorsaak, gevolg deur die voortdurende weiering om op God se vermanings ag te gee. Die droogte word beskou as ‘n straf vir die sonde en bied ook ‘n geleentheid vir God om hulle die goeie weg te leer waarin hulle moet wandel (Rice 1990:66-67). Die voorwaardes vir herstelling is om na God terug te keer (bekering), God se naam te bely (Hom as Heer te erken) en tot God in die tempel te bid volgens die voorgeskrewe wysé (Gaebelein 1988:87). As sy Woord waar en reg is, moet dit

noodwendig beteken dat sy integriteit en betroubaarheid erken en bely word, wat tot heerlikheid van God strek.

“Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank.” (Daniël 6:11).

Douglas (1986:247) sê so ‘n erkenenis van God se magtige daade van goedertierenheid en verlossing het gewoonlik gepaard gegaan met die belydenis van sonde.

Belydenis kan tot gevolg hê dat ‘n gelowige hom opnuut aan God kan verbind om liedere van lofprysing te sing, om blymoedige offers te bring, om met begeerte ander van die genade van God te vertel en hom te verenig hulle met die aanbidende gemeente in die huis van God in Jerusalem. Daar is ‘n skakel tussen die belydenis van sonde en om lof en prys aan God te bring. Wanneer sonde in die openbaar voor die gemeente bely word, word die skuldige persoon geseën en word God daardeur verheerlik. Die werke van God word hierdeur verkondig (Kittel 1987:204).

“Onder alles wat Ek gemaak het, staan hy eerste,  
net sy Maker kan hom verslaan,” (Job 40:14)

God hernu sy uitdagings tot Job deurdat hy raaisels moet beantwoord. Met Job se beskuldigings teen God (Job 9:19-24) bevraagteken hy God se integriteit. As Job algehele regverdigheid teenoor die goddelose kan beoefen, dan sal God vir Job as ‘n god en ‘n held “erken” (dit beteken letterlik aanbid) (Kittel 1981: 906).

### 3. BELYDENISSE IN DIE NUWE TESTAMENT

Spore van belydenisse word in die Nuwe Testament gevind in 'n verskeidenheid verwysings soos onder andere:

- Christologiese belydenisse
- Die oordrag van gesaghebbende leringe / gesonde leer.
- Die Geloof
- Die Woord van die Lewe
- Die Evangelie
- Volledige belydenisse

#### 3. 1 Christologiese Belydenisse

Vanweë die oorheersende Christologiese karakter wat in belydenisse gevind word, sal daar desnoods meer Nuwe - Testamentiese as Ou - Testamentiese begronding wees, alhoewel daar nie een belydenisskrifpatroon in die formules van die Nuwe Testament te vinde is nie. Die Christologiese formules wat die mees algemene tipe is, varieer van kort uitroepe soos *Jesus is Heer* (1Kor. 16:21) of *Jesus is die Christus* (1Kor.2:2) tot bepaalde teologiese refleksies. 'n Voorbeeld hiervan is aan brief aan die Romeine:

“Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig, en dit handel oor sy seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore; op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag bekleed is, Jesus Christus onse Here.” (Rom. 1:1-4)

Hierdie gedeelte bevat die volle neerslag van die ontwikkelde Christologie van Chalcedon (Kittel 1987: 12).

Bykomend tot die Christologiese belydenisse is daar ook in die Nuwe Testament twee-artikel (binatariese) formules wat beide God en Christus bely asook belydenisse met drie-artikel (trinitariese) formules wat die Vader, Seun en die Heilige Gees bely. Hierdie trinitariese formules het die ander formules veral in die derde eeu vervang vanweë die implisiete en oorwegend trinitariese karakter van die van Nuwe - Testamentiese dokumente.

Die situasies wat in die daaglikse lewe van die kerk opgeduik het, het genoodsaak dat daar meer konkrete belydenisse ontwikkel en geformuleer moes word ten einde dit die hoof te bied. Van die mees algemene situasies was dié van prediking (Hand. 2:3), didakties (1Kor. 15:3-7), aanbidding (Fil. 2:6-11), doop (Hand. 8:36-38), uitdrywing (Hand. 3:6), belydenis (1Tim. 6:12-16) en polemieë (1Joh. 4:2) (Leith 1973: 127).

Leith (1973:2) sê dat die kerk belydenisskrifte sou hê ongeag of daar bedreigings of ketterye soos gnostisisme in die tweede eeu, nasionaal - sosialisme in die twintigste eeu, Nicea in die vierde eeu of hervorming in die sestiende eeu gewees het. Die Christelike geloof wil homself uitdruk in belydenisse en kom daarvoor tot artikulerende uitdrukking wat bevestiging van die geloof en dank teenoor God is vir die prys wat Christus betaal het. Dit is ongetwyfeld waar dat die geskiedenis die milieu is waarbinne belydenismaking plaasvind.

Bogenoemde is 'n belangrike feit wat ten gunste van die noodsaaklikheid van belydenisskrifte geopper kan word. Te midde van veranderde situasies wat die kerk moet konfronteer en aanpassings wat voortdurend gemaak moet word ten einde dit die hoof te kan bied, bly die kerk vanweë sy geloof 'n belydende gemeenskap.

In die Nuwe Testament is bepaalde stelling wat uit die Evangelies afkomstig is, in latere belydenisse opgeneem. Dit is die Pauliniese sendbriewe wat meer besonderhede en verduidelikings gee aangaande Christus se persoon en sy verhouding tot God en die mens. Een van die redes vir die verklarende aard van die sendbriewe kan wees dat Christus eers

vir 'n tyd geleef en geleer het alvorens pogings aangewend is om sy lewe weer te gee en sy verklarings te dokumenteer.

Alhoewel daar nie presies gedefinieerde en amptelike belydenisskrifte in die Nuwe Testament is nie, het die Nuwe - Testamentiese kerk vanweë sy bediening gepreek, gesing, gebed, getuig en duiwels uitgedryf. Hierdie aktiwiteite het daartoe gelei dat die inhoud van die geloof min of meer in 'n belydenisvorm vasgelê is (Leith 1973:127). Hierdie formules is afleibaar deur hulle inleiding soos byvoorbeeld waar Paulus spesifiek vermeld dat hy dit wat hy ontvang het, oorlewer (1Kor. 15:3-7). In ander gevalle kom dit weer voor in die formele styl waarin die sendbriewe geskrywe is.

### **3. 2 Die Oordrag van Gesaghebbende Leringe / Gesonde Leer**

Daar is genoegsame voorbeelde in die Nuwe Testament wat op die oordrag van gesaghebbende en gesonde leer dui. In die gedeeltes word hierdie korpus van leringe deur middel van verskillende benamings of begrippe uitgedruk soos:

### **3. 3 Oorlewering**

“Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis.” (1Kor. 11:23)

Paulus gee hier 'n weergawe van die tradisie wat hy ontvang het van hoe die Nagmaal ingestel is. Die TEV vertaling stel dit dat wat hy van die Here ontvang het, die lering aangaande die nagmaal is. Die feit dat daar 'n opdrag is dat die Nagmaal voortdurend gevier moet word en dat dit op die verkondiging van Jesus se dood dui, beteken dat die tradisie ononderbroke oorgedra en gehandhaaf moet word (Grosheide 1953:269 en Bratcher 1982:110).

“Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sonde gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte.” (1Kor.15:3)

Die begrip *oorgelewer* en sy korrelaat *ontvang* verwys na die metode waarop die evangelie in die ou tyd ontvang is, naamlik deur prediking. Die apostels het dit van die Here self ontvang (Gal. 1:12) en dit weer op hulle beurt aan die gemeentes oorgedra wat dit aan ander oorgelewer het. Die feit dat Paulus sê dat hy dit van die Here ontvang het, dui op sy beklemtoning daarvan dat dit wat hy oorgelewer het, ‘n goddelike oorsprong het. Daarom kan Paulus se diepe betrokkenheid en totale verbinding tot dit wat hy geskryf het nie bevraagteken word nie (Dunn 1993:2). Dit is nie ‘n opsomming van leringe nie, maar wel feite (Grosheide 1953:349). Paulus bou sy argument verder uit deur twee negatiewe stellings te maak. Hy sê eerstens dat hy die “leer” nie van enige mens ontvang het nie, wat na die oorspronklike ontvangs van die Evangelie verwys en tweedens dat niemand hom dit geleer het nie, wat verwys na sy toenemende verstaan van die inhoud van die Evangelie (Arichea & Nida 1976:17).

### **3. 4 Aflê van belydenis**

“...Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuïenis afgelê.” (1Tim. 6:12)

Daar skyn redelike konsensus by kommentators te bestaan dat uit die konteks van dié gedeelte die ordening hier te sprake is. Tydens hierdie geleentheid word Timoteus herinner aan die belydenis van geloof wat hy tydens sy doop afgelê het (Hanson 1982:110). Knight (1992:264) wys daarop dat die roeping deur God gewoonlik gekoppel is aan die belydenis van geloof en dat belydenis gewoonlik gekorreleer word met die doop.

### **3. 5 Toevertrou**

“Timoteus, bewaar wat aan jou toevertrou is...” (1Tim. 6:20)

Die *toevertrou* waarna die outeur hier verwys, het eerder betrekking op 'n verwysing na die tradisie as op die opvolging.

“Neem die woorde wat jy van my gehoor het, as voorbeeld en gesonde verkondiging en volg dit na in die geloof en liefde wat ons in Christus Jesus het.” (2 Tim. 1:13)

Volgens Hanson (1982:110) kan die begrip *voorbeeld* twee betekenisse hê. Dit kan verwys na die mondelinge lering as 'n raamwerk van die evangelie of die belydenis – 'n raamwerk van die geloof wat gehoor is. Dit is interessant dat alhoewel leerstellige ortodoksie so beklemtoon word in die sendbriewe, dit wil voorkom dat dit nie die vorm van 'n gevestigde belydenis aangeneem het nie.

Young (1994:132) se verklaring is dat die begrip “voorbeeld” (*hupotupòsis*) op 'n skets dui soos dié van 'n argitek. Die apostel wil dus daardeur sê dat sy lering niks meer as 'n beginpunt is nie wat op die verlengstuk van dogmatiese formules dui. Timoteus word dus versoek om nie net te herhaal wat Paulus hom geleer het nie, maar om die leringe as grondslag te volg.

### 3. 6 Gesonde Leer

“Want daar sal 'n tyd kom wanneer die mens die gesonde leer (*didaskalia*) nie meer sal verdra nie...” (2 Tim. 4:3).

Die woord *didaskalia* verskyn 15 keer in die Pastorale Sendbriewe (Vine 1969 332). Uit die afgeleide agtergrond en verband wil dit voorkom dat die twee woorde, *leer* en *woord* as sinonieme gebruik word. Die opdrag of waarskuwing wat aan Timoteus gerig word, het spesiale verwysing na die eindtyd en die koms van Christus Jesus wanneer die mense nie die gesonde leer sal verdra, nie maar hulle al sterker daarvan sal afkeer.

Paulus se betoog is dat aangesien die mens sy rug op die waarheid sal draai, dit des te meer vereis dat die verkondiging duideliker en meer oortuigend moet wees. Hierdie feite kan ten gunste van die argument voorgehou word dat belydenisskrifte noodsaaklik is. Paulus se verweer vir sy oproep tot Timoteus om sy verantwoordelikheid teenoor die leer na te kom, lê daarin dat hy dit doen as 'n opdrag en met die goedkeuring van God. Hierdie studie berus op hierdie standpunt. Dit is my mening dat die verskillende funksies van belydenisskrifte in hierdie perikoop, te wete prediking – verkondig die woord, polemie – weerlê/bestraf en didaktiek – onderrig aangeraak word (Stott 1973:109).

Die *leer* waarna hier verwys word is onlosmaaklik aan Christus as die “leermeester wat van God gekom het,” gekoppel (Joh 3:2). Dieselfde gedagte kom in in Lukas 3:12 voor waar die tollenaars, na aanleiding van Johannes se oproep dat hulle hul moet bekeer, hom vra “Meneer, wat moet ons doen?” Beide die aanspreekvorm en die vraag aan Johannes is ‘n aanduiding dat hulle daardeur erken dat asgevolg van sy kennis van die wil van God, hy instaat is om hulle mee te kan deel hoe om die guns van God s te verkry (Kittel 1964:152).

Die afleiding wat gemaak kan word is dat wanneer Paulus sê dat daar ‘n tyd sal kom wanneer die mens die gesonde leer nie meer sal verdra nie, dit ook kan beteken dat die verkondigers van die leer, en in sonder Christus, ook nie verdra sal word nie.

### **3. 7 Belydenis van Geloof**

“Daarom, broers wat vir die Here afgesonder is en deelgenote is van die hemelse roeping, moet julle noukeurig let op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely.”  
(Heb. 3:1)

Die woord “homologia” word in dié vers met “bely” vertaal wat dui op die objektiewe waarheid dat Jesus die Apostel en Hoëpriester is en wat die gelowige bely. As Apostel is Jesus die gestuurde van God om God by die mens te verteenwoordig en as Hoëpriester,

die mens by God te verteenwoordig. Dit verwys na die dubbele aard van die bediening van Jesus (Hughes 1977:128 en Hagner 1976:37).

Met die gebruik van die woord "homologia" word nie net bedoel 'n passiewe belydenis van dit wat 'n persoon glo nie, maar juis dat die gelowige voortdurend die inhoud van sy belydenis sal ondersoek ten einde die implikasies van die belydenis beter te verstaan sodat hy gevolglik tot 'n toenemende geestelike verstaan en verdieping sal kom (Kent 1983:63).

Wat van belang is, is dat belydenis 'n daadwerklike heenwysing is na die openbare toepassing van die waarheid wat bely word in die praktyk. Dit moet veral gedoen word met inagneming van die vyandigheid van die wêreld teenoor Christus, wat vereis dat die gelowiges met volharding getuies sal wees. Dit bring 'n verdere betekenis van bely na vore, naamlik dat dit nie net 'n eenmalige gebeurtenis is nie, maar wel 'n voortdurende daad van belydenis wat deur woord en leefwyse uitgeleef word (Hewitt:1978:98).

### **3. 8 Die Belydenis van Hoop**

"Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het." (Heb. 10:23)

Volgens Guthrie (1983:214) is bogenoemde belydenis 'n meer omvattende belydenis aangaande Christus aangesien dit spesifieke beloftes rakende die toekoms bevat. Hierdie toekomsverwagting het tot gevolg dat die gelowige daaglik met volharding sal voortgaan en die standaard van Christus sal handhaaf in 'n samelewing waar Hy nie erken en aanvaar word nie (Brown 1973:186).

### **3. 9 Die Oorgelewerde Geloof**

"...Maar nou voel ek my verplig om julle met my brief aan te spoor om te stry vir die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan dié wat God vir Hom afgesonder het." (Jud. 3)

“Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof...” (Jud. 20).

Die woord *geloof* word hier in die sin gebruik van ‘n aanvaarde stelsel van geloof. (Vergelyk Kelly 1972:8).

### 3. 10 Die Woord van Die Lewe

“Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld deur die woord van die lewe uit te dra.” (Fil. 2:15,16)

Ten einde ligdraers te wees, moet die woord van die lewe uitgedra word. Hier gaan dit oor die sendingkarakter van die kerk te midde van die ontaarde en korrupte mense wat die gelowiges omring. Die woord van die lewe is sinoniem met die evangelie. Paulus roep sy lesers op om te skyn soos sterre deur hulle lewens ‘n konstante demonstrasie van die evangelie te maak. Opsommenderwys kan gesê word dat die boodskap van die lewe verstaan word as ‘n wyse hoe die evangelie geleef word (Loh en Nida 1997:71). Deur die evangelie so uit te leef, getuig hulle lewens van die krag van die Woord wat ‘n veranderende invloed op die lewe van die mens het (Müller 1976: ).

### 3. 11 Die Evangelie as Belydenis

“Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe.” (1Kor. 15:3-5)

Uit die voorafgaande verse is dit merkbaar hoedat Paulus die klem op die evangelie plaas en dat uit die konteks, die aangehaalde gedeelte as ‘n opsomming beskou kan word van wat die evangelie behels. Paulus gaan terug na die oorsprong van sake, naamlik dat dit

wat hy aan die lesers oorlewer, aan hom oorgelewer is. Dit wil sê dat die Christelike geloof, naamlik versoening deur die dood van Christus en die teologie wat gebaseer is op die opstanding van Jesus, reeds geformuleer was voordat Paulus op die toneel verskyn het.

### **3. 12 Die Eenheid van Belydenisse**

“Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.” (Ef. 4:5-6)

Hierdie verse word deur talle studente beskou as ‘n uitdrukking van ‘n baie vroeë Christelike belydenis alhoewel daar heelwat besprekings bestaan rondom eenheid, omvang van die inhoud en oorspronklike taal (Fee 1988:721). Dit spreek van die trou aan die een opgestane Heer, wat meer as lippediens is. Hierdie één geloof bind mense saam tot ‘n eenheid. In hierdie verse wil dit voorkom of Paulus die verband tussen die eenheid van geloof en belydenis wil aandui deur die leer van die triniteit sterk te beklemtoon. Hierdie leer het ‘n kardinale rol in die formulering van die historiese belydenisse van die kerk gespeel. Veral in die belydenisse afkomstig van die Ooste, het die woord “een” behoue gebly wat suggereer dat daar swaar op hierdie teksvers gesteun is (Bruce 1977:81).

### **3. 13 Volledige Belydenisse**

#### **3. 13. 1 Jesus as Seun van God**

“Toe roep Natanael uit: ”Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!” (Joh .1:49)

Bogenoemde is ‘n sprekende voorbeeld van ‘n belydenis in wording. Volgens Morris (1981:168) het Natanael op hierdie stadium nog nie ten volle besef wat sy belydenis van “Jesus as seun van God” alles behels nie. Vanweë Jesus se uitspraak (v. 49), het Natanael nie besef dat Hy meer is as ‘n gewone persoon nie en kon hy Hom nie in gewone terme

beskryf nie. Met sy belydenis het Natanael Jesus in die aller nouste verhouding tot God beskryf.

### **3. 13. 2 Die Godheid van Jesus**

“En Tomas sê vir Hom: “My Here en my God.” (Joh. 20:28)

Die klimaks van Johannes se evangelie word gevind in die radikale belydenis van wie Jesus waarlik is deur Tomas: “My Here en my God” (Du Toit 1990:58). Tomas gee uiting aan sy nuutgevonde geloof deur te bely dat Jesus sy “Here” en sy “God” is. Hiermee bely Tomas die Godheid van Jesus wat ‘n nuwe vorm van belydenis voortvloeiend uit Sy opstanding is (Morris 1981: 853). Sommige Skrifverklaarders meen dat Petrus die eerste een was wat die Messiasskap van Jesus bely het (Mat. 16:16). Indien dit die geval is, beteken dit dat die vroeëre verhale in die Evangelies nie-histories is. Tasker (1978:159) se verduideliking is dat die belydenisse in Johannes nie gemaak is op grond van ‘n direkte openbaring van die Vader soos dit in die geval van Mat. 16:17 is nie, maar eerder asgevolg van die prediking van Johannes die Doper.

### **3. 13. 3 Jesus die Christus**

“Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: ‘Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?’

Hulle antwoord: ‘Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete.’

“Maar julle,” het Hy gevra, ‘wie, sê julle, is Ek?’

Simon Petrus het geantwoord: ‘U is die Christus, die Seun van die lewende God.’

‘Gelukkig is jy, Simon Barjona,’ het Jesus vir hom gesê, ‘want dit is nie ‘n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou: Jy is

Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.' ” (Mat. 16:13-18)

Die doel van die vraag wat Jesus gestel het was om die opinie van diegene buite die kring van die dissipels met dié van die dissipels te kontrasteer (Newman and Stein 1988:534). Petrus se belydenis teenoor die van Tomas dat Jesus die Christus is, dui aan dat die tyd nou aangebreek het waar Hy hulle in die misterie van sy komende passie en opstanding gaan inlei. Hierdie eksegeese word onderskraag deur Matteus se opmerking in hoofstuk 16:21, naamlik “Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly...”

Die vraag wat Jesus in hierdie gedeelte stel, dui eerstens op 'n kontras tussen die dissipels en die “mense” buite die kring van die dissipels. Hulle onderskeie opinies word verneem. Dit is opvallend dat die vraag aan die mense buite die kring van die dissipels rondom Jesus as die Seun van die mens gaan. Hulle belydenis aangaande Jesus bevestig die opmerking deur Hom dat die mens deur sy eie vermoë en insig slegs Jesus se mensheid kan ken en bely en nie Sy Godheid nie.

Die uitdrukking *vlees en bloed* is 'n Joodse wyse om na die mens te verwys (Hill 1977:260). Daarom dat toe Petrus Jesus se Godheid bely dat Hy die Christus die Seun van die lewende God is, het Jesus dit uitdruklik gestel dat dit alleen moontlik is deur die werk van sy Vader wat in die hemel is. Hier dui *hemele* op die plek van die lewende God teenoor *vlees en bloed* wat op 'n plek van dood dui.

Die woorde *Seun van die lewende God* sê dat Jesus op 'n unieke wyse deel het aan die lewe van God en dat Hy self die vermoë het om hierdie lewe aan ander oor te dra. Petrus is die eerste belyer van Christus as Messias, leier van Israel (vgl. 1 Kor. 15:5) en Sefas is die eerste aan wie Jesus verskyn (Schweizer 1975:133). Jesus maak staat op Petrus om hierdie leierskap te beoefen (Hand 1:5). Die sleutels dui op die lering wat persone van die Koninkryk verbied of daarin toelaat (Filson 1977:187).

Dit is opvallend dat al hierdie uitdrukkings die geloof in Christus se Goddelike natuur en outoriteit as objek het. Vir Paulus is dit 'n kardinale deel van die Christelike godsdiens dat 'n persoonlike belydenis van geloof in Christus gedoen moet word.

### 3. 13. 4 Belydenis van Jesus as Heer

..."As jy met die mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered." ( Rom. 10:9-10)

Hierdie verse bevat 'n omvattende belydenis. Hieruit kan afgelei word dat bepaalde elemente soos die Godheid, versoening deur die dood en die opstanding uit die dode die inhoud van 'n Christelike belydenis konstateer.

Die belydenis dat Jesus die Here is, is een van die oudste Christelike belydenisse. Die Heerskap van Jesus word regstreeks gekoppel aan die feit dat God Hom uit die dode opgewek het. Die begrip *bely* word ook regstreeks aan *met die lippe* gekoppel wat die gedagte ondersteun dat so 'n belydenis op 'n verklaring of erkenning dui wat in die openbaar voor ander gedoen word.

Hierdie belydenis (homologia) spreek van die feit om in ooreenstemming met die Skrifte te wees omtrent dit wat dit van Jesus as Here (Kurios) gesê word. Om Jesus as Here te bely, sluit 'n hart van geloof in met besondere verwysing na sy Godheid, vleeswording, versoening en opstanding. Daarom sal geen Jood Hom as Here bely as hy nie waarlik Christus as sodanig aanvaar nie. Here (Kurios) in die Ou Testament (Septuaginta) word gebruik om God mee te beskryf. Selfs geen heiden sal dit doen as hy nie ophou om die keiser as kurios te dien nie.

Dieselfde kan van die gedagte *met die hart* gesê word, wat daarop dui dat dit 'n oortuiging is wat met alle erns en mening geglo word. Hierdie parallelisme tussen *geloof* en *bely* en *hart en mond* impliseer dat die innerlike en die uiterlike in harmonie moet wees. Die waarheid wat beklemtoon word is dat saligmakende geloof die ganse mens oorheers, dit wil sê sy intellek, emosies en wil en dit sal gevolglik vergestaltung vind in belydenis. Dit is nie slegs 'n intellektuele of intuïtiewe geloof nie. Hierdie geloof word deur die werking van God in die hart van die mens opgewek. Hoewel die belydenis met die mond gemaak word, sal dit ook in die gelowige se praktiese lewe figureer (Thomas 1946: 278-279).

Hierdie parallelisme is aanduidend van die Hebreeuse digkuns in die Ou Testament en hou verband met 'n aanhaling uit Deut. 30:14: "Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daarvoor praat, jy ken dit, jy kan daarvolgens lewe." Die Ou Vertaling, wat ook meer in ooreenstemming met die Engelse vertaling (Revised English Bible) is, se weergawe lui soos volg: "Maar naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen." Paulus handhaaf dieselfde orde in verse 8 en 9, naamlik eers die mond en dan die hart, maar die orde word in vers 10 omgedraai, die hart eerste en dan die mond.

Die rede vir hierdie verskynsel lê daarin dat Paulus die hart en mond as twee kante van dieselfde saak beskou. Dieselfde argument geld ook vir die onderskeie resultate, *geregtigheid* en *redding* wat van mekaar onderskei kan word, maar nie geskei kan word nie. Hiermee bevestig Paulus dat wat geglo word, nie iets anders as die belydenis kan wees nie en ook andersom (Cranfield 1985:257). Hierdie argument word verder gestaaf deur die koppelwoord "want" waarmee vers 10 'n aanvang neem. Die oorbeklemtoning van die gevolge sal lei tot die ontstaan van die gedagte dat daar twee verskillende soorte gevolge deur die twee aktiwiteite, geloof en bely teweeg gebring kon word.

### 3. 13. 5 Liturgiek (Dooop)

“Toe sê Filippus: As u glo met u hele hart, is dit geoorloof.  
En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van  
God is.” (Hand. 8:37 OV)

Hierdie vers word deur die TEV vertaling in hakkies geplaas en word deur die meeste vertalings van die Nuwe Testament weggelaat. Newman se argument is dat in so baie tale “geloof” ‘n grammatikale objek moet hê, naamlik “geloof *in* Jesus Christus” (1972:184). Een van die vroegste vorme van belydenisse word in die liturgiek gevind ten opsigte van die bediening van die sakrament van die doop, naamlik “dat Jesus Christus die Seun van God is”. Dit dien hier vermeld te word dat die belydenis in hierdie vers dat “Jesus die Seun van God is,” deur die Westerse teks bygevoeg is. Bruce (1981:185) is van mening dat die grammatikale konstruksie van die kamerling se belydenis nie Lukas se literêre styl is nie.

Die liturgie van die Apostoliese Kerk getuig van die belangrike rol wat belydenis op sigself gespeel het. Daar is daarop aangedring dat belydenis gedoen moes word as teken van ‘n persoon se waaragtige bekering wat ook as voorvereiste vir die doop en lidmaatskap gedien het. Hierdie belydenis moes in besonder erkenning aan Jesus as Heer gegee het (Rom. 10:9-10 en 1Kor. 12:3) asook vertroue en hoop in Hom bely (Heb. 3:6 en 10:23).

Die formule “in die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees” wat voorgeskryf is vir die doop, is ongetwyfeld die vorm waarin beide die Westerse (Apostoliese) en die Oosterse (Nicea) belydenisskrifte beslag gekry het. Die vorm van belydenis wat die meeste in die tweede en derde eeu gebruik is, is die vraende metode waar spesifieke vrae aan die dopeling gevra is en hy/sy daarop moes reageer.

Een van die mees algemene voorbeelde is die Apostoliese tradisie van Hippolytes (215) wat as volg gelui het:

Glo jy in God die Vader die alleen Heerser (pantokratora)?

Glo jy in Jesus Christus, die Seun van God, gebore deur die Heilige Gees uit die maagd Maria, wat deur Pontius Pilatus gekruisig is, en gesterf het (en begrawe is) en op die derde dag uit die dode opgestaan het, en opgevaar het in die hemele, en aan die regterhand van God die Vader gaan sit het, en weer sal kom om die dode en die lewende te oordeel?

Glo jy in die Heilige Gees, aan die heilige Kerk, en [aan die opstanding van die liggaam (sarkos)]?

In die lig van voorgenoemde kan begryp word waarom Hand. 8, waarin die doop gereflekteer word, as een van die oudste belydenisse beskou word (Leith 1973:5). Ten einde die belydenis te kon aflê, moes die kandidate eers onderrig ontvang by wyse van katechese en prediking. Dit beklemtoon die didaktiese funksie van belydenisskrifte. So het die Hervorming 'n situasie geskep waarin 'n meer volledige belydenis verlang is. Belydenisse is nie net gekenmerk deur historisiteit nie, maar ook deur katolisiteit. In baie gevalle het die katolisiteit ander uitgesluit wat selfs Christene was.

### **3. 13. 6 Die Laaste en die Groot Opdrag**

"Jesus kom toe nader en sê vir hulle:" 'Aan my is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na alle nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.' " (Mat. 28: 18-19). Hierdie vers moet as 'n sleutelteks vir die teologie van Matteus beskou word wat vir sowel Matteus se Christologie en ekklesiologie van belang is (Combrink 1985:81).

Omdat dit in hierdie gedeelte oor die laaste en groot opdrag van Jesus aan sy kerk gaan, is dit belangrik om te merk dat lering 'n prominente deel van die bevel uitmaak. Die groot

opdrag word vooraf gegaan met een van die belangrikste christologiese verklarings dat alle mag aan Jesus in die hemel en op die aarde gegee is (Hare 1993:333). Dit is hierdie gesag waaroor Jesus beskik wat die geldigheid, ernstigheid en gesaghebbendheid van die opdrag bepaal.

Die grondslag van hierdie gesag lê in die feit van die opstanding veranker, naamlik dat Jesus die verheerlikte Heer is. Hierdie heerskap is losgemaak van die beperkings wat Jesus gedurende sy vleeswording opgelê is. Dit kom duidelik na vore in die opdrag wat voor die opstanding gegee is dat die dissipels slegs na die verlore skape van die huis van Israel moes gaan (Matt 10:5), teenoor die opdrag na die opstanding dat die dissipels nou die hele wêreld moet ingaan (Tasker 1978:274). Nog nooit was gesag van die hemel aan 'n messias of koning toegesê nie. Hier egter, is 'n groot klemverskuiwing van die aanvanklike beperkte omvang van Jesus se gesag as Messias, wat slegs die Jode ingesluit het, na dié van 'n soewereine omvang wat nou die heelal insluit.

Die opstanding wys op die geldigheid en betroubaarheid van Jesus en sy boodskap. Nadat Jesus verwys het na sy gesag (exousia) gee Hy die opdrag met die inleidende woorde "...gaan dan heen...", wat nie net op Jesus se gesag dui nie, maar ook op die gesag waarmee en waarin die dissipels hierdie sending moet uitdra. Hierdie gesag is inklusief van die hele Godheid en het gevolglik 'n trinitariese strekking. Die vermelding van die "naam" (enkelvoud) wat letterlik op die gesag van die Vader en die Seun en die Heilige Gees dui, wys ook op die eenheid van sin wat in die triniteit bestaan (Morris 1974:746).

Na die vermelding van die gesag, word die opdrag deur middel van vier werkwoorde - gaan, maak, doop en leer - gegee wat in die imperatiewe vorm en in die voortdurende tyd staan. Alhoewel die opdrag verskillende aspekte behels, is hulle integraal en onlosmaaklik met mekaar verweef. Die aspekte kan van mekaar onderskei, maar nie geskei word nie. Hierdie stelling word gestaaf deur die feit dat die woord leer - mathèteuo - afgelei word van die woord mathètès wat dissipel of leerling beteken.

Die woord *leer* en *dissipel* word ook verwisselbaar in Mat. 13:52 en Mat. 27:57 gebruik. Die kerk moet dus gevorm word deur dissipels te maak en hulle in 'n eenheid te bring deur hulle te doop en hulle te leer om volgens die voorskrifte te leef wat Jesus geleer het. Die doel van die lering is nie net 'n opvoedingstaak nie, maar om die dissipels tot ware gehoorsaamheid aan God te lei (Filson 1977:305). Morgan se stelling is in lyn met die van Filson wanneer hy sê dat die "leer" in die opdrag na die etiese van die Koninkryk verwys (1976:320; Beare 1981:545).

Die lering van Jesus moet dus oorgedra word aan hulle wat dissipels word. Hier is weer eens 'n belangrike feit van die geloof, lering, dissipelskap, belydenis, ensovoorts, dat dit nie gaan om die blote herhaling van waarhede nie. Dissipelering gaan ook nie slegs om persone te oorreed tot die aflê van 'n nominale belydenis van die evangelie nie, maar om 'n heelhartige verbintenis met Christus as die opgestane Heer te gaan en met Hom in 'n daaglikse lewende verhouding te leef (Morris 1974:746).

Die woord "leer" word ook afgelei van dieselfde werkwoord, naamlik om "wag te hou" (Mat. 27:36) en te "bewaak" (Mat. 27:54) en waak (Matteus 28:4) (Newman en Stine 1988:914). Hierdie begrippe spreek tot die kerk se verantwoordelikheid om toe te sien dat die leer suiwer gehou word. Die belydenisskrifte speel hier 'n belangrike rol in dié opsig dat dit nie net uitspel wat die kerk glo nie, maar ook die maatstaf bied om valse leringe te ontbloot en te beoordeel.

Die slotwoorde: "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld," (Mat. 28:20) dui op die geldigheidsduur van die opdrag. Die evangelie sluit hiermee met 'n noot van eskatologiese verwagting af. Christus belowe dat die tydperk tussen sy opstanding en die voleinding van die wêreld gekenmerk sal word deur sy teenwoordigheid wat die bron van alle Christene se oorwinning sal wees. Hierdie belofte kan alleen bewaarheid word in die lig van die sy opstanding (Tasker 1978:274).

Die konsep van inklusiwiteit is opvallend in Mat. 28:18-20 met die herhaalde gebruik van woorde wat op onbeperkteid dui “alle mag” “alle nasies,” “alles wat ek beveel het,” “altyd met julle”.

In die lig van bogenoemde Skrifuitleg met die klem op voortgesette lering, bied hierdie gedeelte belangrike gronde wat aangevoer kan word ter verdediging van die noodsaaklikheid van belydenisskrifte, juis in die lig van die hermeneutiese, homiletiese, didaktiese, kategetiese en polemiese funksies wat belydenisskrifte vervul.

### **3. 13. 7 Liturgiek (Ordering)**

“In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê.”  
(1 Tim. 6:12)

Volgens hierdie gedeelte word die “man van God” daarop gewys dat hy geroep is om ‘n *goeie belydenis* (homologeò) voor baie getuies af te lê” tydens sy ordening tot die bediening. Daar word algemeen aanvaar dat hierdie belydenis grotendeels ‘n uitdrukking van geloof is in die triniteit soos dit vervat is in die groot opdrag van Jesus Christus (Mat. 28:19) asook die seënbede van Paulus (2 Kor. 13:13).

### **3. 13. 8 Oordrag van Gesaghebbende Leerstellinge**

In die gegewens van die Nuwe Testament kan gemerk word dat daar klem geplaas word op die oordrag van gesaghebbende leerstellinge. ‘n Vermaning word gerig dat “die dinge wat die apostels voorheen geleer het, onthou moet word” (Jud. 17). In vers 3 word die leser opgeroep om “te stry vir die geloof wat eenmaal oorgelewer is”. Hierdie “stry” dui nie net op die verset teen valse leringe nie, maar ook op die offensiewe optrede teen sulke bedreigings (1 Tim. 6:12 en 2 Tim. 4:7). Die “geloof” waarna hier verwys word, dui op die geloofsinhoud wat Christus sy apostels geleer het (Hand. 6:7, Gal. 1:23, 1 Tim. 4:6, 2 Tim. 4:7) (Houwelingen 1993:129).

Daar is ook meer volledige belydenisse wat vir kategetiese doel of prediking en 'n Christelike boodskap in 'n meer gekonsentreerde formulier en verdedigende noot voorkom:

“Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.” (Rom. 1:3)

“Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.” (Rom. 8:34)

“Onthou altyd dat Jesus Christus, 'n nakomeling van Dawid, uit die dood opgewek is. Dit is die evangelie wat ek verkondig.” (2 Tim. 2:8)

Die enkel-klousule Christologiese formules het die oorspronklike geloof van die vroeë kerk uitgedruk en die tweede en derde klousules was die gevolg van 'n progressiewe uitbreiding. Die blote Christologiese bevestiging was om die Judeo-Christelike nukleus te konstitueer terwyl die belydenis van talle artikels geleidelik ontwikkel is vir die behoeftes van die bekeerlinge onder die heidene.

Cullman (1949:30) sê dat die Jode die eerste was wat tot die Christendom toetree het en daarom was hierdie kort Christologiese belydenisse nodig. Toe die heidene later betrokke geraak het, was 'n meer breedvoerige belydenis nodig. Doekes (1975:9) daarenteen, beweer dat hierdie siening van Cullman nie houdbaar is nie aangesien die verkondiging van die Drie - eenheid dominerend in die Apostoliese prediking was.

#### 4. OPSOMMING

Belydenisse vervul verskeie funksies in die lewe van die kerk. Dit bepaal beide die optrede van die kerk asook van die individu. Die evangelie word nie deur die individu in isolasie bely nie, maar wel in die gemeenskap van die gelowiges waardeur die Heilige Gees werk sodat almal in die seën van die Here kan deel.

Belydenisse kan as die stem van die kerk se verlede beskou word waardeur die mense van daardie tyd die betekenis en die implikasies van die waarhede van God ervaar het soos Hy dit in sy heilige Skrif geopenbaar het. Dit is die getuigenis van die vaders wat daardie waarhede as belangrik beskou het en wat dit aan die huidige geslag oorgedra het

Dit is juis hierdie historiese karakter van belydenisskrifte wat as van die belangrikste argumente aangevoer word waarom dit nie vandag meer relevant is nie. Die probleem wat die teenstanders met belydenisskrifte het lê in hulle siening dat belydenisskrifte verabsoluteer is en gevolglik geen ruimte laat vir wysigings en aanpassings nie. So 'n siening resulteer in die slotsom dat belydenisskrifte uitgedien raak en nie oplossings kan bied vir nuwe of bestaande vraagstukke nie.

Elke eeu het sy bepaalde vraagstukke wat na antwoorde vra en daar moet op die Gees van God vertrou word om insig te bekom vir die oplossing van probleme wat nie in die vorige tye bestaan het nie. Soos in van die verlede, is dit ook hierdie eeu se verantwoordelikheid om lig en insig aan die nageslag na te laat wat van God ontvang is rakende sake soos die gesag van die Bybel, die bediening van die Heilige Gees, die sending van die kerk en die aard van die liggaam van Christus. Belydenisskrifte sal 'n bydrae maak om die oortuigings waartoe die Here sy volk reeds gebring het, in die gedagtegang van die kerk, vars te hou.

Daar is tans 'n neiging om alles wat tot die verlede behoort as argaïes en uitgedien te beskou. Vandaar die begrip "nuwe" of "nuut" wat op elke terrein van die samelewing, selfs op kerklike en teologiese gebied gehoor word. Hierdie tendens is grotendeels toe te

skryf aan die klemverskuiwing in die filosofiese denke van ons dag wat toenemend weg-beweeg van die positivistiese benadering van bepaalde gegewes en absolutes.

So word daar gesê dat die kerk ook losgemaak moet word van die verlede wat as onnodige bagasie beskou word en wat saamgedra word. Die gedagtegang en ondervinding van die kerk in die verlede wat uitdrukking in belydenisskrifte gevind het, is nie meer van belang vir die kontemporêre godsdienstwêreld nie. Vanweë die paradigma-verskuiwing soos dit in die bespreking oor postmodernisme uitgelig word met 'n klemverskuiwing van die objek na die subjek en waarvolgens die interpretasie van die Woord gerelativeer word, moet dit noodwendig 'n verskraling van teologie in die gedagte van die kerk teweeg bring.

Die Skrifte gee die indruk dat daar 'n patroon is waarvolgens God die toekoms vanuit die verlede aanspreek. Hierdie patroon kan selfs in die geskiedenis van die heil waargeneem word. Dit is die aard van die Christen se geloof om te glo dat die waarheid agter ons opgesluit lê in een Naam, een Persoon, een Boek en in een Gebeurtenis. Abraham was op die toekoms gerig deur beloftes wat aan hom in die verlede gemaak is en onderhou is deur die verlede met God se getrouheid wat voorop gestel is. Israel se plan van aksie was gerig deur die verbond wat God vooraf met hom aangegaan het en waaraan Israel telkemale herinner is. Israel het sy geloof en gehoorsaamheid vernuwe deur telkens terug te kyk na God se groot daad van die verlede (Ps. 78).

Dit is 'n erkende feit dat daar reg deur die geskiedenis van die kerk dogma-ontwikkeling was waartydens die kerk se verstaan van die Waarheid soos dit in die Skrifte geopenbaar is, in fases geskied het. Dikwels is hierdie fases gekenmerk deur 'n spesifieke reflektering van 'n sentrale element van die evangelie wat onder die spervuur van binne die kerk gekom het. Die Niceense belydenisskrif kan as so 'n fase beskou word ten opsigte van die kerk se verstaan van die persoon van Christus met verwysing na die kwessie van regverdigmaking en saligheid deur genade.

Hierdie aanvalle teen die kerk se leerstellings het tot gevolg gehad dat die kerk sy leer in 'n outentieke vorm van woorde geformuleer het en so die groot waarhede duidelik uitgespel en verklaar het. So kan daar vooruitgang gemerk word in die verstaan van die Skrif tussen die Apostoliese vaders en die einde van die vierde eeu.

Die aard en funksie van 'n belydenis is dat dit 'n menslike poging is om in 'n bepaalde historiese situasie die Skrifgetuienis so verstaanbaar as menslik moontlik na te sê. Die status is nie staties nie, maar dinamies. Dit dwing die belydende tot nadenke oor die implikasies van sy belydenis.

Belydenisse bevat die getuienis van die kerk teenoor die wêreld. Dit bevat 'n samestelling van Christelike leerstellings tot heil van die gelowige. Dit bevat 'n teenvoeter teen valse leerstellings deur die voorsiening van 'n standaard van ortodoksie. Belydenisskrifte verstewig en beskerm die band van eenheid van geloof, leerstelling en oortuiging en nie net die organisasie of sentiment nie.

Die vroegste belydenisskrifte het ook 'n liturgiese doel vervul. Veral wat betref die bediening van die sakramente het dit 'n gevoel van behoort aan die een katolieke kerk geskep. Selfs in die geval van aanbidding het dit as uitdrukking van samehorigheid tussen gelowiges gedien. Deur aanbidding skep belydenisse 'n band tussen die bestaande gelowiges en hulle geestelike voorgangers.

Belydenisskrifte bevat die distillering van die kerk se ontdekking van die betekenis en implikasies van die Waarheid soos God dit in sy Woord geopenbaar het en dit in die gewete en ondervinding van sy volk bevestig het. Dit bevat die getuienis van die vaders wat deur die eeue aan ons oorgedra is en wat hulle as belangrike waarhede beskou het wat aan die nageslag oorgelewer moet word. Dit is in hierdie opsig dat belydenisskrifte die gesaghebbende wyse is om die tradisie van die kerk van geslag tot geslag oor te dra.

Die gelowige se Christelike lewe word gebou en onderhou deur die gesamentlike ondervinding, oortuiging, wysheid en verstaan van dit wat God in die verlede vir ons gedoen het. Jeremia se voorskrif aan die volk in sy dag was volgens hierdie metode toe hy vir hulle gesê het ...”Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind” (6:16).

Terwyl elke era met sy bepaalde vraagstukke en verskonings worstel, is dit ook vir die huidige eeu belangrik om op die Woord van God te reflekteer in afhanklikheid van die Gees van God om sodoende die gedagte van God te ontdek betreffende die vrae wat die kerk tans moet beantwoord. Net soos in die verlede, het die huidige kerk ook ‘n verantwoordelikheid om die geakkummuleerde wysheid aan sy nageslag oor te lewer.

Of die kerk hierin sal slaag, hang af van breë konsensus en die ondersteuning wat die kerk geniet vir die uitbreiding van sy tradisie van interpretasie – net soos in die vorige eeue van belydenisformulering. Die rol wat belydenisskrifte moet vervul is om die oortuigings waartoe die Here sy kerk alreeds gebring het, lewend te hou om as grondslag en fondament te dien vir die kerk se toekomstige lewe en werk.

## **DEEL DRIE**

### **BELYDENISSKRIFTE IN DIE HEDENDAAGSE TYDSGEES VAN POSTMODERNISME**

#### **1. Inleiding**

Die feit dat daar vandag minder erkenning aan belydenisskrifte gegee word en ook die funksionering daarvan in die kerklike lewe 'n afname toon, vra dat die kerk weer na die behoefte en relevansie van belydenisskrifte moet kyk. Bepaalde redes wat daartoe aanleiding gegee het dat belydenisskrifte in die verlede beslag gekry het, bestaan vandag nog. Die feit dat die kerk in die geskiedenis bestaan en telkens met nuwe vraagstukke gekonfronteer word wat nie voorheen aktueel was nie, noodsaak die kerk om standpunt in te neem en om uitspraak te gee.

Verder het dit ook te make met die kultuurhistoriese faktore wat daarop dui dat belydenisse die taal van 'n ander eeu en situasie praat, en dat hulle as gevolg daarvan nie meer ten volle relevant vir die kerklike lewe in 'n nuwe tyd is nie.

Die reformatoriese belydenisse het ontstaan in 'n klimaat van verskille binne die kerk, veral in 'n tyd toe die Christendom nog net 'n Europese verskynsel was. Geesteshistories lê daar 'n groot kloof tussen die Reformasie en vandag. Vanweë die interaksie tussen denke en lewe asook die tydsgees waarin ons leef en dinge ervaar, kan ons nie onaangeraak daardeur staan of immuun daarteen wees nie (Du Plooy 1998:73).

Die wyse waarop daar na die werklikheid gekyk word, veroorsaak dat bepaalde persepsies gevorm word wat ook gebruik word om ons ervarings te verduidelik en aan ander oor te dra. Wanneer dit by die verskynsel postmodernisme kom, is dit moeilik om

hierdie tydsverskynsel te beskryf aangesien dit die hele kontemporêre menslike bestaan deurspoel. Hierdie verskynsel kan dus nie op 'n inklusiewe wyse beskryf word nie. Uit die aard van die verskillende vakgebiede en die onderskeie hoeke waaruit postmodernisme beskou kan word, het die verskynsel 'n wydlopige karakter.

Dit is nie die bedoeling van hierdie bespreking om 'n diepgaande studie oor die onderwerp, postmodernisme, te doen nie, maar daar sal nietemin gepoog word om 'n oorsigtelike agtergrond te skets waarteen die noodsaaklikheid van belydenisskrifte gereflekteer kan word. In die proses om postmodernisme te presiseer of te definieer, moet daarteen gewaak word om nie die aard daarvan aan te tas deur dit terug te plaas in die positivistiese raamwerk van modernisme nie.

Die begrip "postmodernisme" impliseer modernisme en premodernisme. Postmodernisme word soms as 'n verlengstuk sowel as verset teen modernisme beskryf. In die lig daarvan dat identifikasie en onderskeid voortgaan op die grondslag van ooreenstemmings en verskille, kan dit van waarde wees om in die bespreking bepaalde aspekte van premodernisme en modernisme aan te raak (Ibid., 80).

Die vraag wat homself na vore dwing is of ons verstaan en verkondiging van die Christelike boodskap onveranderd kan bly te midde van 'n veranderde siening van die tydruimtelike werklikheid, by name die postmoderne wetenskapsfilosofiese benadering? Ten einde die vraag te kan beantwoord is dit van kardinale belang om eerstens die begrip "postmodernisme" van nader te beskou.

## **2. Die Begrip Postmodernisme**

"Postmodernisme" is 'n wye begrip wat dui op 'n kontemporêre filosofiese stroming wat gekenmerk word deur sy klem op die ontembare meervoudigheid plaas waarmee die denke sonder grond gekonfronteer word (Visagie 1997:9-11).

Postmodernisme kan verskillende vorme aanneem soos blyk uit benamings soos "revisionary thinking", "constructionism", "critical realism" en "deconstructionism." (Griffin 1989: 3). In 'n bepaalde sin kan daar gesê word dat postmodernisme 'n ernstige poging is om die verlore betekenis wat aan modernisme toegeskryf word, te herwin. Postmodernisme is 'n wêreldsiening wat die denke van die mens op 'n diepgaande wyse kan beïnvloed.

Die term postmodernisme suggereer 'n bepaalde periode na dié van die modernisme, alhoewel dit meer as 'n 'tydperk' is. Die postmodernisme dui op 'n nuwe wyse waarop die wetenskap bedryf word. Die beweging regverdig die benaming "postmodernisme" omdat dit in baie opsigte 'n teenoorgestelde benadering as die modernisme volg. Modernisme het die idee van kritiese bewussyn grotendeels op die wysbegeerte van René Descartes gebaseer (Heyns en Jonker 1974: 260). Die Cartesiaanse nalatingskap sluit in beide twyfel asook die gedagte dat waarheid te doen het met dit wat die wetenskap objektief kan bepaal. Hieruit is dit duidelik dat volgens die metode van die wetenskap, die waardes, perspektiewe en persoonlike geloof van die persoon as niksbeduidend afgemaak word. Gevolglik plaas modernisme 'n hoë premie op die sekerheid van waarheid wat deur die natuurlike wetenskappe voorsien word, die leefwyse en siening van die sekulêre wêreld en die persoonlike bevrediging wat deur 'n outonome vryheid gewaarborg word (Strauss 1998:102).

Postmoderniste betreur die feit dat die empiriese wetenskaplike metode, met sy oortuiging dat waarheid aan objektiewe inligting gekoppel is, 'n ongewenste skeiding tussen objek en subjek teweeg bring. Dit het tot gevolg dat daar 'n eksterne wêreld- skeiding van die subjek is. In die teologie word dit as 'n hermeneutiese probleem geformuleer. Die gevolg is dat die subjek die werklikheid (die objek ) vanuit 'n kritiese houding van twyfel moet benader en daardeur self van die wêreld (werklikheid ) vervreemd word.

'n Oorkoepelende epistemiese raamwerk wat menslike subjektiwiteit as deel van die werklikheid insluit, ontbreek in modernisme; voorveronderstellings en aspirasies word nie

aanvaar as net so werklik soos eksterne objekte nie. So 'n emosielose, steriele en kliniese raamwerk is vanselfsprekend nie geskik vir teologiese besinning wat voorsiening moet maak vir godsdienstige behoeftes wat die sogenaamde "vae wêreld" met sy drome, hoop, gelowe, aspirasies en vrese sal insluit. Postmodernisme kan dus beskou word as 'n poging om die waarde van menslike gevoelens en vrese te herstel.

## **2. 1. Sekularisme**

'n Verdere gevolg van modernisme is sekulariteit wat slegs 'n werklikheid ken wat toeganklik is deur sintuiglike waarneming. Dit het op sy beurt weer 'n algemene betekenisverlies tot gevolg omdat waardes en transendente werklikheid wat meehelp om betekenis te konstitueer, dit nie aan 'n wetenskaplike kriterium vir verifikasie onderwerp kan word nie. Sekulariteit lê ook sterk klem op die afhanklikheid van die menslike poging en vaardigheid. Heyns (1969:22) wys daarop dat sekularistiese denke dus prinsipiëel immanent gerigte denke is. Dit is denke wat na binne gekeer is en alles van binne – uit wil verklaar. Binne hierdie klimaat kan die godsdiens nie lewe nie.

Die wêreld en die toekoms word gesien as in die hande van menslike beslissings te wees. Dit veroorsaak dikwels konflik in Christene wat glo dat God direk in beheer is, dat Hy (of die duiwel) dinge laat gebeur. Die teologiese formulering van hierdie oortuiging is waarneembaar in bepaalde leerstellige aspekte soos die uitverkiesing, voorsienigheid, predestinasie, die dekrete van God asook sy leerstellings. In sommige teologiese kringe het hierdie spanning bygedra tot die "God is dood" - leerstelling.

Die outonome vryheid is 'n verdere uitkringing van sekularisme. As mense begin glo dat God nie meer in beheer is nie, is hulle geneig om self beheer oor te neem. Daarom bid 'n sekulêre persoon nie vir genesing nie, hy/sy besoek die geneesheer. Sekulariteit akkommodeer nie die gedagte van transendensie nie; voorsienigheid word verruil vir toevalligheid en om jouself as die argitek van jou eie eindbestemming te verklaar. Hierdie optrede kan weer uitkring in 'n strewe om beter beheer en mag te verkry as ook 'n onverdraagsaamheid teenoor mislukking (Herholdt 1998:216).

Die ideaal is om vry te wees van al die gode wat die menslike toekoms beheer en die menslike besluitneming bedreig. Die strategie is gewoonlik om die vaardighede te verbeter wat benodig word om beheer uit te beoefen en om inligting te vermeerder omdat feitlike kennis mag is. Die ideale voorbeeld in hierdie verband is die skep van 'n rekenaargebaseerde, feitelike werklikheid wat die vaardige persoon met die druk van 'n knoppie kan beheer. Moderne teologie het nog altyd 'n waarskuwing gerig tot die menslike drang om formeel vry te wees.

Die onvermydelike gevaar wat agter vryheid skuil, is dikwels dié van losbandigheid en wetteloosheid met die algehele verwerping van gesag. Hierdie tendens kan duidelik in die politieke arena waargeneem word waar daar karikature van demokrasie gevind word wat aan anargie grens. As oplossing het die teologie altyd 'n voorwaardelike vryheid beklemtoon waar die mens alleen vry is in een opsig en dit is wanneer hy God gehoorsaam.

Hierdie standpunt sal waarskynlik nie baie aftrek kry nie by die gesekulariseerde persoon wat onwillig is om beheer oor te gee met die risiko daaraan verbonde om swaar te kry. Selfs Christene is nie altyd seker wat dit beteken om God te gehoorsaam nie omdat dit nie altyd maklik is om die wil van God te onderskei nie.

Die postmoderne benadering tot hierdie belangrike saak sal moontlik op die idee van "self-organisering" gerig wees. Hierdie begrip wys op die intrinsieke waarde van alle entiteite om orde te genereer en patrone te trek via die vloei van energie deur 'n stelsel. Selforganisering onder andere en terugvoering, is aspekte wat tot die nuwe wetenskap van saamgesteldheid behoort. Die filosofiese implikasies vanweë die feit dat orde en chaos as 'n bron vir selforganisering kan dien waaruit 'n nuwe orde kan vloei, het verreikende gevolge en invloed. Dit het die gedagte van determinisme tot die mate uitgedaag dat die begrippe van "toevalligheid" en "onvoorspelbaarheid" 'n positiewe betekenis verkry het as 'n meganisme wat noodsaaklik is om kreatiwiteit en nuwighede te verseker.

In die lig van hierdie benadering word die wil van God nie beskou as 'n vooraf bepaalde besluit wat die Christene deur 'n passiewe metode van gehoorsaamheid moet ontdek nie. Dit dui egter daarop dat Christene die reg gegun word om 'n bepaalde inset te maak wat medebepalend tot die "plan" van hulle lewens is. Die mens hoef dus nie by die bloudruk in te skakel en so sy /haar eie pogings en kreatiewe potensiaal in boet nie, maar kan medeskepper wees.

Hierdie insigte is van kardinale belang vir die teologie. In plaas daarvan om 'n vertikale betekenis (aards-hemels) aan skynbare insidentele gebeure te gee, beweeg postmodernisme na 'n sywaartse benadering deur te probeer om die patrone na te vors wat deur die netwerk van baie skynbare insidentele gebeure gevorm is. Selfbeheer wat in die individu gesetel is, kan dan prysgegee word vir die alternatiewe van patroonvormende selforganisering. 'n Oppervlakkige benadering tot teologie kan resulteer in 'n siening dat teologie 'n proses is van ken; die ordening van ondervinding en die groei van koherente betekenisvolle patrone ten einde godsdienstige waarhede wat relevant is tot ondervinding saam te voeg. Verder veroorsaak patrone van selforganisasie die ontwaking van 'n gemeenskapslewe in ruil vir individuele beheer.

Die dominante model van God in hierdie konteks is dié van Leier van die gemeenskap, wat daarop dui dat die menslike lewe die grootste geleentheid vir God se invloed is. Tog skyn die invloed die presipiteerder te wees van maksimum moontlikheid. Waarskynlik kan gesê word dat selforganisasie gesien kan word as die metafoor vir die nie-dwingbare wyse waarop God werk.

Postmodernisme is in 'n sekere sin die herontdekking van die waarde van menslike deelname, 'n soeke na eenheid en betekenis, 'n perspektief op die kontinuïteit tussen al die vlakke van die multivlak werklikheid. Postmodernisme aspireer om 'n alternatiewe benadering tot die werklikheid te voorsien op so 'n wyse dat dit sal lei tot 'n nuwe en verbeterde verstaan van die wêreld.

## 2. 2 Postmoderne Teologie

Dit is interessant om te merk dat soos die wisselterm liberale teologie vir moderne teologie gebruik kan word, daar nou in die teologie, naas spesifieke postmoderne teologie ook sprake is van postliberale teologie (Strauss 1998:100). Saamgevat: postliberale teologie “proposes a cultural – linguistic interpretation of religion” (Davaney & Brown 1993:454). Postmoderne teologie stel homself ten doel om vars insigte te verskaf, bestaande anomalieë te beantwoord en om nuwe betekenis te voorsien wat verder as modernisme beweeg. Hierdie insigte kan nie bereik word deur ontsnapping na die innerlike self nie (eksistensialisme) of selfs deur die ontkenning van die waardevolle resultate wat aangebied word deur die meer kritiese wetenskaplike metode nie. Beperkte subjektiewe inset word gekombineer met beperkte objektiewe verwysing om so ‘n balans tussen beide uiterstes te bewerkstellig. Die woord “beperk” verwys na die gedagte dat die menslike verstand nie realiteit ten volle saamvoeg of dit ten volle ken nie.

Postmoderne teologie is sterk filosofies geneig. Filosofies of filosofiese denke in hierdie verband dui op ‘n analise van die taal van die wetenskap om sodoende tot ‘n rekonstruksie van die wetenskap as eenheidswetenskap te kom (Van Huyssteen 1987:18). Dit is in ‘n sekere sin ‘n reaksie teen modernisme en gevolglik ‘n poging om verder as dit te gaan. Postmodernisme moet dus nie gesien word as ‘n begeerte om terug te gaan na ‘n pre-moderne filosofie nie.

Volgens postmodernisme lê die toets vir teologiese modelle in hulle suksesvolheid met die daarstelling van betekenis ten opsigte van hoe die wêreld beleef word in verhouding met die Christelike geloof in ‘n liefdevolle God (Van Huyssteen 1987:2). Dit kan slegs bereik word deur die ontwerping van ‘n alomvattende metafisiese skema waar geloof in ‘n raamwerk geplaas word van hoe ons werklik die wêreld op die verskillende vlakke beleef.

Faktore soos menslike ervaring, die dominante metafore van geloof (veral die wat uit die Bybel afkomstig is), resente wetenskaplike insigte rakende die samestelling van materiële werklikheid en die uitbeelding van die werklikheid deur konstruktiewe of pragmatiese bruikbare epistimologieë word almal saamgevoeg tot 'n koherente skema om die grondslag vir 'n postmoderne teologie te vorm (Hempelmann 1980: 187)

Die agenda vir postmoderne teologie moet in lyn met die volgende gedagtes wees: Versimiltude (Karl Popper 1963:226) waarvolgens die waarheid gesien word as 'n toenemende nabyheid tot die waarheid; die teorie geladenheid van teologiese verklarings wat die belangrikheid van persoonlike voorveronderstellings, deelname en die sosiale konteks van die teoloog benadruk; kontekstualiteit wat daarop aandring dat die werklike lewensituasie ook in berekening gebring moet word; algemene koherensie en komplementering wat daarop dui dat alle dinge (geestelik en materieel ) verwant is en 'n alles omringende organiese eenheid konstateer; kompleksiteit, wat na die openheid, organiese natuur en selforganisasie van stelsels verwys; paradigmateorie (Thomas Kuhn 1970:182) wat voorhou dat kennis nie op 'n akkumulatiewe wyse groei nie, maar oorsakel van een intellektuele raamwerk na 'n ander met die oog daarop om die betekenis uit te brei en vrae te beantwoord wat onbeantwoord gelaat is deur die vorige paradigma (Herholdt 1998:219).

In 'n sekere sin is postmodernisme radikaal, maar sluit ook aspekte van modernisme in (Thiselton 1992:143). Dit is radikaal in die oortuiging dat die geheel meer is as die somtotaal van die dele. In terme van 'n wêreldbeskouing beteken dit dat die Postmoderniste die wêreld nie as 'n ontvouing van latente potensiaal sien nie.

Aan die ander kant is die werklikheid besig om sy totaal te vermeerder deur nuwe dinge te skep, deur meer as die som van die dele van 'n stelsel te word deur 'n proses van evolusionêre vooruitgaan.

Postmodernisme is ook 'n voortbouing op modernisme in dié sin dat dit weier om die werklikheid van die eksterne wêreld (moderne wetenskap) prys te gee, alhoewel dit die deelname van die subjek erken. Postmodernisme hoop om die fragmentering van die werklikheid te genees wat dikwels deur analise, sistematisering en kompartementalisering veroorsaak word. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die menslike verstand 'n integrale deel is van die werklikheid wat dit wil ken. Waarheid is nie iets wat slegs aan die objek verbonde is nie (naiëwe realisme, objektivisme, positivisme), of alleen deur die menslike bewussyn (subjektivisme, instrumentalisme) gekonstrueer kan word nie (Capra 1992: 123).

Waarheid is relasioneel in die opsig dat dit beide objektief en subjektief is (kritiese realisme) (Van Huyssteen sa: 9). Waarheid is krities in die opsig dat dit verskillend van werklikheid is; dit is realisme in soverre daar 'n verwysing na objektiewe realiteit is. Die teologiese implikasie van die alternatiewe epistemologie is die oortuiging dat God enersyds nie die ontwerper van 'n wetsgehoorsame eksterne wêreld is nie en andersyds die mag is wat volgens 'n ander wyse handel in persoonlike subjektiewe lewens (Hy is beide op dieselfde tyd.) Om teologiese uitdrukking aan hierdie insig te gee, is moontlik een van die grootste uitdagings vir die postmoderne teologie.

Postmodernisme gaan tegnies gesproke oor 'n nuwe paradigma of intellektuele raamwerk. So 'n paradigma kan slegs 'n universele toepassing hê indien dit genoegsaam omvattend en invloedryk op alle vlakke van die bestaan is om 'n verandering te kan meebring soos byvoorbeeld op die gebied van die teorie van kennis, die sosiale dimensie van taal, die waardeestelsel van die samelewing en ons verstaan van die werklikheid inbegrepe ons verstaan van God (Thomas Kuhn 1970a: 180).

Postmodernisme hou die belofte in om so 'n nuwe paradigma te wees. Anders as in die geval van modernisme, betrek dit die besondere eerder as die universele, die plaaslike eerder as die algemene, die tydelike eerder as die tydlose. Hierdeur word geïmpliseer dat waarheid nie langer beskou word as iets met ewige, onveranderlike, outoritêre, objektiewe

en absolute status nie. Waarheid is relatief tot 'n bepaalde sosiale konteks en die persoonlike voorveronderstelling van die teoloog.

Die belangrikheid van kontekstualiteit en die sosiale bepaling van waarheid geniet baie aandag in die postmodernistiese kringe. Dit is onvermydelik dat sulke radikale veranderinge die teologie ingrypend gaan beïnvloed in die nabye toekoms asook die Christen se verstaan van God.

Daar is 'n toenemende bewustheid dat 'n dominerende wêreldbeskouing as 'n breë sif gaan dien vir die wyse waarop ons dinge in die wêreld gaan sien en verstaan. Die moderne wêreldbeskouing met sy meganistiese verstaan, wat ook bekend staan as die Newtoniaanse paradigma, het ons voorsien van 'n atomistiese verstaan van die werklikheid, wat beteken dat die werklikheid beskou is as 'n substansie wat saamgestel is uit 'n mosaïek van soliede boublokke.

Die dominante metafoor hier is een van 'n kosmiese masjien wat volgens doelgerigte voorspelbare presisie werk. In die nuwe paradigma word die natuur as baie meer organies beskou en word daarna deur die mense verwys as die nuwe biologie van masjiene. Hier is 'n besliste beweging weg van die studie van dinge na dié van patroon. Dit bring 'n breuk met die gedagte van substansialiteit, wat sal uitloop op 'n postmoderne teologie en die verdwyning van die ou dualisme wat veroorsaak is deur die skeiding van beperkte entiteit (Herholdt 1998:220).

Die begrip hemel word byvoorbeeld nie langer beskou as 'n plek nie, maar eerder as iets wat dui op God se punt van vertrek (of voltooiing); siel word nie gesien as 'n onsterflike entiteit nie, maar eerder as 'n proses of funksionering van die menslike ingesteldheid wat materie transendeer; godsdiens en lewe word as geïntegreerd beskou; en postmoderne teoloë sal nie poog om aspekte soos geloof, liefde en genade te kwantifiseer nie. Stelsel-denke vereis 'n kwalitatiewe studie wat beteken dat die postmoderne teoloog meer sal

belangstel in die soort patrone wat deur genade in die samelewing gemanifesteer word as om 'n abstrakte definisie van genade te voorsien.

Volgens die ou paradigma is daar selfs na die mens gekyk as 'n soort masjien en waarvolgens die menslike waarde in terme van produksie bepaal is. Hierdie tendens het die mens grootliks gedepersonaliseer wat ook 'n analitiese en kritiese metode van studie in die hand gewerk het. Dit het tot gevolg gehad dat alles daarop gerig was om 'n stelsel te dissekteer en tot sy onderskeie komponente te reduseer.

Die funksionering van stelsels is op 'n deterministiese, periodieke, liniêre en statiese wyse begryp. Dit was as gevolg van die uitgangspunt van oorsaak en gevolg, aksie en reaksie om so 'n presiese kwantitatiewe voorspelling van die toekomstige status van sisteme te maak. Verandering is gesien as bloot 'n herrangskikking en die verhouding tussen gees en materie as 'n dualistiese paar.

Volgens hierdie paradigma word wetenskaplike kennis gebaseer op 'n logiese en objektiewe toegang tot die werklikheid wat bekend staan as 'n positivistiese epistemologie. Die positivistiese verstaan van waarheid is dat slegs 'n spieëlbeeld van die waarheid geldige inligting kan verskaf, deur middel van empiriese navorsing. Die Newtoniaanse paradigma was van groot waarde vir die teologie. Teoloë het die invloed van God beskou as een van beheer en juistheid. Bybelstudente was oortuig dat hulle naas of parallel met die natuurlike wetenskap 'n presiese en sekere kennis van Bybelse werklikheid kon verkry. Hulle het die metode van histories - kritiese eksegetiese gebruik as gereedskap om te bepaal en te ontdek wat die vroeëre Christene gedink en geglo het.

Die verwagting was dat bogenoemde siening die hermeneutiese gaping tussen die ou tyd en die moderne tyd sou oorbrug. Hier kan duidelik bespeur word dat die meganiese paradigma in eksegetiese gebruik is wat met dele van die teks begin, dit krities aanmekeer plak om 'n geheel te vorm, dit objektief te hou deur 'n subjek/objek - skema te volg en bepaalde kriteria vir die analisering van die Bybel te gebruik.

Binne die skema van positivisme word teoloë in die versoeking gestel om die Bybel as 'n soort "teksboek" te gebruik, omdat waarheid as 'n voorgeskrewe statiese stel van proposisies gesien word wat ontdek moet word. Getrou aan die dualistiese beskouing word God beskou as die "anderwêreldse" (transendente) Heerser of Ouer wat slegs deur Goddelike openbaring geken kan word. Kennis van God word toebedeel met bonatuurlike status wat dit onderskei van enige ander sogenaamde sekulêre kennis. Binne hierdie raamwerk word dogmas beskou as die netjies geformuleerde som van geopenbaarde waarheid (Herholdt 1998:221).

Postmoderne epistemoloë, wat die teorie van kennis bestudeer, glo weer dat kennis nie neutraal of waardevry is nie. Dit beteken dat waarheid nooit kan aanspraak maak om ewig of finaal te wees nie. Waarheid is relevant tot die vrae wat ons vra en hoop om beantwoord te kry en word beïnvloed deur die intellektuele klimaat en kulturele kategorieë van die dag.

Teologiese waarheid is nie vrygestel van hierdie vereiste nie omdat Goddelike openbaring 'n interpretasie vereis wat homself blootstel aan subjektiewe insette. Die implikasie hiervan is dat ten einde die kerk behoorlik te dien, teologiese denke nie in 'n katedraal moet plaasvind nie, d.w.s. buite 'n spesifieke sosio-ekonomiese klimaat. Ten einde relevant te wees moet teoloë hulle voortdurend in die idioom van hulle dag uitdruk om aan die godsdienstige behoeftes van die tyd te voldoen. Verder, vir die doel van akademiese integriteit, kan teoloë nie die huidige filosofiese voorveronderstellings van akademiese onderwerpe ignoreer nie, en ook nie die sterk uitdagings misken wat deur die nuwe (postmoderne) ontdekkings in die natuurlike wetenskappe aan hulle gerig word nie.

Die postmoderne wetenskap spits hom toe op 'n geïntegreerde verstaan van die werklikheid wat holisties, ekologies en sistematies is. Alhoewel analise nog steeds 'n waardevolle metode kan wees, dra dit nie baie by tot die betekenis van die komplekse

fenomeen soos byvoorbeeld die lewe en die algehele koherensie van die wêreld nie. In ooreenstemming met die meganiese paradigma, is die neiging om dinge in hulle samestelling te verstaan (Van Huyssteen 1986:69).

Hierdie benadering wat ook bekend staan as reduksionisme, reduceer die betekenis en funksionering van 'n stelsel om na die wyse waarop die dele werk en in mekaar pas, vas te stel. Volgens die holistiese benadering is die stelsel meer as die som van die dele, omdat die interverhoudinge 'n interaksie meebring wat bygevoeg word tot die stelsel.

Die beweging van positivisme en logiese rasionalisme het ook weer op sy beurt teenstellings in die teologie. In postmodernisme is daar 'n groter openheid vir "nie-konseptuele" wyses van ken. As gevolg van die toenemende bewustheid dat die navorser grootliks die werklikheid konstrueer, meen sommige postmoderniste dat die intuitiewe en mistiese wyse van ken by die teologiese metodiek ingesluit behoort te word.

Hier is weer 'n terugkeer na die kontemporêre, literêre rol van die Bybel in die lig van die oortuiging dat die Bybel as literatuur God bekend maak. Hierdie benadering het 'n epistemologie tot gevolg wat kennis as 'n wyse van ken aanvaar, wat ook persoonlike ondervinding insluit. Die klem val nie langer op dogma om die natuur en aktiwiteite van God op rasonale gronde te probeer verklaar nie, maar meer op 'n poëtiese, literêre wyse waardeur die heilige verbeel kan word (Tracy 1975:3).

Die verskil is dat dogma presiese begrip verlang teenoor die verbeeldingsdimensie van taal wat meer relatiewe en toepaslike betekenis aan gelowiges bied vir hulle respektiewelike behoeftes. In die lig van al die stellings ontstaan die vraag of die teologie nog 'n toekoms het as 'n streng sistematiese benadering tot leerstellige sake? Postmoderne teologie sien sy taak in terme van die integrering en koherensie van die verskillende loci. Dit beteken dat postmodernisme elke aspek van teologie sal benader as 'n uitdrukking van die geheel van 'n spesifieke perspektief. Om fragmentasie te voorkom sal daar gewys moet word hoe elke subafdeling van sistematiese teologie, byvoorbeeld ekklesiologie,

pneumatologie, Christologie, eskatologie, ensovoorts, die ander insluit. 'n Studie van die kerk kan byvoorbeeld nie vir God, Christus, die Heilige Gees, saligheid, skepping, samelewing, ensovoorts, uitsluit nie.

Laasgenoemde siening word in moderne teologie erken, maar nie in die moderne metodologiese strategie ingesluit nie. Postmodernisme vra vir meer as die erkenning van verhoudings, maar vir integrasie. 'n Toepaslike metafoor vir integrasie is die erkenning dat alle dinge mekaar op 'n gebroke of ongereeelde grondslag interpenetreer. Daar is geen duidelike grense nie.

Die holistiese benadering vereis dat die tema van die Bybel moet aandui hoe elke enkele aspek of tema 'n uitdrukking van al die ander temas is. Volgens postmodernisme is alles aan mekaar verwant. Die sogenaamde heilsorde (ordo salutis) kan as voorbeeld dien. Die Calvinistiese siening is dat wedergeboorte voor bekering plaasvind as gevolg van die uitverkiesing, terwyl Arminianisme weer die teenoorgestelde voorstaan (Herholdt 1998:224).

Volgens die stelseldenke word saligheid as 'n "pakket" gesien waarin bekering, wedergeboorte, regverdigmaking, ensovoorts opgeneem is. Binne hierdie raamwerk is die dichotomie van liggaam en siel onaanvaarbaar omdat die mens holisties gesien word as 'n geïntegreerde geheel. Om van die siel te praat, beteken dat daar na die hele mens verwys word as totaliteit van uit 'n bepaalde hoek. Die begrip siel word nie meer gesien as 'n bepaalde entiteit nie, maar as 'n funksie van die hele mens.

Die doelwit van postmoderne teologie is nie om 'n rasonele en presiese verklaring van God te gee nie, maar om die koherensie uit te wys tussen ons ervarings met God en die wyse waarop ons die wêreld fisies en moreel ervaar. Postmodernisme hou homself besig met die verstaanbaarheid in terme van ons bestaan in die wêreld, in die konteks van die Uiteindelike Werklikheid (Van Huyssteen 1987:156).

In hierdie opsig sal postmoderne teologie ook oorhel na natuurlike teologie sonder om transendensie op te offer. Dit vra dat beide transendensie en immanensie weer gedefinieer moet word. Hierdie konsepte het tradisioneel as metafore gedien wat geleen is by die konsep van ruimte. In postmodernisme sal hulle meer abstrak vertoon, en dalk verander na metafore van dimensie.

Postmodernisme leer dus dat daar nie 'n vasgelegde *corpus* van waarheid beskikbaar is wat nodig is om van geslag tot geslag te kommunikeer nie. Die onus rus eerder op elke geslag om die betekenis vir hulleself te ontdek deur middel van metaforiese verwysing. In dié opsig kan daar gesê word dat die studie van teologie om 'n verbintenis tot deelname vra. In postmoderne teologie moet gelowiges hulle verhouding met God insluit in die proses van teologiese reflektoring. Daar word dus 'n beroep gedoen op die postmoderne teoloë om beide die waarheid te ontdek en te skep.

Die wyse waarop ons God deur middel van ons metafore modelleer, het 'n verwysing na ons geestelike ervaring en is dus nie sonder gronde nie. Ondervinding sluit kognitiewe denke in asook nie-konseptuele ondervinding wat van 'n lewensveranderende aard kan wees. In hierdie sin word eksperimentele werklikheid waarheid; die gelowige betree 'n wêreld van betekenis waar teologie as 'n instrument dien om die godsdiensinhoud in die persoonlike lewe in te weef.

Die gevolg is dat die gelowige nie opgeroep word om die abstrakte waarheid te bemeester nie, maar eerder om sin te probeer maak van die wêreld deur deelname in die skepping van 'n nuwe wêreld waarvolgens die self weer gedefinieer moet word. Geloof is dus my eie ondervinding en teologie die weergawe van my lewe. Dit kan alleen bereik word deur van taal op 'n kreatiewe manier gebruik te maak. Dit impliseer dat die epistemiese konstruksie van God 'n plaaslike en nie 'n universele konsep is nie. Elke persoon dink verskillend oor God alhoewel dit nie die gedagte uitskakel dat jou God ook my God is nie. Alle individue gebruik tog mos dieselfde metafore wat aan die Bybel ontleen word.

## 2. 2 Samevatting

Die beweging van positivisme deur 'n soeke na 'n nuwe rasionaliteit het tereg bepaalde implikasies vir die teologie teweeg gebring. Hoewel daar baie kritiek, veral van die gereformeerdes se kant op die postmodernisme is, kan dit nie ontken word dat 'n nuwe fase van die moderne geestesgeskiedenis besig is om beslag te vind nie (Strauss 1998:103). Dit moet erken word dat die postmodernisme geldige kritiek op die modernisme uitspreek. In postmodernisme is daar 'n groter openheid vir nie-konseptuele wyse van denke. Dit het tot gevolg dat daar 'n terugkeer is tot die literêre rol wat die Bybel in die hedendaagse lewe vervul. Hierdie gedagte word gemotiveer deur die oortuiging dat die Bybel as literatuur God bekend maak. Hierdie bekendmaak dui op 'n epistemologie wat kennis in samehang met persoonlike ervaring bring. Vanweë die holistiese beskouing en dat waarheid in 'n geïntegreerde sisteem beskou moet word, sal dit tot gevolg hê dat die sistematiese teologie nie so gefragmenteer word nie. Elke onderafdeling van die sistematiese teologie sluit die ander in. Dit beteken byvoorbeeld dat daar nie oor die kerk gepraat kan word sonder om oor God te praat nie. Die onderskeie temas van die Bybel moet dus aandui hoedat dit 'n uitdrukking van al die ander temas is.

Wat verder van kennis geneem moet word is dat postmodernisme inderdaad bevryding gebring het van 'n groot aantal suiwer mensbedagte denksisteme wat die wêreld wou orden, beheer en bereël (Van Heerden 1997:39). Daar is ook in postmodernisme groter nederigheid omdat aanvaar word dat die mens hoogstens met deelwaarhede werk en oor deelinsigte beskik en bring dit 'n oper ingesteldheid teenoor onbekende dinge. Die feit dat postmodernisme die veelfasettigheid van die werklikheid en veelvlakkigheid van visies en interpretasies erken, sê dat daar niks seker en absoluut is nie. Wat nie ontken kan word nie is dat alhoewel laasgenoemde siening enersyds aanvaar kan word, dit andersyds tog 'n mate van agterdog en vrees opwek dat daar nie uiteindelik in 'n godsdienstige relativisme verval sal word nie (Strauss 1998:102). Die voordeel wat hierdie oortuiging het, naamlik dat die mens nie die volle waarheid in pag het nie, is dat dit 'n voortdurende en volgehoue herinterpretasie van die Bybel of bepaalde literêre tekste sal meebring wat 'n gesonde benadering is.

Die saak van etiek sal ook onder die loep geneem moet word veral in die lig van die feit dat daar nie meer bepaalde absolutes of konkrete verwysingspunte is vanwaar reg en verkeerd bepaal word nie. Die saak word aan die individu oorgelaat om vanuit die paradoksale posisie van vryheid te besluit wat vir hom aanvaarbaar is al dan nie (Du Plooy 1998:89). Die vraag wat mag ontstaan is of dit nie tot gevolg sal hê dat daar verwarring sal ontstaan ten opsigte van 'n gemeenskaplike basis of konsensus oor wat reg en verkeerd is nie? In die lig van die vrye keuse wat 'n individu het om sy eie etiek as ware te bepaal en ook in die lig van die feit dat daar geen absolute waarheid te vinde is nie, ontstaan die vraag wat ons die kinders aangaande etiek moet leer? Moet die boodskap aan hulle oorgedra word met die verstandhouding dat alhoewel bepaalde dinge vandag reg is, dit waarskynlik môre verkeerd mag wees?

Postmodernisme kan nietemin daarin slaag om 'n uitweg in die dilemma tussen dooie ortodoksie en koue rasionalisme te vind wat 'n bydrae sal lewer dat die Christelike godsdiens en die praktyk of uitlewing daarvan nader aan mekaar sal beweeg. In hierdie opsig kan dit 'n groot bydra lewer om die verstaan van die begrip belydenis, naamlik dat dit nie net oor die inhoud nie maar ook oor die daadkant gaan, aanspreek en sodoende die noodsaaklikheid van belydenisskrifte onderstreep.

### **3. METAFORE**

In hierdie opsig speel die metafore 'n belangrike rol in die konstruering van epistemologiese instrumente. Die aard van metafore is dat hulle op 'n ontologiese wyse na die werklikheid verwys as 'n epistemologiese metode om uitdrukking te gee aan die onbekende deur middel van die bekende. 'n Metafoor is 'n wyse waardeur ons verstaan en ook ons wêreld kan vergroot en kan verander. Dit is die enigste manier waarop ons met die onbekende kan deel (McFague 1982:18). Omdat metafore terselfdertyd is en nie is nie, kan begrippe nie verabsoluteer of letterlik verstaan word nie. Metafore word reeds gebruik om die onbekende en die betekenis wat daaragter lê, te verstaan (Ibid;13). Metaforiese teologie is dus hipoteties, tentatief, gedeeltelik, oop, skepties en heuristies.

Dit help om die transendente wat reeds buite die grense van menslike taal val, in immanente begrippe weer te gee.

Die afleiding wat hier gemaak word is dat die spreke oor God nie so vanselfsprekend is as wat dit voorkom nie (van Huysteen 1987:9). Die vraag is hoe dit moontlik is om God as die gans-andere, die transendente, in menslike taal te verwoord? Verder is die vraag of die spreke oor God in immanente taal, die geldigheidsoets van teologiese uitsprake kan deurstaan? Is dit spreke, maar nie noodwendig spreke oor God nie, of oor God, maar nie spreke nie, maar bloot spreke oor een of ander aspek of dieptedimensie van ons menslike ervaring? (Kaufman 1978: 122)

Indien laasgenoemde stelling waar is, sal dit die saak net verder bemoeilik aangesien ervaring van persoon tot persoon verskil en elke individu gee uitdrukking daaraan soos hy\sy dit beleef het. Vanweë die evolusionêre proses waaraan alles onderhewig is, sal dit desnoods ook tot gevolg hê dat die benaminge voortdurend in herooringe geneem moet word sodat daar nie in anachronisme verval word nie (McFague 1987:3). As oplossing vir hierdie probleem verwys McFague (Ibid; 4) na die gedagte van 'n "new sensibility" van ons dag, een wat holisties en verantwoordelik is, wat alle vorme van lewe insluit en erkenning gee aan die interafhanklikheid van alles.

Hierdie benadering van holisme wat die aksent primêr op interverhoudings en verbindings plaas, sê dan inderdaad dat daar nie ruimte gelaat word vir die eksklusiwiteitsuitsprake van die Christelike godsdiens nie. Dit alles dui daarop dat metafore wat in verband met God gebruik word, hersien moet word aangesien dit in die lig van die wetenskaplike rewolusie nie meer hierdie verhouding tussen God en die wêreld doeltreffend genoeg uitbeeld nie en in 'n sekere sin anachronisties is.

In die lig van die nuwe wetenskapsfilosofiese benadering van die "quantum" - teorie blyk dit dat kennis nie akkumulatief is nie, maar soos Kuhn glo, skoksgewys kom. Kennis kan dus nooit verabsoluteer of geantisipeer word nie. In die lig van die nuwe

wetenskapsfilosofiese benadering het dit ook ingrypende konsekwensies vir die teologie meegebring veral waar dit die verstaan van God raak. Die beeld van God as die "Almagtige" moet hersien word. Vanweë die postmodernistiese benadering waarvolgens die mens as subjek 'n mede - rolspeler is, kan die begrip, "almag", impliseer dat God sy mag nie deel of deleger nie. Die beeld, "almag" of "soewereiniteit" dra volgens McFague (1987:17) by tot die konsep van militarisme (God veg vir sy kinders teen hulle vyande) wat die ontsnapping en ontduiking van verantwoordelikheid beteken (alles is in God se wil en die mens is aan God se willekeur uitgelewer) en die mens in 'n staat van passiwiteit plaas. McMullin (1982:37) voel so sterk oor die gebruik van metafore en beskou dit as die enigste beskikbare wyse om die kompleksiteit van die menslike wêreld te benader. Te Selle se kommentaar (1975:28) is "either we accept the necessity of metaphorical language for what might be called 'the mysteries of life' or we sink in silence".

Die gebruik van metafore pas ook in die raamwerk van die postmodernisme aangesien dit die subjektiewe aspek (die mens as kenner) in die metafore na vore bring. Godsdienstige metafore het 'n hermeneutiese tradisie van 'n linguïstiese gemeenskap wat die grond-metafore van die Christelike geloof oorgedra het deur 'n lang historiese interpreterende tradisie (Van Huyssteen 1989:41).

Die belydenis van die kerk is 'n taalaktiwiteit waardeur mense uitdrukking gee van hoe hulle kennis aangaande God en sy werkinge verstaan en verwoord word. Voordat daar betekenis aan teologiese uitsprake gegee kan word, moet daar konsensus wees oor die geldigheid van die begrippe of die taal wat gebruik word. By die bevredigende beantwoording van hierdie betekenisvraag staan of val belydenisskrifte. Metafore pas dus in die postmodernistiese raamwerk met sy anti-fundamentalisme en post-positivistiese benadering wat ongetwyfeld bestaande belydenisskrifte onder die soeklig sal bring en vereis dat bestaande metafore hersien moet word.

Alhoewel die teks waarlik na bepaalde realiteite verwys, kan die teks nie die persone of gebeure vir wie dit 'n getuienis is, vervang nie. Kritiese realisme is 'n poging om die

koherensie van waarheid deur die subjektiewe en die objektiewe as 'n integrale deel van die waarheid saam te voeg.

Die fragmentering van kennis en die sogenoemde sekerheid van objektiewe kennis is nie langer aanvaarbaar nie. Empiriese wetenskappe kan nie langer daarop aanspraak maak dat hulle oor 'n beter akademiese status beskik nie omdat die natuurlike wetenskappe nie net objektief vir die hermeneutiek is nie. In die postmoderne era neem die wetenskap meer kennis van die menslike insette in sy metodologie omdat die ervaring van natuur en kultuur nie van mekaar geskei kan word nie.

In hierdie opsig speel die metafore 'n belangrike rol in die konstruering van epistemologiese instrumente. Die aard van metafore is dat hulle op 'n ontologiese wyse na die werklikheid verwys as 'n epistemologiese metode om uitdrukking te gee aan die onbekende deur middel van die bekende. 'n Metafoor is 'n wyse waardeur ons verstaan en stel ons instaat sowel as om ons wêreld te vergroot en dit te verander. Dit is die enigste wyse waarop ons met die onbekende kan deel (McFague 1982:18).

Metafore is baie bruikbaar wanneer ons die onbekende in terme van die bekende verklaar. Dit vorm 'n brug met die direkte ervaring van God en die geloof. Verstaan op die diepste vlak vorm 'n integrale deel van godsdienstige ondervinding. Dit is deur openbaring dat die gelowige ontwaak tot 'n nuwe verstaan van die verhouding tussen homself/haarself en God. Dit beteken dat openbaring oor 'n kognitiewe element beskik.

Die ervaring van liefde, versorging en gesag van God word gekonseptualiseer deur die metafoor "Vader" te gebruik. Metaforiese verwysing beteken dat God vergelyk word met 'n vader, alhoewel die metafoor ook sê dat God oneindig meer as 'n vader is.

'n Postmoderne gebruik van taal maak dit moontlik om 'n nuwe konsep van God te verkry deur uit die subjek/objek - skema en blote beskrywende fase van taal te breek. In die postmoderne wetenskap wil die wetenskaplike werklikheid uitbeeld in terme van tentatiewe modelle. Dit beteken dat werklikheid op 'n verstandelike vlak herskep word met behulp van analogiese taal.

Teen hierdie agtergrond word dit duidelik dat daar 'n beweging van openbaring as 'n tydlose waarheid is wat wag om ontdek te word nà die historiese belangrikheid van openbaring. Geskiedenis word dus nie meer beskou as kontingent of per toeval nie, maar as 'n intrinsieke deel van God se selfopenbaring. Volgens hierdie model laat God genoeg ruimte vir die menslike vryheid en kreatiwiteit. God word nie gesien as een wat van bo na onder, van 'n posisie van absolute outoritêre oorheersing handel nie.

God se invloed word meer intern as ekstern beskou (werk van binne na buite). God en die wêreld kan van mekaar onderskei, maar nooit geskei word nie, 'n Interafhanklikheid tussen God en die wêreld beteken dat die wêreld God ook in 'n bepaalde sin moet reflekteer. Dit beteken dat die wêreld 'n evolusionêre entiteit is waarvan die finale staat nog nie presies voorspelbaar is nie.

Hierdie model bevestig ook die balans tussen orde en geleentheid in dié sin dat die univers oop bly vir verandering en ontplooiing.

God se teenwoordigheid in die wêreld, sy immanensie, skakel nie die gedagte uit nie dat Hy ook transendent is. Elke geskape entiteit is van God afhanklik alhoewel Hy self onderskeidend van die wêreld bly. God se immanente aksies herdefinieer sy mag as 'n oortuigende mag eerder as 'n beheerende mag.

Die besef dat die teologie nie aanspraak kan maak op 'n soort van esoteriese kennis nie, het baie konsekwensies. Die een is die onttroning van teologie as die verhewe wetenskap van die "Goddelike". Meer word gewen as verloor, omdat die gelyke voet waarop alle

wetenskappe staan tot die gemeenskaplike verryking van die teologie en die natuurlike wetenskappe lei.

Die bestaande bedreiging wat sommige Christene mag ervaar, is die verlies aan tradisionele sekerheid. Die kriterium vir waarheid is nie langer om *in ooreenstemming met* te wees nie, as wat dit 'n toename in betekenis (beter verstaanbaarheid) beteken. Die nuwe metafoor is nie langer die pilaar met sy soliede fundasie (fundamentalisme) nie. Die postmoderne teologie berus dus op eksperimentele genoegsaamheid wat bepaal word deur die menige metafore wat baie gelowiges as van groot hulp deur die eeue ervaar het. Die taak van postmoderne teologie is om rekenskap van geloof te gee met die doel om die betekenis uit te brei. Die metode is om ons godsdienservaring sinvol te maak deur aan God te dink in terme van relevante metafore en metafore met blywende mag wat uiteindelik modelle word.

Postmoderne teologie word voorgehou as 'n teologie wat in groter kongruensie is met die kontemporêre wêreldsiening en wetenskaplike insigte as die tradisionele benaderings. Met betrekking tot die postmoderne paradigma, dien postmodernisme slegs as 'n tentatiewe model totdat 'n beter model gevind kan word. Postmodernisme stem ooreen met die oortuiging dat ons voortdurend progressief nader aan die waarheid beweeg, nie deur 'n akkumulasie van kennis nie, maar deur die voortdurende "Gestaltswitch" van paradigmas soos bepaal word deur die gees van die tyd om sodoende relevant te bly.

Daar kan geredeneer word dat baie van die bestaande belydenisskrifte toshoort in die kader van premodernisme en modernisme, wat 'n sterk positivistiese en fundamentalistiese aanslag daaraan gegee het soos onder andere die Calvinistiese siening van die uitverkiesingsleer. Hierteenoor staan die postmodernistiese benadering wat die wil van God nie as 'n vooraf bepaalde besluit erken wat nagevors en slaafs in gehoorsaamheid nagevolg moet word nie.

Die postmodernistiese benadering staan 'n klemverskuiwing van die objektiewe na die subjektiewe voor wat beteken dat die mens groter erkenning as deel van die werklikheid

moet geniet en gevolglik mede-skepper en mede-verantwoordelik saam met God is om insette te maak. Dit het tot gevolg dat die beeld van God as die Soewereine en Almagtige Een soos dit in die bestaande belydenisskrifte voorkom, nie versoenbaar en voldoende is om uitdrukking te gee aan hierdie nuwe oortuiging nie. Indien belydenisskrifte relevant volgens die postmodernistiese siening in hierdie tydsgees wil wees, sal daar 'n bereidwilligheid moet wees om na die inhoud, taal en begrippe van die bestaande belydenisskrifte te kyk en indien nodig te hersien ten einde die toevalligheidskarakter en werklikheidsbeskouing van die postmodernisme te akkommodeer.

Danksy die aard van metafore om begrippe nie te verabsoluteer nie, sal dit die aangewese instrument vir die konstruering van die epistemologiese wees. Die hipotetiese gevolgtrekking is dat belydenisskrifte vanweë die integrale plek wat metafore en paradigmas in postmodernisme inneem, nie meer noodsaaklik is nie. Aangesien die bestaande modelle tentatief is, kennis nie kummulatief is en die waarheid nie ewig finaal is nie, dien dit geen doel om belydenisskrifte te formuleer nie. Die kategetiese rol van belydenisskrifte om veral die jeug te vestig in die grondwaarhede, wat in elk geval met die ontdekking van anomalieë onderworpe is aan paradigmaverskuiwings, skyn 'n absurditeit te wees.

### **3. 1 Opsomming**

In die lig van die bogenoemde uiteensetting aangaande metafore, kan die vraag ontstaan of dit nie alles uiteindelik in relativisme verval nie? Wanneer metafore vanuit 'n kritiese realistiese beskouing verstaan word, dui dit daarop dat teorieë nie 'n spieëlbeeld is nie maar verteenwoordigend van die werklikheid is. Onder realisme word verstaan die beskouing dat dinge onafhanklik van ons waarneming bestaan en dat die werklikheid nie net beperk is tot wat ons kan bewys of ervaar nie (Spangenberg 1995:193). Die kritiese realisme erken enersyds God se openbaring en andersyds die mens se betrokkenheid en nadenke daaroor. Hiermee word geensins bedoel dat dit 'n saak van subjektiwisme is waar die mens se opvatting die maatstaf is waarvolgens die Bybel gelees word nie. Dit is hierdie openbaring aan die mens en ervaring met God wat in die Bybel opgeteken is.

Die mens het ook 'n aandeel in die daarstelling van die geskrifte, wat as die Woord van God bekend staan.

Die Bybel is dus nie 'n bonatuurlike dokument wat sonder die bemiddeling van die mens aan ons gegee is nie (van Huyssteen 1982:7). Hierdie stelling dui daarop dat die gelowige moet aanvaar dat die leser van die Bybel dit met 'n bepaalde interpretasiekader en vooroordeel benader. Dit sê dat die mens se interpretasie van die teologiese nou verbonde is aan nie-teologiese faktore. Teologiese uitsprake is dus die reflektoring en intellektuele analise van die Christelike ervaring van die mens (Peacocke 1984:37). Die probleem is dat terwyl teologie enersyds die reflektoring van die mens se Christelike ervaring is, dit andersyds 'n ervaring met God is. Omdat die gelowige oor geen metataal beskik om God te beskryf nie, stel die kritiese realisme dit dat God alleen epistemologies geken kan word deur middel van metaforiese verwysing om toegang tot die onbekende te verkry. Van Huyssteen (1987:25) wys daarop dat metafore ernstig, maar nooit letterlik opgeneem moet word nie. Alhoewel dit in 'n ontologiese sin verwys, is dit altyd partydig en onvoldoende.

Dit is egter belangrik om te onthou dat metafore nie poog om God te bewys nie, maar eerder redes wil verskaf waarom daar op bepaalde wyses geteoretiseer en geteologiseer word. Waarheid is ook net by benadering bekend wat beteken dat God in 'n sekere sin 'n verborgenheid bly. Die kritiese realisme het eerder 'n funksionele as 'n ontologiese benadering tot die waarheid. Dit is funksioneel omdat ons God nie in Homself verstaan nie (ontologies) maar in sy verhoudings wat godsdienstige ervaring bo spekulاسie verkies.

Opsommenderwys kan gesê word dat met die stelling dat metafore hersien moet word geïmpliseer word dat daar nie sekerheid kan wees aangaande wie en wat God is nie. Kritiese realisme in samewerking met metafore sê dat ons kennis van God ten dele is en dat ons meer omtrent Hom leer deur ons ervarings met Hom en dat hierdie ervarings opnuut verwoord moet word met behulp van nuwe metafore. Omdat taal verder lewendig is en altyd groei en die mens voortdurend ontwikkel, sal die mens op 'n meer doeltreffende wyse sy ervarings met behulp van metafore kan verwoord. Hierdie stelling

kan tot die uiterste gedryf word waar die hele saak in subjektiwisme verval en die mens se opvatting die maatstaf word waarvolgens die Bybel gelees word.

Dit is die skrywer se oortuiging dat metafore en veral die krities-realistiese benadering 'n belangrike rol in belydenisskrifte kan vervul. Dit sal voorkom dat daar in 'n positivistiese en fundamentalistiese benadering verval word wat belydenisskrifte verabsoluteer. Dit sal verder help dat daar nie net 'n eensydige klem op die openbaring van God is nie, maar dat die mens se respons en verantwoordelikheid daarteenoor ook sal figureer. Die gebruik van metafore sal daartoe lei dat belydenisskrifte voortdurend hersien sal word ten einde te bepaal of die taal nog die waarheid duidelik en in die idioom van die dag weergee. Laastens sal die gebruik van metafore en die kritiese realistiese benadering die teologie vrywaar van die aanklag van 'n immuniseringstaktiek aangesien dit juis 'n oop stelsel voorstaan.

#### **4. Postmodernisme en Demokrasie**

Vanweë die klem wat die postmodernisme op die outonomieit van die mens plaas, is dit vanselfsprekend dat demokrasie/menseregte baie sterk sal figureer. Dit sal 'n invloed hê op die vraag na die noodsaaklikheid van belydenisskrifte, of belydenisskrifte op enige gesag aanspraak kan maak en selfs afdwingbaar kan wees. Indien wel, sal dit nie juis inbreuk maak op die mens se vryheid en menseregte nie?

Om te voorkom dat die gedagte geskep word dat belydenisskrifte teen demokrasie gerig is en nie daarmee versoen kan word nie, is dit belangrik dat daar oorsigtelik na die onderwerp gekyk word.

Die woord *demokrasie* is van Griekse oorsprong wat 'n samestelling is van twee woorde "demos" – die volk en "kratia"- mag. Hieruit kom die gedagte na vore dat in 'n demokrasie die individu vooropgestel word met besonder verwysing na sy vryheid en gelykwaardigheid. Aangesien die onderwerp van demokrasie nie hier in diepte bespreek word nie, word daar twee lyne getrek, wat die skrywer as sekulêre en Christelike demokrasie sal definieer.

- Sekulêre demokrasie het as grondtoon die erkenning van die individu as 'n sedelike, vrye, selfbepalende persoon en as sodanig die outeur van sy/haar eie denke, woorde en dade. Dit is telkens die individu wat self moet en kan kies, beslis en handel, al is dit soms op indirekte wyse. Eenvoudig gestel, beteken dit dat terwyl die mens hom/haar gedurig in 'n spanningsveld van waardes bevind, hy/sy in 'n gegewe situasie sal besluit hoe opgetree moet word volgens eie denke en waardes. Hierdie optrede staan bekend as relativisme. Relativisme in hierdie konteks kan nie anders nie as om in humanisme (die vergoddeliking van die mens) te resulteer.

In 'n sekulêre demokrasie staan die individu primêr en die gemeenskap sekondêr. Aangesien die individu volgens sy eie waarde en denke besluite neem en optree, sal dit noodwendig ten koste van die ander individu se regte wees, wat weer op sy beurt anargie in die hand kan werk. Hierdeur word van demokrasie 'n karikatuur gemaak.

Die slotsom is dat sekulêre demokrasie nie gewortel is in die Christelike godsdiens nie, maar homself tot 'n lewensbeskouing en religie verhef.

- Die Christelike demokrasie daarenteen het sy wortels in die Bybelse norme. Dit beteken dat dié demokratiese gesindheid een van opregte waardering teenoor alle lede van die gemeenskap as gelykwaardige persone is. Die vryheidsgedagte in die Christelike demokrasie dui juis daarop dat die mens wesenlik mens is omdat hy/sy in 'n verhouding tot God staan. Die Christelike demokrasie dui op 'n Godgewilde samelewingsvorm waarin die mens geplaas is om sy vryheid as moontlikheid in verhouding tot sy medemens te aktualiseer en waaruit 'n positiewe verhouding tot God gelewe kan word en so die "self" te kan wees en word wat God wil hê hy/sy moet word. Selfverwesenliking kan slegs geskied in verhouding tot ander en daarom kan my medemens nie buite rekening gelaat word nie.

In 'n Christelike demokrasie beteken die vryheidsgedagte dat die mens sy vryheid eerstens tot voordeel van sy medemens gebruik waarvan die gevolg weer tot hom/haar sal terugkeer en hom/haar in staat sal stel om dit tot volle potensiaal aan te wend. In so verre dit die gelykwaardigheidsgedagte aangaan, is dit die Christelike demokrasie se uitgangspunt dat elke mens 'n geskapene is, deur en vir die liefde van God, wat alle mense gelykwaardig maak. Elke mens besit 'n absolute onvervreembare waarde en wie hierdie fundamentele waarde geweld aandoen, doen God geweld aan.

In die lig van bogenoemde kan gesê word dat die tekortkoming van sekulêre demokrasie die onvermoë is om die individu en die gemeenskap op so 'n wyse met mekaar in verband te bring en te versoen dat die welsyn en geluk van die een nie ten koste van die ander een nie. Sekulêre demokrasie is geneig om of die individu of die gemeenskap eensydig te beklemtoon en raak so verstrikt in 'n ideologie wat vir die mens geen vrede en geluk kan bring nie.

Omdat hierdie demokrasie nie in die godsdiens gegrond is nie, kan dit nie die mens sy volle relasie-situasie, sy relasie tot God, medemens en wêreld sien nie. Die mens word bloot gesien in 'n kollektivistiese sin as deel van die georganiseerde maatskappy. Alleen in 'n eg Christelike filosofie wat die mens in sy relasie-volheid sien, is daar geen teenstrydigheid tussen individu en gemeenskap nie. Die hipotetiese stelling kan hier gemaak word dat Christelike demokrasie die noodsaaklikheid van belydenisskrifte onderskryf danksy die fundamentele waarhede van 'n geordende stelsel wat gerig is op die daarstelling van gesonde verhoudings soos alleen deur God se heilsplan bewerkstellig kan word.

'n Wesenlike verskil tussen 'n Christelike en sekulêre demokrasie lê in die onderskeie interpretasies van die begrip vryheid. Vir 'n sekulêre demokrasie het vryheid 'n relativistiese karakter, wat eenvoudig gestel, beteken dat die individu doen wat hy/sy wil, soos jy wil, waar hy/sy wil. Hierdie verstaan van vryheid is niks anders nie as wetteloosheid. Christelike demokrasie daarenteen sien vryheid juis in die kader van

bepaalde wette en voorskrifte. Weer eens kan hierdie feit uitgebou word as 'n sterk argument ten gunste van die noodsaaklikheid van belydenisskrifte aangesien dit die riglyne en raamwerk voorsien vir die basiese vertrekpunte in die konstatering van Christelike wette en vryheid. Die enigste logiese wyse waarop konsensus en orde verkry kan word, is om 'n gemeenskaplike "absolute" of vertrekpunt te hê, wat buite die mens gesentreer moet wees. Indien die mens 'n vertrekpunt in homself moet vind en vandaar lyne projekteer, is die vraag, veral in die lig van die totale ontaarding beskou (corruptio totalis), of dit nie die mens in totale wanhoop sal dompel nie? Water kan tog immers nie bo sy eie vlak uitstyg nie!

Die feit dat postmodernisme die klem op die geïntegreerde stelsel van die werklikheid plaas en 'n holistiese beskouing handhaaf, het tot gevolg dat die Christelike godsdiens nie meer in isolasie beskou kan word nie, maar as 'n onderdeel van die groot geheel, naamlik die hele stelsel van die godsdienswêreld gesien moet word. Dit noodsaak 'n bespreking om oorsigtelik na twee verdere begrippe, ekumenisme en globalisme te kyk.

## **5. EKUMENISME**

### **5. 1 Inleiding**

Die twintigste eeu is by uitstek die ekumeniese eeu in die kerkgeskiedenis, die eeu waarin die verskillende kerke van mekaar bewus geword het en pogings aangewend het om nader aan mekaar te beweeg. Die begrip ekumenies afkomstig van die Grieks "oikoumene" en wat gebruik word vir die "hele wêreld", die "bewoonde wêreld", die "mensdom", dui daarop dat dit 'n wêreldwye benadering en toenadering is.

In die lig van die feite wat in die bespreking onder postmodernisme na vore gekom het, wil dit voorkom of ekumenisme baie nou daarmee saamval. Daar word veral verwys na die postmodernistiese benadering, naamlik dat daar 'n stelsel en 'n netwerk moet wees waarvolgens die werklikheid holisties beskou en verstaan moet word. Haralambos verduidelik dat die stelsel op interverwante dele dui wat saam 'n komplekse geheel uitmaak. Alhoewel die stelsel uit verskillende deeltjies bestaan, vorm dit nogtans 'n geheel

wat hy as holisme beskryf. Holisme behels in dié konteks dat die geheel groter as die som van die dele is. Haralambos (1987:10) wys op 'n verdere aspek van die stelsel wat hy as oop sinergisme beskryf. Hierdie begrip dui op die samehang van die verskillende dele en middele van die stelsel sodat die geheeleeffek groter is as die som van die twee afsonderlike effekte.

Die aanname kan hier gemaak word dat ekumenisme of ekumeniese teologie aanduidend is van 'n postmodernistiese paradigmatverskuiwing in die teologie.

## **5. 2 Historiese Oorsig**

Insigte wat uit die historiese gegewens verkry word, dui daarop dat die aanloop tot die ekumeniese beweging reeds sedert die groot sendingkonferensie van 1928 in Jerusalem gemerk kan word, waar die sosiale taak van die sending sterk na vore getree het. Die klem val nou nie soseer op geografiese uitbreiding nie as op die uitbreiding van die sendingtaak na die sosiale, politieke en ekonomiese terreine. Daar word sterk bepleit dat die kerk sy verantwoordelikheid tot getuienis in die samelewing moet raaksien, en dat dit sy roeping is om die evangelie in te dra op alle gebiede van die menslike lewe (Goodall 1964:57).

Na 'n lang era waartydens die teologiese denke van die kerk deur die piëtisme beïnvloed is, is die klem geplaas op die oorreding van die kerke om saam te werk aan sosiale vernuwing. Dit is opvallend hoedat sosiale en politieke sake 'n blywende plek in die ekumeniese besinning gekry het. Die Evangeliese kerke het in 'n mate 'n konserwatiewe benadering in hulle teologie gehad wat veroorsaak het dat hulle terughoudend teenoor die ekumeniese beweging gestaan het.

In Amerika is kerke wat op die gebied van ekumenisme betrokke geraak het deur die Evangeliese kerke as liberalisties of kommunisties bestempel (Gill 1976:93). Die genoemde kerke se hoofaksent het op die verkondigingstaak van die kerk geval. Hierdie benadering het 'n vrees laat ontstaan dat die kerk hierdie verantwoordelikheid sou verwaarloos, vandaar die isolasie. Hierdie vrees is ook later bevestig deurdat die

verantwoordelikheid van die kerk al hoe meer van Christus as dienskneg losgemaak is. Toenemende steun is verleen aan geweld en rewolusie as middele om sosiale geregtigheid te bereik. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die Wêreldraad van Kerke wat die Skrif byster geraak en op die pad van 'n politieke drukgroep beland het. Sedert die sestigjare het daar 'n kentering gekom. As gevolg van die Wêreldsendingaksies het die kerk al hoe meer op sosiale en politiek gebied betrokke geraak. Hierdie kentering sou noodwendig 'n invloed op kerke se belydenisse hê veral ten oorsigte van die Christologiese, ekklesiologiese en eskatologiese aspekte.

### **5. 3 Ekumenisme en Belydenisskrifte**

Een van die oogmerke van belydenisskrifte is om eenheid te bewerkstellig. Weens die polemiese aard daarvan is dit egter onvermydelik dat die grense en juis die verskille duidelik getrek word wat soms op vyandigheid en verwydering uitloop. Belydenisskrifte is nie net verantwoordelik vir die daarstelling van grense tussen die ware kerk en dwaalleringe nie, maar trek ook grense tussen kerke en hulle belydenisse wat juis hul verskillende teologiese vertrekpunte/aksente beklemtoon, wat op sigself tot opposisie kan lei. Hierdie dubbelslagtige karaktertrek van belydenisskrifte kan, oppervlakkig beskou, as 'n paradoks voorkom. Eenheid beteken egter nie eendersheid nie, maar verwys spesifiek na die korrekte verhouding tussen die verskillende konfessies en veral na die moontlikheid dat die verskillende konfessies, die openbaring waarop hulle aanspraak maak, saam kan bely, bestudeer en verstaan. (Konig: 1982:347). In die breë gesien, is dit duidelik dat die meeste konfessies in 'n sekere sin met gemeenskaplike probleme worstel, veral in die lig daarvan dat die Kerk (met 'n hoofletter) in die spervuur van postmodernisme, sekularisasie, ensovoorts staan.

Die feit dat die kerk in 'n nuwe historiese situasie leef en te midde van 'n nuwe klimaat die evangelie moet verkondig en sy geloof moet bely, rig die vraag al hoe meer op die kerk se belydenis oor God. As voorbeeld word hier veral verwys na die probleem van gesag in die algemeen; kerklike gesag of die gesag van die Skrif; die verhouding tussen die vertikale en horisontale dimensies van die evangelie wat selfs in twee groepe figureer,

naamlik die “horisontaliste” en die “vertikaliste” en die Charismatiese oplewing wat geen konfessionele grense ken nie en in baie opsigte aansluiting by mekaar vind (König 1982:347).

Oppervlakkig beskou, kan die indruk maklik geskep word dat verdere konfessies soos wat dit in die verlede geken is, nie vandag meer nodig is nie. Om dit te voorkom, word die volgende opmerkings met verwysing na konfessies gemaak:

- Daar sal altyd bestaansreg in 'n kerk of genootskap wees vir sy eie besondere konfessies. Daar moet altyd 'n openheid bestaan dat hoewel daar deeglike gebondenheid aan 'n eie konfessie is, dit nie verabsoluteer sal word sodat dit in eksklusiwiteit verval nie. Die ander uiterste kan weer wees dat 'n kerk sy konfessionele grense so oorskry, dat hy homself daardeur prysgee en sodoende sy identiteit inboet, wat die doel van die konfessie negeer.
- Hierdie ope benadering kan tot die vraag lei hoe die paradoks versoen word tussen kerke of gelowiges wat enersyds daarop aanspraak maak dat hulle belydenis op die Skrif as enigste openbaringsgetuie is gebaseer en tog andersyds kontroverse teologie tussen mekaar beoefen? Die probleem word akut veral wanneer die polemiese karakter van belydenisskrifte gehandhaaf moet word en persone wat nie soos ons oortuig is of glo nie, as ketters uitgemaak word, alhoewel hulle hul verbondenheid en solidariteit met Christus deur die geloof bely. Hierdeur word die doel van belydenisskrifte om eenheid te bewerkstellig onder verdenking geplaas.

König vra, wat hy die prinsipiële vraag noem, of konfessionele pluraliteit, waar verskillende konfessies mekaar uitsluit of weerspreek, of konfessionele pluriformiteit waar dieselfde geloof slegs vanuit verskillende gesigspunte bely word, kan bestaan? Onder konfessie word verstaan 'of 'n geskrewe belydenis' of die hele kerklike tradisie en lewe wat rondom so 'n belydenis ontwikkel het. Om hierdie vraag te beantwoord moet daar ten minste tussen die volgende vier gebruike van die begrip “konfessie” onderskei word.

1. Die begrip konfessie kan dui op bepaalde belydenisskrifte, wat nie ander uitsluit of teenoor ander staan nie, wat ook as aanvaarbare konfessionele pluriformiteit bekend staan en wat dieselfde geloof bely. Al is daar verskillende belydenisse, word dieselfde geloof in verskillende vorme bely.
2. Konfessie kan ook dui op 'n bepaalde belydenisskrif van 'n kerklike tradisie of kerkfamilie teenoor 'n ander. Hier kan van konfessionele pluraliteit gepraat word.
3. Konfessie kan ook verder dui op dit wat die hele kerk saam bely. Hier gaan dit nie soseer oor 'n omvattende uiteensetting van die geloof as wat dit gaan oor die formulering van 'n bepaalde faset van die geloof waaroor 'n dispuut bestaan.
4. Konfessie kan ook gebruik word vir die Nuwe - Testamentiese belydenis wat meer op 'n daad dui, uit 'n toegespitse formule bestaan, in 'n konkrete situasie uitgespreek word en 'n volkome eksklusiewe formulering is. Hier kan veral gemeld word dat die konsentrasiepunt van die Nuwe - Testamentiese konfessie Jesus Christus is. Die een wat dit bely, maak dus 'n lewensbeslissing waarvoor daar nie 'n alternatiewe belydenis bestaan nie (Konig: 1982:358).

In die lig van die voorafgaande bespreking word die slotsom bereik dat wanneer die noodsaaklikheid van belydenisskrifte onder die loep kom, duidelikheid eerstens verkry moet word of dit in 'n konfessionele of eksklusiewe sin verstaan moet word en as iemand dit nie handhaaf nie, hy/sy daardeur uit die heil uitgesluit is, of gaan dit om konfessionele pluriformiteit of pluraliteit?

Dit is vanselfsprekend dat die mate waartoe persone mekaar se belydenisse erken bepalend sal wees vir die mate waartoe hulle mekaar se kerkwees erken. Indien belydenisse nie die "kerkwees" aantas nie, moet dit eerder as 'n saak van teologiese verskille beskou word wat vra om verdraagsaamheid en 'n poging om saam op soek te

gaan na beter insig in die Woord van God. Watter kredietwaardigheid sal dit nie aan die getuienis van die Christelike kerk en die evangelieboodskap in die oë van die wêreld verleen nie? Hierdie eenheid is gegrond op ooreenstemming oor sekere fundamentele waarhede wat hulself konkretiseer en vergestaltung vind in belydenisskrifte. Die positiewe rol van belydenisskrifte tree hier baie sterk na vore.

Die onderwerp van ekumeniese teologie sal natuurlik ook hier moet figureer. Konfessionele belydenis kan enersyds verstaan word as 'n gemeenskaplike belydenis voortvloeiend uit eenstemmigheid oor die interpretasie en verstaan van sekere waarhede. Dit los egter nie die vraag op wat gedoen moet word met die waarhede waaroor daar nie konsensus bereik kan word nie.

Uit die kerkgeskiedenis is dit waarneembaar dat teologiese of dogmatiese verskille altyd sal bestaan, en dat die moontlikheid skraal is om 'n alles insluitende ekumeniese teologie te formuleer. Elke teoloog handhaaf verskillende aksente in verskillende kulturele en sosiale omstandighede. Daar is ook die kwessie van konvensionele verskille wat letterlik op belydenisverskille dui. Die feit dat daar baie kerke is, sê dat elkeen sy afsonderlike bestaan kan terugvoer na verskillende simbole of belydenisse, wat aanduidend is van hulle verskillende basiese ingesteldhede teenoor die Woord van God. Die onderskeie menswetenskappe toon dat daar ook verskillende morele beskouings by verskillende mense bestaan wat weer by die saak van die Christelike etiek aansny.

Die vraag wat telkens na vore kom is hoe dit moontlik is om die twee funksies van belydenisskrifte te versoen, naamlik om eenheid te bewerkstellig, terwyl terselfdertyd 'n polemiese karakter gehanhaaf word? Daar is verder ook 'n fyn nuanse tussen die polemiese karakter en die gesag van belydenisskrifte, wat afgeleide gesag van die Skrifte is. Indien daar geglo word dat dit wat bely word, die getroue weergawe van die openbaringsgetuienis van die Skrif is, hoe word die verskynsel van kontroverse teologie verklaar?

Indien die teoloë met hul verskillende sieninge hande kan vat en mekaar begelei op bogenoemde weg, sal dit nie net tot groot vordering in die formulering van 'n eenheidsteologie lei nie, maar ook 'n bres slaan tussen die Christelike kerk en sy boodskap in die oë van die wêreld en groter kredietwaardigheid aan sy getuienis verleen. Dit sal die doel van belydenisskrifte, naamlik om eenheid te bewerkstellig, tot sy volle reg laat kom. 'n Voorlopige beskrywing van ekumeniese teologie sal lui dat dit 'n teologie is wat hoofsaaklik deur al die hoofstrominge in die Christendom aanvaar word.

In hierdie opsig kan die Wêreldraad van Kerke as 'n model dien ten einde te bepaal of ekumeniese teologie en belydenisskrifte prakties haalbaar is. Die rede hiervoor is dat die Wêreldraad van Kerke seker een van die grootste ekumeniese bewegings ter wêreld is.

'n Kort historiese beskrywing van die Wêreldraad van Kerke kan tot beter insig en begrip lei. Op 23 Augustus 1948 is die Wêreldraad van Kerke formeel gestig met verteenwoordigers van 146 kerke. Die aanvanklike grondslag vir aanvaarding was dat die kerke wat tot die gemeenskap wou toetree, die Here Jesus Christus as God en Saligmaker moes erken en aanvaar. Later in Nieu-Delhi (1961) word hierdie grondslag uitgebrei tot "Die Wêreldraad van Kerke is 'n gemeenskap van kerke wat die Here Jesus Christus as God en Saligmaker volgens die Skrifte bely, en derhalwe daarna strewe om hulle gemeenskaplike roeping tot eer van die een God, Vader, Seun en Heilige Gees te vervul" (Visser 't Hooft 1962:35).

Hierdie gedagte van 'n gemeenskaplike beskouing van die roeping het die diakonia-gedagte na vore laat kom wat 'n "social gospel" in 'n nuwe gedaante laat verskyn het, waardeur gepoog word om deur diensbetoning die koninkryk van God hier op aarde te realiseer. Die probleem wat ontstaan het is dat die kerk al hoe meer losgemaak is van Christus as dienskneg en toenemend gekoppel is aan die sosiale node van die wêreld. Dit het ook al hoe meer gelei tot die kerke se ondersteuning van geweld en rewolusie as middele om sosiale geregtigheid te bereik en, nie deur die heilsplan van Christus nie. Hierdie benadering het 'n groot rol gespeel in die ontstaan van die bevrydingsteologie.

Alhoewel die klem aanvanklik op die Skrif as sentraal gesaghebbend geplaas is, het dié aksent veral later verskuif van die objektiewe gesag van die Bybel na die subjektiewe interpretasie waar die konteks meer beslissend as die teks van die Bybel is. Die Wêreldraad van Kerke het aanvanklik die volgende drie belydenisgrense as grondslag geneem: Christologies (Jesus Christus as God en Verlosser); Trinitaries (een God: Vader, Seun en Heilige Gees); Bybels (ooreenkomstig die Skrif). Elke kerk wat wil aansluit, moet verklaar dat hulle hierdie belydenisse onderskryf. Oënskoulik klink hierdie bepaling aanneemlik. Die kernvraag is nie soseer *dat* hierdie waarhede bely word nie, as die *wat* van die waarhede wat bely word. Dit is nie voldoende om net in die algemeen te vereis dat indien kerke wil toetree tot so 'n ekumeniese beweging daar in die gesag van die Woord of in Christus as Saligmaker ensovoorts geglo moet word nie. Gepaardgaande met so 'n belydenis moet daar 'n duidelike omskrywing wees van wat die inhoud van die geloof aangaande hierdie fundamentele waarhede is. Sodanige omskrywing betrek onmiddellik die verskillende tradisies wat nie net aanvullend tot mekaar is nie, maar selfs weersprekend en botsend teenoor mekaar kan staan.

Wat die saak verder kompliseer, is die vraag of hierdie ekumeniese belydenisskrifte ook oor 'n polemiese karakter beskik? Indien wel, ontstaan die probleem hoe hierdie polemiese aspek gehandhaaf kan word? As die lidmaatskapvereiste bepaal dat daar in sekere waarhede geglo moet word, moet konsekwentheid aan die dag gelê word deur toe te sien dat persone hulle lidmaatskap verbeur wanneer hierdie vereistes nie nagekom word nie. Op hierdie manier geniet die saak van gesag en magte van afdwingbaarheid aandag waaroor so 'n ekumeniese beweging moet beskik.

Waarteen gewaak moet word is dat die strewe na eenheid nie tot relativering en vervlakking lei nie. Alhoewel daar eerder inklusief gedink moet word om ander sienings te akkommodeer, is die Bybelse waarheid tog ook eksklusief. Die vraag bly steeds of daar 'n behoefte aan 'n "teologie van ontwikkeling" bestaan terwyl die ekumeniese beweging merendeels ingestel is op die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die

onderontwikkelde gebiede. Lê die antwoord nie daarin dat mense opgewek moet word om hulle Christelike geloof en belydenis in praktyk te omskep en so hulle verantwoordelikheid na te kom nie? As kerke dan bely dat hulle belydenisskrifte die geformuleerde en gesaghebbende uitdrukking van die geloof is wat ooreenstem met die Woord van God, moet dit 'n *regula fidei*, 'n geloofsreël wees wat nie onderhandelbaar is nie. Dit betrek weer eens die polemiese karakter waaroor enige belydenisskrif moet beskik en wat noodwendig 'n afskeiding en afgrensing teweeg moet bring.

Wat betref die sentrale gesaghebbende plek wat die Skrif moet inneem, het die Wêreldraad van Kerke tydens die algemene vergaderings van Uppsala (1968) en Nairobi (1976) die gedagte uitgespreek dat daar gepoog moet word om die Bybel te herinterpreteer in die konteks van vandag. Dit het tot 'n verskuiwing van die objektiewe normatiewe gesag van die Bybel na 'n subjektiewe interpretasie gelei het. Die gevolg is dat die Bybelse boodskap gerelativeer is, en uiteindelik so verskraal is dat die klem hoofsaaklik op die maatskaplike en ekonomiese nood van die mens geval het en nie op die geestelike nie. Die wêreld verskaf dus die agenda aan die kerk; die wêreld waarin Christus sy reddende werk uitvoer. Die onvermydelike gevolg was dat humanisasie die doel van sending geword het.

Met verwysing na die gedagte van eenheid is die stelling tydens die vergadering in Nieu-Delhi (1961) gemaak dat die intellektuele formulering van geloof nie vereenselwig moet word met geloof self nie en dat gemeenskap (*koinonia*) in Christus eerder die voorwaarde van 'n gesonde leer is as andersom. Dit is dus duidelik dat die Wêreldraad van Kerke meer klem laat val op dwaling in die praktyk (ortopraksie, korrekte lewe) as op korrekte leer (ortodoksie).

#### 5. 4 Slotsom

Ten einde welslae te bereik met die formulering van 'n ekumeniese belydenisskrif moet daar oor die begrip "eenheid" besin word. Die Skrif gee die gedagte weer dat eenheid eerstens nie 'n gegewe is wat die mens skep of tot stand bring nie. Die eenheid waarna

gesoek moet word is dus die vergestaltung of sigbaarmaking van die gegewe (bestaande geestelike) eenheid. Die vraag hier is of die pogings tot die daargestelling van 'n ekumeniese teologie nie juis impliseer dat die gegewe eenheid nie bestaan of verstaan word nie? Indien dit so is, sal enige poging om 'n "praktiese" godsdiens daar te stel, bloot 'n humanitêre saak wees wat losstaan van die evangelie van Christus wat die uitgangspunt van hierdie eenheid moet wees.

In die lig van die stelsel en die geïntegreerde denke soos die postmodernisme dit uitstippel, is die vraag of die verskillende belydenisse nie gesien moet word as onderdele van 'n groter geheel nie? Indien dit die geval is, word vereis dat elke belydenisskrif sy bepaalde siening sonder kompromie moet handhaaf en dat so 'n ekumeniese belydenisskrif die oorkoepelende dokument sal wees wat juis sal poog om die verskeie teologiese aksente te integreer in een groot belydenis. Die vraag is of die grootste impetus vir groei nie juis in die handhawing en erkenning van die verskeidenheid in die godsdienswêreld lê nie? In plaas daarvan om te konformeer tot dieselfde teologiese sienings en belydenisskrifte, moet elke instansie juis poog om sy identiteit behou. 'n Verdere vraag is of die idee van 'n ekumeniese teologie en belydenisskrifte nie tot geestelike steriliteit sal lei wat juis die teendeel sal bewerk van wat aanvanklik beoog is nie? Die skrywer se beskeie oortuiging is dat die beginsel van "soewerein in eie kring tog universeel" hier gehandhaaf moet word waar die verskillende belydenisse erken word maar hulle onderlingse samehang bepaal sal word om die plek van die Christelike godsdiens in die groter godsdienswêreld te verstaan (Spier 1972:50).

## 6. GLOBALISME

Globalisme kan in 'n sekere sin as 'n verlengstuk en verdere uitbreiding van ekumenisme beskou word. Ekumenisme<sup>8</sup> is gerig op en beperk tot bepaalde groeperinge soos die drie hoofstrome binne die Christenheid, naamlik die Ortodoksie, die Katolisisme en die Protestantisme. Al hierdie groepe bely die gemeenskaplike Christelike geloof, beroep

---

<sup>8</sup> Onder ekumene verstaan ons die beweging wat tussen kerke bestaan om met mekaar in aanraking te kom en mekaar te leer ken en vorme van samewerking te ondersoek.

hulleself op die Heilige Skrif en verstaan hulleself as in kontinuïteit met die kerk van die apostoliese tyd. Globalisme daarenteen, fokus op alle godsdienste van die wêreld, die sogenaamde "interfaith." Die gedagte van holisme figureer sterk by die globalisme wat die verskillende godsdienste as onderdele van die groot geheel beskou met 'n massabewustheid wat 'n duidelike paradigmatverskuiwing vanaf modernisme na postmodernisme aandui. Die samelewing word as 'n multi-dimensionele saak met dinamiese interverhoudings beskou. Globalisme is dus 'n natuurlike uitvloeisel van postmodernisme waarin absolutisme nie geakkommodeer kan word nie.

Een van die groot redes vir 'n globalistiese teologie lê in die begeerte om wêreldvrede te bewerkstellig. Die Duitse teoloog, dr. Hans Küng (1991:76) het in een van sy resente werke dit onomwonde gestel dat daar nie vrede onder die nasies sal wees alvorens daar nie vrede onder al die godsdienste is nie. Hy gaan verder en sê dat daar nie vrede tussen die godsdienste sal wees alvorens daar nie dialoog tussen die verskillende godsdienste plaasvind nie. Hierdie stelling word gemaak gegewe die feit van vooroordeel, vervolging en geweld wat in die naam van godsdiens in die wêreld plaasvind. Strauss (1998:99) merk in hierdie verband op dat dit waarskynlik Küng se moderne benadering was wat hom daartoe gelei het om sy beklemtoning van ekumeniese teologie nie net intra-Christelik nie, maar ook inter-religieus te propageer.

Verder veroorsaak die groot verskeidenheid gelowe en godsdienstige praktyke en die neiging van een godsdiens om homself verhewe bo ander godsdienste te beskou baie vyandigheid en konflik in die wêreld in teenstelling met die eenheidstrewe. Hierdie nood skep dus 'n behoefte aan 'n wêreldetiek wat die basiese moraliteit van die mens ten opsigte van sy waardes, norme, besluite en aksies sal bepaal. Van belang is dat daar 'n minimale basiese konsensus rakende sekere waardes moet bestaan indien dit globaal aanvaarbaar moet wees. Küng stel verder dat 'n mens nie kan verbeter word deur die sielkunde of sosiologie nie of verander kan word deur blote wette en reëls nie. Daarom het die mens 'n behoefte aan 'n basiese etiese oriëntasie (Küng 1991:34).

Die vraag is hoekom die kwessie van 'n etiese kode juis 'n godsdienstige konnotasie moet hê?

Indien die mens slegs materiële, ekonomiese of politieke probleme ondervind het, kon dit eenvoudig deur 'n beter tegnologie, ekonomiese beleid of regering opgelos word. Die groot probleem van die mensdom skyn 'n identiteitsprobleem te wees met die mens wat worstel met vrae soos wie hy is, waarom hy hier is, waarheen hy gaan en aan wie hy behoort. Hierdie vrae kan slegs deur die godsdienstronne beantwoord word. Godsdien se uitgangspunt is een van 'n onsienlike Realiteit en dat die mens as 'n geestelike wese potensiaal tot die transendentale het. Godsdien het 'n rasionaal vir goedheid, waarheid en skoonheid wat die mens tot 'n hoër morele denke en leefwyse uitdaag. Dit verryk lewens met nuwe betekenis en waardes.

Danksy die feit dat godsdien soveel aanhangers het, kan dit 'n goeie platform wees vir 'n wêreldwye poging om 'n wêreldetiek te vestig, wat die verwagte vrede kan bring. Dit sal vereis dat dialoog tussen godsdienste bewerkstellig moet word ten einde te bepaal wat die punte van onderlingse konsensus is om 'n demokratiese model van verdraagsaamheid en respek te skep (Templeton 1995:2).

Die Suid-Afrikaanse toneel is besig om te verander, veral op godsdienstige gebied. Die rede is toe te skryf aan die feit dat godsdiensvryheid tans wêreldwyd as 'n basiese mensereg beskou word wat dieselfde beskerming as alle ander regte moet geniet (Lendvai 1983:7). Tot onlangs was die uitgangspunt dat ons 'n Christelike land is en dat dit die staat se verantwoordelikheid is om nie net die Christelike godsdien te beskerm nie, maar ook te bevorder. Die prominensie wat die Christelike godsdien geniet het, was duidelik te sien by veral die opening van staatsgeleenthede met gebed, kapelaansdienste, en godsdienuitsendings oor staatsbeheerde media en op onderwysterrein.

Die hedendaagse praktyk in 'n plurale godsdienstige gemeenskap is om nie meer in die naam van Jesus Christus te bid tydens openbare of staatsgeleenthede nie, maar eerder om een gebed tot 'n Opperwese (Supreme Being) te rig. Hierdie standpunte rus op die teologiese veronderstelling dat alle godsdienste die onderskeie openbaring van een god is

en gevolglik aanvullend tot mekaar is. In die lig van hierdie feit kan alle godsdienste as gelykwaardig beskou word.

Dit alles hang saam met die inhoud van artike 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat handel oor die owerheid en sy taak, naamlik om die heilige Woordbediening te beskerm, om alle afgodery en valse godsdienste teen te gaan en uit te roei. Die vraag wat hieruit voortvloei is hoe hierdie artikel versoenbaar is met die gedagte van godsdienstvryheid wat aan die orde van die dag is? Wanneer na die debat gekyk word wat aanleiding gegee het tot die formulering van hierdie artikel, word daar veral kennis geneem van die sterk standpunt wat Calvyn gehandhaaf het oor die feit dat God die burgerlike gesag weens die realiteit van die sonde ingestel het.

Vir die begronding van die taak van die owerheid, steun Calvyn sterk op die teokrasie van die Ou Testament wat hom tot die oortuiging bring dat die owerheid geoorloof is om ketters te straf (Lendvai 1983: 275). Feitlik al die Calvinistiese belydenisskrifte het hom hierin nagevolg soos onder andere in artikel 23 van die Westminster Confession van 1648 (Leith 1982:20). Krämer (1981:13) vra of die uniekheid van die Christelike godsdienst behoue sal bly indien godsdienstvryheid sal bestaan.

Die vraag na die noodsaaklikheid van belydenisskrifte kan nie bespreek word sonder dat die onderwerp van godsdienstvryheid, godsdiensgelykheid en godsdienstverskeidenheid in fokus gebring word nie. Per slot van sake is dit een van die redes waarom die bestaansreg en relevansie van belydenisskrifte in ons dag bevraagteken word. Moet die implisiete stelling dat die Christelike godsdienst alleen reg is en al die ander verkeerd is summier aanvaar word? Indien die antwoord nee is, het dit ernstige implikasies vir die Christelike godsdienst en veral vir die gereformeerdes in die lig van artikel 23. Dit kan tot gevolg hê dat 'n nuwe model geskep moet word ten einde hierdie sienings te huisves, wat noodwendig 'n aanpassing en verandering in die belydenisskrifte impliseer.

In die lig van godsdienstvryheid beskou, impliseer dit nie dat alle godsdienste gelyk gestel word nie? Indien ons sou sê dat die Christelike godsdienst alleen waar is, is dit maar net

die siening van die Christene wat as subjektief en partydig beskou sal word. As bogenoemde stelling waar is, moet daar noodwendig aanvaar word dat al die ander godsdienste onwaar is, dus vals en selfs die werk van die duiwel is. Die alternatiewe vraag is of die verskillende godsdienste nie maar net die verskillende ervarings van en reaksies op dieselfde transendente, goddelike werklikheid is nie? Hierdie benadering loop die gevaar om in of relativisme of skeptisisme te verval.

Betreffende die aanvaarding van die verskillende godsdienste word die saak bemoeilik deur die uniekheids -en eksklusiwiteitsaansprake van die Christelike godsdiens – uitsprake (Joh. 14:6, 15:1, Hand. 4:12, 1 Tim. 2:5). Dit verklaar onomstootlik dat die heil eksplisiet deur die genade van God in Christus na die mens toe kom, anders as by die nie-Bybelse godsdienste waarvolgens die heil deur die mens verdien moet word. Hieruit is dit duidelik dat die verskille tussen die godsdienste nie bloot relatief nie, maar wesenlik is. Religieë is dus nie gelyk in dié sin dat dit dieselfde waarde vir alle mense het nie.

Die vraag is nou indien die gelykheid van alle godsdienste in die bogenoemde sin nie aanvaar word nie, beteken dit dat die gedagte van godsdiensvryheid ook misken word? Godsdiensvryheid is primêr 'n juridiese begrip, wat beteken dat die owerheid in 'n godsdienstig - plurale samelewing alle godsdienste as gelyk moet beskou en dit beskerm. In hierdie sin kan van 'n owerheid se kant gesê word dat alle godsdienste gelyk is. Die feit dat die staat en die kerk elk sy eie taak en terrein het, sê dat die staat nie hierdie stelling op teologiese gronde kan maak nie. Ten einde die beginsel van godsdiensvryheid te erken, beteken dit dat die onderskeie godsdienste in neutralisme, relativisme, indifferentisme of verdraagsaamheid moet verval? Die feit is dat enige van bogenoemde optredes vertolk kan word as 'n aanduiding van hoe 'n bepaalde groep oor sy eie oortuigings voel. Die ander uitweg is dat een godsdiensgroep bloot 'n neutrale en verdraagsame houding teenoor 'n ander groep kan inneem wat kenmerkend van die postmodernisme is.

'n Neutrale benadering kan die indruk skep van 'n onbesliste of standpuntlose houding. Van der Walt (1994:5) stel dit dat neutraliteit ook as 'n standpunt beskou moet word. Dit is ook 'n onduidelike posisie want dit kan slegs gehandhaaf word tussen twee bestaande pole. Wanneer die pole verskuif, moet die standpunt van die neutralis desnoods ook verander en dit kan daartoe lei dat hy die standpunt kan inneem wat vroeër deur of die linker- of die regterpool ingeneem is. 'n Neutrale posisie word ook as onmenslik beskou omdat die mens 'n wese is wat keuses moet maak en gevolglik die gedagte van neutraliteit negeer.

In 'n poging om 'n oplossing vir hierdie saak te bied, wys Von Campenhausen (1971:37) daarop dat die essensiële vereiste vir godsdiensvryheid is dat mense die reg moet hê om privaat en openlik, individueel en gemeenskaplik die godsdiens van hulle keuse te beoefen en uit te dra. Sodoende het die kerk en die gelowiges die vryheid om deur die Woordverkondiging die koninkryk van God te bevorder. Hierdie voorreg is ook ander gelowe beskore waardeur die gedagte van godsdiensvryheid gerespekteer word.

Ten einde die Woordverkondiging suiwer te hou, word die noodsaaklikheid van belydenisskrifte weer in fokus gebring. Dit sal vereis dat die belydenisskrifte oor 'n polemiese en didaktiese karakter sal moet beskik om juis die andersheid, uniekheid en verskil in teenstelling met ander godsdienste uit te stippel.

## DEEL VIER

### GEVOLGTREKKING

#### 1. Inleiding

Die historiese ondersoek is aan die hand van belydenisskrifte gedoen wat nie noodwendig as die belangrikste beskou word nie, maar wat eerder verteenwoordigend van 'n breë historiese spektrum van belydenisskrifte is. Die ontstaangeskiedenis van hierdie verskillende belydenisskrifte voorsien sterk argumente ten gunste van die noodsaaklikheid van belydenisskrifte.

Hierdie historiese ondersoek het aan die lig gebring dat belydenisskrifte in die meeste gevalle reaksionêr van aard is en dat dit geformuleer is omdat bepaalde behoeftes bestaan het waaraan voldoen moes word. Die mate waartoe 'n belydenisskrif in die behoeftes voorsien het, dien ook as 'n maatstaf om te bepaal of belydenisskrifte noodsaaklik is en wel 'n bestaansreg het, al dan nie. In die lig van hierdie stelling word die hipotese wat in die prolegomena gemaak is 'n bevestigde feit, naamlik dat belydenisskrifte 'n funksionele en noodsaaklike rol in die geskiedenis van die kerklike lewe vervul het.

Vervolgens word 'n oorsigtelike opsomming aangebied van die funksies wat die verskillende belydenisskrifte en dokumente vervul het vanaf die vroeëre kerk, rondom die Reformasie en tot en met ons eie tyd. Dit is duidelik dat die doel met die formulering van belydenisskrifte nie was om die Bybel te vervang nie, maar om die Bybelse boodskap teenoor dwalings af te grens. Die gesag waaroor belydenisskrifte beskik is afgeleide gesag en nie absolute gesag soos dié van die Skrif nie. Daarom behoort dit 'n belydenisskrif se bedoeling te wees om die gelowige aan die Skrif te bind (Barth 1966: 31).

## **2. DIE VROEËRE KERK**

### **2.1 Die Didaché**

Die Didaché is 'n aanduiding dat die kerk sedert sy vroegste bestaan riglyne gehad en benodig het om op 'n geordende wyse te funksioneer. Opsommenderwys kan gemeld word dat die Didaché die volgende funksies vervul het:

- die voorsiening van 'n algemene opsomming van die geloof;
- die opbou van gelowiges;
- die skep van bestendigheid en stabiliteit vir die gemeente;
- die voorsiening van toelatingsvereistes vir lidmaatskap;
- die aanduiding van reëls vir liturgiese gebruik;
- die vaslegging van 'n basis vir die ordening van die kerkamp en die gemeente – struktuur;
- die voorsiening van kategese vir doopkandidate;
- die skep van 'n basis vir die vervulling van 'n polemiese funksie.

### **2.2 DIE BELYDENIS VAN NICEA**

Die funksies wat die belydenisskrif van Nicea vervul het, is:

- Polemies, deurdat dit die kettery van Arius probeer stuit het;
- die skep van 'n gees van ekumenisme deur eenheid onder die eendersdenkendes te bevestig;
- om as voorloper te dien vir verdere formulering van belydenisskrifte;
- die duidelike uitspel van die kerk se geloof aangaande bepaalde waarhede;

- die voorsiening van inligting aan die kerk sodat 'n didaktiese bediening beoefen kan word.

Die belydenisskrif van Nicea het vandag nog steeds waarde vir die kerk deurdat dit 'n groot bydrae gelewer het tot die formulering van die bestaande Christologie, die Triniteitsleer asook in 'n mate die prosessieleer van die Heilige Gees.

### **2.3 ATHANASIUS**

Die Belydenisskrif van Athanasius is 'n bewys dat belydenisskrifte nooit staties kan wees en verabsoluteer moet word nie. Die Belydenisskrif van Athanasius is 'n sprekende voorbeeld van die progressiewe karakter waarvoor belydenisskrifte moet beskik ten einde relevant met betrekking tot hulle funksies te wees. Die funksies wat Athanasius as Belydenisskrif vervul is :

- om 'n meer uitgebreide Triniteitsleer en Christologie as Nicea te bied;
- om deur sy polemiese aard duidelike grense tussen die waarheid en dwaalleringe te trek;
- om 'n ekumeniese karakter te voorsien deur eenheid tussen die konfessies te bewerkstellig;
- om 'n katolieke (algemene) geloof ten opsigte van die leer van die Drie-eenheid te bewerkstellig.

### **2.4 DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS**

Die Apostoliese Geloofsbelydenis dra in 'n sekere sin dieselfde boodskap uit as die voorafgaande Belydenisskrifte vanweë sy sterk Christologiese karakter. Die funksies wat dit vervul is om

- poleemies van aard te wees;

- didakties te wees deur sekere waarhede te beklemtoon.

### **3. BELYDENISSKRIFTE RONDOM DIE REFORMASIE**

#### **3.1 DIE ANABAPTISTE**

Hierdie groep se belydenisskrifte was hoofsaaklik gerig op:

- die verhewe rol wat die Skrifte in die kerk speel;
- die afskeiding van die kerk van die staat wat dui op hul verstaan van die koninkryk van God;
- die geloof in praktyk eerder as 'n omvattende verklaring van die Christelike leer;
- die liturgiese orde rondom die doop en die Nagmaal;
- kerkdisipline;
- die duidelike afgrensing tussen die Anabaptiste en die Rooms-Katolieke Kerk.

#### **3.2 DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS**

Dié Belydenisskrif het sy ontstaan gehad as gevolg van die vervolging van die gereformeerdes deur die Katolieke en hulle verskille met die Anabaptiste. Die volgende aspekte word gedek, naamlik

- 'n sistematiese samevatting van die Christelike leer;
- bepaalde interpretasies wat byna oor dogmastatus beskik;
- die kriteria vir belydenisskrifte, te wete katolesisme, ekumenisme, universalisme en die polemiese en didaktiese;
- 'n duidelike afgrensing van die Gereformeerdes van die Katolieke;
- die rol wat belydenisskrifte kan speel om daadwerklike veranderings teweeg te bring.

### **3.3 DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS**

Die Heidelbergse Kategismus is een van die belydenisskrifte wat ook die erkenning verwerf het as 'n leerboek vir die jeug. As belydenisskrif vervul dit die funksies om as

- kategese vir die jeug te dien;
- ampsondertekening vir predikante gebruik te word;
- deel van die liturgie tydens die Nagmaaldiens te dien;
- 'n polemiese dokument te dien omdat dit die vraagstuk rondom die Nagmaal belig het;
- 'n ekumeniese belydenisskrif eenheid tussen gereformeerde kerke uit te druk.

### **3.4 DIE DORDTSE LEERREËLS**

Die funksies wat hierdie leerreëls vervul het, was

- didakties;
- polemies;
- om die soteriologiese waarhede uit te klaar;
- om eenheid ten opsigte van die leer te bewerkstellig.

### **3.5 DIE BELYDENIS VAN WESTMINSTER**

Hierdie Belydenis het bepaalde situasionele politieke vraagstukke tussen die Anglikane en die Calviniste uitgelig. Die Belydenis beskik oor 'n

- polemiese funksie;
- didaktiese funksie;

- kategetiese funksie.

### **3.6 METHODISME**

Hierdie beweging se belydenisse het hul ten doel gestel om:

- 'n polemiese funksie te vervul;
- afgrensing tussen Arminianisme en Calvinisme te trek;
- meer ekumenies te wees;
- 'n belydende kerk daar te stel.

## **4 EIETYDSE BELYDENISSKRIFTE**

### **4.1 BARMEN**

Hierdie verklaring het

- 'n polemiese funksie te midde 'n politieke situasie vervul;
- as voorloper vir die ontstaan van nuwe belydenisskrifte gedien;
- 'n duidelike uiteensetting voorsien van die koninkryk van God waarin Christus se heerskappy voorop gestel is.

### **4.2 DIE BELYDENIS VAN BELHAR**

Hierdie dokument het tot gevolg gehad dat die kerk

- sy posisie in die veranderde politieke situasie oorweeg het;
- bestaande belydenisskrifte in heroorweging geneem het;
- opnuut besin het oor ekumenisme met betrekking tot leer en kerkeenheid;

- die moontlikheid van 'n nuwe belydenisskrif oorweeg.

### **4.3 DIE KAIROS - DOKUMENT**

Hierdie dokument se waarde lê daarin dat:

- dit as voorloper vir 'n nuwe belydenisskrif dien;
- dit die kerk tot eenheid oproep;
- dit die kerk bewus maak en uitdaag om sy roeping in die samelewing uit te leef.

### **4.4 KERK EN SAMELEWING**

Hierdie dokument het die kerk se standpunt duidelik weergegee te midde van die apartheidsvraagstuk dat lidmaatskap tot die kerk nie op grond van volk of ras geweier kan word nie.

### **4.5 EVANGELICAL WITNESS**

Die evangeliese kerke word gemaan om hul profetiese bediening te vervul te midde van die apartheidsbestel deur hul stem van veroordeling en hoop te laat hoor. Deur eenvoudig te swyg word dit vertolk dat die evangeliese kerke die status quo ondersteun.

### **4.6 GELOOF EN PROTES**

Uit hierdie dokument word die behoefte weer eens bevestig dat daar opnuut na bestaande belydenisskrifte gekyk sal moet word ten einde 'n duidelike omskrywing te gee van wat die presiese bedoeling van die artikels is waaroor daar 'n dispuut bestaan.

## 5. BYBELSE FUNDERING VIR BELYDENISSKRIFTE

Sedert die ontstaan van die Christelike godsdiens was daar een of ander vorm van belydenis. In die Nuwe Testament word geen amptelike of ontwikkelde belydenisskrif gevind nie, alhoewel 'n algemene corpus van leerstellings asook basiese opsommings van die Christelike geloof regdeur teenwoordig is. Hierdie formules verskyn soms in 'n eenklousule - verklaring soos byvoorbeeld "Jesus is Heer" (1Kor. 12:3), soms in 'n tweeledige struktuur wat God en Vader sowel as Jesus Christus as die Seun insluit (1Kor. 8:6) en by geleentheid verskyn 'n trinitariese belydenis (2 Kor. 13:14).

Alhoewel daar nie in 'n bepaalde sin van die woord 'n behoorlik geformuleerde belydenisskrif verskyn het nie, word daar tog 'n buitelyn van leerstellings aangetref wat as die eiendom van die kerk beskou word. Soos reeds gesê het hierdie stellings belydenisskrifte in embrionale vorm bevat wat in die latere bestaan van die kerk in meer konvensionele vorms uitgekristalliseer en uiteindelik in belydenisskrifte ontluik het.

In die lig van die belydende karakter van die kerk wat in essensie die hartklop van ware kerkwees is, dui die Bybelse fundering van belydenisskrifte onomstootlik daarop dat belydenisskrifte in die bestaan van die kerk, hetsy verlede of toekoms, altyd 'n bestaansreg sal hê en noodsaaklik sal wees.

## 6. DIE FUNKSIES VAN BELYDENISSKRIFTE

Die funksies wat deur belydenisskrifte in die geskiedenis vervul is, word deur dié historiese oorsig uitgelig as om

1. 'n geformuleerde en gesaghebbende uitdrukking van die geloof van en aan die kerk te bied;
2. aan die kerk 'n *regula fidei* te voorsien waaraan die ware geloof in onderskeiding van die dwaling geken kan word om sodoende 'n polemiese funksie te kan verrig;
3. die kerk behulpsaam te wees in die hantering van sake wat met leertug te make het;

4. 'n kategismus vir die onderrig van die jeug en vir die voorbereiding van doopkandidate te voorsien;
5. die kerk se standpunt weer te gee met die doel om tred te hou met veranderende omstandighede, ten einde te verseker dat die kerk se boodskap relevant sal bly;
6. onderrig aan die kerk te gee met die doel om die heiliges op te bou in die geloof en toe te rus vir hulle dienswerk (didakties); eenheid en stabiliteit in die kerk te bewerkstellig;
8. die kerk te help om die leeramp suiwer te hou deurdat predikante by hulle legitimasie 'n verklaring onderteken waarin hulle onderneem dat hulle die belydenisskrifte getrou sal voorstaan en beskerm;
9. te verseker dat die leer wat enige professor in teologie leer, verband hou met die geloof wat deur die belydenisskrifte uitgedruk word;
10. spreekreëls te voorsien vir die suiwer verkondiging van die Woord;
11. te verseker dat die katolieke tradisie en die ekumeniese karakter van die kerk beskerm en gehandhaaf word;
12. as maatstaf te dien om die belydenisstatus van ander groepe se belydenisskrifte te bepaal;
13. 'n grondslag vir liturgiese gebruike te bied;
14. 'n gesistematiseerde samevatting van die Woord te gee waarvolgens die kerkorde kan funksioneer.

Van Ruler (1947: 65-66) se beskrywing van die noodsaaklikheid van belydenisskrifte as sowel 'n stok om mee te slaan (polemies) as 'n staf om mee te gaan (steun en rigting te gee didakties) en 'n stem waarmee 'n loflied gesing word (doksologie) sòm die saak raak op. In die algemeen beskou, kan daar aanvaar word dat die bovermelde behoeftes altyd in die kerk sal bestaan. Dit is 'n oorweldigende argument ten gunste van die bestaansreg en noodsaaklikheid van belydenisskrifte.

## 7. BESWARE TEEN BELYDENISSKRIFTE

Die skrywer kan van eensydigheid aangekla word, en tereg ook indien die besware teen die noodsaaklikheid van belydenisskrifte nie ook hier aangestip word nie. In watter mate die besware gekontroleerde feite of slegs hipotetiese stellings is, is nie ter sprake nie. Indien die besware aandag geniet, kan dit die negatiewe gedagtes teenoor die noodsaaklikheid en funksies van belydenisskrifte verminder.

Die mees algemene besware teen belydenisskrifte is dat:

- 1 belydenisskrifte die gesag en waardigheid van die Skrif geweld aandoen;
- 2 die afdwingbaarheid van belydenisskrifte impliseer dat dit op gelyke voet met die gesag van die Bybel staan. Indien wel, maak dit van belydenisskrifte afgodbelydenisskrifte wat die indruk skep dat die Skrif op sigself nie genoegsaam is nie;
- 3 belydenisskrifte deur mense saamgestel is en gevolglik ontoereikend is vir die verstaan van die werklikheid van God;
- 4 die reformatoriese belydenis ontstaan het met die oog op binne-kerklike verskille in 'n tyd toe die Christendom nog 'n Europese verskynsel was. Vandag is dit 'n saak van alle kontinente (Jonker 1994: 153). Die kulturele, politieke en maatskaplike werklikheid van vandag het toe nog nie bestaan nie. Omdat belydenisskrifte oor 'n eietydse karakter en idioom beskik, is hul dus uitgedien en ontoepaslik vir vandag;
- 5 belydenisskrifte die gevaar van ortodoksie inhou omdat hulle as 'n finale formulering van die Bybelse leer beskou kan word en sodoende 'n onaantasbare outoriteit verkry waar tradisie tot mag verhef word (Bavinck 1928:155);
- 6 met die daarstelling van belydenisskrifte die indruk geskep kan word dat God slegs in die verlede op 'n sekere tyd gewerk het en dat die leiding van die Gees by

- die Reformasie opgehou het. Hierdeur word die vryheid van die Heilige Gees aan bande gelê en geen ruimte vir voortgaande inspiratio of revelatio gelaat nie;
- 7 instede van eenheid, belydenisskrifte verdeeldheid bring;
- 8 die gevaar bestaan dat persone belydenis van geloof kan aflê as 'n blote kerklike formaliteit sonder dat daar 'n daadwerklike verbintenis tot Christus is (Burger 1991:85);
- 9 baie belydenisse beïnvloed en vasgevang is deur die wysgerige kader waarbinne hulle ontstaan het;
- 10 daar 'n afname by persone is wat glo dat belydenisskrifte noodsaaklik is;
- 11 belydenisskrifte in die weg van die bereiking van ekumenisiteit kan staan;
- 12 belydenisskrifte een van die grootste struikelblokke in die bereiking van globalisme kan wees.

Om die saak ten gunste van die noodsaaklikheid van belydenisskrifte te versterk, sal daar in diepte na die besware gekyk en goed gefundeerde antwoorde daarop geformuleer moet word.

Volgens Jonker (1994:152) is van die redes waarom belydenisskrifte nie meer so 'n doeltreffende rol in die kerk vervul nie toe te skryf aan die gees van toleransie en vrysinnigheid. Verder is daar ook 'n mate van onkunde en vooroordeel by baie lidmate aanwesig. Wat ook nie misken kan word nie is die toenemende suigkrag van sekularisme wat God en godsdiens in toenemende mate uit die samelewing verdring. 'n Kritiese verwerping van gesag is merkbaar, selfs van die gesag van die Skrif wat noodwendig die gesag van belydenisskrifte sal raak. Vanweë die individualistiese tydsgees, besluit die mens krities wat hy wil glo of nie wil glo nie. Dit is onvermydelik dat alles wat uit die verlede kom onder verdenking staan en nie meer as toepaslik beskou word nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die histories-kritiese benadering teenoor die Bybel wat bloot aanvaar dit wat die moderne mens as aanvaarbaar beskou. Hierby sluit die gedagte van die kontekstualistiese lees van die Bybel aan. Burger (1994:13) wys daarop dat laasgenoemde

tot 'n sterk mentaliteitsverandering die afgelope dekades gelei het wat in die volgende tendense figureer:

1. 'n Sterk afname in kerklike en godsdienstige aktiwiteite;
2. groeiende klem op die individu en sy belange versus dié van die groep;
3. 'n baie meer kritiese houding teenoor gesag en gesagsinstansies.

Dit wil voorkom asof die meeste besware nie soseer teen belydenisskrifte per se is nie as wat dit meer teen die toepaslikheid van die inhoud gerig is.

## **8. SAMEVATTING**

Dat daar inderdaad 'n behoefte bestaan dat die bestaande belydenisskrifte hersien en aangepas, en die wat uitgedien is, vervang moet word, is onbetwisbaar. Daar bestaan 'n dringende behoefte in die kerk om na die verskillende interpretasieverskille te kyk. Hierteenoor moet daar gewaak word om die indruk te skep dat die waarhede van God se Woord uitgedien geraak het en nie meer 'n boodskap vir die teenwoordige wêreld het nie (vgl. Mark 13:31: "Die hemel en die aarde sal verby gaan, maar my woorde nooit.")

### **8. 1 DIE GEREFORMEERDE BELYDENISSE**

Dit is algemeen bekend dat daar sekere eksegeties aanvegbare tekste in die bestaande belydenisskrifte is. 'n Voorbeeld hiervan is die vraag omtrent die outeurskap van die Hebreërbrief in artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

'n Ander belangrike rede is te vind in die skommeling wat die afgelope aantal jare in die Nederduitse Gereformeerde Kerk plaasgevind het. Hier word veral verwys na die politieke situasie in Suid-Afrika. In 1960 het die Cottesloe-beraad plaasgevind tussen agt lidkerke van die Wêreldraad van Kerke, waaronder die NGK en die NHK getel het. By dié geleentheid is 'n verklaring aanvaar met bedenkinge oor die politiek van apartheid. Daarna is hierdie verklaring deur die twee bovermelde kerke verwerp, wat 'n verdeeldheid tussen die kerke in Suid-Afrika gebring het. Hierdie verdeeldheid en verset teen apartheid

het aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n hele aantal "belydenisskrifte" en verklarings. Dit is nie die doel van hierdie navorsing om uitspraak vir of teen die apartheidsbeleid te lewer nie, maar om aan te toon watter invloed dit op belydenisskrifte gehad het.

Een van die eerste dokumente wat in hierdie opsig verskyn het, is "The Message to the People of South Africa." Die hoofboodskap daarvan is dat apartheid nie net 'n stuk praktiese politiek is nie, maar 'n kettery omdat dit 'n ideologiese alternatief vir die evangelie is. Hierdie gedagte word verder opgeneem deur die Belydenis van Belhar wat 'n getuienis is teen die wese van hierdie politieke ideologie en die gevolge daarvan vir die kerklike en maatskaplike lewe. Volgens die verklaring word die eenheid en boodskap van die kerk geraak.

Talle dokumente het in die proses van die beraad van Cottesloe die lig gesien. Agt lidkerke is versoek om oor vyf voorgestelde onderwerpe verslae van ongeveer 10,000 woorde op die agenda van die beraad te plaas. Die studie was veral op die aandeel van die Afrikaanse Kerke toegespits en die memoranda van die twee NG kerke het die belangrikste rol tydens die beraad gespeel. Aan die einde van die beraad van Cottesloe is daar 'n "Verklaring van Kerkeberaad" uitgereik wat uit vier dele bestaan het. Saam met die "Verklaring van die Kerkeberaad" is vier verdere verklarings gelyktydig aan die pers uitgereik. Spore van hierdie verklarings kan in latere belydenisskrifte gemerk word. Die Cottesloe – besluite was van monumentale betekenis vir al die lidkerke maar veral vir die Afrikaanse Kerke en die besluite het wye repurkussies op kerklik-politieke gebied gehad. (Lückhoff 1978: 82; 93).

Die apartheidsidee raak ook die teologie in sy diepste wese, naamlik die verstaan van God in soverre dit sy persoon, karakter en heilsplan raak. Waarop die skrywer wil wys is die feit dat enige verklaring of belydenis nooit losgemaak kan word van 'n bepaalde hermeneutiese model of metode nie. Hierdie stelling kan gestaaf word deur die teologiese regverdiging van die beswaarde lidmate van die NGK vir hul standpunt in die dokument *Geloof en Protes*. Hierdie dokument se ontstaansgeskiedenis is hoofsaaklik toe te skryf aan die publikasie *Kerk en Samelewing* waarin die NGK veral sy standpunt met betrekking tot apartheid op 'n meer verskerpte wyse verdedig as in die dokument *Ras, Volk en Nasie*.

Dis belangrik om kennis te neem dat die beswaardes die apartheidskwessie nie as 'n blote politieke saak nie, maar as 'n saak van geloof beskou wat op gewetensoortuigings gebaseer is. Hierdie gewetensoortuigings spruit voort uit 'n bepaalde verstaan van die algemene openbaring van God as 'n tweede bron van openbaring naas die Skrif waaruit die wil van God geken kan word (Jonker 1994:177). Hieruit word afgelei dat diversiteit die wil van God is en dat die selfhandhawing van aparte volke 'n Goddelike gebod is wat deur die beleid van afsonderlike ontwikkeling en kerklik deur die beleid van afsonderlike kerke uitdrukking moet vind. Vir hierdie standpunt word die absolute gesag van die Skrif opgeëis.

Onnodig om te sê dat dit uiteindelik tot kerkskeuring gelei en die AP Kerk tot stand gekom het. Wat egter verdere aandag vereis, is dat die probleem nie soseer oor die belydenisskrifte gaan nie, maar eerder oor die vertolking daarvan. 'n Vraag wat na vore kom is waar die NGK werklik staan wat betref die standpunte van Belhar en Geloof en Protes. Afgesien van ander teologiese verskille, is die hoofsaak op die apartheidse beleid gerig. Daar bestaan egter 'n bipolêre spanning tussen dié sieninge van Belhar en Geloof en Protes met betrekking tot die apartheidse beleid.

Die NGK het standpunt teen *Geloof en Protes* ingeneem tot so 'n mate dat selfs kerkskeuring hulle nie van standpunt kon laat verander nie. In soverre dit die Belydenis van Belhar raak, wat vir die teenoorgestelde as Geloof en Protes staan, wil die NGK ook nie dit aanvaar nie. Die vraag is of die NGK 'n standpunt huldig wat tussen die standpunt van Belhar en dié van *Geloof en Protes* lê? Hieruit ontstaan weer die vraag of daar 'n middeweg kan wees en indien wel wat dit is?

Wat die argumente aan alle kante ook al mag wees, die slotsom is dat die saak roep om 'n duidelike getuienis van die kerk se kant wat verder gaan as die verlede, wat fyner moet onderskei, wat die kwaad dieper moet blootlê en dit suiwerder moet formuleer (Ibid., 180). Hierdie bespreking oortuig die skrywer dat die enigste manier om eenheid in die kerk te bewerkstellig, opgesluit lê in die formulering van 'n nuwe belydenisskrif wat uitdrukking sal gee aan die gemeenskaplike geloof. Dit word gestaaf deur die standpuntinname van die AP Kerk volgens 'n bepaalde interpretasie wat hulle aan die

Belydenis van Belhar heg, terwyl die NGK tot 'n teenoorgestelde slotsom uit presies dieselfde belydenisskrifte kom.

## 9. PENTEKOSTALISME

In die lig van die oorsig oor Pentekostalisme kan die aanname gemaak word dat daar 'n dringende behoefte in Pentekostalisme bestaan vir meer goed geformuleerde belydenisskrifte. Die stelling word veral gemaak in die lig van die *Evangelical Witness* se aanklag dat die Pinksterkerke nie daadwerklik 'n profetiese stem in ons land met sy onderdrukking gewees het nie. Die rede is dat daar verwarring bestaan in die kringe van die Pinksterkerke as 'n geheel asook tussen lidmate en predikers van dieselfde denominasies ten opsigte van Pentekostalistiese leerstellings. Dit kan onder andere toegeskryf word aan die ervaringselement in Pinksterkringe, wat veroorsaak dat daar by sommige 'n sterk pragmatiese benadering teenwoordig is. Daarom bestaan daar nog steeds 'n mate van tweespalt al is dit in 'n geringer mate, tussen die persone wat akademies onderlê is en die sogenaamde "geestelikes." Die laasgenoemde groep is meer geneig tot 'n biblisistiese benadering.

Die gebrek aan 'n behoorlike belydenisskrif wat die katolieke oortuiging van Pentekostalisme verteenwoordig, het die verdere nadeel dat uitsprake deur lidmate, predikers, individuele gemeentes of denominasies gemaak word wat in baie opsigte heeltemal vreemd is van wat die meerderheid Pinkstermense glo. Die probleem kring verder uit deurdat dit baie navorsers en skrywers wat hierdie uitsprake gebruik, en in sekere gevalle misbruik, se navorsing en bevindinge diskrediteer aangesien dit op 'n wanvoorstelling gebaseer is wat nie kontroleerbaar is nie.

Nog 'n rede waarom 'n goed gedokumenteerde Pinkster - belydenisskrif dringend nodig is, is dat die oningeligtes nie die onderskeid tussen klassieke Pentekostalisme en die charismatiese bewegings handhaaf nie. Behalwe vir die paar raakpunte, soos dit die geval is met alle teologieë, is daar wesenlike teologiese verskille tussen genoemde bewegings veral op die gebied van die Christologie, soteriologie, ekklesiologie, pneumateologie en

die eskatologie. Wanneer hierdie verskille in diepte ondersoek word, is die slotsom dat hierdie twee bewegings teologies so ver van mekaar staan dat hulle byna onversoenbaar is.

Waar klassieke Pentekostalisme ook meer geneig is tot fundamentalisme en somtyds selfs biblisme, handhaaf die charismate 'n benadering wat as "openbaringskennis" bekend staan. Hierdie benadering staan die gedagte voor dat daar nuwe openbaringe naas die Bybel is (Hanegraaff 1993:172). Die gevaar is dat die Bybel nie meer die kriterium is waaraan die aanvaarbaarheid van die "openbaringe" getoets kan word nie omdat dit juis nuwe openbaringe buite dié van die Woord is. In die lig hiervan is die vraag of daar werklik ruimte vir belydenisskrifte in die kader van die charismatiese teologie is.

Om 'n Pinkster - belydenisskrif te formuleer, sal daar noodwendig eers konsensus bereik moet word oor 'n aanvaarde hermeneutiese model. Dit is nie meer voldoende vir die Pinksterkerk om te sê *dat* hulle die vierkantevangelie<sup>9</sup> as basis gebruik sonder om te sê *wat* hulle interpretasie daarvan is nie.

Die aanbeveling is dat vanweë die mondigwording van die Pinksterkerke dit dringend noodsaaklik geword het dat die bestaande belydenisse in behoorlike belydenisskrifte geformuleer moet word met die volgende voor oë:

- om die reedsbestaande mondelinge belydenisse amptelik te dokumenteer;
- om 'n duidelike presisering van die Pinksterteologie te gee;
- om 'n groter eenheid en ekumenisiteit te bewerkstellig;
- om identiteit aan die Pinksterkerke te gee midde van die sosio-politieke veranderinge;
- om die Pinksterervarings in nuwe metafore uit te druk; om die paradigmaverskuiwing van vertikalisme na horisontalisme te verwoord;
- om 'n eenheidsteologie vir die opvoedkundige instansies en prediking te voorsien;

---

<sup>9</sup> Die vierkantevangelie dui op Jesus Christus as die Saligmaker; Doper met die Heilige Gees; Geneser en komende Koning. Met hierdie eenvoudige viervoudige belydenis het die Pentekostaliste die Christosentriese konsentrasie van hulle geloof bely en 'n werkbare model gevind vir hulle godsdiensoefening.

- om belydenisskrifte te formuleer wat as kategeese vir die jeug kan dien;
- om liturgiese gebruike daarvolgens te skoei;
- om as riglyn vir die kerkorde aan te wend;
- om eenstemmigheid ten opsigte van 'n hermeneutiese model te bekom;
- om die Pinksterteologie in moderne metafore te verwoord.

## 10. POSTMODERNISME, EKUMENISME EN GLOBALISME

In die lig van die aard van postmodernisme wat worstel met die subjek/objek - dilemma sal daar in die oorweging van belydenisskrifte na hierdie saak gekyk moet word. In watter mate die mens as medeskepper beskou word, sal duidelik uitgespel moet word. Indien dit nie gedoen word nie, kan die gedagte van humanisme (die vergoddelikking van die mens) verkeerdelik hier ingelees word. Die omskrywing moet enersyds die almag en soewereiniteit van God en andersyds die mens se verantwoordelikheid insluit. Om dit te doen sal daar noodwendig na nuwe metafore gekyk moet word wat die objek/subjek - probleem in die regte verhouding sal stel. Dit sal noodwendig die hersiening van bestaande belydenisskrifte vereis wat of tot die wysiging daarvan of tot die formulering van nuwe belydenisskrifte sal lei. Die vraag is egter of sodanige nuwe belydenisskrifte noodwendig die bestaande belydenisskrifte moet vervang? Uit die historiese oorsig het dit duidelik geword dat daar altyd 'n mate van kontinuïteit gehandhaaf is selfs al was daar ontwikkeling in die belydenisskrifte te bespeur.

Daar is seker nie 'n vraag wat soveel aandag in die Christelike kerk geniet soos dié vraag na die eenheid van die kerk nie. Daar is 'n verskeidenheid sienings rondom hierdie vraagstuk. Vir baie is die gedagte van eenheid om in een instansie of organisasie opgeneem te word om een kerk te vorm. Die vraag is egter watter kerk is nou die regte kerk waarby die ander moet inskakel. Is dit nie juis die teologiese verskille wat kerke afgrens in bepaalde denominasies nie, en indien hulle by 'n ander kerk inskakel sal dit

desnoods beteken dat standpunte prysgegee moet word, wat weer op sy beurt beteken dat 'n kerk sy identiteit moet inboet.

'n Ander beskouing is dat alle afdelings van die kerk wat hulleself die naam Christen toe-eien, op 'n gereelde basis moet saamkom en saamwerk om sodoende 'n verenigde front aan die wêreld voor te hou. Nog 'n benadering is dat 'n forum geskep moet word waar verskillende sienswyses en oortuigings bespreek kan word met die doel om uiteindelik gemeenskaplike ooreenstemming te bereik. Hierdeur sal kerke 'n beter begrip vir mekaar ontwikkel wat op sy beurt ruimte vir mekaar in die hand sal werk. Daar bestaan 'n behoefte dat die kerk weer sal besin oor die begrip eenheid. Die probleem ontstaan wanneer die twee begrippe eenheid en eendersheid soms as sinonieme vertolk word. Anders as in die geval van eendersheid, dui eenheid eerstens op 'n verskeidenheid. Ten einde die eenheid te bereik moet die verskeidenheid nie opgehef word nie, maar eerder streef na 'n samewerking en harmonie tussen die verskillende dele.

Hierdie begrip van die eenheid van die kerk moet gedefinieer word in terme van die verstaan van wat die kerk is. Die verstaan van die ekklesiologie sal noodwendig die verstaan van die eenheidsbegrip beïnvloed. Vrae wat rondom hierdie kwessie gevra moet word is of die kerk dan nie reeds een in Christus as sy liggaam is nie? Tereg wys Heyns (1988:327) daarop dat dit opvallend is dat die term "èen kerk" (mia ekklesia) nie in die Nuwe Testament voorkom nie. Sy verklaring hiervoor is dat die begrip kerk ook die begrip eenheid impliseer, en sou daar van die eenheid of een kerk gepraat word, dit 'n pleonasme sou wees. Eenheid impliseer 'n verskeidenheid. Paulus beoog juis met die gebruik van die metafoer "liggaam van Christus" (1Kor. 12) om aan te dui dat alhoewel die liggaam een is, daar tog 'n verskeidenheid ledemate in die liggaam is. Dieselfde gedagte kom na vore in die beskrywing van die huwelik deur te sê dat die man en vrou een vlees sal wees (Mat. 19:5). Is die probleem nie dat die metafoer somtyds net in die konteks van die plaaslike gemeente gesien word nie, eerder as om dit ten opsigte van die kerk as globaal te verstaan?

Dit is die skrywer se oortuiging dat die begrip eenheid in samehang met die begrip katolisiteit (die geheel, algemeen, universeel), veral pluriforme katolisiteit, verstaan moet

word. Pluriforme katolisiteit erken beide verskeidenheid en eenheid binne dieselfde (èen) kerk. Enersyds word hierdeur glad nie gesuggereer dat die waarheidsgehalte van 'n belydenisskrif gerelativeer moet word nie. Andersyds staan katolisiteit teenoor die verabsoluttering van 'n belydenisskrif tot so 'n mate dat daar geen ruimte vir enige ander interpretasie of uitlewing gelaat word nie asook teen die valse eenheidstrewe van die moderne lewe wat verskeidenheid wil ontken.

Die geloofsbelydenis of aflê van belydenis van geloof sal weer eens vanuit die ekklesiologie hersien moet word. Die rede is dat daar noodwendig weer aandag gegee moet word aan die saak van hoe 'n persoon deel word van hierdie geloofsgemeenskap van die liggaam van Christus. Jonker (1994:153) beweer dat twee van die redes vir die afname in die erkenning van belydenisskrifte is omdat lidmate onbekend is met die belydenisskrifte en vanweë 'n geestelike insinking.

Hoe versoen 'n mens die feit dat 'n persoon belydenis aflê en nogtans onbekend daarmee is? Raak Burger (1991:76) nie die senuwee van die saak aan wanneer hy sê dat persone geloofsbelydenis aflê sonder dat daar 'n daadwerklike verbintenis is nie? Dit is die skrywer se oortuiging dat daar 'n persepsie bestaan dat indien ek belydenis aflê, dit 'n aanduiding van heil en redding is.

Jonker se stelling dat baie lidmate onbekend is met belydenisskrifte, sê nie presies wat hy daarmee bedoel nie. Dat daarmee bedoel word dat die lidmate nie kennis dra van belydenisskrifte per se nie, hou nie water nie. Die aflê van 'n geloofsbelydenis is tog immers 'n vereiste vir kerklidmaatskap. Dit wil eerder voorkom asof Jonker daardeur wil sê dat die lidmate nie ten volle op die hoogte is van wat belydenis waarlik behels nie en dat die aflê van belydenis vir baie 'n blote kerklike formaliteit is. Vandaar sy verwysing na geestelike insinking.

Vir so baie is geloof 'n blote kognitiewe saak, sonder dat dit die vrug van 'n oortuiging is wat waarlik deur die Heilige Gees bewerk is. Die indruk word gekry dat 'n belydenis die waarborg is van 'n persoon se saligheid. Burger wys op 'n probleem, wat hy die volkskerk - benadering noem, waarvolgens die kinders van lidmate feitlik almal op 'n

sekere ouderdom toegelaat word as lidmate van die kerk nadat hulle aan 'n paar formele vereistes voldoen het. Hy sê verder dat indien die kerk 'n belydeniskerk wil wees soos die Nuwe Testament en die gereformeerde tradisie dit vra, sal daar indringend na hierdie praktyk gekyk moet word.

Een van die kernsake op die agenda van globalisme is om wêreldvrede te bewerkstellig deur middel van vrede tussen godsdienste. Die *modus operandi* is vervat in die stelling van Küng (1991:15) dat daar geen vrede tussen godsdienste kan wees sonder dat daar eerstens dialoog tussen hulle plaasvind nie. Die saak gaan nie soseer om in dialoog te tree nie, maar om eerstens aandag te gee aan dit wat juis die skeiding tussen godsdienste bring. Dit is my oortuiging dat een van die grootste faktore die onderskeidings- en identiteitskarakter van die Christelike godsdiens lê in Christus Jesus. Die vraag is of dit moontlik is om 'n globalistiese beweging tot stand te bring sonder om een of ander kompromie aan te gaan? Dit mag as dogmaties afgemaak word, maar dit is my eerlike oortuiging dat die geloof in Jesus Christus as die enigste weg en verlossing nie onderhandelbaar is nie. As daar 'n kompromie op hierdie punt aan te gaan is, kan dit seer sekerlik nie van die kant van die Christelike geloof wees nie (2 Joh. 7-10, 2 Kor. 6:14-18). Globalisme bevestig weer eens die absolute noodsaaklikheid van en onontbeerlike rol wat belydenisskrifte vervul veral in die lig van Paulus se verwysing na die Gees wat uitdruklik sê dat in die eindtyd sommige van die geloof afvallig sal word en *misleidende geeste* sal navolg en die *leerstellings* van duiwels sal aanhang (1 Tim 4:1). Met die oog op hierdie sosiale verskynsels moet juis die kerk vermaan word en homself oproep om die geloof duidelik uit te spel. Deurgaans bevestig dit die noodsaaklikheid van belydenisskrifte in ons dag. Sonder om die voorstanders van globalisme se motiewe te wil beoordeel, moet die Christelike kerk nie so naïef wees om bloot deur die gedagte van vrede en eenheid wat mooi en edel op sigself is, op sleeptou geneem te word nie.

Hierdie stelling word gemaak na aanleiding van die herhaaldelike waarskuwings in die Woord aan die adres van die gelowige dat een van die tekens of tendense van die laaste tye juis 'n oproep om vrede en veiligheid sal wees (1Thes. 5:3). Die invloed van die

denkkrigtings van die nuwe era (sg. New Age-beweging) moet ook nie buite rekening gelaat word nie.

Dit is opvallend hoedat Paulus in sy sendbriewe gebruik maak van die indikatiewe en imperatiewe metode. In eersgenoemde word die lering aangaande sake gegee en in die tweede geval word die toehoorders opgeroep tot die praktiese implementering daarvan. Hieruit kan afgelei word dat optrede/leefwyse altyd die gevolg van die voorafgaande lering is. Praktyk en gedrag is altyd die toepassing van leerstellings wat reeds neergelê is. Dit dui weereens op die noodsaaklikheid van belydenisskrifte.

Die vraag is verder of dit moontlik is om 'n globalistiese belydenisskrif saam te stel uit al die gelowe? Meer pertinent gestel, sal die Christelike geloof ooit deel van so 'n saak kan wees? Dié vraag is grootliks toe te skryf aan die feit dat die verstaan van eenheid vir die Christelike godsdiens 'n totaal verskillende konnotasie het. Die vertrekpunt vir eenheid en die kulminasie daarvan lê in die verhouding met Christus. Daarom roep Paulus sy lesers in die Efesiërsbrief op - nie om eenheid te bewerk nie, maar om dit te bewaar (Ef.4:3). Die gedeelte wys daarop dat die eenheid reeds bestaan onder hulle wat verkwik is deur die werking van die Heilige Gees. Daar word na hierdie eenheid as die eenheid van die Gees verwys (Ef. 4:3). Dit is 'n eenheid wat slegs deur die Heilige Gees bewerk kan word en nie deur enige menslike pogings nie. Die apostel verbly hom juis in hierdie verbasende feit dat die Jode en heidene nou een in Christus is. Hulle deel nie net in dieselfde lewe nie, maar stem ook ooreen oor die leerstellings. Hulle glo dieselfde dinge, hulle vertrou is in dieselfde Persoon en hulle weet dat Hy hulle op dieselfde wyse redding geskenk het. Wat weer eens die kernprobleem skyn te wees, is dat gelowiges hulle nie beywer om hierdie reeds bestaande eenheid sigbaar te laat word deur hulle optrede en daaglikse lewe nie. Wat betref die Christelike geloof is dit nie soseer 'n saak van 'n nuwe belydenisskrif of leerstellings nie, maar dat die gelowiges sal besef dat geloofsbelydenis baie meer is as net om 'n paar reëls te ken of op te sê.

Dit bring die kerk voor die belangrike knelpunt, naamlik om die "ons glo" of "ek glo" waarmee die belydenisskrifte gewoonlik begin duideliker te omskryf. Hier word veral verwys na die saak van *fides quae* en *fides qua*. Dat die daadkant van die geloof meer

indringend aandag moet geniet; is 'n dringende behoefte. Hier word geensins bedoel dat die genadekarakter van die heil in die proses gekompromitteer word en ons uiteindelik by die leer van sinergisme uitkom waar die geloof 'n heilsverdienstelike karakter kry nie. Hier val die klem veral op die geloofsverbintenis wat net soos die betekenis van die woord "bely" op dissipelskap en die navolging van Christus en dus op die daadkant van geloof dui. Dit vereis dat die mens sy bestaande lewenswyse sal opsê en sy lewe radikaal verbind aan die saak en lot van Christus. Ek is oortuig dat die kerk hom in dieselfde situasie bevind as waarvan Jakobus in sy sendbrief melding maak, naamlik die antinomiese godsdiens wat op 'n belydenis sonder belewenis dui (Jak. 2:14-26).

Die vraag is of die Reformasie nie indirek 'n bydrae tot hierdie situasie gelewer het nie. Hiermee word bedoel dat vanweë die standpunt wat teen die Katolieke leer van saligheid deur werke ingeneem is, die leer van saligheid deur genade alleen, opnuut beklemtoon, soms oorbeklemtoon is.

Deur die kerkgeskiedenis heen is die tendens bespeurbaar dat wanneer 'n sekere leerstellige waarheid bedreig word, die dwaling afgeweer is deur die bedreigde waarheid dikwels oor te beklemtoon. Hierdie optrede is al baie keer in die verlede verkeerdelik vertolk omdat dit die indruk skep dat dit die belangrikste of enigste leerstelling is wat 'n sekere denominasie glo. Die vraag ontstaan of dit nie weer nodig vir die kerk geword het nie om die waarheid van saligheid deur genade alleen in verhouding met die mens se verantwoordelikheid daarteenoor duidelik te verkondig sodat 'n gesonde balans verkry kan word?

Die historiese oorsig van veral die belydenisse of dokumente van ons dag toon dat een van die grootste redes vir die ontstaan van belydenisskrifte, die aanklag teen die kerk was dat hy nie prakties betrokke is in die samelewingsvraagstukke nie. Indien die daadkant van geloof daadwerklike aandag geniet, kan die aanklag teen die kerk, naamlik dat daar 'n hiaat tussen preek en praktyk, teorie en praxis bestaan, sy krag verloor. Hierdeur sal die waardigheid en die trefkrag van die evangelieboodskap in die wêreld verhoog word.

Die behoefte aan die hersiening, wysiging of selfs die formulering van nuwe belydenisskrifte kan nie ontken word nie. Gepaardgaande hiermee ontstaan daar egter nog 'n vraag: Wat is die nut van nuut geformuleerde belydenisskrifte indien dit nie werklik geïmplementeer word nie? Hierdie studie is gegrond op die woorde van Jesus in Luk 6:46, naamlik "Watter sin het dit dat julle vir My aanspreek met Here, Here!" en nie doen wat Ek sê nie?" en die navorser beskou hierdie woorde as nog net so toepaslik op vandag.

Wanneer die aspek rondom geloof reg verstaan word, sal dit noodwendig die gesag en afdwingbaarheid van belydenisskrifte in die regte perspektief plaas. Sodra die kerk geloof wil juridifiseer deur dit op persone af te dwing, word die wese daarvan vernietig. Die probleem van gesag en afdwingbaarheid van belydenisskrifte moet eerder in die lig van hulle kerklike funksies gesien word, d.i. om die identiteit van die kerk te handhaaf deur die suiwerheid van die leer in die kerk te beskerm. Hierdie ideaal kan nie bereik word sonder dat daar 'n behoorlike kerkorde met tugmaatreëls bestaan nie. Die toepassing van die tug is tog immers een van die kenmerke van die ware kerk. Die polemiese funksie wat belydenisskrifte vervul is nou verwant aan die kerkorde en kerkregering.

'n Verdere vraag wat gevra moet word is waar die lyn tussen dogmatiek en belydenisskrifte getrek moet word? Het die kerk 'n nuwe belydenisskrif of 'n nuwe dogmatiek nodig? Moet belydenisskrifte nie slegs die fundamentele waarhede in beknopte wyse weergee nie? Is dit nie die dogmatiek se taak om op 'n breedvoerige wyse die bepaalde kerk of denominasie se verstaan aangaande die betrokke waarheid wat in die belydenisskrif vervat word te presiseer, sistematiseer en te formuleer nie? Is die behoefte nie eerder dat die kerk die bedoeling en betekenis van die belydenisskrifte teologies sal verantwoord nie?

In die lig van hierdie studie beveel die navorser aan dat die kerk eers sal bepaal wat die verskillende interpretasies in die waarhede van die bestaande belydenisskrifte is, dat die punte waaroor konsensus bestaan, gelys sal word en dié waaroor daar verskille bestaan, in diepte bestudeer sal word. Die skrywer is die mening toegedaan dat die slotsom wat bereik sal word daarop sal dui dat die inhoud van die bestaande belydenisskrifte nog

grotendeels relevant is, en dat dit slegs aanpassings benodig, hetsy nuwe bewoording of die plasing daarvan in 'n nuwe idioom.

Die ses hoofsaake wat om 'n katolieke en ekumeniese belydenis van die kerk se kant af roep is:

1. Die duidelike omskrywing van die inleidende verklaring van belydenisskrifte: "ons of ek glo;"
2. Die verduideliking van die subjek/objek - verhouding in die lig van die eerste artikel, naamlik "Ons glo in God die vader, skepper van hemel en aarde;" (vgl. p. 148)
3. Die historiese aard van die Skrif;
4. Die koninkryk van God;
5. Die verhouding tussen die kerk en Israel;
6. Die eenheid van die kerk in 'n wêreld met 'n verskeidenheid van rasse en volke.

Aangesien die saak van belydenisskrifte nie losgemaak kan word van die wese en karakter van die kerk nie, kan die vraag ook tereg gevra word of die kerk nog 'n plek in ons dag het en in die toekoms sal hê? Die antwoord is ja, mits die kerk nie versteen nie en bereid is om veranderinge aan te bring. Jonker (1994:180) sê tereg dat die Gees van God ook vandag nog in die wêreld werksaam is.

Daarom moet daar onder die leiding van die Heilige Gees altyd 'n openheid wees ten opsigte van aktuele, noodsaaklike veranderings om sodoende die veranderde situasie van die oomblik die hoof te bied. Daar is 'n plek vir die kerk mits sy belydenisskrifte altyd die heerskappy van Jesus en die leiding van die Heilige Gees vooropstel.

Omdat al die grondoorsake wat in die verlede tot die formulering van belydenisskrifte gelei het nog steeds vandag bestaan, en omdat die kerk 'n identiteitskrisis beleef en die Woord van God onder die spervuur van die tydsgees is, is die hersiening van belydenisskrifte noodsaaklik omdat hierdie probleme slegs deur die bemiddeling van juis relevante belydenisskrifte doeltreffend die hoof gebied kan word.

Nog 'n belangrike waarneming wat ook uit die navorsing na vore kom is dat gedurende die eerste vyf eeue van die kerk se bestaan, die Christologie die hooftema van bespreking was en wat direk aanleiding gegee het tot die formulering van talle belydenisskrifte. Gedurende die vroeëre teologiese era het die klem hoofsaaklik op die Christologie (die persoon van Christus) geval terwyl die werk van Christus (die versoening) gedurende die Middeleeue meer aandag geniet het en die sakramentsleer weer aan die einde van die Middeleeue en Reformasietydperk op die voorgrond geplaas is. Die onderwerp van die *ekklesiologie* (die leer oor die kerk) het geen of baie min aandag en bespreking geniet. Selfs nie eens met die kerkskeuringe in Europa is die aandag op die ekklesiologie gevestig nie.

Dit wil voorkom asof die rol van die kerk as vanselfsprekend aanvaar is. Met verloop van tyd het sekere vrae egter aangaande die kerk ontstaan, soos onder andere hoekom daar soveel kerke is terwyl daar net een Here is? Die Skrif en tradisie is al hoe meer bevraagteken om 'n antwoord op hierdie verskynsel te kry en wat gedoen kan word om weer 'n groter eenheid te bewerkstellig. Hieruit het seker een van die sterkste impulse voortgevloei vir die daarstelling van die ekumeniese beweging wat 'n visie van eenheid in sending ten doel gestel het.

Bogenoemde bevraagtekening het genoodsaak en tot gevolg gehad dat die ekklesiologie onder die teologiese soeklig geplaas is en dat kerke uit hul eeue lange isolasie gebring is deurdat hul hulself aan ander moes verduidelik en rekenskap van hulle bestaan moes gee.

In die ontdekking van hulle onderlinge verskille wat as 'n selfbewuste teologie beskou kan word, is daar gesamentlike pogings aangewend om na die tradisie agter die tradisie, die kerk agter die kerk, te soek, om sodoende die gemeenskaplike faktor, naamlik die eenheid in Christus te bepaal en te vind.

Hierdie benadering het later geblyk 'n oorvereenvoudiging van die probleem te wees en dat daar verder teruggegaan moet word na die vraag wat God se sending in die wêreld behels aangesien die kerk nie 'n doel op sigself is nie, maar in diens van die sending van God in die wêreld is. Die ekklesiologiese probleem kan dus slegs indirek beantwoord word in die lig van die sending van God in die wêreld. Daarom sal die probleem nie opgelos kan word deur slegs sending aan die kerk te koppel nie, maar eerder die kerk aan sending te koppel.

Dit sal ook vereis dat daar gekyk moet word na die verhouding waarin die kerk in en tot die wêreld staan. In die vroeëre eras het die klassieke teoloë die teologie as 'n objektiewe wetenskap beskou wat die Skrif en tradisie in 'n formele dogmatiese stelsel kon vertolk wat alle kulture transendeer en universeel toepaslik en aanvaarbaar is vir alle tye en plekke. Hierdie veronderstelde katolesiteit van teologie kan as 'n illusie beskryf word. Teologie is die kerke se interpretasie van die historiese boodskap van die evangelie en die geloofsbelydenis in die kontemporêre plasing van 'n bepaalde geslag. Vir eeue lank totdat die moderne sending- beweging begin het, was die evangelie grootliks die besit van die Europese en Euro-Asiatiese bevolkings. Die teologisering van die verstaan van die kerk het in hierdie raamwerk en konteks plaasgevind.

Danksy die moderne kommunikasie - en vervoermiddele, het die wêreld in 'n bepaalde sin 'n klein planeet geword. Televisiebeelde en radioklanke bring oorwinnings en rampe, prestasies en wreedaardighede onmiddellik tot binne in huise regoor die wêreld. Engels word byna as dié wêreldtaal beskou. In geen stadium in die wêreldgeskiedenis word so 'n homogeniteit beleef soos vandag nie. Dit dui daarop dat die teologisering hierdie werklikhede van die wêreld, wat soms soos 'n paradoks vertoon, moet reflekteer.

Alhoewel die Christelike godsdiens grotendeels 'n globale godsdiens is, is daar tog geslote godsdienstige samelewings. Sommige teoloë propageer relativisme as antwoord op die plurale godsdienstige situasie van die wêreld. 'n Globalistiese godsdiens, wat alle Christene deur die wêreld eenvoudig sonder aanpassing summier aanvaar en bely, is onmoontlik. Die gevaar is dat dit na ongeoorloofde kontekstualisme sal lei wat die vlam van die Christelike geloof sal blus. Dit is hierdie besorgdheid en behoefte wat die outeur gedwing en gemotiveer het om op dié bepaalde onderwerp, naamlik die noodsaaklikheid van belydenisskrifte as keuse vir die dissertasie te besluit.

In die lig hiervan wil die navorser sy onwrikbare oortuiging boekstaaf deur te verklaar dat belydenisskrifte nie net noodsaaklik is nie, maar een van die kerk se belangrikste bastions is en sal wees teen die druk en uitdaging van die dag om te konformeer tot 'n wêreldgodsdiens waarin Christus geensins sal figureer nie en die Christelike kerk en godsdiens eenvoudig deur die suigrag van die gees van die tyd opgeslurp sal word.

Dit is die skrywer se vertrouwe dat die aanname dat belydenisskrifte noodsaaklik is, wat as hipotese die grondslag van die navorsing ter inleiding gevorm het, nou as 'n voldonge feit gekonstateer is en as sodanig voorgehou kan word.

Die slotsom van hierdie navorsing dui onteenseglik daarop dat **belydenisskrifte noodsaaklik is.**

En hiermee het die navorser 'n stadium in sy dissertasie bereik waar hy die gedagte van De Groot soos dit in DE JURE BELLI AC PACIS 3, 25, 1.1. vervat word, wil voorhou:

“en hier hoop ek, dat ek kan afsluit, nie dat ek alles gesê het wat gesê kan word nie; maar dat dit wat gesê is genoeg mag wees om 'n fondament te lê sodat ek, indien iemand anders 'n beter struktuur daarop kan bou, sover van jaloers op hom sal wees, dat ek hom baie hartlik sal bedank,”

DEI GRATIA FINIS!

## LITERATUURLYS

Arichea, D. C. & Nida, E.A. 1976. A TRANSLATOR'S HANDBOOK ON PAUL'S LETTER TO THE GALATIANS. New York: American Bible Society.

Augustijn, C. 1969. KERK EN BELIJDENIS. Kampen: Kok.

Baillie, R. 1841. THE LETTERS AND JOURNALS OF ROBERT BAILLIE.  
Edinburgh: Robert Ogle.

Bakhuizen van den Brink, J.N. 1976. DE NEDERLANDSE BELIJDENISGESCHRIFTEN. Amsterdam: Uitgeverij ton Bolland.

Bangs, C. 1985. ARMINIUS. A STUDY IN THE DUTCH REFORMATION. Grand Rapids: Asbury/Zondervan.

Barbour, I.G. 1971. ISSUES IN SCIENCE AND RELIGION. New York.

Barbour, I.G. 1990. RELIGION IN AN AGE OF SCIENCE. The Gifford Lectures.

Barclay, W. 1969. THE PLAIN MAN LOOKS AT THE APOSTLES' CREED.  
Glasgow: Fontana.

Barr, J. 1981. FUNDAMENTALISM. London: SCM.

Barret, D.B. 1988. INTERNATIONAL BULLETIN OF MISSIONARY RESEARCH  
12/3, 119-129.

- Barth, K. 1966. DOGMATICS IN OUTLINE. London: S.C.M.
- Bartley, W. W. 1984. THE RETREAT TO COMMITMENT. La Salle: Open Court.
- Bavinck, H. 1928. GEREFORMEERDE DOGMATIEK 1 Kampen: Kok.
- Bavinck, H. 1977. OUR REASONABLE FAITH. Grand Rapids: Baker.
- Beare, F. W. 1981. GOSPEL ACCORDING TO MATTHEW. Oxford: Blackwell.
- Berkhof, L. 1968. SYSTEMATIC THEOLOGY. Grand Rapids: Eerdmans.
- Berkhof, H. 1979. CHRISTIAN FAITH: AN INTRODUCTION TO THE STUDY OF FAITH. Grand Rapids: Eerdmans.
- Bethge, E. 1975. BONHOEFFER: EXILE AND MARTYR. London: Collins.
- Beyers Naudè, C.F. & Sölle, D. 1986. HOPE FOR FAITH. Geneva: WCC Publications.
- Black, M. 1963. MODELS AND METAPHORS. New York : Corwell University Press.
- Bosman, H.L. 1987. NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. ONTSTAAN, SKRIFGEBRUIK EN GEBRUIK. Pretoria: UNISA.
- Botha, J en Naude, P. 1998: OP PAD MET BELHAR. Pretoria: J. L. Van Schaik Uitgewers.

- Bratcher, R. C. 1982. A TRANSLATOR'S GUIDE TO PAUL'S FIRST LETTER TO THE CORINTHIANS. London: United Bible Societies.
- Brown, C. 1969. PHILOSOPHY AND THE CHRISTIAN FAITH. London: Tyndale Press.
- Brown, R. M. 1973. THE MESSAGE OF HEBREWS. London: Inter Varsity Press.
- Brown, R. 1993. THE MESSAGE OF DEUTERONOMY. London: Inter Varsity Press.
- Brown, R.M. 1990. KAIROS. Three Prophetic Challenges to the Church. Grand Rapids: Eerdmans.
- Bruce, F. F. 1977. EPISTLE TO THE EPHESIANS. London: Pickering & Inglis.
- Bruce, F. F. 1981. THE BOOK OF ACTS. Grand Rapids: Eerdmans.
- Bruce, F. F. 1981. THE EPISTLE TO THE HEBREWS. Grand Rapids: Eerdmans.
- Burger, C. 1991. DIE DINAMIKA VAN 'N CHRISTELIKE GELOOFSGEMEENSKAP. Kaapstad: Lux Verbi.
- Burger, C. 1995. GEMEENTES IN TRANSITO. Kaapstad: Lux Verbi.
- Burger, I. 1987. DIE GESKIEDENIS VAN DIE APOSTOLIESE GELOOF SENDING VAN SUID-AFRIKA (1908 – 1958). Bloemfontein: Evangelie Uitgewers.
- Burgess, S.M and McGee, G.B. (eds.) 1989. DICTIONARY OF PENTECOSTAL AND CHARISMATIC MOVEMENTS. Grand Rapids: Zondervan.

- Burgsmüller, A. 1983. DIE BARMER THEOLOGISCHE ERKLÄRUNG. Neukirchen:  
Vluyn.
- Calvyn, J. 1968. INSTITUSIE VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS. (1559).  
Potchefstroom: Calvyn Jubileum Fonds.
- Calvyn, J. 1992. INSTITUSIE VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS.  
Potchefstroom: Potchefstroom Herald.
- Capra, F. 1982. THE TURNING POINT. Fontana Paperbacks.
- Carruthers, S. W. s.a EVERYDAY WORK OF THE WESTMINSTER ASSEMBLY.  
Philadelphia: Presbyterian Historical Society.
- Chung, H. 1991. COME HOLY SPIRIT, RENEW THE WHOLE CREATION. Geneve:  
World Council of Churches.
- Clark, M. S. en Lederle H. I. 1989. WHAT IS DISTINCTIVE ABOUT  
PENTECOSTAL THEOLOGY? Pretoria: UNISA.
- Cloete, G.D./ Smit, D.J. 1984: 'N OOMBLIK VAN WAARHEID. Kaapstad: Tafelberg  
Uitgewers.
- Cochrane, A. 1962. THE CHURCHES' CONFESSION UNDER HITLER.  
Philadelphia: Westminster Press.
- Coertzen, P. 1991. GEPAS EN ORDELIK. Pretoria: RGN-Uitgewers.

Combrinck, H. J. B. 1985. HANDLEIDING BY DIE NUWE TESTAMENT 1V.  
Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Cox, H. 1965. THE SECULAR CITY; SECULARIZATION AND URBANIZATION  
IN THEOLOGICAL PERSPECTIVE. New York: Macmillan.

Crafford, D. 1978. DIE SOSIALE BETROKKENHEID VAN DIE KERK IN DIE  
SENDING, EKUMENE EN PRAKTYK. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Cranfield, C. E. B. 1985. ROMANS; A SHORTER COMMENTARY. Grand Rapids:  
Eerdmans.

Cross, F. L. 1966. THE OXFORD DICTIONARY OF THE CHRISTIAN CHURCH.  
New York: Oxford University Press.

Danzfuss, T. 1998. BELHAR – BELY OF BESTRY? Pretoria: Veritas Publikasies.

Davaney, S.G. & Brown, D. 1993. Postliberalism. In McGrath, A.E. (ed):

De Gruchy, J.W. 1984. Barmen: Symbol of Contemporary Liberation? Journal of  
Theology for Southern Africa, 47(1): 21-34.

De Kock, W.J. 1990. GELOOFSINHOUD EN GELOOFSONTWIKKELING.  
ongeplubliseerde - D.TH proefskrif, Unisa: Pretoria.

Deist, F. 1984. A CONCISE DICTIONARY OF THEOLOGICAL TERMS. Pretoria:  
Sigma Press.

Deist, F. 1986. KAN ONS DIE BYBEL DAN NOG GLO? Pretoria: Van Schaik.

- Deist, F. 1989. KLIPPE IN MY KERKSKOEN. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Dillenberger, J. 1960. PROTESTANT THOUGHT AND NATURAL SCIENCE. Garden City: Double Day & Co.
- Doekes, L. 1975. CREDO. HANDBOEK VOOR DE GEREFORMEERDE SYMBOLIEK. Amsterdam: Ton Boland.
- Douglas, J. D. 1974. THE NEW BIBLE DICTIONARY. London: Inter Varsity Press.
- Dunn, J. D. G. 1993. THE THEOLOGY OF PAUL'S LETTER TO THE GALATIANS. Cambridge: University Press.
- Du Plessis, I.G.L. 1984. PINKSTER PANORAMA. 'n Geskiedenis van die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike -Afrika. Silvertown: Promedia Publikasies.
- Du Plooy, H. 1998. Die Omvang van die Groter Ontwerp. Tydskrif vir Christelike Wetenskap. (buitengewone uitgawe) (bll ).
- Du Toit, S. 1963. KERKGESKIEDENIS. Potchefstroom: Pro-Rege Pers.
- Du Toit, A. B. 1990. HANDLEIDING BY DIE NUWE TESTAMENT VI. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Elaide, M. 1987. THE ENCYCLOPEDIA OF RELIGION. New York: Mac Millan Publishing Company.
- Engelbrecht, B.J. 'n Vergelyking tussen die Teologie van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus. HTS 45/3, 626-644.

Esterhuize, W. P. 1989. BROERS BUIE HOORAFSTAND. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Eybers, I. H; König, A. & Stoop, J.A. 1982. INLEIDING IN DIE TEOLOGIE. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Faber, J; Meijerink, H.J; Trimp, C en Zomer, G. 1972. DE SCHAT VAN CHRISTUS' BRUID. Goes: Oosterbaan & Le Cointre B.V.

Farley, B. W. 1988. THE PROVIDENCE OF GOD. Michigan: Baker Bookhouse.

Fee, G. D. 1988. THE FIRST EPISTLE TO THE CORINTHIANS. Grand Rapids: Eerdmans.

Ferguson, E. 1990. ENCYCLOPEDIA OF EARLY CHRISTIANITY. New York: Garland Publishers.

Filson, F. V. 1977. GOSPEL ACCORDING TO SAINT MATTHEW. London: Adam & Charles Black.

Gaum, F. 1981. DIE KERK EN DIE TOEKOMS VAN SUID-AFRIKA. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Gaybba, B. 1987. SPIRIT OF LOVE. London: Geoffrey Chapman.

Gilpen, G.W. 1976. THE PLACE OF THE PENTECOSTAL MOVEMENTS TODAY IN BREWSTER. London: Brewster.

Gonzalez, J.L. 1980. A HISTORY OF CHRISTIAN THOUGHT. Abington: Nashville.

Gray, J. 1964. OLD TESTAMENT LIBRARY. London: SCM Press.

Griffin, D. R. Et al. 1989. VARIETIES OF POSTMODERN THEOLOGY. New York: NY Univ. Press.

Grosheide, D. F. 1925. CHRISTELIJKE ENCYCLOPAEDIE. Kampen: Kok.

Grosheide, D. F. 1953. COMMENTARY ON THE FIRST EPISTLE TO CORINTHIANS. London: Eerdmans.

Guthrie, D. 1957. THE PASTORAL EPISTLES. London: Inter Varsity Press.

Guthrie, D. 1981. NEW TESTAMENT THEOLOGY. London: Inter Varsity Press.

Guthrie, D. 1983. HEBREWS. London: Inter Varsity Press.

Hagner, D. A. 1976. HEBREWS. San Francisco: Harper & Row Publishers.

Hanegraaff, H. 1993. CHRISTIANITY IN CRISIS. Oregon: Harvest House Publisher.

Hanson, A. T. 1982. THE NEW CENTURY BIBLE COMMENTARY- PASTORAL EPISTLES. Grand Rapids: Eerdmans.

Haralambos, L. 1987. SOCIOLOGY, THEMES AND PERSPECTIVES. London: Richard Clay. Bungay Suffolk.

Hare, D. R. A. 1993. INTERPRETATION – MATTHEW. Louisville: John Knox Press.

Harnack, A. A HISTORY OF DOGMA, VI&VII. New York.

Hawkins, J.M. 1986. THE OXFORD REFERENCE DICTIONARY. Oxford:  
Claredon Press.

Hempelmann, H. 1980: KRITISCHER RATIONALISMUS UND THEOLOGIE ALS  
WISSENSCHAFT. Wuppertal: Brockhaus.

Herholdt, M. 1990. CHRISTUS DIE SALIGMAKER, GENESER, DOPER EN  
KOMENDE KONING. Pretoria: UNISA.

Herholdt, M. 1998. Postmodern Hermeneutics in Maimela, S. & König, A. 1998: ( 203-  
212) .

Heron, I. C. 1982. THE WESTMINSTER CONFESSION IN THE CHURCH  
TODAY. Edinburgh: The Saint Andrew Press.

Hewitt, T. 1978. HEBREWS London: Inter Varsity Press.

Heyns, J. A. en Jonker, W. D. 1974. OP WEG MET DIE TEOLOGIE. Pretoria: NG  
Kerkboekhandel.

Heyns, J. A. TEOLOGIE VAN DIE REWOLUSIE. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Heyns, J. A. 1988. DOGMATIEK. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Heyns, J. A. 1992. INLEIDING TOT DIE DOGMATIEK. Pretoria: NG  
Kerkboekhandel.

Hill, D. 1977. THE GOSPEL OF MATTHEW. London: Butler and Tanner.

- Hofmeyer, J. W., Du Toit, J. H. H. & Froneman, C. J. J. 1987. PERSPEKTIEWE OP KAIROS. Kaapstad: Lux Verbi.
- Hollenweger, W. J. 1972. THE PENTECOSTALS. Minneapolis: Augsburg Publishing House.
- Horak, G. C. 1991. DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES – 'n Model vir die Pinkstertradisie. Pretoria: Unisa (ongepubliseerde M.A. –verhandeling).
- Hughes, P. E. 1977. COMMENTARY ON THE EPISTLE TO THE HEBREWS. Grand Rapids: Eerdmans
- Hughes, P. E. 1982. THE SECOND EPISTLE TO THE CORINTHIANS. Grand Rapids: Eerdmans.
- Jacobs, P. 1959. THEOLOGIE REFORMIERTER BEKENNTENISSCHRIFTEN IN GRUNDZÜGEN. Neukirchener: Neukirchener Verlag.
- Johns, C. 1987. AFFECTIVE CONSCIENTIZATION; A Pentecostal Re-interpretation of Pablo Freire. D. Ed-verhandeling, Southern Baptist Theological Seminary.
- Jonker, W. D. 1994. BEVRYDENDE WAARHEID. Wellington: Hugenote Uitgewers.
- Kaufman, G. D. 1978. SYSTEMATIC THEOLOGY. Canada: Library of Congress.
- Keet, B. B. 1963. ORDE IN DIE KERK. Pretoria: NG Kerk-Uitgewers.
- Kelly, J. N. D. 1972. EARLY CHRISTIAN CREEDS. London: Longman.
- Kent, H. A. 1983. EPISTLE TO THE HEBREWS. Grand Rapids: Eerdmans.

Kittel, G. 1964. THEOLOGICAL DICTIONARY OF THE NEW TESTAMENT  
(Vol 2) Grand Rapids: Eerdmans

Kittel, G. 1967. THEOLOGICAL DICTIONARY OF THE NEW TESTAMENT  
(Vol. 4) Grand Rapids: Eerdmans.

Kittel, G. 1984. THEOLOGICAL DICTIONARY OF THE NEW TESTAMENT  
(Vol. 3) Grand Rapids: Eerdmans.

Kittel, G. 1987. THEOLOGICAL DICTIONARY OF THE NEW TESTAMENT  
(Vol. 5) Grand Rapids: Eerdmans.

Kleynhans, E. P.J. 1973. DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE  
NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-  
AFRIKA (D.Th. verhandeling). Stellenbosch: Universiteit  
van Stellenbosch.

Knight, G. W. 1992. COMMENTARY ON THE PASTORAL EPISTLES. Grand  
Rapids: Eerdmans.

Kok, J.H. DE ENIGE TROOST. Kampen: Kok.

König, A. 1982. INLEIDING TOT DIE TEOLOGIE (Derde Uitgawe). Pretoria: NG  
Kerkboekhandel.

Krämer, P. 1981. RELIGIONSFREIHEIT IN DER KIRCHE. Trier: Paulinus Verlag.

Kuhn, T. S. 1970. STRUCTURES OF SCIENTIFIC REVOLUTIONS. Chicago:  
University of Chicago Press.

- Kuhn, T.S. 1977. REFLECTIONS ON MY CRITICS IN LAKATOS : CRITICISM AND THE GROWTH OF KNOWLEDGE. Cambridge: University Press.
- Kuitert, H. M. 1974. ZONDER GELOOF VAART NIEMAND WEL. EEN PLAATSBEPALING VAN CHRISTENDOM EN KERK. Baarn: Ten Have.
- Küng, H. 1994. CREDO. DE APOSTOLISCHE GELOOFSBELIJDENIS TOEGELICHT VOOR TIJDGENOTEN. Kampen: Kok.
- Küng, H. 1988. THEOLOGY FOR THE THIRD MILLENNIUM. An Ecumenical View. New York: Doubleday.
- Küng, H. 1991. GLOBAL RESPONSIBILITY. In Search For a New World Ethic. London: SCM.
- Labuschagne, F. J en Eksteen, L.C. 1993. VERKLARENDE AFRIKAANSE WOORDEBOEK. Pretoria: Van Schaik.
- Lane, W. L. 1978. THE GOSPEL OF MARK. Eerdmans.
- Lederle, H. 1983. CHARISMATIC THEOLOGY. Study guide for honours B.Th. Pretoria: UNISA.
- Lederle, H. I. 1988. An Ecumenical Investigation into the Proprium or Distinctive Element of Pentecostal Theology. Theologia Evangelica XX 1\2.
- Leith, J. H. 1973. THE WESTMINSTER CONFESSION. John Knox Press.
- Leith, J.H. 1973. THE CREEDS OF THE CHURCHES. Oxford: Basil Blackwell.

- Lendvai, P. 1983. RELIGIONSFREIHEIT UND MENSCHENRECHTE. Köln: Verlag Styria.
- Lochman, J. M. 1985. THE FAITH WE CONFESS. Edinburgh: T&T. Clark Ltd.
- Loh, I. & Nida E.A. 1997. A TRANSLATOR'S HANDBOOK ON PAUL'S LETTER TO THE PHILIPPIANS. New York: American Bible Society.
- Loots, G. 1990. LISTENING TO SOUTH AFRICAN VOICES. Port Elizabeth: Woordkor.
- Louw, J. P. 1989. GREEK ENGLISH LEXICON OF THE NEW TESTAMENT VOL. 1 Kaapstad: National Book Printers.
- Louw, J. P. 1989. GREEK ENGLISH LEXICON OF THE NEW TESTAMENT VOL 2 Kaapstad: National Book Printers.
- Lückhoff, A.H. 1978. COTTESLOE. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Mabaso 1996. A THEOLOGICAL EVALUATION OF THE BELHAR CONFESSION. (ongepubliseerde MA- Verhandeling). Bloemfontein: UOVS.
- Maimela, S & König, A. 1998. INITIATION INTO THEOLOGY. Pretoria: Van Schaik.
- Marshall, I. H. 1973. EPISTLE OF JOHN. Grand Rapids: Eerdmans.
- Martin, D. 1978. A GENERAL THEORY OF SECULARIZATION. Oxford: Basil Blackwell.

McFague, S. 1975. SPEAKING IN PARABLES. London: Fortress Press.

McFague, S. 1982. METAPHORICAL THEOLOGY. London: Fortress Press.

McFague, S. 1983. METAPHORICAL THEOLOGY – MODELS OF GOD IN RELIGIOUS LANGUAGE. London: SCM.

McFague S. 1987. MODELS OF GOD. London: Fortress Press.

Macpherson, J. 1958. THE CONFESSION OF FAITH. Edinburgh: Clark..

Mc Mullin, E. 1982. THE MOTIVE FOR METAPHOR. Washington: The Catholic University of America.

Meloon, W.C. 1974. WE'VE BEEN ROBBED. Plainfield, NJ: Logos

Möller, F. P. 1975. DISKUSSIE OOR DIE CHARISMATA SOOS WAT DIT IN DIE PINKSTERBEWEGING GELEER EN BEOEFEN WORD. Braamfontein: Evangelie Uitgewers.

Möller, F. 1998. Pentecostal Theology in Maimela, S & Kônig, A. 1998 (179-188).

Mouton, J. 1977. PARADIGMA: IDEOLOGIE OF NIE? Pretoria: H.S.R.C.

Mouton, J. (ed.) 1988. PARADIGMS AND PROGRESS IN THEOLOGY. Pretoria: H.S.R.C.

Morgan, C. 1976. THE GOSPEL ACCORDING TO MATTHEW. London: Marshall, Morgan and Scott.

- Morris, L. 1981. GOSPEL ACCORDING TO JOHN. Grand Rapids: Eerdmans.
- Müller, J. J. 1976. THE EPISTLE OF PAUL TO THE PHILIPPIANS AND TO PHILEMON. Grand Rapids: Eerdmans.
- Neufeld, V. H. 1963. THE EARLIEST CHRISTIAN CONFESSIONS. Leiden: E. J. Brill.
- Newman, B. M. & Nida E.A. 1972. A TRANSLATOR'S HANDBOOK ON THE ACTS OF THE APOSTLES. Broadway: United Bible Society.
- Newman, B. M. & Stine P. C.. 1988. A TRANSLATOR'S HANDBOOK ON THE GOSPEL OF MATTHEW. Broadway: United Bible Society.
- Ong, W. J. 1967. THE PRESENCE OF THE WORD. London: Yale University Press.
- Ong, W. J. 1989. ORALITY AND LITERACY. London: Routledge.
- Oorthuys, G. 1948. DE SACRAMENTEN. TOELICHTING OP DE ZONDAGEN XXIII tot XXXIII VAN DE HEIDELBERGSE CATECHISMUS. Nijkerk: Callenbach.
- Osterhaven, M. E. 1964. THE CONFESSION OF FAITH (The Belgic Confession) Michigan: Baker Book House.
- Pannenberg, W. 1969. THEOLOGY AND THE KINGDOM OF GOD. Philadelphia: Westminster.

Pieterse, H. J. C. 1979. SKRIFVERSTAAN EN PREDIKING. Pretoria: NG Kerk Uitgewers.

Philips, A. 1973. THE CAMBRIDGE BIBLE COMMENTARY. Cambridge: University Press.

Pillay, G. J. & Hofmeyer, J. W. 1991. PERSPECTIVES ON CHURCH HISTORY. Pretoria: Haum – Uitgewers.

Polman, A. D. R. ONZE NEDERLANDSCHE GELOOFSBLIJDENIS. Wever: Franeker.

Popper, K. 1963. CONJECTURES AND REFUTATIONS. London: Routledge and Kegan Paul.

Praamsma, L. 1979. DE KERK VAN ALLE TIJDEN. Wever: Franeker.

Pretorius, N.F. 1980. DIE DIDACHE. Pretoria: NG Kerk Uitgewers.

Potgieter, J. 1991. COTTESLOE: KEERPUNT IN DIE VERHOUDING TUSSEN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK EN DS. BEYERS NAUDE. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat (ongepubliseerde M.Th-Verhandeling).

Ridderbos, H. W. 1979. THE EPISTLE OF PAUL TO THE CHURCHES OF GALATIA. Grand Rapids: Eerdmans.

Rohls, J. 1987. THEOLOGIE REFORMIETER BEKENNTNISCHRIJFTEN. Göttingen: Vandenhoeck und Ruprecht.

Rossouw, P. 1985. EKUMENIESE BESINNING. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Ryrie, C.C. 1965. DISPENSASIONALISM TODAY. Chicago: Moody.

Seaver, S. 1970. THE PURITAN LECTURESHIPS. Stanford: Stanford University Press.

Schaff, P. 1983. THE CREEDS OF CHRISTENDOM. Grand Rapids, Michigan: Baker Bookhouse.

Schulze, L.F. 1991. ONS GLO MET DIE HART. Orkney: E.F.J.S. Drukkers.

Schweizer, E. 1975. THE GOOD NEWS ACCORDING TO MATTHEW. London: S. P. C. K.

Slay, J. L. 1963. THIS WE BELIEVE. Cleveland: Tennessee Pathway.

Snyman, F. (red.) 1998. IS DIE NG KERK NOG DIE NG KERK?. Wellington: Hugenate- Uitgewers.

Spannenberg, I. 1995. Kritiese realisme, die Bybel, die gereformeerde belydenisskrifte en die Christelike geloof. RELIGION AND THEOLOGY Vol2/2 (p199-205). Pretoria: UNISA.

Stott, R. W. 1973. THE MESSAGE OF SECOND TIMOTHY. Leicester, Engeland: Intervarsity Press.

Strauss, S.A. 1984. 'n Kritiese Bespreking van die Belhar-Belydenis in die lig van die Publikasie " 'n Oomblik van Waarheid" (onder redaksie van proff

G.D. Cloete en D.J. Smit van die Universiteit van Wes-Kaapland)  
Bloemfontein: Ongepubliseerde Toespraak voor die V.C.H.O.

Stauss, S.A. 1998. Gereformeerde Teologie tussen Modernisme en Postmodernisme  
Bloemfontein: Tydskrif vir Christelike Wetenskap. (Spesiale Uitgawe,  
p. 95-106).

Synan, V. 1980. AZUSA STREET - THE ROOTS OF MODERN-DAY  
PENTECOST. Plainfield: Logos International.

Tasker, R. V. G. 1978. MATTHEW. AN INTRODUCTION AND COMMENTARY.  
London: Inter Varsity Press.

Tasker, R. V. G. 1980. EPHESIANS. London: Inter Varsity Press.

Theron, J. 1998. Pentecostal Theology in Maimela, S. & König, A. 1998 (159-167).

Thomas, G. 1946. ST. PAUL'S EPISTLE TO THE ROMANS. Grand Rapids:  
Eerdmans.

Toon, P. 1979. THE DEVELOPMENT OF DOCTRINE IN THE CHURCH. Grand  
Rapids: Eerdmans.

Van der Walt, B. J. 1994. Being Human in a Christian Perspective. Wetenskaplike  
Bydraes van die PU vir CHO. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studies

Van Heerden, E. 1997. Postmodernisme en Prosa. Kaapstad, Pretoria, Johannesburg:  
Human & Rosseau.

Van Houwelingen, P. H. R. 1993. JUDAS. Kok: Kampen.

Van Huyssteen, W. 1982. GELOOF EN SKRIFGESAG. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van Huyssteen, 1986. TEOLOGIE AS KRITIESE GELOOFSVERANTWOORDING.  
Pretoria: RGN.

Van Huyssteen, W. 1989. THEOLOGY AND THE JUSTIFICATION OF FAITH. Grand  
Rapids: Eerdmans.

Van Huyssteen, W. 1993. IS THE POSTMODERNIST ALWAYS A POST  
FOUNDATIONALIST?

Van Ruler, A.A. 1947. PLAATS EN FUNCTIE DER BELIIDENIS IN DE KERK.  
Amsterdam: Holland.

Van Staden, A. J. DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA  
Pretoria: Haum.

Van Wyk, J.H. 1997. [http://www. Gksa. Org, za/kerkblad/1997/11junie/identiteit.html](http://www.Gksa.Org.za/kerkblad/1997/11junie/identiteit.html).

Veen, W. 1991. COLLABORATIE EN ONDERWERPING. Gorinchem: Narratio.

Verhoef, P. A. 1987. KERK EN SAMELEWING. Stellenbosch: NG Kerk Uitgewers.

Villa-Vicencio, C. 1988. ON READING KARL BARTH IN SOUTH AFRICA. Grand  
Rapids: Eerdmans.

- Vine, W. E. 1969. EXPOSITORY DICTIONARY. London: Oliphants.
- Visagie, J. 1998. Modernisme, Postmodernisme, Christendom, Filosofie: Die Kern van die Saak. Tydskrif vir Christelike Wetenskap (spesiale uitgawe, p.1-11).
- Volger, W. 1946.. DE LEER DER NEDERLANDSCHE HERVORMDE KERK. Franeker: T. Wever.
- Von Campenhausen, A. F. 1971. RELIGIONSFREIHEIT. Göttingen: Van den Hoeck und Ruprecht.
- Von Rad, G. 1966. DEUTERONOMY OLD TESTAMENT LIBRARY London: SCM Press Ltd.
- Vos, C.J.A. 1995. DIE BLYE TYDING. Pretoria: Sigma Pers.
- Walker, W. 1893. THE CREEDS AND PLATFORMS OF CONGREGATIONALISM. New York: Charles Scribner's Sons.
- Walker, W. 1963. A HISTORY OF THE CHRISTIAN CHURCH. Edinburgh: T&T Clark.
- Walvoord, 1974. THY KINGDOM COME. Chicago: Moody Press.
- Wesley, J. 1967. SERMONS OF JOHN WESLEY. London: The Epworth Press.
- Wilson, G. B. 1982. THE PASTORAL EPISTLES. Edinburgh: Banner of Truth Trust.

Wright, J. 1991. THEOLOGY, SCIENCE AND A NEW PHILOSOPHY.

Wuest, K. 1975. WORD STUDIES IN THE GREEK NEW TESTAMENT. Grand Rapids: Eerdmans.

Young, F. 1994. THE THEOLOGY OF PASTORAL LETTERS. Cambridge: University Press.